

FINALE VERSLAG VAN 'N  
ONDERSOEK NA  
DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE

ONDERNEEM MET FINANSIËLE STEUN  
VAN DIE RGN

UITGEVOER AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

PROJEKLEIER : PROF. M.C.J. VAN RENSBURG

MAART 1984

FINALE VERSLAG VAN 'N ONDERSOEK NA  
DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS

ONDERNEEM MET DIE FINANSIËLE STEUN VAN DIE RGN EN UITGEVOER AAN DIE  
UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

MEDEWERKERS

Prof. G.J. van Jaarsveld	UOVS	Mnr. L.T. du Plessis	UOVS
Prof. H.G.W. du Plessis	PU vir CHO	Mev. A. de Wet	UOVS
Prof. W.J. de Klerk	UNISA	Me S. Marais	UNISA
Prof. G.S. Nienaber	RGN	Me J. Grobbelaar	UNISA
Mnr. A.G. Jenkinson	UOVS	Me T. Uys	UNISA
Mev. S.M.C. Prinsloo	PU vir CHO	Mnr. J.T. de Bruyn	UNISA
Mnr. M.C.J. van Rensburg (senior)		Mnr. D. Hugo	UOVS

DEELNEMERS AAN VELDWERK

Prof. W.J. de Klerk	UNISA	Mej. M. Dippenaar	PU vir CHO
Prof. H.G.W. du Plessis	PU vir CHO	Me J. Grobbelaar	UNISA
Mnr. L.T. du Plessis	UOVS	Prof. P. Roberge	PRINCETON
Mnr. D. Hugo	UOVS	Prof. G.J. v. Jaarsveld	UOVS
Dr. P.S. du Bruin	PU vir CHO	Prof. H. van Coller	UOVS
Me S. Marais	UNISA	Dr. D. Wybenga	PU vir CHO
Me T. Uys	UNISA	Mnr. P.J. Henning	PU vir CHO

VERWERKING VAN GEGEWENS

PU vir CHO : Mev. H.P. Cronje en Mev. S.M.C. Prinsloo  
UOVS : Mev. A. Odendaal, Mev. S.J. Roets, Mev. J.G. Enslin, Mej. L. v.d.  
Riet, Mej. C. Breytenbach, Mej. D. Botha, Mej. M. Human, Mej. A.  
van Zyl, Mej. H. van Heerden.

PROJEKLEIER

Prof. M.C.J. van Rensburg  
Maart 1984



MET VERDERE ERKENNING AAN

- die Universiteit van die Oranje-Vrystaat wat die kantoorruimte beskikbaar gestel het, en aan ander fisiese behoeftes voorsien het wat daarmee gepaard gegaan het,
- al ons segsmanne (en -vroue), die laaste Griekwas, vir hulle bereidwilligheid om saam te gesels, en veral vir hulle oneindige geduld en hulle verstaan van óns situasie,
- die samewerking van al die medewerkers, waaronder hierdie projek nie in dié vorm voltooi kon word nie,
- die PU vir CHO vir die bestryding van 'n groot deel van die uitgawes van prof. H.G.W. du Plessis en ander medewerkers aan die PU vir CHO,
- die bydrae van verskeie tiksters, in die besonder mej. Y. van Vuuren en mev. B. Meek, wat soms onder groot druk aan dié verslag moes tik.

OORSIGTELIKE UITEENSETTING VAN DIE INHOUD VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG:  
DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE

HIERDIE VERSLAG BESTAAN UIT DIE VOLGENDE DELE:

BAND I

- Deel I 'n Oorsig
- Deel II Die Afrikaners van die Griekwas vanuit 'n taalkunde=  
perspektief
- Deel III Die Organisasie van die projek oor die Afrikaans van die  
Griekwas
- Deel IV 'n Sosio-demografiese ondersoek van die Kleurling/Griekwa=  
gemeenskap in Kokstad en die omliggende platteland met  
spesifieke klem op die moontlike bestaan van 'Griekwaskap'  
as 'n outonome identiteit en die bydrae van die Griekwa  
Nasionale Independent Kerk in dié verband
- Deel V Bibliografie van publikasies oor die Griekwas
- Deel VI Die geskiedenis van die Griekwas \*
- Deel VII Uit die leksikon van die Griekwas

\* Nie ontvang nie.

Deel I en II Transkripsies - tekste van die gegewens waarop hierdie verslag gebaseer is

Deel III Transkripsies - tekste van die gegewens waarop hierdie verslag gebaseer is, en

- 'n onderwerpsontsluiting van dié tekste, asook data wat met die oog op narratologiese ontleding daaruit saamgegroepeer is

INHOUDSOPGAWEBAND I, DEEL I - VIDEEL I OORSIG*M.C.J. van Rensburg*

BLADSY

1.1	DOELWITTE MET DIE NAVORSINGSPROJEK OOR DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS . . . . .	4 - 5
1.2	WAAROM 'N STUDIE VAN DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS? . . . . .	5 - 10
1.3	SAMEVATTEND: DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG .	11 - 17
0	BYLAE 1 BY 1.3 DIE VRAELYS WAT GEBRUIK IS BY DIE NAVORSINGSPROJEK OOR DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE . . . . .	18 - 31
0	BYLAE 2 BY 1.3 VERDERE STUDIES WAT KAN VOORT= VLOEI UIT DIE NAVORSINGSPROJEK OOR DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIE= KWAS VAN DIE TAGTIGERJARE . .	32 - 34

DEEL II DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS  
- 'N TAALKUNDEPERSPEKTIEF

2.1	SINTAKSIS	<i>H.G.W. du Plessis</i> . . . . .	35 - 195
2.2	GESPREKSPATRONE	<i>G.J. van Jaarsveld</i> . . . . .	196 - 229
2.3	MORFOLOGIE	<i>A.G. Jenkinson</i> . . . . .	229 - 253
2.4	GRIEKWA-PLEKNAME	<i>G.S. Nienaber</i> . . . . .	254 - 271
2.5	ASPEKTE VAN DIE KLANKLEER VAN DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS	<i>M.C.J. van Rensburg</i> . . . . .	272 - 362

2.6	IMPLIKASIES VAN MORFOLOGIESE PROSESSE IN DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS	<i>L.T. du Plessis</i> . . . .	363 - 380
2.7	<u>VIR</u> -PATRONE IN DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS	<i>A.S. de Wet</i> . . . . .	381 - 394
2.8	DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS - 'N GEVALLE= STUDIE VIR TAALBEPLANNERS	<i>L.T. du Plessis</i> . . . .	395 - 512
2.9	ORANJERIVIER-AFRIKAANS	<i>M.C.J. van Rensburg</i> . .	513 - 518
2.10	'N KONTRASTIEWE LEKSIKON VAN GRIEKWA-AFRI= KAANS EN STANDAARD-AFRIKAANS	<i>A.S. de Wet</i> <i>M.C.J. van Rensburg (Snr)</i>	519 - 576
2.11	"GRIEKWA-FSLEK"	<i>H.G.W. du Plessis</i> . . .	577 - 584
2.12	GRIEKWA-AFRIKAANS IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE	<i>D.J. Hugo</i> . . . . .	585 - 619
2.13	TWEE ANALISES VAN GRIEKWA-VERTELLINGS		
2.13.1		<i>H.G.W. du Plessis</i>	640 - 654
2.13.2		<i>S.M.C. Prinsloo</i> . . . .	621 - 639
2.14	VYF RADIOPRAATJIES OOR DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS	<i>L.T. du Plessis</i> . . . .	655 - 666
2.15	ENKELE KULTURELE ASPEKTE VAN DIE GRIEKWA= LEWE IN DIE TAGTIGERJARE	<i>M.C.J. van Rensburg</i> <i>G.J. van Jaarsveld</i> <i>L.T. du plessis</i> . . . .	667 - 677

DEEL III DIE ORGANISASIE VAN DIE NAVORSINGSPROJEK  
 OOR DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS  
*A. de Wet*

BLADSY

678 - 704

3.1	AANLOOP . . . . .	681
3.2	VERLOOP . . . . .	682
3.2.1	BEPLANNING . . . . .	682
3.2.2	OPNAMES . . . . .	683
3.3	DATAVERWERKING . . . . .	687
3.4	KONTROLE . . . . .	693
3.5	PERSONEEL . . . . .	693
3.6	GEMEENSKAPSBETROKKENHEID . . . . .	694
3.6.1	MEDIA . . . . .	694
3.6.2	REFERATE . . . . .	695
3.6.3	NAVORSERS . . . . .	695
3.6.4	STUDENTE . . . . .	696
3.6.5	ANDER . . . . .	696
3.7	FINANSIES . . . . .	697
3.7.1	TOEKENNING . . . . .	697
3.7.2	UITEENSETTING VAN UITGAWES . . . . .	698
3.7.3	UITGAWES - <i>H.G.W. du Plessis (PU vir CHO)</i> . . . . .	704

DEEL IV 'N SOSIO-DEMOGRAFIESE ONDERSOEK VAN DIE KLEURLING/  
GRIEKWAGEMEENSAP IN KOKSTAD EN DIE OMLIGGENDE  
PLATTELAND MET SPESIFIEKE KLEM OP DIE MOONTLIKE  
BESTAAN VAN 'GRIEKWASKAP' OP 'N OUTONOME IDENTITEIT  
EN DIE BYDRAE VAN DIE GRIEKWA NASIONALE INDEPEN=  
DENTE KERK IN DIÉ VERBAND.

BLADSY

705 - 798

*Janis Grobbelaar, Sandra Marais en Tina Uys*

VOORWOORD EN BEDANKINGS	709
4.1 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE	
	<i>Janis Grobbelaar</i> . . . . . 713
4.2 DIE NAVORSINGSMETODE	<i>Tina Uys</i> . . . . . 715
4.3 'N KORT SOSIO-HISTORIESE OOPBIC	
	<i>Janis Grobbelaar</i> . . . . . 728
4.4 KONSEPTUELE VERTREKPUNT	
	<i>Janis Grobbelaar</i> . . . . . 740
4.5 SOSIO-DEMOGRAFIESE OMSKRYWING	
	<i>Sandra Marais</i> . . . . . 745
4.6 GRIEKWA-IDENTITEIT	<i>Janis Grobbelaar</i> . . . . . 757
4.7 KERK EN GRIEKWASKAP	<i>Janis Grobbelaar en</i>
	<i>Sandra Marais</i> . . . . . 765
4.8 TAAL EN GRIEKWASKAP	<i>Sandra Marais</i> . . . . . 773
SLOT	<i>Janis Grobbelaar</i> . . . . . 775
BIBLIOGRAFIE	. . . . . 776
BYLAE	. . . . . 781

DEEL V	BIBLIOGRAFIE VAN WERKE OOR DIE GRIEKWAS <i>A.S. de Wet</i>
--------	--

799 - 805

DEEL VI	DIE GESKIEDENIS VAN DIE GRIEKWAS <i>J.T. de Bruyn</i>
---------	---

Nie ontvang nie

DEEL VII	UIT DIE LEKSIKON VAN DIE GRIEKWAS <i>A.S. de Wet</i>
----------	--

806 - 822

BAND II: BYLAES
-----------------

DEEL I        TRANSKRIPSIES VAN TEKSTE VAN DIE GEGEWENS  
WAAROP HIERDIE VERSLAG GEBASEER  
IS            *A.S. de Wet* . . . . . 1 - 516

DEEL II        TRANSKRIPSIES VAN TEKSTE VAN DIE GEGEWENS  
WAAROP HIERDIE VERSLAG GEBASEER  
IS            *A.S. de Wet* . . . . . 517 - 1042

DEEL III.1    TRANSKRIPSIES VAN TEKSTE VAN DIE GEGEWENS  
WAAROP HIERDIE VERSLAG GEBASEER  
IS            *A.S. de Wet* . . . . . 1043 - 1218

DEEL III.2    ONDERWERPSONTSLUITING VAN DIE TEKSTE  
VAN DIE GEGEWENS WAAROP HIERDIE  
VERSLAG GEBASEER IS  
*M.C.J. van Rensburg (Snr)* . 1219 - 1461  
INHOUDSOPGAWE . . . . . 1220 - 1222

DEEL III.3    TEKSTE WAT OEGROEPEER IS MET DIE OOG OP  
NARRATOLOGIESE ONTLEDING  
*A.S. de Wet* . . . . . 1462 - 1602  
INHOUDSOPGAWE . . . . . 1463 - 1464



B A N D I

D E E L I - V I

DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE

PP 1 - 512

DEEL I

OORSIG

M C J VAN RENSBURG

OORSIG: INHOUDSOPGAWE

Bladsy

1.1	Doelwitte met die navorsings- projek oor die Afrikaans van die Griekwas -----	4 - 5
1.2	Waarom 'n studie van die Afrikaans van die Griekwas -----	5 - 10
1.3	Samevattend: Die inhoud van hierdie verslag -----	11 - 17
	Bylae I	18 - 31
	Bylae II	32 - 34

1.1 DOELWITTE MET DIE NAVORSINGSPROJEK OOR DIE  
AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS

M.C.J. v.Rensburg.

Die volgende doelwitte is vir die navorsingsprojek "Die Afrikaans van die Griekwas" gestel: Om

1. tot 'n doeltreffender beskrywing van, en 'n sinvoller definisie van Afrikaans te kom;
- 2.1 uitgaande van die onderskeiding standaard- en nie-standaard-taalvorme, die verskille tussen die Afrikaans van die Griekwas en standaard-Afrikaans aan te toon;
- 2.2 hierdie verskille te beskryf, of om oorsigtelik aan te toon hoe so 'n beskrywing sal kan verloop;
- 2.3 'n verklaring (of verklarings) aan die hand te doen na aanleiding waarvan die rol en lotgevalle van dié vorm van Afrikaans beter verstaan kan word, asook die lotgevalle van standaard-Afrikaans, veral wat betref die rol van Hottentots in sy vestigingsgeskiedenis en die verhouding van dié (en ander) variante tot standaard-Afrikaans;
3. 'n breë basis van kennis oor navorsing in verband met Afrikaans te vestig. Kennis oor probleme wat sentreer om die beskrywing van die onderskeie vorme van gebroke Afrikaans, die insameling van die gegewens wat daarvoor relevant is en die werking daarvan, veldwerktegnieke en metodes, en die verantwoordelikhede van navorsers;
4. te illustreer dat spannavorsing vir die deurvoer van projekte van die omvang van hierdie projek wenslik en uitvoerbaar is;
  - 4.1 dat hierdie spannavorsing interuniversitêr gereël kan word, en
  - 4.2 interdisiplinêr op 'n bepaalde tema van toepassing gemaak kan word;

5. die deurvoer van hierdie soort navorsing oor Afrikaans, en die steun van die RGN en die deelnemende universiteite daarvoor, onder die aandag van die breë publiek te bring en hulle belangstelling in universitêre betrokkenheid by Afrikaans aan te moedig, asook hulle belangstelling in die verskeidenheid van Afrikaans, en, les bes, ook die lotgevalle van Afrikaans;
- 6.1 'n omvattende databasis oor die Afrikaans van die Griekwas bekend te stel sodat verdere studies, ook van uiteenlopende aard, hierop gebaseer kan word, en
- 6.2 hierdie gegewens aan ander navorsers oor Afrikaans, ook in die buiteland, beskikbaar te stel;
7. aan te dui dat leerplanne (op skool en aan universiteite) gegewens oor die verskeidenheid van Afrikaans met vrug kan inkorporeer;
- 7.1 dat nagraadse studente (en in 'n mindere mate ook voorgraadse studente) met vrug gebruik kan word in die verwerking, en selfs ook insameling van gegewens vir sulke projekte;
8. aan te toon dat verskeie studies op M- en D-vlak uit die werksaamhede van die projek kan voortvloei, ook nā die beëindiging daarvan;
- 9.1 uit'n vergelyking van die gegewens oor Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans 'n hipotese te vorm oor taalverandering in Afrikaans, en
- 9.2 'n aanduiding te gee van die moontlike variante van Afrikaans soos dit in hierdie twee vorme voorkom.

1.2 WAAROM 'N STUDIE VAN DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE ?

M. C. J. van Rensburg

U O V S

Algemene kennis in verband met die Afrikaans van die Griekwas wentel om mededelings oor "ietsighede" (vgl. Van Zyl 1947), snaaksighede, staaltjies en vertellings in ligte trant (o.a. Jacobs, J.F. 1942) én die proefskrif van Rademeyer (Rademeyer 1938). Selfs Rademeyer beskou die Afrikaans van die Griekwas nie as 'n volwaardige variant van Afrikaans nie.

Die beskrywing van Afrikaans sluit nog nie óók die beskrywing van sy nie-standaardvorme, en daarmee saam Griekwa-Afrikaans, in nie. Deur hierdie variant in 'n beskrywing te betrek, kan die definisie van Afrikaans op 'n belangrike wyse aangevul word.

Hoeveel daar wel gebaat kan word deur 'n beskrywing van Afrikaans waarby sy variante op gelyke voet betrek kan word, is 'n vraag wat onmiddellik na vore kom na kennisname van die hantering van Griekwa-Afrikaans as 'n snaakse en ondergeskikte variant.

Uitgaande van 'n variasiebenadering waarvolgens variante vorme as gelykwaardig beskou word, en vir die vasstel van die implikasies van so 'n siening, bied die Afrikaans van die Griekwas 'n ideale studieveld. Teen die agtergrond van die genoemde benadering kan daar in die bestudering van Griekwa-Afrikaans gepoog word om antwoorde te vind op vrae na die essensiële verskille tussen standaard-Afrikaans en Griekwa-Afrikaans - wat kan lei tot aanduidings oor die grense van variasie in Afrikaans - en na metodes waarvolgens dié variante beskryf kan word in terme van verskillende uitgangspunte.

Inagnemende die onderskeid standaard-/ nie-standaardtale, kan die probleem waarom dié vorm van Afrikaans in so 'n geringe mate deelgeneem het aan die standardisasie van Afrikaans, ook benader word. 'n Hipotese wat bv. ondersoek kan word is dat slegs een van groepe nie-standaardsprekers in Suid-Afrika hulle taal tot standaardtaal kon verhef het. Vir die ander groepe het hulle kenmerkende vorm steeds nét die spreektaal gebly. Vir ondersoekers na Afrikaans bly die "oorgang" van nie-standaardvorme,

soos die van die Griekwas, 'n probleem as hulle nie aanvaar dat nie-standaardvorme doodgewoon náás die standaardvorm kan bly voortbestaan nie (o.a. Den Besten 1978, Holm, ter perse).

Die Afrikaans van die Griekwas is die taal van sprekers wat hulle moedertaal (Hottentots) prysgegee het ten gunste van Afrikaans. In hierdie vorm van Afrikaans kan die vermeende Hottentotinvloed op vroeë (Kaapse) Afrikaans (Nienaber 1934:12 e.v. Le Roux, 1923 o.a.:82 e.v.; 142 e.v.) op sy beste waargeneem word, redes kan aan die hand gedoen word waarom die opvallende Griekwa-Afrikaanse vorme nie as standaard-Afrikaans aanvaar word nie, daar kan bepaal word waarom Griekwa-Afrikaans uitsterf, en of dié oorsake ook op die toekoms van standaard-Afrikaans 'n invloed kan hê.

In die gebiede wat tradisioneel deur die Griekwas bewoon is (en waar taalopnames vir hierdie projek gemaak is) kom daar geen spreker voor wat nog Hottentots ken nie. Soms word enkele woorde, veral groetvorme en telwoorde opgesê. Dit sou vir latere navorsing interessant wees om te sien of daar enige verskil bestaan tussen die Afrikaans van die Griekwas, oorspronklik van hoër op aan die Oranjerivier, en die Afrikaans van sprekers wat nog Nama ken, laer af teen die Oranjerivier.

'n Bestudering van Griekwa-Afrikaans kan ook bydra tot 'n konkrete kennismaking met die probleme wat verband hou met die beskrywing van natuurlike lewende tale. Verskeie veldwerkers en taalkundiges kan op hierdie manier vorder tot vaardige hanteerders van die tegnieke wat vir sulke studies nodig is, en dit self in voortsettings van hierdie projek en op ander projekte toepas.

'n Studie van die Afrikaans van die Griekwas kan nooit vanuit slegs 'n taalkundige oogpunt benader word nie. 'n Taal kan net nie só weggeïdealiseer word van sy sprekers nie. Daar bestaan egter baie probleme wanneer interdisiplinêre studies aangepak word, veral wat betref die koördinasie van die gegewens en uitgangspunte. 'n Studie oor 'n groep soos die Griekwas waarvan die Geskiedenis en die Sosiologie nog nie beskryf is nie, bied



die geleentheid om vanuit 'n taalkundeoogpunt die relevante historiese en sosiologiese gegewens te probeer integreer. In studies wat die lotgevalle van die Afrikaans van die Griekwas as 'n gevallestudie vanuit 'n taalbeplanningsoogpunt benader, kan die genoemde dissiplines goed geïntegreer word. Óók as daar na die Afrikaans van die Griekwas gekyk word om meer lig te werp op die Afrikaans wat gedurende die vorige eeu in die Boererepublieke gepraat is, hoewel in dié geval met die klem enigsins meer op die historiese.

Na die standardisering van Voortrekker-Afrikaans in 1925 is die Nederlandse ideaal weer eens deur die standaardsprekers nagestreef (Uys 1983). Dit was nie die geval by die Griekwas nie. In baie gevalle behoort hulle taal negentiende-eeuse binne-landse taaltoestande onder Afrikaanssprekendes goed te weerspieël.

Omdat die naam Griekwa vaagweg bekend is, en daar enigsins 'n romantiese konnotasie daaraan geheg word, sal dit miskien moontlik kan wees om die breë publiek in die algemeen, en die onderwysowerhede in die besonder langs hierdie weg geïnteresseerd te kry in die betrek van nie-standaardvorme in taalstudie. 'n Groter sensitiwiteit en waardering vir die variante van Afrikaans kan hieruit volg en 'n bewuswording van meer registers as een wat baie amptelik aandoen en wat tans in leerplanne voorgehou word.

Een van die probleme met taalkunde-onderrig, op watter vlak ook al, is dat dit uiters gekompartementaliseerd aangebied word (bv. grammatika, morfologie, ens.). Deur nie-standaarddata, soos die geval is met die Afrikaans van die Griekwas, as studieonderwerp te neem, verdwyn baie van die kompartementgrense maklik. Sosiale omstandighede, bevolkingsverspreiding, historiese prosesse, geografiese invloede, ens. kan nou met die taalkunde geïntegreer word in beskrywings waar die verhouding standaard - nie-standaardtale die vertrekpunt vorm.

Die Afrikaanse taalkundegeskiedenis is ook 'n geskiedenis van verlore geleenthede vir die dokumentasie van sulke vorme.

'n Studie oor Griekwa-Afrikaans kan baie "onderafdelings" hê waaraan studente met vrug kan deelneem, voorgraads en nagraads. So 'n studie kan juis aantoon dat daar fasette van die taalkunde is wat binne bereik van die gemiddelde student lê, en dat daar baie ruimte bestaan vir studentedeelname aan dié projek. Baie nagraadse studies kan uit hierdie projek voortvloei, selfs ná die amptelike beëindiging daarvan.

In verband met die ontstaan van Afrikaans bestaan daar basies twee teorieë - 'n ontwikkelingsteorie (uit ABN) en 'n voortsettingsteorie (as nie-standaard Nederlands). Gegewens uit hierdie ondersoek kan lig werp op dié probleem: Bestaan daar getuigenis daarvoor dat ABN verander het tot die een of ander vorm van Afrikaans, of nie? En, aansluitend hierby: Wat is die aard van taalverandering, veral as die ontwikkelingsteorie (ABN - Afrikaans) bevraagteken word?

Aan die hand van 'n studie van Griekwa-Afrikaans kan vaardighede in verband met die optekening van variante taalvorme, en kennis in verband met die hantering daarvan in die taalkunde, verbreed word. Besondere probleme in verband met die optekening van Afrikaanse taalvariante kan aan die lig gebring word, indien dit sou bestaan, en oplossings kan daarvoor aan die hand gedoen word.

Die databasis van die opgetekende spreektaalvorme van Afrikaans kan deur die betrek van gegewens oor die Afrikaans van die Griekwas aanmerklik verbreed word. Die opteken van besondere taalgebruiksdata in verband met Afrikaans is 'n terrein wat baie verwaarloos word. As gevolg van verskeie redes word Afrikaans tans nie orals eenders gepraat nie. Sy skryftaaltradisie is ook nie baie oud nie, maar die standaardtaalinvloed neem egter daaglik toe. As gevolg van die ontvolking van die platteland en ander sosiale en ekonomiese struktuurveranderinge, bly besondere - en taalkundig belangrike - variante taalvorme in die slag. Die Afrikaanse taalkundegeskiedenis is óók 'n geskiedenis van die verlore gaan van geleenthede vir die dokumenteer

van sulke vorme - geleenthede wat hulle net nooit weer kán voordoene. Alhoewel hierdie ondersoek 'n dertig-veertig jaar gelede veel meer verskille met standaard-Afrikaans sou opgelewer het (vgl. Rademeyer 1938), is die gegewens wat wel bekom is nie te versmaai nie. Oor nog 'n dertig-veertig jaar het mens ten minste nog die data, selfs al word dit nie verder aangevul met gegewens oor die ander variasievorme van Afrikaans nie.

1.3 SAMEVATTEND: DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG\*

M C J VAN RENSBURG

● VOORAF

GRIEKWA-AFRIKAANS

Wanneer daar in die taalkunde-analises wat hier aangebied word na Griekwa-Afrikaans verwys word, word met dié verwysings slegs die Griekwa-sprekers wat in dié ondersoek na Griekwa-Afrikaans ondervra is, bedoel. Soms gebeur dit dat gegewens uit ouer bronne (vgl. Bibliografie) vergelykenderwys, interessantheidshalwe, of om ander redes bygehaal word. In sulke gevalle word daar eksplisiet na die bron van die data verwys omdat wat die tydperk van optekening, die uitsoek van segsmanne, die manier van opname en die status van Griekwa-Afrikaans ens. betref, dit met sulke data anders gesteld kon gewees het as wat tans (vir hiérdie projek : 1980-1984) die geval is. Faktore soos die genoemdes kan 'n groot invloed op taalvorme hê - daar is dus sorgvuldig probeer om nié verskillende data-"banke" deurmekaar te gebruik nie.

DATA

Die gegewens wat vir hierdie projek versamel is, is getranskribeer in 'n vorm waar die uitgangspunt was om slegs die verskille met standaard-Afrikaans foneties aan te dui. Dit is 'n gemaklike oplossing wat die tikwerk betref, dit is minder tydrowend as noukeurige transkripsies en die resultaat is nog steeds bruikbaar. 'n Moontlike nadeel is dat latere ondersoekers wat dié data vir fonetiekdoeleindes wil gebruik, dalk, in ander besonderhede geïnteresseerd sal wees as wat vir hierdie ondersoek belangrik geag is. (Die bandopnames word egter nie vernietig nie.)

Die transkripsies van die data is, vir die grootste hoeveelheid, gedoen deur nagraadse studente (B.A. Honneurs) wat 'n opleiding in klankdiskriminasie ontvang het. Alle transkripsies is ten minste een keer gekontroleer deur

---

\* Vgl. ook Band I, deel III.

die navorsingsassistent wat ook hiervoor opgelei is. Soms, veral in opvolging van navrae deur navorsers, is die transkripsies nog eens gekontroleer.

#### 'N VERGELYKING MET STANDAARD-AFRIKAANS

Met "'n vergelyking met SA se klanke" word nié bedoel dat die klankleer van SA volledig beskryf is nie. Talle gevalle van klanke wat by sg. standaardsprekers voorkom, is gevalle van klanke wat hoofsaaklik by standaard-sprekers voorkom. 'n Leemte in die beskrywing van SA wat duidelik geword het na mate hierdie ondersoek gevorder het, is dat daar in bestaande beskrywings bitter min (indien enige) aandag aan die klanke (en ander strukture) van Afrikaanssprekendes gegee is wat van die geïdealiseerde standaard afwyk. (Soms word die term ABA ook gebruik.)

#### OPNAMES

Die gegewens is versamel deur die vraelys (sien bylae 1.3) ter-dele, of in sy geheel met 'n segsman deur te werk. Die vraelys is gaandeweg aangevul, en dit het steeds gebeur, ook met die aanvanklike vraelys, dat dit nie heeltemal deurgewerk kon word met 'n segsman nie. Soms het die belangstelling van die segsman getaan, soms was die beskikbare tyd te min, male sonder tal het dit doodgewoon net aan fisiese reserwes by beide segsman en ondersoeker ontbreek om ná die aanvanklike kennismaking, en ná die deurbreek deur 'n wantrouige gespreksatmosfeer, en ná die heen en weer geselsery van moontlik 'n uur of wat wat daarop volg, nóg die aandag en die belangstelling op die vraelys gerig te hou.

Segsmanne bly mense - en die vraestellers ook. Na enkele vrae neem die gesprek sy eie loop en na 'n uur, gewoonlik weens uitputting, soos vermeld, is 'n segsman, soos goed te verstane, nie meer lus om op die verdere vrae te reageer nie. Word hy wel oorreed, doen hy dit baie meganies, en

het sy reaksies nie dieselfde waarde as die van 'n ondernemende belangstellende respondent nie. Hierin lê die dilemma van die veldwerker: as 'n vertrouenssituasie tussen die veldwerker en die segsman opgebou is, en onbevange en ongeïnhibeerde taalgebruik is aan die orde van die dag, kan die bes-beplande vraelys nie deurforseer word nie.

Vir hierdie opnames is daarna gestreef om die gesprek te "rig" - ons wou hê dat die opnames op die ou end darem ook vir leksikongegewens, gesprektemas, ens. ens. onderling vergelykbaar moet wees. Maar die gesprek moes nooit sô "gerig" word dat dit ongeïnhibeerde, spontane deelname in die wiele ry nie. Selfs al is die gevaar daar om nie direk vergelykbare data te bekom nie. As die segsman sy eie koers kies oor onderwerpe waarvoor hy tuis is, is so 'n opname alreeds baie werd. Dit kom voor of die meeste van die onderwerpe wat in 'n "gerigte" gesprek, of selfs volgens 'n direkte vraelysmetode afgevra sou wees, tog na vore kom in lang opnames. (Vgl. ook Webb 1982 in hierdie verband.) Die register van klanke wat in sulke "vrye" gesprekke voorkom, is ook nie baie breed nie. Belangstellingsvelde, en daarmee saam woordeskat, kom baie ooreen - meer as wat intuïtief verwag word. (Vgl. Van Rensburg 1982.) 'n Empiriese ondersoek waarvolgens die gegewens wat uit verskillende vrye opnames van twee, tien, twintig ure ens. met mekaar vergelyk word, sal van groot belang wees om dié metode van dataversameling te evalueer. Ook om vas te stel waarvoor sulke data die bruikbaarste is - klankondersoeke, of ander ondersoeke ook?

Segsmanne verskil ook baie wat hulle persoonlikhede betref. Wanneer 'n segsman gevind is wat aan die voorwaardes wat gestel is (gebore en getoë in die gebied, "belydende" Griekwa, of afkomstig uit Griekwa-ouers, praat duidelik, gesels graag saam, ens.) voldoen, is daar gepoog om weer terug te gaan, herhaaldelik, en opvolgopnames te maak. Vriendskapsbande is so gesmee, 'n vertrouenspo-

sisie is opgebou, en van sommige segsmanne is opnames van meer as dertig uur gemaak. Dit het ook gebeur dat van die segsmanne by geleentheid, tot selfs drie uit die vier wat vir opvolgondersoeke geïdentifiseer is, in die tydsverloop sedert die vorige opnames oorlede is. Die belangrikheid van opnames van die taalgebruik van geskikte segsmanne, as argiefmateriaal wat baie later ontleed kan word, word hierdeur onderstreep. In die geval van die navorsingsprojek na Griekwa-Afrikaans het dít maar té duidelik geblyk. Alle belangstellendes hierin, en nie altyd vanuit 'n taalkundekant nie, het hulle daarvoor bekla dat die beste voorbeelde van Griekwa-Afrikaans nie meer te bekom is nie.

#### UITKOMSTE

'n Navorsingsprojek soos hierdie moet binne 'n bepaalde, beplande tyd afgehandel word - dié graad van organisatoriese effektiwiteit is ten minste aan die finansiële ondersteuners daarvan verskuldig. Dit bring mee dat alle moontlike winste uit hierdie ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas, helaas, nie in dié navorsingsverslag, desnieteenstaande sy omvang, te vinde is nie. Winste van ondersoeke van hierdie aard lê veel eerder in die opvolgwerk wat hieruit kan spruit. As sulke opvolgwerk enigsins gestruktureerd kan verloop, sal die winste des te groter wees. Moontlike opvolgwerk deur die huidige ondersoekers in 'n ondersoek wat verband hou met die ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas\*, óf deur nagraadse studente oor temas wat uit dié ondersoek voortvloei, en waarvan 'n groot aantal hier aangedui is (p.33 e.v.) word bv. voorgestel.

Vir sulke ondersoeke is dit, ooreenkomstig die doelwitte hiervan (vgl. 1.1) nodig dat soveel data as moontlik aangebied word (oor die gebrek aan beskikbare data vir ondersoeke na en beskrywings van Griekwa-Afrikaans word

---

\* 'n Ondersoek na die Afrikaans in die Richtersveld word tans beplan.

daar al vir meer as vyftig jaar gekla), so ver as moontlik geskik vir interpretasie, ook vanuit ander invalshoeke. Die studies wat in hierdie verslag aangebied word, kan dan gesien word as temabeskrywings in hulle eie reg, maar ook as aanduidings waarvolgens vollediger ondersoekes kan verloop, of aansluitingspunte vir die uitvoer van aanvullende studies.

#### VERWERKING

Alhoewel dit moontlik sou wees om van gekwantifiseerde vergelykings gebruik te maak in die aanbieding van dié materiaal, kon dit nie gedoen word nie omdat al die opnames nie verwerk is vóór daar met die skryf van die verslag begin is nie. Gekwantifiseerde data oor standaard-Afrikaans is ook nie so maklik te bekom nie. (Vgl. egter die hantering van dié probleem in H.G.W. du Plessis se beskrywing van die sintaktiese strukture in die Afrikaans van Griekwasprekers.)

#### ● INHOUD

Deur die data oor die Afrikaans van die Griekwas (vgl. Band II) by die beskrywing van Afrikaans te inkorporeer, is die beskrywing van Afrikaanse taalstrukture baie uitgebrei. Ter illustrasie kan daar na die behandeling van die volgende drie grammatikakomponente verwys word

#### KLANKE

Die reeks palatale klanke in Afrikaans is in werke oor die Afrikaanse klankleer nie as besonder geskakeerd behandel nie. In die Afrikaans van die Griekwas kom daar in hierdie reeks klanke uiters fyn genuanseerde verskille voor. 'n Groter verskeidenheid Afrikaanse vokale moet ook, met inagneming van die variante in die Afrikaans van die Griekwas, in berekening gebring word wanneer die "Afrikaanse" vokale ter sprake kom. Diftonge wat uiters seldsaam is in standaard-Afrikaans, kom ook nou aan die bod.

#### SINTAKSIS

Vir die beskrywing van anaforiek in Afrikaans kan daar tans 'n baie groter verskeidenheid data betrek word, ook wat betref aanspreeksvorme, weglatingspatrone, en die struktuur en volgorde van hulpwerkwoorde. Infinitiefstrukture wat sporadies onder ouer sprekers van ander taalgroepe voorkom, en nie in grammatikaboeke nie, vra hier om die aandag, náás die meer bekende Afrikaanse patrone. Dieselfde is



die geval met bysinpatrone.

### MORFOLOGIE

In gesproke Afrikaans kom vergelykingskonstruksies voor wat nog nie volledig uitgepluis is nie. In die Afrikaans van die Griekwas kom sulke patrone ook aan die bod, en kan hulle meer aandag geniet. Dit is ook die geval met meervoudsvorme en verkleiningsvorme. Besondere besitskonstruksies en substantiewe gebruike, vir Afrikaans, word nou bespreek, asook gevalle van hiperkorreksie en oorgenerering.

### NIE-STANDAARDTAALVORME

Die erkenning van 'n onderskeiding nie-standaardtaalvorme (náás standaardtaalvorme) kom in hierdie verslag telkens voor, en lei tot hipoteses waarvolgens bestaande sienings vanuit hierdie ander hoek uit gewysig kan word. Dit geld o.a. vir die siening waarvolgens Oranjerivier-Afrikaans as een van die drie hoofstipes ingedeel word, vir die verklaring dat daar so min kenmerke van Griekwa-Afrikaans in standaard-Afrikaans 'n neerslag gevind het, vir die siening dat taalverandering saamhang met 'n verplasing van die sprekerslaag, ens. (Vgl. respektiewelik die bydraes van Van Rensburg, en van L.T. du Plessis vir meer besonderhede.)

### NAVORSINGSBETROKKEHEID

Nóg 'n doelwit van hierdie projek was om 'n groter mate van navorsingsbetrokkenheid rondom taalkunde-ondersoeke te bewerkstellig. Aan hierdie projek het daar veertien veldwerkers deelgeneem (by geleentheid een uit die buiteland), bydraes vir die finale verslag is gelewer deur medewerkers van drie universiteite en die RGN vanuit verskillende belangstellingsrigtings, óók vanuit die vakwetenskappe Geskiedenis en Sosiologie.

Talle studente het betrokke geraak by dié projek - in die verwerking van die gegewens, by die veldwerk, in die opspoor van segsmanne en ook in die uitvoer van studie-opdragte tydens veldwerksessies.

Kollegas het gehelp met die aanbieding van dié data as doseermateriaal en het deelgeneem aan diskussies oor aspekte van die navorsingsprojek.

'n Nóg groter betrokkenheid kan net lei tot 'n steeds groterwordende bewuswees van die problematiek rondom die beskrywing van 'n taal, in hierdie geval Afrikaans, en in die vind van beter oplossings daarvoor.

Navorsingsbetrokkenheid beteken ook om (in Suid-Afrika, en moontlik elders) navorsing te sien as 'n soort (nuttige) vryetydsbesteding en om

daarmee verlief te neem. Neem dié betrokkenheid toe, hoop die werk vir die gewone dagtaak net op. Sonder daadwerklike hulp van die RGN en Universiteitsowerhede kan geen stabiele infrastruktuur onder sulke omstandighede geskep word nie. Aan die UOVS bestaan daar 'n besondere waardering vir sinvolle navorsing, ook in die Geesteswetenskappe. Rondom toekennings soos wat van die RGN verkry kan word, word daar bv. die bokoste verbonde aan 'n navorsingspos uit Universiteitsfondse gevind. Stabiliteit en kontinuering word dan 'n realistiese moontlikheid wat met besondere dank erken word.

#### RAAKPUNTE

Omdat 'n taal so nou verbonde is aan sy sprekers is dit in die vooruitsig gestel dat hierdie navorsingsverslag nie net oor grammatika-aangeleenthede sal handel nie. Dit was ook die geval. Onder hierdie bydraes word daar temas aangesny wat te make het met taalbeplanning, met die Geskiedenis, die Sosiologie, strategieë wanneer taal gebruik word, en met letterkunde - onderwerpe vanuit verskeie hoeke, die Griekwa-Afrikaanse taalvorm in Afrikaans, analises van vertellings\* en gedigte van prof. H.G.W. du Plessis na kennismaking met dié mense en hulle taalvorm tydens veldwerk-sessies.

#### BIBLIOGRAFIE

- Rademeyer, J.H.            1938 Kleurling-Afrikaans. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
- Van Rensburg, M.C.J. 1982 Aspekte van die verhoging van vokale in Afrikaans. Acta Academica 14. (UOVS)
- Webb, V.                    1982 Veldwerk in stedelike taalondersoek. Uit 'n navorsingsverslag aan die RGN

---

\* Verdere analises word deur prof. L.S. Venter in vooruitsig gestel.

. BYLAE I BY 1.3  
VRAELYS VIR DIE NAVORSINGS =  
PROJEK OOR DIE AFRIKAANS  
VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE  
TAGTIGERJARE

BYLAE 1 BY 1.3

VRAELYS

VOORBEELDE VAN TIPIESE ANTWOORDE

MIKPUNT : OM TE HOOR HOE DIE  
SEGSMAN HIERDIE VORME  
ONDER ANDERE KEN EN  
GEBRUIK

1) Wat is jou volle name?  
En jou ouers s'n?

2) Het jy 'n bynaam?  
Hoekom?

3) Hoe oud is jy?

4) Is jy 'n Griekwa?  
Hoekom?

boorteland  
van voor gaboortyd  
hy't hier gaboort  
hy's nie 'n woning en boorling van  
hier nie, hy's mar net op diens  
hier was haar woning

Vocrouers:

Voormense  
ons es agterstam  
oumamma  
grootvader  
grooitjie oupa  
grootoupas  
aitgatrou  
taty

5) Hoekom is jy 'n Griekwa?

6) Hoe is jy geregistreer?

Identiteit

- 7) Praat jy met vriende ook Afrikaans?  
Taal:  
Afrikaans, Nederlands, Taalkennis  
onse tonge toe nou heentemal weg=  
gevat daarsō  
Griekwa-Praters  
outydse praat  
ons almal es nou op Afrøkans  
diese aftallighèit  
die boere spreek nou die tal so
- 8) Met wie?  
skoolhoof  
polisieman  
registrasiebeampte  
ens. ...  
Taalstatus
- 9) Wat dink jy van Griekwas  
wat nie hierdie Afrikaans  
praat nie?  
Taalloyaliteit
- 10) Is daar Griekwas wat Engels  
praat?  
Taalkennis
- 11) Watter taal praat jy met  
jou kinders?  
Taalloyaliteit, taalverskuiwing
- 12) Aan watter kerk behoort jy?  
Kerk:  
Ieraart  
ganoemdes vannie kerk  
die kerk wat ons en stan  
Halleluja-gasange  
vasweek  
kjerkmaand  
Ieraarshuis, pastorie  
nagmalweke  
moederkjerk

- 13) Hoe neem jy deel aan die kerk? En aan die lewe in die omgewing? Dorp/Geboue/Koop  
winkelens  
besigheite  
koop op boek  
kontansie  
kjerk  
sooiheise  
maggieshoof  
oenderstraat
- 14) Watter kaarte het jy?
- 15) Wie's jou leier? Identiteit. Kontrole van vraag 6.
- 16) Moet die Griekwās hulle eie grond hê? Identifikasie met Griekwaskap
- 17) Praat die blanke Afrikaanssprekendes anders as jy?
- 17.1) Hoe anders?
- 17.2) Hoekom?
- 18) Hoe oud is jou kind? Taaikopkind  
opskoot-mannetjie  
opgeskoode seens  
marie kjønners het naerhant so  
stuks geworre
- 19) Beteken die volgende sinne dieselfde? Werkwoordkonstruksie
- 19.1) Hy het geloop eet.
- 19.2) Hy het loop geëet
- 19.3) Hy het loop eet
- 19.4) Hy geloop geëet
- 19.5) Hy't gehet loop gesterwe

- 20) Watter van die volgende gebruik jy?
- 20.1) My pa het kom doodgaan kom en gaan
- 20.2) My pa het gaan doodgaan
- 21) Wanneer is jy gebore? Getalle, werkwoord
- 22) Waar is jy gebore? Naamwoord
- 23) As jy 'n paar bruin mense hier sien, hoe sal jy weet wie 'n Griekwa is en wie 'n Kleurling is? Identifikasie
- 24) Is jou vriende almal Griekwas? Groepsbewustheid
- 25) As jy met jou vriende praat, wat se taal praat jy? Taalhouding
- 26) Ken jy Griekwas wat sê dat hulle nie Griekwas is nie? Identiteit
- 27) Wat dink jy van sulke mense? Groepsbewustheid
- 28) Kan jy ander tale praat? Taalkennis
- 29) Dink jy dat jou kinders 'n ander taal moet leer? Taalhouding
- 29.1) Watter tale? Taalverskuiwing
- 29.2) Hoekom? Taalhouding
- 30) Hoe goed praat jy Engels? Taalstatus, Taalkennis
- 31) Dink jy dit is belangrik om Engels te kan praat? Taalstatus
- 31.1) Hoekom?

- 32) Wil jy graag hê dat jou kinders met Griekwas trou? Huwelike:  
həllə-t gatrou  
əitgatrou  
daar-s nou 'n trou wat afkom
- 33) Hoe ver het jy geleer? Skool  
En jou kinders?  
matriek nie gavys nie  
onderwyswerk  
onderwyster  
galeerdheid innie kop slaat  
hy het te kwaai galeer  
skool loop hou  
sy verstant weggeraak het
- 34) Behoort jy aan 'n politieke party? Identiteit
- 35) Wat gaan van die Griekwas word?
- 35.1) Wat dink jy van die toekoms van die Griekwas? Groepshouding
- 35.2) Dink jy die Griekwas moet hulle eie grond hê?
- 36) Hoe behandel die Blanke Afrikaners jou? Gesindheid
- 37) Behandel vandag se Blanke jou beter as vroeër s'n?
- 37.1) Behandel die Engelse Blankes jou beter as die Afrikaanse Blankes? Gesindheid
- 38) Psalm 23. Kan jy dit vir ons opsê? So nie, kan jy dit vir ons uit die Bybel voorlees? Vorm van Afrikaans (of Nederlands)



- 39) Wat doen 'n mens met 'n  
wilde perd om hom te kan ry?
- 40) gooi x [ɔi]  
- As jy 'n slang wil dood=  
maak en jy het net 'n klip  
om dit mee te doen, hoe  
gaan jy dit regkry?
- 41) mooi x mōi  
- Hoe het jou vrou gelyk      Hoe gebruik die segsman dié tiperende  
toe julle getrou het?      vorme.
- 42.1) maar/mar  
2) daar/dar  
3) klaar/klar  
4) haar/har  
5) jaar/jar
- 43) Hoe oud is jou kinders?      Getalle
- 44) skoon/skōn  
- Wat noem jy jou vrou  
se pa?
- 45) kind x [kjent]  
- Wat noem 'n mens iemand  
wat nog nie 'n grootmens  
is nie?
- 45.1) ding x den      Palatalisering
- 46) Wat noem 'n mens 'n klein      Verkleiningsvorm  
man?
- 47) parlement      parlemint
- 47.1) prent      print      Vokaalwisseling  
Wat hang 'n mens binne-  
in die huis om dit mooi  
te maak?

- 48) [ə x ε]  
Sê jy kind of kend  
ding of deng  
in of en  
se of sê
- 49) [ε x ə]  
wel of wil  
Jan in/en Sarie  
met x mit  
prente x printe
- 50) ken/kan hom goed  
ek kan dit doen/ken dit doen  
kin
- 51) [ə x ɔ]  
verby/vôrby
- 52) [a x ə]  
betaal (betaal) Vokaelwisseling  
gaweer geweer  
twintag
- 53) diftong : my
- 54) [ε] : kerk  
het
- 55) soontoe sountoe/seintoe
- 56) kinders (k x kj?)  
geld (g x gj?)  
julle (j x dj?)  
hulle sê jy het julle ...
- 57) reën / reënt  
begin/ begint

- 58) Sê jy:  
om te reën  
begin om te                          Infinitief  
begin te om te reën  
begin te te om
- 59) Meervoude:  
putse/putte  
geld /gelte
- 60) verkleining:  
skirt       huis       klip  
plek       kind       hoender
- 61) -goed  
pa- en magoed  
meneergoed  
Kokstadgoed  
Durbangoed  
kar-
- 62) beter?  
meer beter?  
meer beterder?  
meer beterste?
- 63) . goed (trappe v. vergelyking)
- 64) ons/onse kinders?
- 64.1) sy/hy se       kinders?  
      hulle se  
      sy se  
      hom se                          Besitskonstruksie  
      hom  
      haar se
- 65) Ek vertel <sup>hom</sup>  
      vir hom 'n storie       Vir-konstruksie

- 66) Toe jy klein was, hoe het julle baklei? Vertelling
- 67) Was daar reëls gewees? Werkwoorde
- 68) Wanneer het 'n mens vuil baklei? Vertelling
- 69) Het jy ooit vroumense sien baklei?  
Baklei hulle anders as mans? Vertelling
- 70) Vertel my van dié keer in jou lewe wat jy amper dood was. Vertelling
- 71) Waarmee boer mens in hierdie omgewing? Was dit altyd so? Boerdery:  
Boerman  
beesoppasters  
bees i.p.v. beeste  
mieliese  
panspek  
korings (koriengs)  
deiskorings  
reënt  
haelse  
peuselboerdery, 'n hand-tot-mond affêre  
verspoelingse
- Wilde diere:  
oorloutangs  
loue, leeue  
louens
- 72) Wat doen mens oor die naweek? Partytjies  
ons doen hom so Sateragaande  
biermeters  
moosbier, bestawel

- 73) Hoe het mens vroeër hier gelewe? Kos  
gou-kook manier
- Transportry  
transportryers  
getranswaense
- 74) Ken julle die woord:  
swalsterthond?
- 75) Ken julle die woord draai-voetskoen? Hoe lyk dit?  
Hoe word dit gemaak?
- 76) Ken julle die woord agteropskoppe? Wat is dit?
- 77) Hoe sê julle as iemand klein is/groot is?
- 78) Wat noem julle die plek waar julle gebore is?
- 79) Wat noem julle jul oupa se pa?
- 80) Was jy al ooit getroud?  
Waar is jou vrou?
- 81) Hoe sê julle dit is sy baadjie, dit is sy ma?
- 82) Hoe sê julle as julle by die deur uitgaan buite-toe?
- 83) Ken julle die woord hoorman?
- 84) Ken julle die woord modedames?

- 85) Wat beteken dit as julle sê:  
iemand word nie geomstoot  
nie?
- 86) Wat beteken dit as julle sê:  
gestopstasie?
- 87) Wat noem julle die plaas  
waarop iemand bly?- dit  
is sy woonplaas.
- 88) Wat noem julle hierdie  
bandmasjien?
- 89) Wat sê julle as julle wil  
sê: Wat noem ons die plek?
- 90) Wat noem julle die plek  
waar mense begrawe word?
- 91) Wat noem julle 'n klomp  
leeus, tiere, ens?
- 92.1 As iets baie blou is, is dit ...?
- 92.2 As iets baie swart is, is dit ...?
- 92.3 As iets baie rooi is, is dit ...?
- 92.4 As iets baie geel is, is dit ...?
- 93) Hoe sê julle as 'n plek  
baie vol is: daar is nie  
plek vir 'n mier nie?
- 94) Hoe sê julle as dit ophou  
reën?
- 95) Hoe sê julle as julle dink  
iets is die waarheid?

- 96) Wat noem julle die plek  
waar iemand 'n ongeluk  
gemaak het?
- 97) Hoe sê julle as julle            Ons is nie interesseerd daaren nie  
nie belangstel in iets  
nie?
- 98) Hoe sê julle as julle            op vergader gasit  
eers vergadering moet hou  
voordat julle iets kan  
besluit?
- 99) Wat is 'n triëkpas?
- 100) Ken julle die woord omdries?
- 101) Hoe sê julle  
om            familie  
ook           links  
fontein       plek  
verstaan     met  
sekondêre    sulke  
origens       geword  
ken           altyd  
kan           hier  
sestig       gedurende  
deftig

Palatalisasie:

kerk, geld, kis

Assimilasie:

het die, naderhant, ons het  
die, kan die kinders,  
want die, dat dit

Wat is die meervoude van:

skool, winkel, hofsaak, kind  
vrou, goed, neef, skoolkind,  
fontein, stad.

102) Hoe sê julle as julle trots  
is op iets?

103) Hoe sê julle:

getroud	sing
gespeel	bring
gekom	omtrent
gevat	het
oorgekom	met
maar	stukkies
waar	
ingekom	

104) Hoe sê julle: ons kom nie  
ooreen nie?



BYLAE 2 BY 1.3

VERDERE STUDIES WAT KAN VOORTVLOEI  
UIT DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS  
VAN DIE TAGTIGERJARE

BYLAE 2 VERDERE STUDIES WAT KAN VOORTVLOEI UIT DIE NAVORSINGSPROJEK OOR  
DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE

1. Hoe het Afrikaans verander? Klop dit met taalveranderingsteorieë, en wat al gesê is omtrent die verandering van Afrikaans?
2. Wat is die moontlikhede en die grense waarvolgens taalvariante in Afrikaans kan voorkom?
3. Wat is die invloed van sosiale verandering op die taalgebruik van afgesonderde spraaklandskappe in Suid-Afrika? Watter taalsisteme is die gevoeligste hiervoor, en watter is die beste bestand hierteen?
4. Bestaan daar 'n implikasiehiërargie in Afrikaans, waarvolgens die een variant ander impliseer?
5. Watter aanpassings het taalelemente uit Hottentots in Afrikaans ondergaan?
6. Hoe kan 'n interdisiplinêre aanpak bydra tot die beskrywing van variasiegevalle in Afrikaans?
7. Het dit enige waarde om nie-standaardpatrone by die beskrywing van Afrikaans te betrek? Wat is die implikasies hiervan?
8. Wat is die kenmerke van Afrikaans?
9. Kan Afrikaans taalkundig in bepaalde hoofgroepe ingedeel word? Wat was die lotgevalle van hierdie groepe, ook taalkundig gesien?
10. Het alle variante van Afrikaans aan die standardisasie daarvan deelgeneem?
11. Kan die onderskeiding standaardtale - nie-standaardtale met vrug in die taalkunde gebruik word?
12. Het dit enige waarde om die bestudering van nie-standaardtaalvorme in leerplanne in te sluit? Op skoolvlak, en op universiteitsvlak?
13. Watter prioriteit moet navorsers stel as hulle Afrikaans deeglik wil beskryf?
14. Watter probleme is eie aan die beskrywing van gesproke Afrikaans? Hoe moet sulke probleme opgelos word?

15. Volgens watter uitgangspunte behoort die optekening van die vorme van gesproke Afrikaans te verloop?
16. Watter variante in Griekwa-Afrikaans kom ook elders voor? Hoe kan dit verklaar word?
17. Hoe verskil Griekwa-Afrikaans onderling? Waaraan kan dié verskille toegeskryf word?

---

Voetnota: Etlike vrae met die oog op verdere studies verskyn in die tekste van die afsonderlike bydraes in Band I.

DEEL II DIE AFRIKAANS  
VAN DIE GRIEK WAS VANUIT  
'N TAALKUNDEPERSPEKTIEF

2.1 S I N T A K S I S

H.G.W. DU PLESSIS

S I N T A K T I E S E  
V A R I A S I E I N D I E A F R I K A A N S  
V A N G R I E K W A S

Hans du Plessis (PU vir CHO)

(Die afdeling oor anaforiek (5.1.1.1) is  
deur mev. S.M.C. Prinsloo)

I N H O U D S O P G A W E

2.1

1.	INLEIDING	41
2.	METODOLOGIE	45
2.1	Die Veranderlikes	45
2.2	Die identifikasie van die veranderlikes	48
2.2.1	Die toets	48
2.2.2	Die vrae	50
2.2.3	Ontleding van toets	54
2.3	Verwerking van die gegewens	90
2.4	Die interpretasie van die gegewens	90
3.	SINTAKTIESE VEREENVOUDIGING IN GA	91
4.	SINTAKTIESE KOMPLEKSITEIT	96
5.	SINTAKTIESE VARIASIE IN DIE AFRIKAANS VAN GRIEKWAS	101
5.1	Naamwoordstukvariasie in GA	102
5.1.1	Die semantiese waardes van naamwoorde	102
5.1.1.1	Anaforiek	103
5.1.1.2	Vokatiewe in GA	111
5.1.2	Naamwoorde	118
5.1.3	Die voorbepaling	121
6.	DIE SETSELGROEPE	127
7.	WERKWOORDE IN GA	132
7.1	Medewerkwoorde	132
7.1.1	Die skakelwerkwoorde <u>kom</u> en <u>loop</u>	134
7.1.1.1	<u>loop</u>	134
7.1.1.1.2	<u>kom</u>	141
7.1.2	Samevattend	147

7.2 Medewerkwoorde-volgorde/-----

7.2	Medewerkwoordvolgorde	148
7.3	Tempus in GA	149
7.4	Die infinitief in GA	159
7.5	Skeibare en onskeibare werkwoorde	162
8.	Bepalings	164
8.1	<u>Nou</u> in GA	170
8.2	<u>Toe</u> in GA	171
9.	Bysinne in GA	174
9.1	Bysinsvolgorde	176
9.2	Bysinne en sintaktiese variasie	182
10.	Slot	187
11.	Bronnelys	190



SINTAKTIESE VARIASIE IN DIE AFRIKAANS VAN  
GRIEKWAS

VOORAF

Die doel met hierdie afdeling van die verslag is om op grond van die opnames van gesprekke met Griekwas (soos in die Voorwoord uiteengesit) 'n studie te maak van sintaktiese patrone wat deur hierdie Afrikaanssprekendes gebruik word; die klem val veral op sintaktiese patrone wat nie in formele Afrikaans op dieselfde wyse gebruik word nie.

Ofskoon die term Griekwa-afrikaans deurgaans gebruik word, is dit nooit 'n hanteerbare gerieflikheidssterm waarmee daar nie voorgegee word dat hierdie variant deur alle of slegs Griekwas gepraat word nie.

Daar word van die standpunt uitgegaan dat 'n enkeldialekmetodologie (soos wat dit in bv. die Chomskyaanse benadering bestaan) 'n gerieflike idealisering van die linguistiese werklikheid is en dat die studie van sintaktiese variasie juis vanuit 'n multidialekmetodologie aangepak behoort te word. In hierdie sin is die beskrywing van sintaktiese variasie in die Afrikaans van Griekwas slegs die vertrekpunt van 'n uitdagende navorsingsveld in Afrikaans en die analise maak nie aanspraak op 'n volledige beskrywing van sintaktiese variasie in Afrikaans nie, maar probeer slegs 'n enkele snit daaruit maak.

DIE SINTAKSIS VAN GRIEKWA-AFRIKAANS

1. INLEIDING

'n Analise van die sintaksis van 'n variant van enige standaardtaal impliseer nie noodwendig die volledige beskrywing van sodanige sintaksis nie, eenvoudig omdat dit ook kan dui op die studie van slegs die sintaktiese variante.

So byvoorbeeld is die vorm van die passief in Griekwa-Afrikaans (GA) nie 'n variant nie, aangesien die sintaktiese proses in GA dieselfde is as dieselfde proses in Standaardafrikaans (SA).

In hierdie studie word slegs aandag geskenk aan die sintaktiese veranderlikes en hulle variante wat inderdaad in GA voorkom. Die studie wil dus nie 'n volledige sintaksis van GA wees nie, maar slegs 'n beskrywing van sintaktiese variasie in die Afrikaans van Griekwas.

Daar word uitgegaan van 'n aantal frekwente variante, sonder om op absolute volledigheid aanspraak te maak. Slegs dié variante met 'n noemenswaardige frekwensie in Griekwa-Afrikaans word betrek.

Daar is ook sintaktiese variante wat vroeër in GA opgeteken is (vgl. bv. Rademeyer, 1938, Von Wielligh, 1925 en Van Zyl, 1947 wat onder geen van die opnames vandag meer in hierdie variant van Afrikaans voorkom nie. Sodanige "uitgestorwe" sintaktiese patrone sal nie in besonderhede ter sprake kom nie. (Vgl. Voorwoord)

Hierdie analise is verder 'n analise van die omgangstaal (vernacular) van 'n werkersklas. Dit is so dat Trudgill (1983:188) se driehoekvoorstelling van die verhouding tussen sosiale en streeksvariasie in Britanje ook vir hierdie studie van GA geld. Volgens Trudgill se voorstelling gebruik

spreekers van die boonste sosio-ekonomiese klasse oorwegend die standaardvorm van 'n taal, terwyl die laer sosio-ekonomiese klasse meer nie-standaardstreekverskynsels in hulle taalgebruik openbaar. Daar word teen hierdie agtergrond (vgl. ook Chesire, 1982) aanvaar dat die grootste mate van streeksdifferensiasie onder die laer werkersklassspreekers gevind word en die kleinste mate van differensiasie onder sprekers op die ander punt van die sosiale skaal.

Dit is verder ook waar dat die analise van morfologiese en sintaktiese variasie heelparty aantoonbare beperkinge op die veldwerk self plaas. Een van die groot probleme in hierdie verband waarop Chesire (1982: 7 + 8) wys, is:

" ..... if historical changes could only bring increasing simplicity, then sooner or later languages would simplify themselves out of existence. There must be countervailing mechanisms that re-introduce complexity". (Vgl. in hierdie verband ook Claassen en Van Rensburg, 1982: 15.)

Al sou 'n mens dan kon aantoon dat GA konstruksies vereenvoudiging impliseer, kan (en moet) daar terselfdertyd ook ingegaan word op watter wyse hierdie vereenvoudiging weer gebalanseer (gekompenseer) word. 'n Kompensasieproses wat ander konstruksies voortbring wat weer die grense van SA oorskry.

Daar word met ander woorde in hierdie ondersoek daarvan uitgegaan dat GA 'n mindere sintaktiese kompleksiteit vertoon in vgl. met SA, maar dat ander konstruksies dan juis gebruik word om hierdie vereenvoudiging as't ware te herstel.

Dit gaan dus nie bloot om die aantoon van sintaktiese kompleksiteit, of dan die gebrek daaraan, in GA nie, maar juis dat sintaktiese vereenvoudiging per se geen verklaring bied nie, maar dat ander verskynsels (bv. die gebruik van adjunkte, medewwe. en grammatiese tydsaanduiding) as gevolg van sodanige vereenvoudiging meer kompleks word en dat die reëls vir die gebruik daarvan die grense van SA verbysteek. Vooruitskouend: die gebruik van die leksikale item nou; die medewerkwoorde (veral die "skakelwerkwoorde" kom en loop) en die aanduiding van tyd in GA volg reëls wat in SA onaanvaarbare sinne tot gevolg sou hê.

Die kriteria vir sintaktiese kompleksiteit wissel van ondersoeker na ondersoeker, maar as ingangspunt kan daar veral gebruikgemaak word van twee van Van der Broeck se kriteria, nl.

- (1) Gemiddelde lengte van 'n T-teenheid en
- (2) Onderskikkersindeks.

(1) Gemiddelde lengte van 'n T-teenheid

Wat is 'n T-teenheid?

Van den Broeck (1983: 155) beklemtoon dit dat lengte nooit presies die sintaktiese kompleksiteit meet nie, maar dit word nogtans algemeen aanvaar dat dit in 'n hoë mate wel met kompleksiteit korreleer.

'n T-teenheid is een hoofsin plus die bysinne daaraan verbonde of daarby ingelyf.

Teen hierdie agtergrond kan die gemiddelde lengte van 'n T-teenheid gemeet word deur die aantal woorde (versprekings, ens uitgesluit) te deel deur die totale aantal T-teenhede.

So gedoen met drie stukke van min of meer dieselfde lengte, blyk dit dat die omgangstaal van 'n Griekwa (Piet Van der Westhuizen, GR 001, kant B, p32) 'n baie kleiner gemiddelde T-lengte vertoon as bv. 'n stuk geskrewe standaardafrikaans (Karel Schoeman, Die dood van 'n Engelsman, p.29) of 'n mondelinge vertellingstek van 'n hoëklasspreker (prof. T.T. Cloete).

Die Schoemanstuk bestaan uit 253 woorde en kan verdeel word in 14 T-teenhede:

$$\frac{253}{14}$$

Gemiddelde lengte van 'n T-teenheid = 18,071

Hierteenoor bestaan die gespreksdeel van Piet v.d. Westhuizen uit 227 woorde en uit 33 T-eenhede:

$$\frac{227}{33}$$

Gemiddelde lengte van 'n T-eenheid = 6,879

Selfs al sou 'n mens 'n voorbeeld van gesproke taal ('n hoë-klasspreker T.T. Cloete) vergelyk, is die Griekwa-stuk sintakties minder gekompliseerd.

Cloete-stuk : 300 en 27 T-eenhede

$$\frac{300}{27} = 11,11$$

(2) Onderskikersindeks

Dit moet hieruit volg dat die onderskikersindeks van GA veel laer is as dié van SA.

Die onderskikersindeks word verkry deur die totale aantal bysinne te deel met die totale aantal T-eenhede:

Schoeman-voorbeeld:  $\frac{36}{14} = 2,571$

V.d. Westhuizen :  $\frac{3}{33} = ,090$

Cloete :  $\frac{14}{27} = ,519$

Die onderskikkende sinne in die GA voorbeeld is twee betreklike bysinne ('n onderwerp-uitbreiding en 'n voorwerp-uitbreiding) en een adjunksin van tyd (gelyktydigheid), terwyl Schoeman 5 verskillende tipes bysinne gebruik.

Hierdie kompleksiteitskwessie word nie hier verder gevoer nie, aangesien dit hier bloot daarom gaan om vas te stel óf daar 'n laer graad van kompleksiteit in GA bestaan as in SA. So 'n ondersoek kan (en moet) verder gevoer word, want: "It simply is no good to talk about differences

difference and sameness, and do so in relation to context."

(Van den Broeck, 1983: 175)

So 'n ondersoek kan verder gevoer word deur ook bv. die sosiale en gesprekskonteks te vergelyk - deur bv.

identiese kontekste te gebruik. So 'n ondersoek moet nog in Afrikaans aangepak word.

Dit wil egter uit voorgaande vergelyking tog lyk of die verskil tussen die sintaktiese kompleksiteit van GA en SA dieper lê as 'n stilistiese verskynsel verklaarbaar in terme van 'n klasseverskil. Verder is die opnames van GA onder 'n betreklik homogene sosio-ekonomiese groep sprekers gemaak, wat die wanindruk kan skep dat GA as 'n enkele sintaktiese homogeniteit bestaan.

Hierdie oorsigtelike bespreking gaan nie soseer om die "bewys" van mindere kompleksiteit as sodanig nie, maar juis daarom dat sintaktiese reëlvereenvoudiging in GA gebalanseer word deur 'n komplisering van ander sintaktiese reëls.

Daar sal vervolgens by die bespreking van die sintaktiese verskynsels in GA eksplisiet gewys word op die reëlkomplisering waar dit wel voorkom.

##### 5. SINTAKTIESE VARIASIE IN DIE AFRIKAANS VAN GRIEKWAS

Teen die agtergrond van die breër teoretiese beginsels waarbinne hierdie beskrywing van sintaktiese variante in GA gedoen word (soos in die vorige afdelings uiteengesit), is dit teoreties onwys om sintaktiese verskynsels afsonderlik te bespreek. Dit is bv. so dat die naamwoordgebruik in 'n bepaalde sin ook 'n invloed kan uitoefen op die plasingstrategie binne die WS van dieselfde sin of dat nie-linguistiese faktore die sintaktiese proses beheer.

Ter wille van die praktiese sistematiek word sintaktiese verskynsels in hierdie ondersoek onder verskillende hoofopskrifte bespreek en word daar gepoog om die verband wat inderdaad tussen die afsonderlike verskynsels bestaan, deur middel van kruisverwysings wel weer te vestig. Hierdie werkwyse veroorsaak 'n mate van herhaling, wat nie altyd sinvol uitgeskakel kan word nie. Sintaktiese variasie word vervolgens onder die volgende hoofopskrifte bespreek:

1. Die naamwoordstuk in GA
2. Die voorsetselgroep in GA
3. Die werkwoordstelsel in GA
4. Die adjunk in GA
5. Bysinne in GA

Waterdigte kompartementering van hierdie vyf is egter nie moontlik nie, aangesien GA bv. heel produktief van medewerke woorde (soos bv. kom en loop) gebruik kan maak om sinskleur uit te druk (vgl. 7.1.1). Daar word dus nie voorgegee dat voorgaande 5 aspekte verbandloos in die sintaksis bestaan nie, maar juis dat daar 'n onderlinge verband bestaan wat uit die rubrisering nie duidelik blyk nie.

Dit is belangrik om daarop te wys dat die variante wat bespreek word in GA voorkom, maar daar word uitdruklik nie voorgegee dat hierdie variante tot GA beperk is nie.

## 5.1 NAAMWOORDSTUKVARIASIE IN GA

### 5.1.1 DIE SEMANTIESE WAARDES VAN NAAMWOORDE

"Algemene semantiese waardes wat die gebruik van naamwoorde kenmerk is onder andere die volgende: verwysing, generesiteit, die vokatiewe gebruik, beskrywing en bepaaldheid." (Ponelis, 1979: 15)

Met die uitsondering van verwysing (spesifiek anaforiek) en die vokatiewe gebruik, word naamwoorde in GA nie opmerklik anders gebruik as in SA nie. Verder word die naamwoordgebruik in Afrikaans in hoë mate bepaal deur nie-linguistiese vertellerstrategie en hierdie aspek kom by die bespreking van vertellings in meer besonderhede ter sprake.

#### 5.1.1.1 ANAFORIEK

Anaforiek is in die gebruikstaal van die Griekwa binne gespreksverband ontleed, aangesien anaforiek as semantiese waarde van die naamwoord bespreek word en die konteks waarin 'n uiting voorkom, 'n belangrike rol speel by die korrekte interpretasie van verwysing. In meegaande voorbeelde dui numeriese kodering die sprekers soos volg aan:

Daniël Goeiemans	(1)	(Olifantshoek)
Adam Kok	(2)	(Prieska)
Dirk Malat	(3)	(Douglas)
Israel Malat	(4)	(Douglas)
Tooitjie Marais	(5)	(Kokstad)
Andreas Sekuti	(6)	(Griekwastad)
Sanna Stoffels	(7)	(Douglas)
Klaas van der Westhuizen	(8)	(Campbell)

Koreferensie word aangedui deur middel van referensiële merkers, byvoorbeeld Grootrivier<sub>i</sub>..... hy<sub>i</sub>.

Ongrammatikale vorme word soos volg aangedui: \*

Anaforiek veronderstel die aanwesigheid van 'n antesedent en een of meer anafore waar die funksie van die antesedent die identifikasie en individualisasie van die referent is.



Binne die gespreksituasie dui die voornaamwoorde ek met die semantiese kenmerk + spreker en jy met die semantiese kenmerk - spreker onderskeidelik die spreker en hoorder aan. Deur die derdepersoonsvoornaamwoord anafories te gebruik word die referent ook in 'n beperkte mate geïdentifiseer aangesien identifikasie ten opsigte van geslag plaasvind. Dit lei egter nie daartoe dat die referent onderskei kan word van alle ander moontlike referente nie. Binne die klas + manlik, weergegee deur die voornaamwoord hy, is daar byvoorbeeld baie lede en die referent moet verder onderskei word deur identifikasie deur middel van 'n eienaam of leksikale naamwoordstuk. Uit die ondersoek het geblyk dat die gebruiksfrekwensie van voornaamwoordelike anafories die hoogste is in Griekwa-afrikaans. Die gebruik van die onbepaalde voornaamwoorde hy, jy en hulle wat na ongespesifiseerde referente verwys, is nie in aanmerking geneem nie, aangesien 'n anaforiese ketting op 'n antesedent aangewese is wat die referent identifiseer en individualiseer. Die ongespesifiseerde referent kan veronderstel word, maar daar is geen eksplisiete identifikasie daarvan nie, byvoorbeeld:

26. Die grasse was so gewees lat as jy hier in hierdie wêreld woon, dan vat die gras jou só (1)

Derdepersoonsvoornaamwoorde hou verband met lewend teenoor nie-lewend en manlik teenoor vroulik. Die anaforiese voornaamwoorde dit en hy staan in skerp konkurrensie en die ondersoek het aan die lig gebring dat daar in Griekwa-afrikaans 'n algehele verdringing van dit deur hy is. Die

voornaamwoord/-----

voornaamwoord dit staan in verband met "nie-lewend" terwyl die persoonlike voornaamwoord hy verwys na lewende referente. Alhoewel dit met nie-lewendheid verbind, geld die omgekeerde nie aangesien dit deur hy verdring word. Die volgende voorbeelde is onder andere waargeneem:

- |      |     |               |   |     |
|------|-----|---------------|---|-----|
| (27) | (2) | droogte       | - | hy  |
|      |     | meubelslorrie | - | hy  |
|      |     | Sis'hen       | - | hy  |
|      |     | my kaart      | - | hom |
|      |     | weerlig       | - | hy  |
|      |     | blad vleis    | - | hom |
|      |     | daai dag      | - | hom |

Die voornaamwoorde hy en sy word in Standaardafrikaans in die geval van mens en diër gebruik om natuurlike geslag aan te dui. Waar die voornaamwoorde hy en sy in Griekwa-Afrikaans anafories gebruik word, dui dit nie sonder meer die geslag van die referent aan nie. Gevalle is waargeneem waar die anafoor hy gebruik is om na 'n vroulike referent te verwys, byvoorbeeld:

- |      |     |   |
|------|-----|---|
| (28) | (3) | *Toe hardloop <u>my ma</u> daar van huis af,<br>toe sê <u>hy</u> daar brand my kind<br>en kom <u>hy</u> (4)                     |
| (29) | (4) | *Ek sê ek is 'n <u>Rousseau-vrou</u><br>wat ek getrou het. Ja. <u>Hy's</u> ok<br>Griekwa. <u>Hy</u> kom uit die Kaap<br>uit (3) |
| (30) | (5) | * ..... <u>'n meisiekind</u> ; dat <u>hy</u> ;<br>nou groot is. Ja mies <u>hy's</u> nou   |

hiervandaan af is hy Kimberley  
toe, toe sê hy ek soek bietjie  
werk in die dorpe. (3)

Die se-vorm of sogenaamde "besitlike" vorm word in  
standaardafrikaans soos volg weergegee: my/jou/ sy / haar  
perd. In gesproke Griekwa-Afrikaans is gevalle waarge=  
neem waar die se-vorm weergegee word deur 'n voornaamwoord  
+ se + naamwoord, dus:

(31) Hy se pa (6)

Die volgende gevalle is onder andere waargeneem:

(6) Hulle se veld (1)  
my se seun (6)  
hy se pa (6)  
ons se gesag (6)  
hulle se gaatjie (8)

(vgl. die afdeling oor morfologie)

Die gebruiksfrekwensie van voornaamwoordelike anaforiek is  
die hoogste aangesien die antesedent hierdeur "byderhand"  
gehou word sonder om die leksikale naamwoordstuk/eienaam  
telkens te herhaal. Hierdeur word redundansie ook uitge=  
skakel en duidelikheid in die hand gewerk. In gesproke  
Griekwa-afrikaans is antesedentherhaling binne 'n enkele sin  
soms waargeneem waar dit om bepaalde redes gedoen is. In  
die volgende voorbeelde is nadruk deur antesedentherhaling  
verkry:

(32) (7) \*Hy wil hê die blankes hier bly,  
dan moet die blankes uittrek,  
hy moet kom inbly (6)

Waar die betreklike voornaamwoord anafories gebruik word in gesproke Griekwa-afrikaans, word dit dikwels foutief gebruik, byvoorbeeld:

(33) (8) \*Ek is op die pad, ek wil klaarmaak  
wat ek wil .... ek wil weer stoot (4)  
(wat in plaas van want)

(34) (9) \*Hy groet hom vir die wat hy weggegaan  
het (8)  
(Wat as anafoor vir iets soos rede/  
oorsaak as vervanging van omdat)

Hierdie sin kan dus geïnterpreteer word as:

(35) (10) Hy groet hom vir die rede wat  
hy weggegaan het.

Indien die sin op hierdie wyse geïnterpreteer word, ontbreek die antesedent, die rede, van die anafoor, wat, in voorbeeld (34) (9). Hierdie sin voldoen wel aan die vereiste dat die betreklike bysin 'n uitbreiding van die kop-naamwoordstuk/ antesedent moet wees, maar die sin is onaanvaarbaar omdat die antesedent ontbreek.

(36) (11) \*Want daar het die mense vroe in  
die mōre toe hoor hulle en wat  
die ou vrou opstaan en dan  
hoor dis mos my kind se stem  
wat hier aankom. (7)

In die tweede gedeelte van hierdie sin is die betreklike bysin 'n uitbreiding van die naamwoordstuk my kind se stem en is die naamwoordstuk en die betreklike voornaamwoord

koreferensieel. Die volgende voorbeeld toon hoedat nadruk verkry kan word deur die herhaling van koreferensiële naamwoordstukke en betreklike voornaamwoorde.

- (37)           (12) Die blad vleis wat daar gegooi .....  
                  daar gegooi is teen die muur,  
                  dis die blad vleis wat die baas  
                  nou vir my kom gee.       (2)

Daar is gevind dat in gesproke Griekwa-afrikaans die reël ten opsigte van die wegbeweeg van die beperkende betreklike bysin na regs, soms oortree word, soos byvoorbeeld in die volgende sin:

- (38)           (13) \*Daardie voortyd sal weer inkom,  
                  wat ons gehad het       (1)

Hierdie sin is 'n beperkende betreklike bysin met die kop-N/antesedent daardie voortyd en die beperkende bysin wat ons gehad het. Deur ekstraposisie kan die antesedent en beperkende bysin redelik ver van mekaar geplaas word, maar indien die bywoordelike bepaling tussen die antesedent en bysin beklemtoon word, soos in bostaande voorbeeld, is die sin ongrammatikaal as gevolg van die uitmekaarskuif daarvan.

Uit die ondersoek het geblyk dat bywoordelike anaforiek 'n belangrike rol speel in gesproke Griekwa-afrikaans-Bywoordelike anaforiek word om verskeie redes gebruik, byvoorbeeld vir:

tydsverplasing  
ruimtelike verplasing  
nadruk.

Die spreker bevind hom nie altyd ten tye van die uiting in ruimte en tyd op die plek en tydstip waarna die uiting verwys nie. Daar is gevind dat in gesproke Griekwa-afrikaans, die handelingsmoment eers in tyd geplaas word. Hiervoor word die woord toe telkens gebruik, byvoorbeeld:

- (39) (14) Jy't vir Grootrivier enige plek deurgegaar  
maar in '34 toe kom my baas  
darem sien hoe lyk die dun riviértjie  
dat hy nou vol is. (1)  
(Vgl. die bespreking van toe en nou)

Na historiese tydsoriëntasie word die handelingsmoment verplaas na die hede, deur gebruik van nou tesame met die teenswoordige tyd. Soms is die woordorde omgeruil met geen effek op die resultaat nie.

- (40) (15) Baas nee, dit nou toe ek was nog  
klein gewees (4)  
(41) (16) Nou daai aand toe ..... (7)

Tesame met tydsverplasing, vind ook dikwels ruimtelike verplasing plaas, byvoorbeeld:

- (42) (17) Weer môre se dae maak ek nou hier klaar,  
dan gaan ek nou weer hier na baas Attie  
se plaas (1).

Dit blyk dat bywoordelike anaforiek 'n nadruksmiddel is in gesproke Griekwa-afrikaans, soos byvoorbeeld uit die volgende sin:

- (43) (18) Ek is daar op 'n plek gebore wat sê Etim,  
daar duskant Griekwastad (1).

Bywoordelike anaforiek speel 'n belangrike rol in gesproke Griekwa-Afrikaans aangesien dit aangewend word as middel, veral by die verteltegniek, tot verplasing van die mens na die moment van gebeure. Hierdeur verkry die vertelling meer nadruk. (Vgl. die ontleding van die vertelling.)

Die navorsing het ook getoon dat naamwoordelike anaforiek 'n minder belangrike rol speel in gesproke Griekwa-Afrikaans. Die beginsel van "nuwe inligting eerste" geld, aangesien die antesedent met 'n hoë Kommunikateiwe Dinamiek die anafore voorafgaan. Terugwerkende anaforiek/ kataforiek word om bepaalde redes gebruik, byvoorbeeld om spanning te verwek.

Weinig voorbeelde van epiteta is in Griekwa-Afrikaans waargeneem.

In die ondersoekte gedeeltes is tipe-anaforiek waar identiese naamwoordstukke referensieel, maar nie koreferensieel is nie, waargeneem. Die tipe-anaforiese ketting word gevorm deur 'n reeks identieke substantiewe of substantiefgroepe, byvoorbeeld:

- (44)        (19) My baas, wragtig, vandag se witmense, ek hoor daar is witmense wat kwaai is, maar daar is nie witmense wat kwaai is nie ..... daai tyd was 'n bietjie gebukkend gewees my baas ..... Daai witmense het nou nie Daai witmense het nou nie met 'n Hotnot saamgestaan as jy vloek en tekere gaan nie (1)

In Griekwa-Afrikaans, net soos in Algemeen-Beskaaf-Afrikaans, word die herhaling van identieke naamwoordstukke in die meeste gevalle voorkom deur ellips van die tipe-anafoor, nulanaforiek of deur pro-substantivering, byvoorbeeld:

- (44) (20) Kyk nou 'n ..... 'n boksie vuurhoutjies<sub>i</sub>.....  
Hulle<sub>i</sub> is nie eens meer daai voortydse  
ou bokse<sub>k</sub> wat<sub>k</sub> ons altyd gekry het. Hulle<sub>i</sub>  
is plat klein dingetjies<sub>m</sub> en hy<sub>n</sub> is nie  
meer selle nie. (1)

Hierdeur word redundansie voorkom en duidelikheid in die hand gewerk.

Gevalle waar die antesedent ontbreek, is in gesproke Griekwa-Afrikaans waargeneem, Byvoorbeeld:

- (45) (21) Ek kom vat die vleis. \_\_\_\_ Pak die vleis  
in. Hy sê vir my kom vat die vleis. (2)
- (46) (22)—Kom daar. ————— Tel die baas op (2).

Selfs binne konteks beskou, is dit nie altyd moontlik om te bepaal of die ontbrekende antesedent slegs die spreker, 'n ander persoon óf die spreker en andere as referent het nie.

Die bestudering van anaforiek in Griekwa-Afrikaans het die belangrikheid van die bestudering van taal in konteks beklemtoon. Dit is veral op hierdie gebied dat die semantiese kenmerke van taal dikwels geïgnoreer word en identifikasie van referente slegs moontlik is op grond van kennis van die konteks waarin 'n uiting voorkom.

#### 5.1.1.2 VOKATIEWE IN GA

"The Afrikaans pattern (d.i. van voornaamwoordelike aanspreekvorme) generally preserves the asymmetry of the dyads (d.i. die paar gelykheid en solidariteit), and that suggests a more static society and a less developed equalitarian ethic -----  
The Afrikaaner uses T, but the two lower castes (dit is Gekleurdes en Swartes) use neither T nor V. The intermediate caste of



'colored' says meneer to the white and the 'blacks' say Baas. It is as if these social distances transcend anything that can be found within the white group and so require their peculiar linguistic expressions." (Brown and Gilman, 1970: 266)

Hoewel voornaamwoordelike aanspreekvorme (in Afrikaans jy as T en u as V) nie gewoonlik as vokatiewe gebruik word nie (behalwe in iets soos Haai, jy!), gee hierdie voornaamwoorde inderdaad 'n aanduiding van sosiale afstand (vgl. Wybenga, 1981:2). Vokatiewe kan egter moeilik bespreek word sonder verwysing na T- en V-voornaamwoorde. Die onderskeid T en V reik terug na die Latynse tu en vos wat onderskeidelik die familiêre (T) en be-  
leefde (V) aanspreekvorme verteenwoordig. "In face-to-face address we can usually avoid the use of any name or title, but not so easily the use of the pronoun." (Brown & Gilman, 1970: 267 )

Al sou 'n mens moet toegee dat die gebruik van aanspreekvorme tussen 'n Blanke onderhouvoerder en 'n Griekwa-segsman duidelik verbandhou met die sosio-politieke agtergrond in Suid-Afrika, blyk dit uit 'n analise van die opnames dat die vokatief in GA nie net 'n asimmetriese patroon volg nie. Asimmetries beteken in Brown-hulle (1970: 254) se terme dat die meerdere T sê en dan V ontvang. Die vokatief in GA volg nie altyd 'n asimmetriese patroon nie: as die spreker T sê, kry hy 'n nie-standaard V (nl. Baas of een van sy variante), maar as die spreker V sê kry hy 'n V, maar net wat die vokatief (bv. Meneer) betref en gewoonlik nie wat die voornaamwoordelike aanspreekvorm betref nie.

"Die belangrikste funksie van die eerste aanspraak", sê Wybenga (1981: 166), "is dat dit gebruik word om sosiale afstand tussen die spreker en die aangesprokene uit te druk." Dit wil

uit/-----

uit die analise van die opnames blyk dat hierdie "sosiale afstand" in die geval van 'n gesprek tussen Blanke en Griekwa bestaan (laat ons sê institusioneel vóór die gesprek bestaan), maar dat hierdie afstand juis oorbrug word as die eerste aanspraak van die onderhoudvoerder se kant of 'n V-vorm is (bv. meneer of mevrou).

Hoewel F.F. Odendal (1976) dit uitsluitlik het oor die aanspreekvorme tussen Blankes onderling, merk hy (1976: 105) tog op: "wanneer dit om Blankes teenoor nie-Blankes en omgekeerd gaan, lê die saak anders (ten opsigte van aanspreekvorme- HduP) (alhoewel die sisteem vinnig besig is om radikaal te verander, veral in bepaalde situasies)." Dat die sisteem verander, is waar, maar dit blyk uit die analise van die Griekwa-opnames dat dit die eerste aanspraak van die Blanke is wat die sisteemverandering veroorsaak. Op enkele uitsonderings na (wat verbandhou met faktore, soos gespreksonderwerp en die sosiale stand van die aangesprokene) kry die spreker 'n V vir sy V, maar 'n substandaard V vir sy T.

'n Studie van die gebruik van die vokatief deur Griekwasprekers toon dat vokatiewe 'n betreklike hoë frekwensie in GA het. Binne die Laboviaanse raamwerk kan 'n frekwensie-indeks vir die nie-standaardvokatief bereken word. Teen hierdie agtergrond word elke voorkoms van die nie-standaardvorm vir elke spreker (of groep sprekers) dan getabuleer saam met die voorkomsvrekwensie van die ooreenstemmende standaardvokatief. Die voorkomsvrekwensie van die nie-standaardvokatief word soos volg as 'n frekwensie-indeks uitgedruk

FI = /-----

$$FI = \frac{\text{totaal van die nie-standaardvorm}}{\text{totaal van die nie-standaardvorm} + \text{totaal van die standaardvorm}} \times 100$$

Aan die hand van vier gesprekke kan die frekwensie-indeks van Baas (en enkele verwante vorme) so uitgedruk word:

TABEL 1 : FI VIR SPREKERS

Segsman	Baas	Klein= baas	my Baas	My Klein= baas	Die Baas
Mnre. Klaas en Piet van der Westhuizen (Campbell)	96,40	0,52	1,03	0,52	0,52
Mev. Sanna Stoffels (Douglas)	98,66	0,00	1,34	0,00	0,90
Mnr. Jakobus Slinger (Prieska)	4,55	0,00	0,00	0,00	0,00
Mnr. Cornelius Schalkwyk (Kokstad)	0,14	0,00	0,00	0,00	0,00

TABEL 2 : FI VIR DIE GROEP

	Baas	Kleinbaas	my Baas	my Klein= baas	Die Baas
	49,94	0,13	0,59	0,13	0,13

'n Frekwensie-indeks sonder interpretasie sê egter net mooiks nie. Die persentasies alleen is nie 'n aanduiding van die gebruik van die vokatief in GA nie.

Dit is belangrik dat die voorkoms van die standaardvorm (Meneer/Mevrou) ook in ag geneem word. Die vorme Oom en Tannie kom ook voor, maar dit is belangrik om hierdie kwessie te beskou teen die agtergrond van die linguistiese sowel as die nie-linguistiese konteks, aangesien die eerste aanspraak van die onderhoudvoerder; die gespreksonderwerp; die sosiale status van die informant en die sintaktiese omgewing waarbinne die vokatief gebruik word onder andere 'n beduidende rol speel.

Daar moet in ag geneem word dat mev. Stoffels bv. in 'n gesprek van ongeveer 4,200 woorde 147 keer Baas as vokatief gebruik, terwyl mnr. Schalkwyk dit slegs 'n halwe keer (hy begin met Ba... en korrigeer homself onmiddellik) in 'n gesprek van 1400 woorde gebruik; maar die standaardvorm, Meneer, kom by hom slegs drie keer voor teenoor mnr. Slinger wat 20 keer Meneer gebruik in 'n gesprek van + 4200 woorde, terwyl Baas slegs een keer by hom voorkom.

Die vorm Meester word ook soms gebruik, maar dit het min voorgekom (by mnr. Adam Kok van Prieska) en is nie bereken nie.

Hoewel Baas, as nie-standaardvariant 341,5 keer voorkom in gesprekke van ongeveer 18,500 woorde teenoor die 27 keer wat Meneer voorkom, moet hierdie syfers binne konteks met mekaar vergelyk word. Ook omdat die vokatief soms juis vermy word en in sulke gevalle van 'n  $\emptyset$ -vokatief die voornaamwoordelike aanspreekvorm deurgaans die T-vnw. (jy/jou) is.

Die gemiddelde FI van Baas (en sy verwante vorme) vir die hele groep wat hier as steekproef betrek word, is bykans 50 (vgl. Tabel 2). Dit is egter belangrik dat die eerste aanspraak in al die gevalle (met die uitsondering van mnr. Schalkwyk) jy, jou of die eienaam is.

Wanneer die eerste aanspraak die T-vorm is, is die reaksie van die informant V. In hierdie geval dus 'n asimmetriese patroon. Die omgekeerde asimmetriese patroon kom egter ook wel voor. Mnr. Slinger word in die eerste aanspraak as jy aangespreek, maar alhoewel hy dus as aangesprokene die T-vorm kry, gee hy, op een enkele uitsondering na, die V-vorm van die vokatief (Meneer) sowel as die V-vorm van die voornaamwoord (u) terug.

Dit is so dat as die V as eerste aanspraak gegee word, die vokatief in meeste van die gevalle 'n simmetriese patroon volg. Dit is bv. wat in die geval van mnr. Schalkwyk gebeur. Dit is egter interessant dat mnr. Schalkwyk, wat 'n V as eerste aanspraak 'n V-vokatief ontvang, slegs drie keer in die hele gesprek van + 1400 woorde 'n V-vokatief teruggee. Hierteenoor maak hy egter sonder uitsondering van die T-voornaamwoord gebruik. Mnr. Schalkwyk vermy dus die vokatief in hoë mate, maar dit hou verband met sy eie betreklik lae sosiale status binne sy eie gemeenskap (wat hy self erken). Griekwas met 'n hoër sosiale status (bv. mnr. Slinger en wyle mnr. Tooitjie Marais van Kokstad) ondervind geen probleem om 'n simmetriese patroon te volg nie.

Dit is verder so dat die eerste aanspraak belangrik is. Al word die aanvanklike T-aanspraak later in die gesprek met V vervang (vgl. bv. die gesprek met die broers Van der Westhuizen), bly die aangesprokene sy aanvanklike vokatief handhaaf.

Waar die informant as Oom of Tannie aangespreek word, is die reaksie van die aangesprokene meestal steeds die vorm Baas. (Vgl. bv. die gesprek met mev. Sarie Neethling van Campbell.)

Wanneer/-----

Wanneer die asimmetriese patroon (T - V) gevolg word, word die meeste gevalle waar 'n voornaamwoord sou voorkom vervang met baas in voornaamwoordelike funksie:

1. soos baas daai plek daar sien
2. soos baas die werwe sien
3. dié een wat baas netnou mee gepraat het
4. daar onder waar die baasgoed nou gedraai het
5. soos ek opgegee het virrie baas

In die omgekeerde asimmetrie (T - V, vgl. die onderhoud met mnr. Isak Joggems) word die voornaamwoord (T sowel as V) sover moontlik vermy, maar as dit wel voorkom, is dit die T-vorm (jy).

In die simmetriese (V - V -) patroon word die voornaamwoordelike aanspreekvorm sover moontlik vermy (maar dit word selde u), en selfs wanneer die Meneer oorgaan in meer gemeensame Oom, word die voornaamwoord vermy al word die V-vokatief behou (vgl. die gesprek met wyle mnr. Tooitjie Marais).

Waarskynlik word die Oom en Tannie as vokatief nie so sterk opgemerk nie, aangesien dit algemene vokatiewe in GA is.

Die gespreksonderwerp en die sosiale status van die informant speel ook 'n rol by die bepaling van die aanspreekpatroon: 'n Gesprek oor veral die Griekwapolitiek het gewoonlik die simmetriese patroon tot gevolg, al sou die res van die gesprek 'n asimmetriese patroon volg (vgl. die gesprek met mnr. Andreas Sekutie van Griekwastad).

Die sintaktiese omgewing waarbinne die vokatief voorkom, speel ook 'n beduidende rol, veral in die frekwensie van die vokatief. In ja- en nee-antwoorde word die nie-

standaardvokatief selde weggelaat. Hoe langer die sin word, hoe waarskynliker dat die vokatief (T sowel as V) weggelaat word.

Ten slotte kan daar gestel word dat die aanspreekvorm van die onderhoudvoerder die vokatief van die informant bepaal in dié sin dat die Griekwa normaalweg 'n V-vokatief sal gebruik as die spreker 'n V-vokatief gebruik, maar dat die T-vokatief 'n V of T sal uitlok op grond van die aangesprokene se sosiale status binne sy eie gemeenskap, en die gespreksonderwerp en die sintaktiese omgewing waarbinne die vokatief voorkom.

Dit is ten slotte dan hoofsaaklik die Blanke-aanspreker se aanspreekvorm wat die sosiale afstand gaan bepaal en hieruit kan die belang van 'n eerste aanspraak vir natuurlike volkereverhouding uiteraard afgelei word.

#### 5.1.2 NAAMWOORDE

Die meeste variasie ten opsigte van die vorm van naamwoorde in GA word op die morfologiese vlak aangetref en word in die afdeling oor die morfologie bespreek. Ook ten opsigte van die leksikon kom verskeie naamwoordvariante voor. Hierdie vlakke van variasie sal hier nie in besonderhede bespreek word nie, maar daar word ter wille van die vergelykingswaarde daarvan tog daarna verwys.

Die hoë frekwensie van die opheffing van die onderskeid tussen die manlike en vroulike vorm van die voornaamwoord

in/-----

in GA het reeds onder die afdeling oor anaforiek ter sprake gekom en met betrekking tot die voornaamwoordgebruik in GA kan hier net bygevoeg word dat ook die onderskeid tussen die vorm van die menslike voornaamwoord (derde persoon, enkelvoud) en die nie-menslike voornaamwoord in baie gevalle in GA opgehef word, bv.

48. ek drink hom (dit is wyn)

In 'n sekere sin word die voornaamwoordpatroon dus in GA meer algemeen. Dieselfde reël word toegepas om meer moontlikhede te dek as wat die geval in SA is.

Rademeyer (1938 : 58) wys (onder die afdeling morfologie) op die sg. "dubbele meervoudsvorme" by woorde soos "nasiese, emmerse, ploëense, modderse en waterse" (vgl. ook die morfologie-afdeling van hierdie verslag). Verder wys Rademeyer (1938 : 99) ook op die variante gebruik van die enkel- en meervoud by die naamwoorde: "Waar die Afrikaner die meervoud gebruik, gebruik die kleurling dikwels die enkelvoud: - hy had duisende van bees (bês); twee span os en drie slagbees; aanja vir my die skap; ....."

Rademeyer wys verder dan daarop dat: "Die gebruik van enkelvoud in plaas van meervoud waar 'n versameling aangedui word, word in Afrikaans ook gehoor, dog moet as gewestelike eienaardigheid beskou word." Rademeyer betoog dat die standaardvorm (die AB) skape en beeste is. Ponelis (1979:45) gaan egter uit van die standpunt dat die wisseling tussen massa- en meervoudige soortnaamwoorde in sekere gevalle voorkom. Dit wil egter uit die opnames blyk dat hierdie soort anaforiese meervoudsvorme nie baie frekwent voorkom nie. Die frekwensie-indeks van bees as meervoudsvorm is maar 2,22, wat



(sonder empiriese bewys as staving) waarskynlik nie veel hoër is as in SA nie.

Dit mag ook waar wees dat die analitiese meervouds= vorm vroeër (met die opnames van Rademeyer in die dertiger= jare) meer voorgekom het as nou. Verder word die woorde self vandag teen die agtergrond van die verstedeliking (verdorping) van die Griekwa uit die aard van die saak minder frekwent.

As verdere voorbeelde noem Rademeyer (1938: 59) ook die volgende variante:

- |     |           |   |        |
|-----|-----------|---|--------|
| 49. | (osse)    | : | os     |
|     | (kamele)  | : | kameel |
|     | (mense)   | : | mens   |
|     | (koedoes) | : | koedoe |

Rademeyer se voorbeelde dui oënskynlik nie net op 'n wisseling tussen massa- en meervoudige soortnaam nie, maar dit is belangrik dat die voorbepaling wat hy in die voorbeelde gebruik (bv. duisende van, twee span, baie, meeste, klompie, e.s.m.) tog 'n NS + NS-konstruksie (dus 'n versameling in sy terme) is.

Hiermee word nie voorgegee dat alle sodanige wisseling tussen massa- en soortnaamwoord wat in GA voorkom standaard= vorme is nie - nie-standaardwisseling kom wel voor, maar die frekwensie-indekse daarvan is ignoreerbaar laag of die vorm kom slegs enkele kere in die hele korpus voor. Voorbeelde hiervan sal dus 'n curiositeitswaarde hê, eerder as 'n sintaktiese (patroon-) waarde:

- 50. die Kleerling het min goedjie
- 51. allie soort korings
- 52. allie koringse

53. drie honderd en vyftag ponde
54. dan gaan julle af waters toe
55. in 'n winkel wat kosse verkoop
56. hierdie gras(s)e hier oener
57. dan stap hulle se innie velte
58. dis nou dro twakke
59. die veese (veeënse)
60. elke tyd

Wat wel opval, is die gebruik van eiename (veral plekname) saam met -goed as selfstandige naamwoorde (vgl. die bespreking van die morfologie):

61. Johannesburg-goed  
Prieska-goed  
Japan-goed  
Prieska-goed-hulle

Dit wil dus tog lyk of die variasie ten opsigte van naamwoordgebruik, met die uitsondering van die voornaamwoordstelsel, nie soseer in 'n nie-standaardnaamwoordgebruik lê nie.

### 5.1.3 DIE VOORBEPALING

Dit blyk uit 'n analise van die data dat die eienaardige naamwoordgebruik eerder afhanklik is van die variante struktuur van die voorbepaling in GA. Let bv. op die volgende Naamwoordstukke:

62. dit was nog hele veld hierdie
63. elke tyd wat ons hier kom
64. hierdie hele plek was heel fentein
65. dis pure onse kinders dié
66. hoeke stories

Hieronder kan daar ook gewys word op die variasie van tipe-anaforiese PRO-substantivering

67. hierdie mense : : hierdiese  
68. sulke goedjies : : sulketjies

Daar word in die lig van hierdie inleidende opmerkings vir 'n wyle stilgestaan by die struktuur van die voorbepaling by die naamwoorde in GA

Rademeyer verwys nie na die voorbepaling as sodanig nie, maar hy maak tog dié belangrike opmerking (1938:66): "Die mees opvallende afwyking van Afrikaans, wat betref die vorm van die voornaamwoord, is die van die besitlike voornaamwoord hy se en hulle se in sy (haar) en hulle," en verder ook (1938:79): "Heel gewoon is die verswyging van die lidwoord,".

Albei hierdie variante kom heel frekvent in moderne GA voor (die se-vorm kry in die morfologie meer aandag).

Vergelyk byvoorbeeld die lidwoordweglating in die volgende voorbeelde:

69. ons het vroeër ..... ossewag gehet  
70. want ... mieliestronklys is die beste nys  
71. jy leer hom so ..... maand of twee maande  
72. hy kry ..... regte naam  
73. ek moet ..... tienie gee  
74. ou pa het so ..... blou perd gehad  
75. daar was nie ... kaptein gekies nie  
76. want ons is mos maar in ..... middel van die plaas

Die aangehaalde stelling van Rademeyer, nl. dat lidwoorde verswyg word, is veels te sterk, aangesien dit uit die

data duidelik blyk dat die bepaalde lidwoord selde weggelaat word. Daar kon slegs twee voorbeelde van die-weglating opgespoor word, wat in Labov se terme 'n weglaatbare frekwensie is:

77. in (die) mittel van die plaas
78. word (die) bokke aan uitgekeer

Dat dit hoofsaaklik die onbepaalde lidwoord ('n) is wat weggelaat word, dui daarop dat hierdie weglating die onbepaaldheid of generesiteit van die N wat op die lidwoord volg, versterk.

Dit lyk moontlik om selfstandige naamwoorde binne die sintakties-semantiese konteks te plaas op 'n bepaaldheidskaal met die sogenaamde generiese voornaamwoord (('n) mens) op die uiterste van [-Bepaald] (wat dan [+ generies] impliseer) en iets soos (hierdie spesifieke) seun op die ander uiterste as [+ Bepaald]. Hoe nader die naamwoord aan die [- Bepaald] grens, hoe meer produktief word die lidwoordweglatingskonstruksie. Dit verklaar terselfdertyd ook hoekom die 'n weggelaat kan word, maar die byna onweglaatbaar is.

Hierdie lidwoordweglatingsproses is in SA ook moontlik maar die sintaktiese variasie in GA lê daarin dat dit veel verder gevorder het as in SA. In SA word die 'n in 'n mens (generies, vgl. Ponelis, 1979 : 105) al meer weggelaat en "albei vorme is gebruiklik en korrek" (Ponelis en Van der Merwe, 1982 : 129).

Vergelyk die volgende opgetekende voorbeelde van onbepaaldelidwoordweglating in GA:

79. ('n) sterk jong man
80. as ('n) mens moor
81. hy raak nou ('n) meisie

- 82. ek het (h) Griekwavyrou getrou
- 83. ik is (h) wedevrou
- 84. toe koop ek nou (h) regte kitaar

Dat die lidwoordweglatingsmoontlikheid in direkte verhouding staan tot die graad van onbepaaldheid van die naamwoord, spreek uit die laer vlak van aanvaarbaarheid (uit die ondersoeker se eie subjektiewe oogpunt) van die volgende:

- 85. het nie (h) mes, (h) klip nie
- 86. kom (h) anner ene
- 87. dis (h) pond h "carat"
- 88. dit was (h) trop gewees

Dat weglating moontliker word, hoe onbepalder die daaropvolgende naamwoord, blyk m.i. ook daaruit dat die onbepaalde lidwoord in GA geredelik weggelaat word in 'n NS-herhalingskonstruksie. Die herhaalde voorkoms van dieselfde NS maak daarvan ou inligting en die lidwoord word makliker weggelaat.

- 89. daar's h sekere ou vrou, (h) slim ou vrou
- 90. is al h sterk jongman, (h) sterk jongman
- 91. soos h snaar, (h) kitaarsnaar
- 92. as daar h bok geslag is, (h) groot bok

In hierdie gevalle word die onbepaalde lidwoord weggelaat, w ar die N in die NS herhaal word, maar die nadruk lê in die herhaling nie op die kern-N nie, maar op 'n verdere voorbepaling daarvan.

Hierdie herhalingsproses kan ook daarmee verband hou

dat die struktuur van die Voorbepaling in GA nie baie kompleks is nie. Daar moet egter weer eens op die arbitrêrheid van sintaktiese kompleksiteit gewys word, maar na analogie van Van den Broeck se formule kan daar ook 'n formule vir die sintaktiese kompleksiteit van 'n NS ontwerp word.

Die gemiddelde lengte van 'n N-eenheid kan dan so bereken word:

$$\text{Gemiddelde lengte van 'n N-eenheid} = \frac{\text{Totale aantal woorde}}{\text{Aantal N-eenhede}}$$

'n N-eenheid is die hele NS.

Volgens so 'n formule is die gemiddelde lengte van 'n N-eenheid 1,96 in GA, wat effens laer is as die 2,31 van 'n stuk geskrewe S.A.

In die herhalingsvoorbeelde hierbo word daar in die herhaalde gedeelte telkens nuwe inligting tot die voorbepaling gevoeg, wat daarop kan dui dat die voorbepaling in GA gouer "versadig" raak en dat inligting wat in die voorbepaling moes wees, later in die herhaling gegee word.

Al sou die sintaktiese simplisiteit van die voorbepaling in GA kan dui op vereenvoudiging, word die reël vir onbepaaldelidwoordweglating in GA toegepas verby die grense van toepasbaarheid van dieselfde reël in SA, wat dan dien as voorbeeld in die kompensasiëbeginsel waarvan daar in afdeling 3 sprake was.

Plekname het in SA 'n beperkte groeppvormingsvermoë, maar in GA word dit dikwels gebruik saam met 'n voorbepaling wat in SA nie (op enkele uitsonderings na, bv. die Paarl, die Transvaal) voorkom nie. In hierdie opsig wil dit voor-

kom asof plekname in GA 'n kenmerk [+ lewend], [+ menslik] bykry, wat bv. lig werp op die gebruik van goed en -hulle by plekname:

- 93. Prieska-goed
- Douglas-goed
- Japan-goed-hulle

Die meer uitgebreide groepvormingsvermoë van veral plekname as sintaktiese variasie in GA kan teen hierdie agtergrond ook beter verklaar word.

- 94. ons gebruik maar die Afrikaans
- 95. daar in heel-Bo-kjêmmel
- 96. in die kjêmmel
- 97. ken jy vir Ingeland?

Die gebruik van watter (die vraagwoord/betreklike woord wat op die voorbepaling van 'n NS betrokke is, vgl. Du Plessis, 1979:8) kan in GA eienaardige variante aanneem, maar dit is nie baie frekvent nie en word as interessantheide aangebied:

- 98. hoeke speletjies, Meneer,
- 99. ek weet nie hoelike storiëtjies hulle gevertel het nie

Verdere interessante voorbeelde (wat nie almal verbandhou met voorgaande bespreking nie) kan hier weergegee word.

- 100. was baie vrede gewees
- 101. 'n soort van Basters
- 102. dit was pure mense (d.i. die ene mense)
- 103. so enkele kere
- 104. gewoontelike klein klippertjies

6. SETSELGROEPE

Die gebruik van voorsetsels in Afrikaans is nie maklik onder 'n duidelike patroon te bring nie. Verder is dit so dat voorsetsels in nie-standaardafrikaans oor die algemeen nie baie noukeurig gebruik word nie (vgl. Du Plessis, 1979: 52).

In GA kom die weglating van voorsetsels, die "foutiewe" gebruik van voorsetsels en die vorming van 'n voorsetsel-agtersetsel-konstruksie (bv. in die dorp in) voor. In watter mate hierdie vorme as sintaktiese variante van GA gesien moet word, is moeilik om te bepaal, aangesien dit nie tot GA beperk is nie.

Dit is opmerklik dat nōg Rademeyer (1938) nōg Von Wielligh (1925) ten opsigte van GA eksplisiet verwys na die variante gebruik van voorsetsels. Raidt (s.j. 192 + 193) wys daarop dat die neiging in Afrikaans bestaan om voorsetsels te herhaal, bv. "Kom uit die huis uit!; Die jakkals het in die gat ingeklim." Sy sê egter ook dat "die herhaling van voorsetsels en modale woorde .... fakultatief (is); dit kenmerk veral die volkstaal; in beskaafde taal word dit minder gebruik, en in die skryftaal kom dit feitlik nooit voor nie."

'n Belangrike opmerking van Raidt (s.j.: 193) is dat die neiging tot herhaling van o.a. voorsetsels in die 19de eeu verbreed voorgekom het en dat dit waarskynlik uit die Hollandse volkstaal voorgekom het. Sy toon ook aan dat dieselfde neiging in die Hollandse dialekte bestaan. Hierby sluit Pfeiffer (1980:217) aan en toon dat gevalle van voorsetselherhaling by die Fransman Barbier voorgekom het. "Hulle vorm egter geïsoleerde gevalle, wat nie verskil van insidentele herhaling van voorsetsels<sup>wat</sup> by Vondel en ander 17de-eeuse skrywers gevind kan word nie (Hydecoper 1730: 561-562), en kan dus nie as



taal waarna hier verwys word, is die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die 18de eeu.)

Dat die voorsetselherhaling nie sonder meer as sintaktiese variant bestaan nie, blyk verder uit die bespreking daarvan by Bouman en Pienaar (1933:89) as sou dit 'n standaardvorm wees.

Dit blyk uit die beskikbare data van hedendaagse GA in elk geval dat die frekwensie-indeks van die voorsetselherhaling bitter laag is. Om 'n FI te bereken, is nie altemaklik nie, tensy die vorige formule in die berekening effens aangepas word. Die gebruiksfrekwensie van die voorsetselvariante kan bepaal word deur telkens 'n 0 toe te ken vir voorsetselherhaling, 1 vir voorsetselweglating, 2 vir "foutiewe" (of dan onnoukeurige) voorsetselgebruik. Die gebruiksfrekwensie kan dan volgens Klopper (1981 : 186) se formule uitgewerk word:

$$\frac{\text{Somtotaal van aantal nulle, eens, twees en dries}}{\text{totale aantal kere wat die VS-konstruksie voorkom}} \times \frac{100}{1}$$

Hiervolgens bereken kan die gebruiksfrekwensie van die voorsetselvariasie gegee word - (Die FI van elke variant kan afsonderlik bereken word).

$$\frac{13 \text{ nulle} + 3 \text{ eens} + 17 \text{ twees}}{209} \times 100 = 15,79$$

Dit gee die FI van al die voorsetselvariante saam. Dit is nie besonder hoog nie.

Die klein aantal voorsetselweglatinge is kleiner as Labov se minimum van 5 voorkomsgevalle van 'n variant en

kan waarskynlik as verspreking geïgnoreer word. Die opgetekende voorbeelde is:

- 106. hulle het geplant en -beeste geboer
- 107. dan kan hulle - daai  
meisiekind trou
- 108. ons klim - die trein

(Voorbeelde 107 +108) is eerder voorbeelde van 'n wisseling tussen voorsetsel- en oorganklike werkwoorde as voorbeelde van voorsetselweglating.)

Kyk 'n mens na die voorbeelde van voorsetselherhaling (wat minder produktief is as wat aanvanklik vermoed is) moet daar duidelik onderskei word tussen oënskynlike voorsetselherhaling en 'n konstruksie waar die een "voorsetsel" eintlik 'n voorsetselagtige deeltjie is (vgl. Du Plessis, 1972). Vergelyk die volgende voorbeelde:

- 109. ons stam uit die Griekwas uit
- 110. ek kannie lat die manne yt my ytloop nie
- 111. in dié plek ingekom het
- 112. jy raak uit die ding uit
- 113. hulle roei ons uit die plekke uit

Bogenoemde voorbeelde lyk vir my nie na voorbeelde van voorsetselherhaling nie, maar eerder na deeltjiewerkwoord + voorsetselgroep:

- 114. uitstam  
uitloop  
inkom  
uitraak

Word (109-113) met die volgende voorbeelde vergelyk, is dit duidelik dat voorsetselherhaling saam met 'n voorsetselagtige deeltjie (wat werkwoorddeel is) drie oënskynlike voorsetfels tot gevolg het.

115. kom daar nou 'n vrou yt

117. hulle het haar loop ythaal

119. hulle loop in in die veld in

Voorbeelde van werklike voorsetselherhaling kom wel in GA voor, maar nie so produktief as wat dit met die eerste oogopslag lyk nie en dit is nie tot hierdie dialek van Afrikaans beperk nie. Opgetekende voorbeelde wat genoem kan word:

120. dit lê nou maar hier uit Griekwastad uit

121. lat ons maar hier in die land in maar bly

122. die meeste is nou maar in Newcastle in

123. hy werk hierso in die Rooiland in

124. daar innie kjerk in is daar die nagmalbekers

125. want dansie koue innie leg in

126. dan sak hy iet innie somer in

Wanneer daar sprake is van die voorsetselherhalingskonstruksie as sintaktiese variasie in GA word daar nie na standaardvorme van die voorsetselagtersetelkonstruksie soos die onderstaande voorbeelde verwys nie. Dit kom wel in GA voor, maar is nie sintaktiese variante nie.

127. na my toe

128. van agtuur af

129. tussen die bome deur

Soos reeds gemeld, is die onnoukeurige of dan foutiewe gebruik van voorsetsels nie tot GA beperk nie en verder is daar ten opsigte hiervan weinig patroonmatig op te merk. Dit lyk eerder na idiolektiese of idiosinkratiese variasie.

- 130. jy sê so by die taal
- 131. ons wil nie geweier  
wees vir plek nie
- 132. ek is te gewoond op hierdie plek

Enkele "foutiewe" vorme van die voorsetsel wat wel in GA voorkom is agter en op in die volgende gevalle.

- 133. hulle kyk agter (na) die kinnere
- 134. hy kom net agter (na)
- 135. ons praat maar op die Griekwataal
- 136. verduidelik dit op die Afrikaans

(Dit is goed moontlik dat die variasie in lg. twee voorbeelde eerder in die variantegebruik van die bepaalde lidwoord lê as in die gebruik van die voorsetsel : verduidelik dit asseblief op Afrikaans is volkome standaard!)

Omdat die gebruiksfrekwensie van voorsetsels in Afrikaans so hoog is, mag voorsetselvariasie in GA by die eerste studie baie produktief lyk, maar die berekening van 'n frekwensie-indeks gee die teenoorgestelde te kenne.

7. WERKWOORDE IN GA

Die werkwoordpatroon in GA toon opvallender variasie as die naamwoorde en voorsetsels. Veral die gebruik van skakelwerkwoorde is opvallend.

Ofskoon wedersydse verband en afhanklikheid tussen hoof- en medewerkwoorde soms noodsaaklik is om in ag te neem by die bespreking van werkwoorde, word hierdie twee groepe werkwoorde afsonderlik bespreek, aangesien daar in albei gevalle veel oor sintaktiese variasie te sê is.

7.1 MEDEWERKWOORDE

Die onderskeid tussen die direkte en indirekte skakelwerkwoorde word in GA baie algemeen opgehef en hieruit spruit konstruksies soos die volgende.

137. nou kan hulle raaisels sit gesels

138. jy kan die Here se Woord maar sit lyster

139. miskien kan hy mos hier rond ok lê vorstaan

Rademeyer (1938:72 + 73) het dit veral oor "die ge- aan die verkeerde werkwoord by bv. hy't gekom werk, en ons het die osse loop gehaal, maar hy wys ook daarop dat die en by die staan en praat-konstruksie verswyg word.

Van Zyl (1947:46+47) gebruik in die staaltjies 'n hoë frekwensie van die en-lose skakelwerkwoorde, maar dit is òf 'n oorskatting van die werklikheid òf GA het 'n snelle verandering ondergaan, want met die uitsondering van kom en loop vertoon hedendaagse GA nie 'n besondere hoë gebruiksfrekwensie van skakelwerkwoorde nie.

Indirekte skakelwerkwoorde kom baie yl in die opnames voor. Daar is slegs enkele voorbeelde daarvan, bv. sit en praat

staan en sukkel

Die frekwensie van kom en loop as direkte skakelwerkwoorde is egter besonder hoog en die patroon waarop hierdie werkwoorde gebruik word, is een van die opvallendste sintaktiese variasiekenmerke van GA

Die frekwensie-indeks\* van hulpwerkwoorde (91) is veel hoër as dié van skakelwerkwoorde (8,5); dié van die hulpwerkwoord van tyd (55,9) hoër as modale hulpwerkwoorde (44). Dit is belangrik dat die FI van kom as direkte skakelwerkwoord 31,9 is. Gaan (23,4), begin (14,8), laat (12,7) en leer (12,7) is betreklik laag en dié van 'n direkte skakelwerkwoord, soos probeer (2,1) is baie laag.

Nie een van die indirekte skakelwerkwoorde (kom en, sit en, lê en of loop en) het 'n FI van hoër as 2,5 nie, terwyl loop sonder die en 'n FI van 80 het.

Die hoë frekwensie-indeks van sowel kom en loop maak dit sinvol om hierdie twee afsonderlik te bespreek.

Hulpwerkwoorde word daarna ook afsonderlik bespreek.

7.1/-----

---

\*Vir die bepaling van die frekwensie-indekse van die medewerkwoord is 15 gesprekke in berekening gebring.

7.1.1 DIE SKAKELWERKWOORDE KOM EN LOOP

7.1.1.1 LOOP

'n Bespreking van die gebruik van loop in GA soos in (140) voer 'n mens onwillekeurig terug na die veelbesproke verbale hendiadis in Afrikaans.

140. ons het nog so loop en gesels .....

Die verbale hendiadis "bestaan meesal uit drie lede, naamlik twee werkwoorde plus en, bv. staan en slaap" (Kempen, 1965:78).

In reaksie op D.B. Bosman (1928:82-83) se stelling dat die verbale hendiadis "'n ander tipiese verskynsel van Kreools-Afrikaans" is, wys Bauman reeds in Augustus 1923 in Die Banier daarop dat hierdie konstruksie as erfgoed uit 17de eeuse Nederlands beskou moet word. Kempen (1965) voer uitvoerige argumente aan dat hierdie konstruksie nie as Kreoolse element in Afrikaans beskou moet word nie, maar as erfgoed en hierin word hy later ook deur Raidt (s.j. : 196) ondersteun.

Kempen (1965:89) meen verder na aanleiding van dié konstruksie dat "Griekwa-Afrikaans in sommige opsigte ouer en Nederlandser is as Afrikaans".

Van die vier hendiadis-werkwoorde (loop, sit, staan en lê) kom loop verreweg die meeste voor in hedendaagse GA. Oor die vroeëre vorm van loop sê Rademeyer (1938:74) wel in beperkte mate iets en oor die lê-staan-konstruksie

iets/-----

iets met verwysing na die Kreoliseringsteorie van Bosman (Rademeyer, 1938:79), maar van 'n sistematiese uiteensetting kom weinig tereg.

Kempen wys wel daarop dat die bindpartikel (en) weggelaat kan word, maar dat hoewel die loop en nie met en as hendiadis in Middelnederlands voorkom nie, dit tog wel van 17de eeuse Nederlands kom.

Ongelukkig word die vroeëre linguistiese bespreking van die verbale hendiadiskonstruksie om twee redes beperk:

(a) die argument het gewoonlik verby die konstruksie-analise gestrek en gegaan om dié vraag of dit 'n kreoliserings-verskynsel is of nie en (b) is die GA as "minderwaardige" vorm onbespreek gelaat; want: "Ek sal volkome buite die orde wees as ek die veragterde Griekwataal in Ons Geselstaal insluit"! (Von Wielligh, 1925:238.)

Miskien kan hierdie konstruksie nou op 'n minder emosionele wyse bespreek word, aangesien die minderwaardigheidsmite die nek ingeslaan is (let interessantheidshalwe op watter "veragterde" en "minderwaardige spraak" wat Von Wielligh, 1925:239 aangee, vandag standaardvorme is: verongeluk, hoeka, kitaar, baie, ens.) en omdat die kreoliseringsteorie met veel minder emosie betrek kan word. Dit is nie die doel van hierdie studie om die kreoolse debat verder te voer nie, maar dalk sou die oplossing van hierdie vraagstuk tog kon lê in Trudgill (1983:106) se opmerking dat Afrikaans 'n goeie voorbeeld is van 'n Kreoloïde, wat 'n Kreoolse vorm veronderstel wat nooit as Pidgin bestaan het nie?

Om/-----



Om terug te keer, tot die verbale hendiadis: Ponelis (1978:241) bespreek die werkwoorde lê, loop, sit en staan as medewerkwoorde onder die term indirekte skakelwerkwoorde en hy wys daarop dat hulle liggaamshouding aandui (vgl. ook Kempen, 1965:94). Ponelis sê verder: "Deur die weglating van en word die onderskeid tussen direkte en indirekte skakelwerkwoorde by heelparty sprekers opgehef."

Dit is belangrik om daarop te let dat uit 'n 36 keer wat loop in kombinasie met 'n HW in GA gebruik word en nie een enkele keer gebruik word nie. In GA wil dit ook nie lyk of loop sonder meer as direkte skakelwerkwoord gebruik word nie, en daar is inderdaad nie bloot 'n sintaktiese verskil tussen die direkte skakelwerkwoorde en hul Hoofwerkwoordkorrelate nie, maar juis ook 'n semantiese verskil. Hiermee word daar nie van die medewerkwoordelike loop in GA 'n homogene klas gemaak nie, maar (soos in die geval van kom) 'n grammatiese hiërargie veronderstel.

Ponelis (1978:24 + 242) veronderstel reeds 'n semantiese klassifikasie.

Die bespreking van loop moet saam met die bespreking van kom in die volgende afdeling gelees word. Aan die hand van die volgende groepe voorbeelde kan loop bespreek word.

A. 141. jy/-----

- A. 141. jy hoef nie eers vuurhoutjies te loop  
soek nie  
142. hoe kan ons daai kind loop seermaak?  
143. toe't die kar my nou loop verongeluk
- B. 144. as jy wil loop rook, gaat uit  
145. toe loop slaap ek  
146. hulle kan jou nie loop haal nie  
147. uit die huis uit hol en die man loop stop  
148. as ek nou weer loop dig  
149. die pos loop haal  
150. ek loop kuier daar  
151. loop haal die emmer  
152. ek loop hout haal  
153. en loop kraal toe gaan  
154. dan moet hulle nou loop melk
- C. 155. en dan loop draai ek  
156. toe loop sit hulle die been af  
157. jou kar sallie loop staan nie  
158. toe loop staan ek in Koolsberg se show  
159. toe loop sny hulle die arm af  
160. toe't die dokter hom vir my geloop indruk  
161. as hy eers loop nat word
- D. 162. toe't hy nou jongkêrel loop word  
163. baie van die mense het geloop sterwe  
164. die Kaapse gowwerment het geloop Captain  
Blaai hier gestuur  
165. die grotes was hier loop skoolgaan  
166. hy't botter gevat en oor wolf se gat geloop smeer  
167. ek het daar loop jong meid geword

- E. 168. nou moet die trou geloop aanvra word  
169. as jy nou loop oud word

Daar bestaan 'n struktuurverskil tussen die voorbeeld= groepe. Sou die struktuurmoontlikhede vergelyk word, blyk dit dat die loop telkens in die verskillende groepe vervang kan word met verskillende sintaktiese elemente wat nie in die ander groepe as vervanging kan optree nie.

In die groep A-voorbeelde kan die en, sonder om 'n onaanvaarbare sin tot gevolg te hê, geredelik ingevoeg word

141a jy hoef nie eers vuurhoutjies te loop en soek nie

In die B-voorbeelde kan die loop gevolg word deur 'n infinitiefkonstruksie.

144 as jy wil loop om te rook

In sowel die A- as B-voorbeeld kan gaan 'n rol speel, en in die C-voorbeelde kan loop met gaan vervang word, maar die en kan nie ingevoeg word nie en die loop kan nie deur 'n om te-konstruksie gevolg word nie.

155.a. en dan/-----

15<sup>5a</sup>. en dan gaan draai ek

? en dan loop en draai ek

? en dan loop ek om te draai

Dit wil lyk of die loop in die D-voorbeelde 'n tydfunksie vervul - dat dit min of meer as ge- gebruik word

16<sup>2a</sup>. toe't hy nou jongkêrel geword

Die laaste voorbeeldgroep se loop kan nie met enige van die voorgaande vervang word, sonder om 'n duidelike betekenisverskil te ondergaan nie.

Die invoegbaarheid van en in die A-voorbeelde maak van hierdie voorbeeldgroep duidelike voorbeelde van die verbale hendiadis waaruit die en bloot weggelaat is. Loop behou in hierdie gevalle sy werkwoordelike funksie en behou ook die letterlike betekenis van die aanduiding van 'n liggaamshouding.

In die B-groep behou loop die letterlike betekenis van "beweeg met behulp van die 'voete' weg van die spreker". Dit het 'n sterker hoofwerkwoordelike funksie en kan daarom gevolg word deur 'n Hoofwerkwoord in die infinitief.

Hierdie onderskeid tussen A en B stem min of meer ooreen met Bouman (vgl. Rademeyer, 1938:75) se twee tipes, nl. staan en kyk en staan kyk-konstruksie : "Er kunnen twee wendingen parallel gebruik worden:

1. hy staan en kyk en
2. hy staan kyk."

Die C-groep se, loop behou steeds die werkwoordelike karakter en behou ook die beweging weg van die spreker,

maar dan nie meer in die letterlike sin van met die voet nie.

Die loop in D het sy werkwoordelike status reeds in so 'n mate verloor dat dit eintlik as 'n soort hulp= werkwoord van tyd optree.

In die laaste groep kan loop byna nie meer as werkwoord verklaar word nie, maar word byna adjunkties in dié sin dat dit die spreker se gevoel uitdruk - dit gee dan sinskleur eerder as liggamshouding of bewegingshandeling weer (vergelyk ook kom in die volgende afdeling).

Voorgaande bespreking mag die indruk skep dat loop in verskillende waterdigte kategorieë (sintakties sowel as semanties) verdeel kan word. Dit lyk egter eerder moontlik om 'n skaal vir loop in GA daar te stel, en op hierdie skaal moet daar 'n sterk verband veronderstel word tussen die letterlike betekenis van loop en die sintaktiese "werkwoordelikheid" daarvan

Hoofwerkwoord	X (die man loop)
Indirekte Skakel= werkwoord	X (die man loop en speel)
Direkte Skakel= werkwoord	X (die man loop speel)
Hulpwerkwoord	X die man het loop gespeel
"Adjunk"	X ag verdom! loop speel tog!
	Letterlike bewegingsbetekenis
	Figuurlike houdingsuitdrukkings

Al sou die hoë frekwensie van loop in GA met die eerste beskouing na 'n vereenvoudiging lyk, word die gebruikspatroon van hierdie woord in GA so verwickeld dat dit juis kan dien as voorbeeld van die balans (of kompensasie) waarvan daar in afdeling 3 sprake was.

#### 7.1.1.2 KOM

Soos in die geval van loop kan die gebruik van kom in GA merker wees van sintaktiese variasie. Dit impliseer nie dat kom nie in SA bestaan nie, maar wel dat die gebruik van kom en loop in GA 'n wyer verskeidenheid openbaar as die gebruik daarvan in SA.

Daar sou, na analogie van die onderskeid tussen daar<sub>1</sub> en daar<sub>2</sub> in Afrikaans (vgl. Du Plessis, 1977), kon onderskei word tussen loop<sub>1</sub> - loop<sub>5</sub>, en tussen kom<sub>1</sub> - kom<sub>n</sub> en dat die sintaktiese variasie in GA ten opsigte van hierdie twee woorde daarin lê dat GA in groter verskeidenheid lope en komme insluit as SA.

Clarke (1974 : 316) onderskei tussen die Engelse bewegingswerkwoorde, come en go, hoofsaaklik op grond van die rigting van die beweging met betrekking tot die deiktiese sentrum. Combrink (1981) pas hierdie onderskeid van Clarke ook op die Afrikaanse kom en gaan toe, en brei daarop uit, maar nie een van hierdie twee ondersoekers maak 'n duidelike onderskeid tussen kom (en gaan) as hoof- en as medewerkwoord nie. (Dat daar ook in Engels onderskei kan word tussen die HW kom en die MW kom, blyk uit Spears (1982) se bespreking waarby weldra stilgestaan word.)

In/-----

In ooreenstemming met die bespreking van loop in die vorige afdeling word die bespreking van die sintaktiese variasie van kom in GA ook gevoer aan die hand van enkele voorbeeldsinne wat in hedendaagse GA opgeteken is.

Vergelyk die volgende kom-sinne met mekaar:

170. en hy het weer die merrie kom haal

171. dan kom kry jy hom hier

172. dit kom reën

173. toe kom kry ek maar sy's wedevrou

Soos in die geval van loop verskil die sintaktiese vervangingsmoontlikhede en omgewing van kom in die verskillende sinne: Die kom in ( 170 ) kan gevolg word deur 'n infinitief:

170(a) en hy het weer (ge)kom om die merrie te haal

In (171) kan en ingevoeg word, maar die infinitief nie volg nie.

171. dan kom en kry jy hom hier

In ( 172 ) kan nōg die infinitief op kom volg nōg die en as bindpartikel ingevoeg word, maar kom kan deur gaan vervang word.

172a dit gaan reën

In (173) kan kom nie optree soos in enige van die vorige voorbeelde nie.

Op grond van die sintaktiese verskille tussen kom in bogenoemde sinne kan daar (na analogie van die verskillende lope) onderskei word tussen kom<sub>1</sub> tot kom<sub>5</sub>

Kom/-----

Kom kan GA (afgesien van die gewone onoorganklike HW kom) ook gebruik word as HW in kombinasie met 'n ander HW soos wat dit in Nederlands voorkom. Pauwels (1965 : 108-109) en De Klerk (1982:184) wys daarop dat kom in Nederlands en Middelnederlands saam met 'n ander HW gebruik kan word, maar dan is die infinitief van kom verpligtend:

174. komen werken heb

komen werken ben

175. dus quamen si den telt gevaren

"De eerste infinitief in zo 'n zinnetje staat in de plaats van een voltooid deelwoord: dat ek gekom werk het. In het Nederlands egter, in tegenstelling met het Afrikaans, is het deelwoord hier onmogelijk : het gebruik van de infinitief is verplicht." (Pauwels, 1965: 108+109)

As eerste stap weg van hierdie "grondvorm" van kom af, kan kom steeds in die betekenis van "beweeg na die deiktiese sentrum" (Combrink, 1981) gebruik word en waar die hoofwerkwoord wat op kom volg, in die infinitief kan staan (vgl. Ponelis, 1967:82).

176. arme mens kom loer ok hier

176a. arme mens kom om ok hier te loer

177. dan kom haal hy hom opstaantyd

177a. dan kom hy om hom opstaantyd te haal

In hierdie gevalle kan kom afwisselend as indirekte en direkte skakelwerkwoord gebruik word:

176b./-----



176b. arme mens kom en loer ok hier

177b. dan kom en haal hy hom opstaantyd

Of die kom en-konstruksie inderdaad voorbeeld van die verbale hendiadis is, is moeilik om te sê as slegs die betekenis in ag geneem word, want, sê Kempen (1965:94) "dit is 'n konstruksie wat verband hou met die vier primêre liggaamshoudinge: lê, sit, staan en loop".

Volgens Kempen kan net staan gebruik word ook wanneer daar nie van letterlike staan sprake is nie: "Lê, loop en sit word net gebruik as daar werklik sprake is van lê, loop of sit." (Kempen, 1967:78)

As die ontwikkeling van loop 'n pad weg van die letterlike loop af kon neem, is kom as skakelwerkwoord ook nie ongewoon nie.

Soos wat kom in (123) gebruik word, kan die bindpartikel en steeds gebruik word, maar die infinitief daarna is nie meer moontlik nie. Kom behou sy status as werkwoord, maar is "minder werkwoordelik" in dié sin dat dit nie meer hoofwerkwoordstatus het nie.

In (172) groei kom verder weg van die HW-status en dit kan net as direkte skakelwerkwoord gebruik word.

172a. dit kom reën

\*dit kom om te reën

\*dit kom en reën

Kom kan in (172) al byna as hulpwerkwoordelik beskou word, aangesien kom hier toekomsverwysend gebruik word (vgl. ook Ponelis, 1979:244) en in hierdie geval kan kom met gaan ver-

vang word.

172b. dit gaan reën

In (172) word kom egter nie uitsluitlik as tydsaanduider gebruik nie, want dit kan in dieselfde sin saam met dié toekomsverwysende sal, gaan en die hulpwerkwoord van tyd (het) gebruik word.

172c. dit sal kom reën

172d. dit gaan kom reën

172e. dit het kom reën

In hierdie laaste geval is kom bepaald nie meer die "gewone" bewegingswerkwoord nie en ook nie die indirekte skakelwerkwoord nie.

In (173) is die gebruik van kom nie dieselfde as in die voorafgaande voorbeelde nie.

173. toe kom kry ek maar hy's wedevrou

176. toe hy nou kom oudraak

A.K. Spears (1982:350 merk op dat daar in die sogenaamde Black English (BE) 'n tweede (in sy analise word slegs twee tipes in ag geneem) come voorkom, "functionally unrelated to the motion verb come".

Soos wat kom in (173 + 176) hierbo gebruik word, is dit struktureel nie identies met kom in die voorafgaande voorbeelde nie, want kom in die laaste twee voorbeelde laat nie die infinitief daarna toe nie; laat nie en as bindpartikel

toe nie en kan nie met gaan vervang word nie, en kan nie as sal of toekomsverwysend geïnterpreteer word nie.

Dit lyk sinvol om vir die bepaling van die funksie van hierdie kom te gaan soek in die rigting van wat Spears die gekamoefleerde vorm noem. 'n Gekamoefleerde vorm beteken in hierdie sin semi-medewerkwoorde. Dit gaan vir Spears om vorme wat in 'n gekreoliseerde variant van 'n taal voorkom waar 'n gekamoefleerde vorm fonologies identies is in die variant en die basiese taal, maar met 'n ander semantiese waarde.

Die verskil tussen die HW kom en die laaste kom is dan nie bloot 'n leksikale verskil nie, maar 'n grammatiese verskil.

Semi-hulpwerkwoord is die sambreelterm wat Spears gebruik vir elemente wat in belangrike opsigte verskil van HW'e, maar nie aan al die vereistes vir medewerkwoorde voldoen nie.

Hoe verder die betekenis van kom weg is van die letterlike betekenis van die bewegingswerkwoord, hoe sterker word kom gebruik om sinskleur uit te dra. Vergelyk bv. die volgende gevalle:

- (i) Beweging na die deiktiese sentrum  
177. hier kom ou Adam
- (ii) Beweging na die deiktiese sentrum, in kombinasie met 'n ander handeling.  
178. nee, die baas kom kyk altyd
- (iii) Beslistheid  
179. dit kom vanmiddag reën
- (iv) Verontwaardiging  
180. en die't die mense gekom koudbloedig platgeskiet  
181. toe kom kry sy oupa sy been is af

Ten slotte/-----

Ten slotte: vergelyk die betekenis van die twee volgende (standaard-?) sinne in Afrikaans:

182. wat foeter jy hier in!

182a. wat kom foeter jy hier in!

### 7.1.2 SAMEVATTEND

Sou 'n mens Chafe (1970) se argument meer as verbygaande aandag gee, nl. dat bywoorde moontlik gesien kan word as 'n soort dieptewerkwoord, is 'n skalering van die werkwoorde (met J.R. Ross se tipe skaalformalisering in gedagte) in GA nie 'n vergesogte onmoontlikheid nie. Chafe (1970:300) sê onder andere: "Another kind of sentence containing more than one verb is that in which some semantic element is reflected in surface structure as an adverb or adverbial phrase."

Sintakties en semanties gesproke wil dit uit die analise blyk dat loop en kom in GA ver. verby die bewegingswerkwoord verby gebruik word; loop selfs verby die gebruik in die verbale hendiadis, maar dat nōg loop nōg kom se gebruik buite die grense van die reëls van SA val en dat hierdie gebruik nie leë werkwoorde (?) is nie en uitbrei op die gebruik wat Van Jaarsveld (1984:64) aan staan toeken: "staan word dus by uitstek gebruik om sprekershouding uit te druk".

Variante van 'n taal mors ook nie hulle asem nie! Inderdaad: "every difference makes a difference"! (Bolinger, 1975:161)

7.2/-----

## 7.2 MEDEWERKWOORDVOLGORDE

Die medewerkwoorde is wat volgorde betref in SA betreklik vas. J.P. Botha (1976) toon in hierdie opsig 'n volgorde van medewerkwoorde aan en J.C. Steyn (1976:42) wys daarop dat die moontlike kombinasies van hulpwerkwoorde in Afrikaans groter is as wat dit in Nederlands die geval is en "n mens kan by die hulpwerkwoorde eintlik onvastheid verwag vanweë die lang ontwikkeling wat hulle deurgemaak het".

Ten spyte van hierdie ontwikkeling is Botha en Steyn dit egter met mekaar eens dat die Afrikaanse patroon van werkwoordvolgorde binne dieselfde gesegde tot groot hoogte gesistematiseer geraak het.

Daar moet egter tog daarop gewys word dat SA wel 'n volgordewisseling ten opsigte van modale hulpwerkwoorde toelaat, maar dan met 'n duidelike betekenisverskil:

- (i) Jan wil kan kitaarspeel.
- (ii) Jan kan wil kitaarspeel.

Afgesien van enkele sintaktiese onvastighede waarop Steyn wys, kom daar ook in 'n beperkte mate in GA volgordewisseling ten opsigte van werkwoorde voor wat vermeld moet word, maar wat vanweë die relatiewe beperkte voorkoms daarvan nie bespreek word nie. (Streng genome sou die sintaktiese variasie by die infinitiefkonstruksie in GA ook hier kan tuishoort, maar dit word afsonderlik bespreek.)

Hier dien ook daarop gewys te word dat die gebruik van 'n medewerkwoord saam met 'n oorganklike hoofwerkwoord soms in GA tot gevolg het dat die voorwerp tussen die twee werkwoorde te staan kom, maar nie die werkwoordvolgorde self aantast nie:

183. ook kan iets sê  
(in plaas van ook iets kan sê)
184. die tyd wat ek kom gedagte kry  
(die tyd wat ek gedagte kom kry)
185. wat die Kleinmies sal seker ken  
(wat die Kleinmies seker sal ken)

Opgetekende voorbeelde van werkwoordvolgordeomkering:

186. ek kan nie lieg sit nie
187. dit is goed julle my nog vanmôre kry kan

Dit is egter veral in die afhanklike sinne waar die posisie van modale hulpwerkwoord opmerklike variasie toon. Dit word in die Afdeling oor bysinne (Afdeling 9) bespreek.

### 7.3 TEMPUS IN GA

Onder tempus word hier eenvoudig die gemerkte werkwoordpatroon in Afrikaans verstaan (vgl. Ponelis, 1979: 263 & 264 en Wybenga, 1983: 26 & 242). Sonder om dus op die teoretiese besonderhede in te gaan.

Die preteritum word in Afrikaans hoofsaaklik analities aangetoon deur 'n werkwoordkombinasie te gebruik. Dit wil nie sê dat die ongemerkte patroon nie kan verwys na die tyd voor die uitingstyd nie (vgl. Ponelis, 1979:265; Wybenga, 1983 en die analise van 'n Griekwaververtelling in hierdie verslag). Die gebruik van tydbepalers (vergelyk Afdeling 8) word later ook bespreek.

Die doel van hierdie afdeling is uitsluitlik om aan die hand van die opgetekende data vas te stel hoe die gemerkte

werkwoordpatroon in GA lyk, en in watter mate dit as 'n vorm van sintaktiese variasie beskou moet word. Anders gestel: volg hierdie patroon in GA dieselfde reëls as SA?

Dit kan sin hê om reeds op hierdie stadium van hierdie bespreking te wys op die erkenning van slegs drie grade van variasie in die konvensionele taalkunde waarvan Fasold (1972:6) in sy analise van tydsaanduiding in Black English (BE)gebruik maak

- (i) Verpligte aanwesigheid van 'n verskynsel.
- (ii) Verpligte weglating van 'n verskynsel.
- (iii) Vry variërende aanwesigheid/afwesigheid van 'n verskynsel.

Dit kom dan vir Fasold (op cit) hierop neer: "linguistic phenomena can be described as always taking place under given conditions, never taking place, or sometimes taking place".

Die gebruik van die gemerkte werkwoordpatroon in GA moet as vry variërende aanwesigheid beskou word, aangesien dit nie op dieselfde wyse deur alle informante gebruik word nie en aangesien dieselfde informant dit op verskillende maniere gebruik. Dat daar verbande bestaan, is wel waar, maar dit is nie uitsonderlinglose verbande nie. So sal 'n spreker wat was gewees frekvent gebruik, meer geneigd daartoe wees om was gewas te gebruik

Die analises van die tydsaanduiding in BE (van onder andere Fasold en Labov) is om twee redes nie baie bruikbaar vir die analise van grammatiese tydsaanduiding in GA nie:

- (a) die Engelse sisteem van tempus as sintetiese kategorie maak die beskrywing van die variasie in Engels makliker en
- (b) die onderskeid tussen enkelvoud- en meervoudsuitgang maak

die onderskeibare patrone wat Fasold vir Swart Engels onderskei onbruikbaar in Afrikaans.

Die gemerkte Engelse uitgange lei daartoe dat die fonologiese variasie in BE maklik hiermee saam bespreek kan word. Engels se tye is sterker gemerk as dié van Afrikaans, maar ook ten opsigte van die Afrikaanse WEES is die variasiepatroon in GA moeilik aan te toon.

Die tempuspatrone in Afrikaans is in baie opsigte ook 'n morfologiese kwessie en dit word ook onder daardie afdeling in hierdie verslag bespreek.

Dit lyk sinvol om wat sintaktiese variasie betref, daarop te wys dat die gemerkte werkwoordpatroon in GA by uitstek 'n voorbeeld van veralgemening is. Hiermee word bedoel dat die analitiese vorm van het + ge-werkwoord in meer gevalle in GA toegepas word as wat in SA van toepassing is.

In die eerste plek kan daarop gewys word dat ge- aan werkwoorde in GA gevoeg word wat in SA normaalweg nie 'n ge- sou neem nie.

188. hy het dit weer geërken
189. ek het hier gebegin
190. toe't hulle mos nou so geversprei
191. die council mos geverkies
192. dis al wat ek kan geverstaan het

Hierdie veralgemening loop dan ook verder deur na die gebruik van die deelwoord by die skakelwerkwoorde - 'n gebruik waarop Rademeyer (1938: 72) tereg wys: "Waar die Afrikaner gewoonlik die dubbele infinitief gebruik, gebruik die Griekwa by voorkeur die verlede deelwoord plus infinitief. Die volgende is opgeteken op Kokstad: hy't gekom werk; hy't my saak gelôp



Rademeyer (op cit) wys verder ook op die toevoeging van ge- tot die "verkeerde" werkwoord bv. ek had hom hōr gepraat.

In hedendaagse GA kom albei hierdie vorme steeds voor, met ander woorde waar die ge- aan die skakelwerkwoord gevoeg word of waar die ge- aan die HW (wat saam met 'n skakelwerkwoord gebruik word) gevoeg word.

A - Aan die Skakelwerkwoord

- 193. hulle het alties help gekom vra
- 194. as jy nou weer gekom soek het
- 195. as jy dit nou gekom kry het
- 196. en toe't ek nou hier gekom werk
- 197. en die anner is nou weer Kleurling geloop maak
- 198. my geboorteplek het ek nou eers geloop sien toe  
ek groot was

B - Aan die Hoofwerkwoord

- 199. lat ek dogter De Kok kom geleer ken het
- 200. dan word dit loop afgelaai
- 201. hulle het maar bly gedryp
- 202. die't ons toe wil loop geskiet

Dit gebeur in uitsonderlike gevalle selfs dat die ge- aan sowel die mede- as die hoofwerkwoord gevoeg word!

- 203. die Kaapse gōwwerment het geloop Captain Blai  
hier gestuur
- 204. en die't die mense gekom koudbloedig platgeskiet

Die veralgemening van die analitiese markering van die verledetydsvorm lei daartoe dat die patroon het gehet ook

(maar net by sekere sprekers) voorkom.

- 205. hulle het vir Vyffontein gehet
- 206. hy is 'n man wat werk gehet het
- 207. ek het baie base gehet
- 208. het hulle eige kos gehet
- 209. hy het nog bokke gehet
- 210. hulle het 'n naam gehet

In enkele uitsonderlike gevalle word had nog vir het gebruik.

- 211. ek had hulle gaken

Dit lyk nie of die status van die verledetydspatroon in GA afgelei kan word uit die gebruik van die enkele flek=terende modale hulpwerkwoorde in Afrikaans nie, bv. kan X kon

moet X moes  
sal X sou  
wil X wou

Daar is voorbeelde in GA waar die fleksievorm wel gebruik word.

- 212. ek moes skoolgegaan het
- 213. hulle moes geskiet het
- 214. hulle moes loop dood daarso
- 215. hulle het nie bymekaar kon kom nie

Die grondvorm van die modale hulpwerkwoorde kom egter meer frekwent in GA voor.

- 216. dis nou al bietjie wat ek kan geverstaan het
- 217. hulle sal vir ons kom klere gebring het
- 218. daar's baie wat die taal kan geslaan het
- 219. daarvanaf sal ons kan getrek (het)
- 220. toe moet hulle loop stad toe trek

221. hy sal dit geken het

222. ek kan gehoor het, maar nou .....

Die konsekwente gebruik van die analitiese verledetydsvorm in GA - selfs buite die grense van SA - toon aan dat tempus in GA wel 'n gemerkte grammatiese kategorie is.

Die gebruik van het ge- in GA dui op 'n vereenvoudiging, veral waar het in hoë mate die preteritum - (had) en die voltooidedeelwoordvorm (gehad) in hoë mate verloor het. Hierteenoor staan egter die hoë frekwensie van fleksiereste in die geval van die veranderlike WEES in GA.

Die groot probleem ten opsigte van WEES lê egter juis in die onvastigheid wat ander ondersoekers vir hierdie werkwoorde aantoon.

Ponelis (1979:269) wys op vyf vorme van die kopula wees:

was

was ..... gewees

is ..... gewees

het ..... gewees

Loubser (1961:155) wys daarop dat "die gebruik van 'was geweest' om 'n perfectum - of praeteritumfunksie uit te druk ..... waarskynlik aan kontaminasie van 'is .... geweest' en 'was' toegeskryf (moet) word". (Loubser verwys in hierdie geval na Kaaps-Nederlands van die eerste helfte van die 18de eeu.) Steyn (1976 : 44) wys egter daarop dat was gewees in die spreektaal in werklikheid net soveel voorkom as die gewees-lose was. "Ek kon nog nooit enige semantiese verskil

teëkom/-----

teëkom tussen voorbeelde met of sonder gewees nie," sê Steyn (op cit).

Dit is dalk juis as gevolg van hierdie onsistematiese sistematiek by wees dat Rademeyer (wyslik!) in sy ondersoek nie hierna verwys nie.

Die gebruik van WEES kan alleen bespreek word as die verskillende soorte WEES onderskei word. Daar moet in GA onderskei word tussen ten minste drie WESE: die tydhulpwerk= woord, die kopula en die omskrywingswerkwoord, soos in die volgende sinne:

Hulpww. van tyd: hulle was hier grootgeword

Kopula: dit was baie lekker

Omskrywing: die beeste is so geslag

Die gebruik van WEES as koppelwerkwoord en omskrywingswerkwoord is nie vreemd aan SA nie, en dit is as sodanig nie variante nie (hoewel die wyse van gebruik daarvan en GA variasie vertoon), maar die vervanging van het as hulpwerkwoord van tyd met was/is as hulpwerkwoord van tyd moet as 'n vorm van sintaktiese variasie beskou word, want "die hulpwerkwoord van tyd het is (in SA - HdP) onveranderlik en verskyn sowel in die spil= posisie as in die sentrumgrens as het " (Ponelis, 1979:265).

In GA kan die hulpwerkwoord van tyd (het) in die spil= posisie (geen voorbeeld daarvan kon in die sentrumgrens opgespoor word nie, hoewel dit nie onmoontlik skyn te wees nie) deur was of is vervang word. In hierdie gevalle is nōg is nōg was 'n koppelwerkwoord of 'n omskrywingswerkwoord.

- 223. hulle was hier grootgeword
- 224. ons was maar so gebly
- 225. ek was tussennie mense gegaan
- 226. hulle is gesterf
- 227. toe is ek daar grootgeword
- 228. hulle is ok lang rokke gedra

Dit is interessant om daarop te let dat die vervanging van het deur is/was ook omgekeerd kan voorkom in GA, met ander woorde waar die is (moontlik ook was) van SA in GA vervang word met het.

Ponelis (1979:268) beweer dat "die adjektiewe gebore en getroud passiewe reste is (van baar en trou onderskeidelik) en neem is (nie was nie) as preteritumvorm.

Hennerik is voor die Runderpes gebore

\*Hennerik was voor die Runderpes gebore."

Afgesien daarvan dat was saam met gebore gebruik kan word in GA, kan het saam met gebore optree wat dan aan gebore werkwoordstatus (en nie adjektief- nie) gee:

- 229. daar waar sy nou gebore het
- 230. ek het gebore op Elandsfontein
- 231. ek het maar hier geboor

Dit kan ook moontlik wees dat die vorm is gesterf (226) verklaar moet word as die omgekeerde proses van (229-231): dus dat gesterf/gesterwe/afgesterf/afgesterwe nie as werkwoord nie, maar as passiewe res as adjektief gebruik word in GA.

Die vorme/-----

Die vorme

232. daar sal jy nou loop dood

233. hulle het al almal gedood

kan dan ook as variante in GA geïnterpreteer word in dié sin dat dood as HW gebruik word en nie as adjektief nie.

Ook saam met die kopula word kan was in die plek van het gebruik word.

234. hulle was mal geword

Vir die aanduiding van die verlede tyd van die kopula WEES kan al die vorme wat Ponelis onderskei, in GA gebruik word met die fonologiese variasie daarby, nl. dat gewees in al die gevalle ook gewas kan word, behalwe is gewees \* is gewa

(i) was

235. ek was maar hier

236. ek was 'n sterk, jong kind

237. hy was nie 'n Griekwa nie

(ii) was gewees / 238. hulle was 'n trop gewees

was gewas / 239. ons was daar gewees

240. vroeër was ons maar so Griekwa gewas

241. sy was in Uitenag gewas

242. ek was noggie eers mens gewas nie

(iii) is gewees 243. dit is 'n mooi hoed gewees

244. ek is jonk gewees

245. sy is Kaatjie gewees

(iv) het gewees/-----

- (iv) het gewees / 246. wat so gewees het  
het gewas / 247. my vader het daar gewees  
248. hier het moeilikheid gewees  
249. ons weet nou nie hoe het dit gewas nie

In GA kan is ook egter as die preteritum van die kopula (WEES) gebruik word:

250. hulle is nog klein (toe hulle gesterf het)

Wat die omskrywingswerkwoord betref, blyk dit uit die data dat die anglisistiese gebruik (Ponelis en Van der Merwe, 1982:220) van was as verlede tyd van die passief nie in GA voorkom nie.

251. vroeër is dit met waense gelaai

252. hier op Hopefield is ok garing gewerk

253. toe is sy van oorgesit

Oor die funksie van die verledetydsaanduiding in GA kan daar nog veel gesê word, maar dit lyk vir my na 'n navorsingsopdrag op sigself, veral as 'n mens Wittgenstein se uitgangspunt in gedagte hou, nl. dat die betekenis onverklaarbaar is, sonder die gebruik. Die tydsvergestalting en die funksie daarvan in GA kan 'n sinvolle navorsingsonderwerp wees.

#### 7.4 DIE INFINITIEF IN GA/-----

#### 7.4 DIE INFINITIEF IN GA

Die struktuur van die infinitief in GA is seker een van die heel duidelikste gemerkte voorbeelde van sintaktiese variasie, aangesien dit byna sonder uitsondering by alle informante in die variantevorm voorkom.

Die om en te word in GA in die oppervlakte naas mekaar geplaas, ook in gevalle waar die reël vir SA die om en te sintakties uiteen sou plaas.

- 254. dan sekkel ons om te lat die plek afsteek
- 255. jy moet nog bekeer om te kan saam met God wees
- 256. daarie entjie is 'n harde saketjie om te daar wegkom, Meneer

Rademeyer (1938:71) noem die infinitief "een van die opvallendste sintaktiese verskille tussen kleurling- en beskaafde Afrikaans". Hy sê: "Om te skyn tot 'n vaste komposisietem te ontwikkel het en word dus nie geskei in die gevalle waar Afrikaans dit wel doen nie."

Verder wys Rademeyer (1938:72) ook daarop dat die te soms weggelaat kan word. Die weglating van te kom in die hedendaagse GA steeds voor.

Aangesien Rademeyer reeds, tereg, gewys het op hierdie belangrike sintaktiese variasie, is dit onnodig om dit hier te herhaal.

Rademeyer gee egter nie aandag aan die feit dat die te dikwels verdubbel nie.

257. Ek het/-----



157. ek het noggie daar ytgekom om te die regte  
deng te kry

Of Rademeyer korrek is in sy oordeel dat om te tot "vaste kompositum" groeï, is nie 'n uitgemaakte saak nie, juis omdat om te as groep geïnterpreteer word (Ponelis, 1967) en die "proses" in GA dus nie 'n groeiproses verteenwoordig nie, maar juis 'n stagnering veronderstel.

Die om te-konstruksie is in GA baie frekwent en dit word in dieselfde funksies as in SA gebruik (vgl. die funksies van die om te-groep in Ponelis, 1967, veral Hoofstuk 3,4, en 5).

Die weglating van te en die toevoeging van 'n tweede te in die infinitief van GA volg blykbaar geen vaste patroon nie. In Fasold se terme kan die sintaktiese byeenplasing van om en te verpligte variasie genoem word (die FI hiervan is baie hoog) terwyl te-toevoeging en -weglating gelykgeldende aan- en afwesigheid is.

Dit kan wees dat Rademeyer nie van te-toevoeging melding maak nie, eenvoudig omdat dit toe, in laat dertigerjare, nie in GA voorgekom het nie. Dit is goed moontlik dat die te-toevoeging 'n driftverskynsel in GA is. Dat dit deel is van die bewys van die beweging van GA nader na SA toe. Die toevoeging is in die lig van so 'n argument dan die toe-passing van sowel die sintaktiese variasiereël as die standaardreël.

#### A. Voorbeelde van te-verdubbeling

258. nou het ons hom nou gevra om te ok vir ons te help

259. om te die plek te kry

260. ek het in Durban geloop leer om te die tal te praat

261. die oudstes laaik meeste om te die Griekwas te wees

262. om te nog rond te kyk nie

B. Voorbeelde van te-weglating

- 263. kanse om die trein oener deur die brug laat loep
- 264. hy traai om jou doodskiet
- 265. om gaan werk
- 266. hoekom het hy dan die reg gekry om die mense hier  
kom vat sountoe?

Pheiffer (1980: 222 e.v.) toon aan dat daar ten opsigte van die infinitief min afwyking bestaan in die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap en skryf dit daaraan toe dat die "basiese Nederlandse gebruik van die infinitief met voorset(s)" in hoofsaak aangeleer en effektief toegepas word. Hy (1980:225) wys op die gebruik van 'n "oorbodige te voor infinitiewe", maar dit stem nie ooreen met die te-toevoeging in GA nie.

Dit kan ook wees dat die te-toevoeging 'n voorbeeld van partikelomringing is wat 'n soortgelyke patroon volg as die voorsetselherhaling.\*

Die Afrikaanse om te-infinitief word reeds in Middelnederlands gebruik en is in Afrikaans 'n erfkonstruksie. De Vooy (1953:164) beweer dat die om te in Nederlands voorkom, maar "dat die familiere taal er een voorkeur voor heeft". Hy (1953:162) toon egter aan dat dit reeds in die 16de en 17de eeu voorkom.

Die voorbeelde wat De Vooy uit die 16de en 17de eeu aanhaal:

16de Eeu: 'Sijn lichaam te edel was om van de voghels  
te myncken'

17de/-----

---

\*Hierdie moontlikheid is deur prof. E.H. Raidt in 'n mondelinge gesprek genoem.

17de Eeu "O ghij, klein Venus dertel wicht, Ich was er  
voorwaer te oud toe, om soo te treffen met uwen  
schicht'

(Klucht van Filibert, 1657)

Nie een van die voorbeelde wat De Vooy's gee, volg  
egter die om te-patroon wat in GA gebruik word nie.

Pheiffer (1980:224) merk op dat afwykings in die  
foutiewe plasing van te in gebroke Nederlands bestaan as  
gevolg van die gebrekkige onderskeid tussen skeibare en on=  
skeibare werkwoorde.

Dit lyk nie of daar in GA 'n verband bestaan tussen die  
verianste gebruik van die infinitief en die onderskeid tussen  
skeibare en onskeibare werkwoorde nie.

#### 7.5 SKEIBARE EN ONSKEIBARE WERKWOORDE

Soos in die geval van die geweeslose-was-sprekers  
en die was-gewees-sprekers blyk dit uit die data dat daar  
Griakwas is wat in hoë mate die onderskeid tussen tradisionele  
skeibare en onskeibare saamgestelde werkwoorde ophef.

Die gebruik van deeltjiewerkwoorde as onskeibare werk=  
woord is nie konsekwent nie. Selfs by dieselfde spreker  
word deeltjie en werkwoord soms sintakties uiteengeplaas,  
maar in die volgende sin word die standaardvorm weer gebruik.

Rademeyer (1938:63) wys ook op die onvaste onder=  
skeid tussen skeibare en onskeibare werkwoorde en toon aan  
dat die gebruik van ge- voor of tussen die elemente van  
"onskeidbar-samegestelde werkwoord" nie ongewoon is nie.

In/-----

In GA is die volgende deeltjiewerkwoorde as "onskei=  
baar" opgeteken.

267. nou omhang jy hom

268. toe het hulle 'n kar met vier perde geïnsan

8. BEPALINGS

Die analise van bepalings in enige vorm van Afrikaans is 'n omvangryke studie en daar kan nie voorgegee word dat 'n volledige beskrywing van hierdie sintaktiese kategorie in die bestek van 'n enkele afdeling gegee kan word nie, selfs al sou dit slegs 'n beskrywing van bepalings in GA wees.

In die lig hiervan moet die bespreking van bepalings hier beperk word tot 'n fragmentariese bespreking van slegs enkele adjunkte in GA. Volledigheid is dus nie die doel van hierdie bespreking nie, maar eerder 'n eksemplariese bespreking. (Vgl. 'n vollediger bespreking in die semantiekafdeling.)

Die gebruik van die leksikale items nou en toe kry hoofsaaklik aandag in hierdie afdeling. Dit is egter moeilik om te bepaal in watter mate dit 'n beskrywing van variasie is. Die hoë frekwensie van nou en toe in Afrikaans is nie 'n dialektiese verskynsel nie, maar eerder 'n registerverskynsel, aangesien nou en toe in frekwensie toeneem, hoe informeler die taalgebruik word - sou 'n mens na enige moedertaalspreker van Afrikaans luister, is dit opvallend in watter hoë mate die gebruik van nou en toe toeneem in direkte verhouding tot die graad van informaliteit. Wat hier dus oor die bepalings kwytgeraak word, is daarom nie 'n verskynsel wat tot GA beperk is nie. Dit is so dat die opnames wat as data vir hierdie ondersoek gebruik is, in hoë mate voorbeelde is van informele omgangstaal.

Dat die hoë frekwensie van nou in Afrikaans nie tot GA beperk is nie, spreek duidelik uit die volgende gesprekshaling van mev. Annie van Heerden van Steenboksvlei, Swaershoek in die Waterberg (soos aangehaal deur Leon Rousseau in Die groot verlange, (1974:206):

"En dan/-----

"En dan het hy nou sy ou mense, hulle wat so rumatiek het soos ek nog in dié hand. Dan het hy nou 'n elektriese ding maar ons het nou daarvoor gesê drilvis. Dan sit hy hom nou so in 'n groot skottel water. Dan vat almal so hand aanmekaar en dan ruk almal so. Dis skokke van elektrisiteit sie jy. Dan vat die mense so hand aanmekaar so in die rondte dan ruk almal, dan's dit nou vir die ou mense te snaaks."

Of uit die volgende voorbeeld van Johannesburgse Afrikaans (opgeneem in Vrededorp, 1979):

Nee, ek woon nou op my eis daarso, ek en my man daar onder in Veertiende straat. Hy werk nie op die oomblik nie, want hy kan nie nou werk kry nie want hy't nou 'n vals been, jy weet, nou wil hulle hom nie eintlik aanvat nie.

Dit is verder dan uiteraars moeilik om vir bepaalings telkens 'n frekwensie-indeks te bepaal, eenvoudig omdat dit haas onmoontlik is om tussen die standaard- en nie-standaardvorm te onderskei.

Daar word nou vervolgens enkele gespreksvoorbeelde aangehaal waaruit dit nou duidelik behoort te blyk hoekom dit nou juis so moeilik is om nou oor die gebruik van nou + toe te oordeel. (Let ook op die onderskeie onderhoudvoerders se gebruik van nou.)

Voorbeeld 1/-----

Voorbeeld 1 (A = Griekwa-woordvoerder)

A: Wag, la'k vir baas. Nou is 'n platpot mos. Nou sit jy die drievoet oener. (B: Ja?) Ja. Nou maak jy bo-op die pot vuur, vuur. Die die koek is ingegooi in die pot en jy sit maar daar die houtjies op. (Griekwa) Nou bak hy, nou bak hy. Nou maak jy hom oop, die deksel, jy kyk. O, nee, hy's nog mooi (Griekwa) O, weer oop (Griekwa) - nee hy's nog mooi - hy bak mooi. Gooi jy die assietjies in ----- . So't ons die koek gebak, daarie jare. Toe't ons nie stowe gehad. Nou't ons stowe wat vir ons glad nou mal maak (Lag). Ja, dan bak ons hom in die platpot, die brood ook. Ja.

Voorbeeld 2 (A = Griekwa-woordvoerder, B = Onderhoudvoerder)

A: Hulle is nou nie, ek meen, dis gemaak, maar hulle is in die veld. Toe't hulle uitgevinde het dié goed wat in die veld is, toe's daai dinge, goete gemaak. Die vuurslag, daai goete. Maar ons het maar ons, die vroeër tyd toe onse grootminse daai vuurslag gehad, en die slaner ook van hom gehad, wat hy mee slaan die klip, wat die vure moet spat. Om te, om die en so hulle het toe net so uit die blikkietjies maar daarie goed (onduidelik). Die lap, hierie lappe wat gebrand is, skoon lappe, skoon wit lappe, word hy daar ingedruk, dan word hy swart gebrand, dan word hy daar ingesit. Nou, as hy nou doodraak as jy die dekseltjie toemaak, lat hy dood. Nou die tyd wanneer die mins wil rook, as, ? meen, ons nou wil rook, nou slaat jy hom. Nou slaat jy hom. Nou spat die vure daarin. Nou daar ingespat het, nou haal jy daar 'n dingetjie uit van daai lappietjies, nou sit jy hom in die pyp. Jy

hoef/-----

hoef nie eers vuurhoutjies loop soek nie, in die winkels.

B: Nou, wanneer het die vuurhoutjies ingekom? Wanneer het julle begin .....

A: Die vuurhoutjies het ek maar nou agterna, nou later van tyd, ook hier ingekom.

B: Mm. Het julle nog, wat het julle die ding nou genoem? Wat julle so .....

Voorbeeld 3 (A = Griekwawoordvoerder, B = Onderhoudvoerder,

A: Griekwas het Afrikans gebeginne prat, meneer, ou Van Riebiek hier in die plek inkom. Toet Van Riebiek hier in die plek inkom, toe's dit wat ons gehardlop het. Ons kinders wat nie die Base nog kjen hier in die wêreld nie. Toe hardlop ons vir Bas van Riebek weg in vir Bas Poul Krie-er. Die manne wat ons voor weggehol 'et. In toet, wai toe die hoed afwai dat daar so 'n ent van ons hys af, toe sê ek sê ek vir pa: my pa .... Ek vra toe my pa: Wat'sie ding se nam is hoed. My pa sê: nee - waar is hy? Toe sê ek .... Toe lê die hoed so in die voor die deur. Toe kyk die ou so. Toe sê die ou: vat hom tshee hom. Toe lop vat ik-ie hoed. My ou, my pa sê: ..... Vat daarie hoed, dan lop shee jy daarie Bas wat jou die hoed vra. Toe's et, toe's et, toe's et, ou Poul Krie-er in dit was Van Riebeek, Dit was die twee Base wat ons geleer ken hit. Dit was-ie eerste Baaste wat ons gebegint 'et hier in Griekwastad kry. Toe bly ons in Griekwastad ..... Daardie hele plêk soos hy daar lê, dit was Griekwastad in hierdie Campbell wat hier bo sit .....

Adam Kok/-----



Adam Kok sê, lat ons net daardie . . . . , dan sal ons ok vrede  
voel, mar dit kom nie so nie. Daarvoor het . . . . Le Fleur  
gegan in gesê: kêrels, ek gan nog die land deer . . . . Hy  
wil gan om te gan lyster hoekom is - 'et dan lat ons nie 'n  
plêk kry nie in ons vra so lank, is nou al die vyftagste  
jaar wat ons deer die werk loop, mar ons mak niks. Daar's  
nie een wat ytkom in darie werk vir ons kom verligter nie. . . .  
Die hyse is afgevat van ons. Onse plêkke is afgevat van  
ons. Ons kry nie plek nie. Ons sikkal vir plek, mar ons  
kan dit nie kry nie.

B: Die oumense het nooit Hollands gepraat nie, het hulle?

A: Hille't nooit nie. Ons hit e.. e... deer hille se dag wat on  
nie kan, wat ons swar moet Afrikans deergekom hit. Ons  
hit nou nou nou hier 'n tyd trig - ek kan se dis van  
neëntieneentwintag af wat ek weer gekom, wat ons ok gekom  
leer het. So hier in daar, hier in daar wat ons, wat Van  
Riebiek hier in die plek in gekom het.

Voorbeeld 4 (A = Griekwa-woordvoerder, B = Onderhoudvoerder)

---

A: Baas, die hokvrou se ding gaan nou sô: Hyse naam is

B: 'n/abaras dis hy, ja.

A: Ja, baas. Nou, as 'n meisiekjend nou grootword en  
grootword, aller groter word, nou kry hy speentjies. Hier voor sy  
borste. Dan word die speentjies nou groot. Nou, as hulle  
nou groterig is, lat hulle omtrent so groot is soos 'n beker=  
tjie, soos hierie groterige bekers, dan dan dan dan dan dan  
kom hy nou in 'n hok, en dan's hy nou 'n/abaras . Dan dan's  
hy nou mondig om om gevry word, en trou word.

B: Goed, vertel vir my nou nog?

A: Dan/-----

A: Dan dis orraait. Nou is, nou moet die trou geloop aanvra word by die ou grootmense. Hulle moet bymekaarkom en sê: "Kyk hier, "like" jy nou, "like" jy die hond van my? Jy moet jou hond wegkeer hier van my hys af. Jou hond sal ik dood slaan. Wat soek die hond hier by my hys, elke aand?" Dan antwoord sy, daarie man man mannetjie se se se se se se se se ma en pa hom, se ma hom: "Nee dis my hond daarie" Dan antwoord sy pa hom: "Nee, dis my hond. Ek sal staan vir sy saak wat hy doen. Kry hy 'n babetjie, kry hy 'n babetjie, dan sal ek ook daarvoor staan. En ek sal ek sal ek sal hom so maak, hy sal hy sal hom trou, en seet met hom. Toe't julle twee eendag sal skjei voor die dood. En bo in die hemel sal julle eendag bymekaar ontmoet."

B: Ja. Nou't jy klaar ouers gevra. Wat gebeur nou? Nou't die ouvrouens klaar gekyk na die jongmeisie. Wat maak hulle dan met die jongmeisie?

A: Nou vat hulle hom baas, as hulle hom klaar gekyk het, nou vat hulle hom, hulle seet hom daar in 'n hysie in. Nou moet hy daar omtrent 'n week bly, of twee weke. Hy moet net skoon kos eet. m Mielies, mieliemeelpap, meen mieliespap, moet hy nou eet, mieliespap. En melk en mieliespap, dikmelk. Ja. Nou ja, maar dan is dit mos nou reg. Die twee wee-, tweede week sy sy Saterdagmôre dan bring jy hom vóórdag.

---

Die lae frekwensie of totale afwesigheid van 'n groot aantal adjunkte (bv. daarenteen, nietemin, eerlik, enigsins, gerus, volstrek, beslis, en so meer) in GA (dit geld myns insiens vir die meeste vorme van informele Afrikaans) kan as 'n vorm van vereenvoudiging beskou word. Dit wil egter voorkom of

hierdie/-----

hierdie vermindering van die aantal moontlike adjunkte aan die ander kant gebalanseer (gekompenseer) word deur 'n frekwente adjunk (bv. nou) in veel meer funksies te gebruik as wat die geval bv. in formele SA sou wees.

Die hoë frekwensie van 'n woord lei dus nie noodwendig tot 'n laer semantiese las op die betrokke woord nie, maar dit blyk uit die data dat die teenoorgestelde juis waar kan wees: hoe meer frekwent 'n adjunk gebruik word, hoe meer funksies kan dit vervul.

Dit lyk vir my nie noodwendig na 'n weerspreking van die betekenisbeginsel wat John Lyons onder andere stel, nl. "meaning implies choice" - nie, want ofskoon die keuse van moontlike fonologiese vorme beperkter word, word die semanties-sintaktiese keusemoontlikhede nie kleiner nie, aangesien dieselfde fonologiese vorm 'n duisternis verskillende semantiese en sintaktiese funksies kan vervul. Die semantiese las op een fonologiese vorm word nie deur hoë frekwensie verlig nie, maar juis verder belas: vir die enkele fonologiese vorm, bv. /nəu/ moet daar nou onderskei word tussen 'n nou<sub>1</sub> tot nou<sub>n</sub>. (Dieselfde geld toe.)

Ofskoon die gebruik van nou as sodanig dan nie noodwendig op sintaktiese (en sintakties word in hierdie sin konteks=tualisties-sintakties bedoel) variasie dui nie, moet veral die sintakties-semantiese funksieoortlikhede daarvan in 'n sintaktiese variasiestudie aandag kry.

### 8.1 NOU IN GA

Die beskrywing van nou in GA kan ook gedoen word in terme van die skaalbeginsel. Anders as in die geval van kom en loop

moet die indeling van nou meer semanties as sintakties gerig wees. In die lig hiervan word hier slegs terloopse aandag aan die adjunkte gegee, aangesien daar in besonderhede daarop ingegaan word in die afdeling oor die semantiek. (Vgl. ).

Nou in GA kan breedweg in drie klasse verdeel word (teen die agtergrond van die skaleringsbeginsel is "klasse" eintlik 'n weerspreking).

Nou word as tydadjunk gebruik:

- Nou<sub>1</sub>     269. moet ek nou praat  
           270. dit is hoekom ons nou hier bly
- Nou<sub>2</sub>     271. wat het hulle die ding in daai jare nou genoem?  
           272. toe was dit nou Skeerberg  
           273. toe het die ouderdom nou so gekom
- Nou<sub>3</sub>     274. dit is nou die enigste plek wat jy kan inloop

Nou kan as (bywoordelike) voegwoord gebruik word

275. hy't gekom nou toe draai hy weer

Nou kan ook in 'n verskeidenheid ander adjunktiese funksies gebruik word. Word die voorbeeldsinne wat Ponelis (1979: 289 e.v. gebruik om die adjunkkwessie te bespreek, <sup>beskou</sup> is dit opvallend in hoeveel verskillende voorbeelde Ponelis se voorbeeldadjunk eenvoudig deur nou vervang kan word. Dit is egter so dat Ponelis (1979:289) se indeling "oorwegend semanties" is en dit word hier dan nie verder gevoer nie.

## 8.2 TOE IN GA

Ten opsigte van toe word 'n semantiese klassifikasie ook oorgelaat aan die semantiekafdeling van hierdie verslag.

Sintakties is dit van belang om te onderskei tussen die

gebruik van toe as tydadjunk in, bv.

276. toe was dit nog wild

en toe as betreklike woord in bywoordelike betreklike bysinne,  
soos

277. darie tyd toe was ons maar hier rond

Die vorm /tut/ kom baie frekwent in GA voor:

A. 278. die dag toet ons daar innie kerk is

279. ek was jonk ok toet ek daar loop

280. maar toet hulle nou hier kom, word hulle gevang

281. toet Van Riebeeck hier innie plek inkom

282. toet ons nou terugtrek....

283. toet hy maar net sien

284. toet ek moes skoolgegaan het

B. 285. toe't hulle vir ons geantwoord

286. toe't hulle die land nou makgemak

287. toe't ons nie stowe gehad

Die B-voorbeelde (234-236) hierbo is eenvoudig 'n fonologiese sametrekking van toe + het : toe het hulle ons geantwoord.

Die toet in die A-voorbeelde (278 - 284) is nie 'n same-trekking van die toe en 'n het nie, maar eerder 'n sametrekking wat spruit uit iets soos toe + wat.

Die toet in 'n voorbeeld soos (278) moet die gevolg wees van 'n betreklike konstruksie soos:

op daardie tydstip wat

toe wat

toe(wa)t

toet

So 'n analise maak die sin

die dag toet ons daar in die kerk is  
afleibaar uit:

die dag toe wat ons daar in die kerk is

Wat waarskynlik hier gebeur, is dat die toet as bywoordelike  
anafoor gebruik word, maar dat toe nie volkome as anafoor ervaar  
word nie. Na analogie van wat as bywoordelike anafoor,  
in 'n sin soos:

dit is toe<sub>i</sub> wat<sub>i</sub> ek my goed vat en trek

word wat ook as bywoordelike anafoor saam met 'n anaforiese  
toe gebruik. Hierdie toe + wat word dan saamgetrek tot toet.

9. BYSINNE IN GA

Die enigszins arbitrêre kwessie van sintaktiese kompleksiteit is vroeër (Afdeling 4 ) onder die loep geneem en aangesien dit met verwysing na Bernstein en Van den Broeck hoofsaaklik betrekking gehad het op bysinne is dit nodig dat die kwessie van sintaktiese kompleksiteit in die bespreking van bysinne in GA weer eens ter sprake kom.

Dit behoort uit die bespreking van sintaktiese variasie tot dusver duidelik te blyk dat sintaktiese variasie nie sintaktiese afwyking impliseer nie!

'n Groot deel van die wanopvatting, nl. dat 'n variant 'n verworpe vorm van die standaard sou wees, lê waarskynlik in die onvermoë van die teoretiese variasietaalkunde om die begrip standaard (of dan AB) netjies vas te vat. SA is in hoë mate 'n teoretiese abstraksie, hoofsaaklik omdat geen lid van 'n taalgemeenskap in alle situasies AB-Afrikaans gebruik nie. Die erkenning van 'n standaard is 'n sosiologiese erkenning en nie die erkenning van 'n inherente meerderwaardigheid nie. Al sou 'n begrip soos kompleksiteit dan beskryf word met verwysing na standaardtaal, impliseer dit steeds nie dat dié vorm inherent meerderwaardig of die enigste "korrekte" vorm is nie. Standaard en nie-standaard kan daarom nie geïnterpreteer word as onderskeidelik norm en afwyking nie. Standaardtaal kan dan weinig meer impliseer as 'n hanteerbare, abstrakte vaste verwysingspunt in terme waarvan variasie sinvol bespreek kan word.

Burling (1970:163) se verduideliking kan in sekere opsigte as verouderd beskou word, maar nogtans kan die volgende opmerking van hom (juis as aanloop tot die bespreking van Bernstein se kodeteorie) verhelderend wees: "Whether

dependent upon geography or class, it is unfair to attribute any sort of special linguistic virtue to one dialect as compared to another. One may come to be recognized as a standard, but that is a sociological fact and is in no way a reflection of inherent superiority. Some of the differences between upper and lower-class speech are unquestionably merely a matter of dialectical differences and are linguistically no more important than the differences that separate British from American."

Dit bly egter waar dat nōg die erkenning van verskille tussen individue nōg die erkenning van sosiolekte ondersteuning is vir die aanvaarding daarvan dat die taal van een groep sprekers op enige wyse minderwaardig is teenoor die taal van enige ander groep sprekers.

Die bespreking tot dusver dui duidelik daarop dat sintaktiese vereenvoudiging op een gebied in elk geval elders deur 'n vorm van komplisering gebalanseer word.

Dit is ook belangrik, en hierop wys sowel Burling as Van den Broeck, dat sintaktiese kompleksiteit (versover dit hoegenaamd meetbaar is) in hoë mate 'n registerverskynsel is. Hierdie sintaktiese ondersoek na variasie in GA sal dus sinvol verder uitgebrei kan word na 'n sosiolinguistiese studie waarin eksplisiet gekonsentreer word op bv. die verband tussen sintaktiese kompleksiteit en gespreksonderwerp, meetbare sosiale status, die graad van formeelheid, en so meer. Die bespreking van sintaktiese kompleksiteit met verwysing na die gesprekke en geskrewe Afrikaans (vgl. Afdeling 4) is maar bloot 'n aanduiding van sintaktiese kompleksiteit as register- of stylverskynsel.

Omdat/-----



Omdat die opnames waarop hierdie sintaktiese gedeelte van hierdie verslag gebaseer is nie gerig is op die taalgebruik van dieselfde spreker binne verskillende situasies nie, kan die bespreking van sintaktiese variasie met verwysing na die gebruik van bysinne 'n eensydige beeld skep.

Dit is dan, hoofsaaklik op grond van studies in Engels en Vlaams, so dat gesproke taal eenvoudig 'n kleiner mate van sintaktiese kompleksiteit vertoon as bv. formele, geskrewe taal. Dat dit vir Afrikaans anders sou wees, blyk uit die voorlopige ondersoek (onder andere die aanduiding van die gemiddelde lengte van T-eenhede en die bepaling van 'n onderskikersindeks) onwaarskynlik.

Daar moet dus aanvaar word dat wat hier van bysinne in GA gesê word, nie noodwendig net so sal geld vir GA in ander situasies nie, en ook nie dat dit nie kan geld vir ander variante van Afrikaans nie.

#### 9.1 BYSINSVOLGORDE

Afrikaans volg in die vorming van bysinne gewoonlik nie die V-tweede-beginsel wat geld vir die hoofsinne nie.

288. ons glo dat hulle vandag kan kom

(teenoor: Ons glo. Hulle kan vandag kom.)

Die modale hulpwerkwoord (kan) in (288) word as die spilwerkwoord gebruik. Die V-tweede-beginsel impliseer dat kan as spilwerkwoord in die onafhanklike sin die tweede sinsposisie bekleed, maar dat die spilwerkwoord in die afhanklike sin nie hierdie posisie bekleed nie, om juis die

"afhanklike status vormlik aan te toon" (Ponelis, 1979:496).

Bysinne word in GA ook vormlik aangetoon deur die verskuiwing van die spilwerkwoord uit die tweede posisie.

289. (ons kry dit in die hande)

wat ons in die hande kry

290. (die man het met kaptein Kok gekom)

die man wat met kaptein Kok gekom het

Sodra die bysin in GA egter 'n modale hulpwerkwoord as spilwerkwoord bevat, word hierdie spilwerkwoord nie uit die tweede sinsposisie nader na die sentrumgrens toe verskuif in die afhanklike sin nie. Op hierdie variante sintaktiese reël bestaan daar in GA byna geen uitsondering nie. Die werkwoord-tweede-beginsel bly dus in GA geld vir afhanklike sinne wat 'n modale hulpwerkwoord as spilwerkwoord bevat.

291. solat jy kan die Here se Woord mooi sit luister

292. lat die kind kan jou ok ere

293. (so) lat hy kan daai band losruk

294. lat hulle nie wil hulle se eie nasie ken nie

295. (so swaar gekry) lat hulle moes daar djare bly ....

296. (baas kan wys) hoe moet hy ry

297. (ek sal bly wees) as dit kan so kom

298. wat nog kan daai Bybel lees

299. (die pille) wat moet ek innie more gebruik

300. wat sal sommer weet nie


301. waar hulle kan hulle brood ontvang

(daardie ding) wat ek nou kan goed Xhosa praat

Dit is opvallend dat daar in die geval van veral (maar nie uitsluitlik nie) die betreklike konstruksie (voorbeeld 298 - 302) nie altyd streng gehou word by die plasing van

die modale hulpwerkwoord as spilwerkwoord in die tweede sinsposisie nie: ofskoon die spilwerkwoord in nie een van die voorbeeldsinne na die sentrumgrens verskuif word in die bysin nie, kan die adjunk steeds die posisie in die buitekern beklee, soos in byvoorbeeld (248) en (301).

Vergelyk die volgende hipotetiese voorbeeld met Ponelis (1979:501) se skematiese uiteensetting van die volgorde in die standaardsin (tussen hakies).



Die spilwerkwoord word in GA nie in die bysin na die sentrumgrens verskuif nie, maar word in die buitekern geplaas waar, as daar nie 'n adjunk in die buitekern voorkom nie, die spilwerkwoord steeds in die neutrale tweede sinsposisie bly staan.

Om hierdie plasing van die modale hulpwerkwoord in bysinne in die tweede sinsposisie te verklaar, is moeilik.

Daar word in Nederlands (Van den Berg, 1949 en De Vooy, 1953:395) wel aanvaar dat die hulpwerkwoord het in die bysin vóór of na die deelwoord gebruik kan word (Van den Berg, 1949:155).

"Hij komt later omdat hij de trein gemist heeft."  
of

"Hij komt later omdat hij de trein heeft gemist."

Hoewel hierdie twee moontlikhede wel afwisselend in ouer Afrikaans bestaan het, is dit nie in GA opgeteken nie.

Dat het gehad en gehad het albei in Afrikaans voorgekom het, spreek uit die volgende voorbeelde van Van Dorst (1909: 96+99).

"Daar was één keer 'n ou'e man wat drie seuns  
hêt gehad, ....."  
en

"Die eerste mense wat die Kaap in bezit geneem hêt, ...."

Het kan in Afrikaans in die bysin wel die tweede sinsposisie behou.

ek weet nie wat het hulle dit genoem nie

ek weet nie wat hulle dit genoem het nie

Hierdie plasingreël geld egter slegs die spesifieke leemte=vraagsinne (Ponelis, 1975:524) en nie die betreklike konstruksie nie:

a. ek wonder wat het sy gesoek?

b. ek wonder wat sy gesoek het?

maar nie

c. \*(die man) wat het hier gebly

nie.

Dieselfde reël geld vir SA ook die ander hulpwerkwoorde in 'n spesifieke vraagkonstruksie.

- a. ek wonder wat hulle sal maak?
- b. ?ek wonder wat sal hulle maak?

Dit blyk dus uit die voorbeelde dat 'n volgordereël wat slegs beperk in SA geld, in GA ook op meer konstruksies toegepas kan word. Daarom is die plasing van die modale hulpwerkwoord in die tweede sinsposisie in bysinne ook moontlik.

Dit is interessant dat hierdie moontlikheid reeds in die vorige eeu in sogenaamde Arabies-Afrikaans voorkom. Die volgende voorbeelde uit Van Selms (1951) se Arabies-Afrikaanse studies onderskryf dit:

- p.58 : oef lat daar kan wies miedir as ien allāh
- p.59 : en lat allāhu ta'ālā kan doef wies
- p.69 : wat sal wies in die sikaadawei

Pheiffer (1980:199) meld ook 'n voorbeeld van so 'n volgorde.

"vij zijn in groote noot vhar vij zult broodt hebben voor on zen keijnder - Jan Leroex."

J.C. Steyn (1976:46) wys daarop dat "daar soveel uitinge met dié 'verkeerde' volgorde (is) dat ek met dié een volstaan.

Dis nie net ná dat dat daar van die reël afgewyk word nie." Steyn (1976:46) haal dan die volgende voorbeelde aan wat vergelykbaar is met die Griekwa-voorbeelde:

- (c) "alhoewel die sintetiese vesels kan so vervaardig word...
- (e) En die mense wat eintlik kan baie kinders hê, ...."

Die plasing van die modale hulpwerkwoord is in die

lig van die aangehaalde Steyn-voorbeelde dus nie tot GA beperk nie, maar dit wil tog (intuïtief!) voorkom of daar 'n betekenisverskil bestaan tussen die volgende:

- (a) en die mense wat kan baie kinders hê  
X
- (b) en die mense wat baie kinders kan hê

Dit lyk moontlik om die plasing van kan in (a) in die kern te beskou as 'n nadruksmiddel, terwyl die plasing van kan in (b) in die sentrumgrens neutraal is (vir bysinne).

In GA is die modale hulpwerkwoord in die kern egter juis die neutrale (ongemerkte) posisie en dit kan met ander woorde nie as nadruksmiddel verklaar word nie.

Hoewel moderne sprekers van Nederlands daarvan oortuig is dat die modale hulpwerkwoord in moderne Nederlands nie hierdie posisie kan beklee nie, is taalkundiges by wie navraag gedoen is, daarvan oortuig dat dit wel in ouer Nederlands kan bestaan. Slegs een duidelike voorbeeld kon egter opgespoor word en daar moet dan maar volstaan word met die onbevredigende slotopmerking dat die plasing van modale hulpwerkwoorde in die buitekern 'n tipiese sintaktiese kenmerk van GA is, wat waarskynlik 'n oorblyfsel van Nederlands is, maar voldoende voorbeelde as ondersteuning van hierdie argument kon tot nog toe nie opgespoor word nie.

Die enkele duidelike voorbeeld in ouer Afrikaans waar die modale hulpwerkwoord in die bysin in die buitekern voorkom, vind ons in die brief van 7 Maart 1851 aan "de Drukker van de Grensblad" van ene H. Bezuidenhout (Nienaber, 1971:171):

..... om nou te zeg dat ik en neef Chresjan,  
en neef Jan Harman nie wou met hulle mee gaan, .....

(Dr. C.J. Conradie van die RAU het my op die spoor van hierdie voorbeeld gebring.)

Prof. G.S. Nienaber is ook daarvan oortuig (mondelinge mededeling) dat daar nie 'n ooreenstemmende patroon in Hottentots bestaan nie.

## 9.2 BYSINNE EN SINTAKTIESE VARIASIE

Dit is eenvoudig so dat die meeste vorme van sintaktiese variasie wat tot dusver in hierdie verslag ter sprake gekom het, nie beperk sal wees tot hoofsinne nie. Dit is daarom so dat baie van die bysinne wat in die taalgebruik van die informante voorkom dieselfde soort variasie sal vertoon as wat in byvoorbeeld die NS, die setselgroepe, werkwoordpatrone of adjunkte voorkom. Verder (vgl. byvoorbeeld die bespreking van die infinitief) is daar reeds onder die ander hoofde na bysinsvariasie verwys.

Die doel van hierdie afdeling is om te probeer vasstel of daar sintaktiese variasie in GA voorkom wat verbandhou met die tipe bysin wat gebruik word. Omdat dit so is dat enige gesproke taal minder sinsinlywing bevat as geskrewe taal, is die korpus van bysinne kleiner en is dit moeiliker om algemene stellings ten opsigte van bepaalde soorte bysinne te maak. In die lig hiervan word bysinne dan in die algemeen bespreek.

Uit 'n korpus van 100 leemtekonstruksies (van 10 verskillende sprekers) blyk die frekwensie van variante kon-

konstruksies maar betreklik laag te wees: slegs 8 voorbeelde (wat dus 8% verteenwoordig) van sintaktiese variasie wat tot hierdie soort konstruksie beperk is, kon opgespoor word. Hierdie 8% is ook nie almal van dieselfde orde nie, wat beteken dat die gebruiksfrekwensie van die onderskeie variasies telkens laer as 5 is en dit is onder Labov se aanduiding van 'n beduidende aantal voorkomsforme. Sonder om voor te gee dat dit as algemene stellings aanvaar moet word, skenk ons nogtans vlugtige aandag aan patrone wat wel voorgekom het. Toekomstige sintaktiese variasiestudies sal op grond van meer doelgerigte dataversameling (met die bysins-analise as spesifieke doelwit) meer lig op hierdie onderwerp kan werp.

88% van die 100 leemtekonstruksies waarna reeds verwys is, is voorbeelde van betreklike konstruksies, terwyl die res van hierdie korpus wat-vrae en leemte-splitsings insluit. In die geval van al drie hierdie tipes konstruksies kan daar voorlopig variasiepatrone aangedui word wat deur 'n gerigte ondersoek verder uitgebrei (of miskien verkeerd bewys!) kan word.

Ten opsigte van die keuse van die vorm van die betreklike woord, wil dit tog voorkom of wat as betreklike woord algemener in GA gebruik word as in SA.

Die onderskeid tussen wie as betreklike woord vir menslike antesedente saam met sowel se as die voorsetsel (in gevalle waar die voorsetsel nie weesgelaat word nie) en wat as betreklike woord vir menslike antesedente word in GA in 'n hoë mate opgehef. Verder word die moontlikheid van toe as betreklike woord betrokke op 'n adjunk in GA

ook/-----



ook minder frekwent as in SA. In die plek van toe word wat algemeen gebruik.

Teen hierdie agtergrond kan daar dan beweer word dat wat meer frekwent is as betreklike woord in GA as in SA.

Waarskynlik as gevolg van die hoë frekwensie van die se-vorm saam met persoonlike voornaamwoorde (bv. my se, hom se, hy se, hulle se, en so meer, vergelyk die morfologie-afdeling) word die betreklike wat ook saam met se in kombinasie met 'n menslike antesedent gebruik.

303. dié man wat se pa hier bo bly  
teenoor die SA:

303a. dié man wie se pa hier bo bly

Omdat die voorsetselweeslating (Du Plessis, 1979:9) in GA baie frekwent is (dit is 'n variasiepatroon wat nie tot GA beperk is nie), word die voorsetsel in GA gevolglik weinig vóór die betreklike woord gebruik. Die vorm, bv. vir wie, waar wie op 'n menslike antesedent betrokke is, kom in die korpus nie 'n enkele keer voor nie omdat wat + die weesgelate voorsetsel verplig is.

304. die vrou wat ek voor gewerk het  
(teenoor: die vrou vir wie ek gewerk het)

305. die miesies wat ek oener gewerk het  
(teenoor: die miesies oener wie ek gewerk het)

Die betreklike woord wat word ook gebruik in gevalle waar toe of waar in SA sou voorkom. (Die wat in plaas van

toe word in die afdeling oor adjunkte, Afdeling 8, ook bespreek.)

306. (nou) 'n tydjie terug wat ons in kjêmmel  
aangekom het
307. daai tyd wat die geld (nou) gemaak is
308. die kant wat hy staan

Hierteenoor kan wat in voorgaande voorbeelde in SA vervang word met toe en waar:

- 306a. (nou) 'n tydjie terug toe ons in kjêmmel  
aangekom het
- 307a. daai tyd toe die geld (nou) gemaak is
308. die kant waar hy staan

Verder is enkele voorbeelde opgeteken van betreklike konstruksies waarin Ross se sg. Complex NP Constraint (of Chomsky se Subjacency Condition) wel oortree word. Dit impliseer dat daar gevalle voorkom waar die betreklike bysin óór 'n sikliese knooppunt na regs, weg van die antesedent-NS af verskuif is. Hierdie voorbeelde is egter so min dat 'n veralgemening in hierdie verband onmoontlik is, maar dit wil lyk of dit die gevolg is van die spreker se oorywerigheid om die beginsel van nuwe inligting eerste toe te pas; in dié sin dat hy nuwe inligting wat later in die sin eers moes kom eenvoudig tussen die kop-NS en die betreklike bysin invoeg.

309. die kaffer daai jare wat ek gesien het
310. sy het gesterf wat nou eintlik die taal geken  
het

Sowel dit- as wat-splitsing kom in GA voor, en word gewoonlik as nadruksmiddel aangewend.

311. dit is annerdag wat hy hier gewas het  
312. wat hy baie gestraf het, was die Kaalkaffers

Dit is opvallend dat in albei gevalle van die negatiewe antesedentlose betreklike bysin (die sogenaamde free relatives) wat opgeteken is, die ontkenningsskop òf verskuif òf weggelaat word.

In antwoord op 'n is-hier-nog- vraag antwoord twee verskillende sprekers:

313. wat ek nou noggie opgemerk het nie  
314. wat ek nou weet nie, Baas

Die frekwensie van die vergelykingskonstruksie is in die data betreklik laag en daar word met enkele voorbeelde volstaan (meer word hieroor gesê in die morfologie-afdeling).

315. met die ouer wat jy raak, die meer ervaring kry  
jy .  
316. hulle is nou bietjie meerder grootgeworre  
317. sover waar ek hom ken

Waar 'n onderskikkende voegwoord weggelaat word, het dit gewoonlik tot gevolg dat die bysin 'n SVO-volgorde het.

318. die beste is mar vra vir hom  
319. dit lyk dit sal vandag reën

10. SLOT

Dit is aanvanklik in hierdie deel van die verslag duidelik gestel dat die doel van hierdie studie die analise van die Afrikaans van 'n bepaalde groep sprekers is met spesiale verwysing na die sintaktiese variasiepatrone wat in hierdie vorm van Afrikaans voorkom. Dat daar sprake is van sintaktiese variasie in die Afrikaans van Griekwas blyk uit die ondersoek wel duidelik; dat daar selfs sintaktiese patrone is wat tot hierdie vorm beperk is, is ook aantoonbaar, maar dit is belangrik om tog ten slotte daarop te wys dat hierdie afleidings nie empiriese bewys daarvan is dat die Afrikaans wat Griekwas praat, 'n variant is wat (a) deur alle Griekwas gebruik word nie en (b) dat al die variasievorms noodwendig slegs tot Griekwas beperk is nie.

Hierdie sintaktiese analise is beperk tot die omgangsafrikaans van 'n bepaalde groep Afrikaanssprekendes en teen hierdie agtergrond is dit kwalik meer as 'n loodsondersoek na sintaktiese variasie in nie-standaardafrikaans. Daar is in die loop van die bespreking verskeie kere daarop gewys dat heelwat van die sintaktiese patrone wat in GA opgeteken is ook in ander variante van die Afrikaanse spreektaal voorkom.

Hoewel daar in hierdie sintaktiese analise weggekom word van die analise van 'n ideale-sprekerdialek, is dit steeds nie 'n voorbeeld van 'n multidialekmetodologie nie, aangesien daar hoogstens van twee moontlike dialekte (GA en SA) sprake is. Selfs 'n tweedialekmetodologie bly (soos die teoretiese eendialekmetodologie) 'n gerieflike idealisering van die feitelike linguistiese situasie en meer navorsing is nodig ten einde op wetenskaplike grond die onderwerp van sintaktiese variasie in Afrikaans af te handel.

Teen hierdie agtergrond is selfs die term GA bloot 'n gerieflikheidsterm wat nie eers behoort te impliseer dat blankes in dieselfde geografiese omgewing nie ook van hierdie vorm van Afrikaans gebruik maak nie.

Ten spyte van die sintaktiese variasie wat wel in hierdie verslag aangetoon kon word, moet daar steeds in gedagte gehou word dat hedendaagse sintaktiese patrone in GA soms ooreenkomste vertoon met vorme van vroeër Afrikaans (soos bv. aangehaal deur Van Oordt, 1909) en vroeëre vorme van die sg. Arabies-Afrikaanse tekste (soos aangegee deur Van Selms, 1951 en Erasmus, 1976.). Verder vertoon die sintaksis van hedendaagse GA nie besonder beduidende verskil met die GA van vyftig jaar gelede nie (soos veral deur Rademeyer, 1938, beskryf), maar ook in hierdie verband moet daar gewys word op die verdere navorsingsmoontlikhede wat so 'n afleiding veronderstel: daar bestaan bv. ruimte vir 'n sociolinguistiese ondersoek waarin die Afrikaans van Griekwakinders vergelyk word met dié van Griekwas ouer as sê sewentig jaar.

'n Aanduiding daarvan dat die Afrikaans van Griekwas reeds geruime tyd bestaan, kan daarin gevind word, nl. dat sintaktiese verskille tussen die Afrikaans van die drie geografiese groepe wat by hierdie ondersoek betrek is (vgl. die Voorwoord) nie opvallend is nie.

Op grond van die hoë mate van diachroniese verklaarbaarheid van 'n groot aantal van die sintaktiese variasiepatrone, kan die beskouing dat GA 'n "veragterde" variant of 'n Kreoolse vorm is as wetenskaplike twak afgemaak word. Die verste wat 'n

mens in hierdie verband sou kon gaan, moet m.i. aansluit by Wolfram (1974:501) se insiggewende opmerking oor die sg. Black English: "It may be possible, for example, to maintain that black speech was originally derived from British dialects, but that social and geographical segregation patterns allowed it to develop in a direction slightly different from the varieties spoken by whites." Dít lyk vir my in die geval van hierdie variant van Afrikaans selfs meer as net "possible"! Miskien met dié opmerking: die Afrikaans van Griekwas dui eerder op die behoud van vroeëre Afrikaanse dialekte, en nie soseer 'n afleiding daarvan nie en (hoewel die patrone van sosiale, politieke en geografiese skeiding nie ontken kan word nie) GA is waarskynlik nie sō verskillend van variante wat deur blankes in dieselfde geografiese omgewing gepraat word as wat Von Wielligh en selfs Rademeyer na hom wil voorgee nie.

Ten slotte kan die belangrikheid van die kompensasieregels by die studie van sintaktiese variasie nie oor die hoof gesien word nie. Laat 'n aanhaling uit prof. M.C.J. van Rensburg dan die slotwoord spreek (1976:9+10): "natuurlike taalreëls (hou in so 'n mate verband dat wanneer jy aan die een torring, jy aan baie ander ook roer" en: "As taalverandering op die keper beskou word, lyk dit asof vernuwing nie die reël is nie. Daar word maar altoos, in elk geval baie maklik teruggegryp na reëls toe wat al in die verre verlede verdwyn het. 'n Soort sirkelgang dus."

Hiermee is daar weinig meer as 'n klein snit gemaak in die studie van sintaktiese variasie in Afrikaans, maar mag hierdie klein trek tog die "hele web" laat roer.

BRONNELYS

1. Bell, R.T. 1978. Sociolinguistics. London: BT Batsford.
2. Bolinger, D. 1975. Aspects of language. New York: Harcourt.
3. Bosman, D.B. 1916. Afrikaans en Maleis-Portugees.  
Groningen: P. Noordhoff.
4. \_\_\_\_\_ 1923. Oor die ontstaan van Afrikaans.  
Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
5. Botha, J.P. 1976. Die onderskeid tussen hoof- en medewerk=  
woorde. In Taalfasette, 21.
6. Bouman, A.C. en E.C. Pienaar. 1933. Afrikaanse spraakkuns.  
Stellenbosch: Pro-Ecclesia.
7. Brown, R. en A. Gilman. 1970. The pronouns of power and  
solidarity. In Fishman, 1970.
8. Burling, R. 1970. Man's many voices. New York: Holt  
Rinehart & Winston.
9. Chafe, W.L. 1970. Meaning and the structure of language.  
Chicago: Chicago University Press.
10. Chambers, J.K. en P. Trudgill. 1980. Dialectology.  
Cambridge: Cambridge University Press.
11. Cheshire, J. 1982. Variation in an English dialect.  
Cambridge: Cambridge University Press.
12. Claassen, G. en M.C.J. van Rensburg. (Reds.) 1982.  
Taalverskeidenheid in Afrikaans. Kaapstad: Academica.
13. Clarke, E.V. 1974. Normal states and evaluative viewpoints.  
In Language, 50, 2.
14. Combrink, J. 1981. Kom en gaan. In Kongresreferate, LVSA.
15. Conradie, C.J. 1979. Die diachronie van die Afrikaanse  
voltooide deelwoord. Ongepubliseerde tesis, WITS.

16. De Klerk, G.J. 1982. Middelnederlands. Pretoria: Van Schaik.
17. De Klerk, W.J. en F.A. Ponelis. 1976. Gedenkbundel, H.J.J.M. van der Merwe. Pretoria: Van Schaik.
18. De Villiers, M. 1948. Woordsoorte, werkwoorde en tye. Kaapstad: Nasionale pers.
19. \_\_\_\_\_ 1951. Werkwoordsvorme in Afrikaans in die verlede tyd. Annale van die Universiteit van Stellenbosch, jg. XXVI, reeks B, nr. 1.
20. \_\_\_\_\_ 1968. Die grammatika van tyd en modaliteit. Kaapstad: Balkema.
21. De Vooy, C.G.N. 1953. Nederlandse spraakkunst. (Derde hersiene druk.) Groningen: J.B. Wolters.
22. Du Plessis, H. 1972. Die deeltjiewerkwoord in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling, Unisa.
23. \_\_\_\_\_ 1977. Oor DAAR in Afrikaans. In Tydskrif vir geesteswetenskappe, jg. 17, nr. 3.
24. \_\_\_\_\_ - 1979a. Opmerkinge oor Johannesburgse Afrikaans. In Taalseminaar, 1979. Universiteit van Pretoria.
25. \_\_\_\_\_ 1979b. Wat is WAT? RAU, Reeks B8.
26. Erasmus, A.S. 1976. 'n Geannoteerde transkripsie van die Arabies-Afrikaanse FAFSĪR SŪRAT YŪSUF van<sup>C</sup>ABDU 'R-RAHĪM B. AL-MARHŪM MUHAMMAD AL -<sup>C</sup>IRĀQĪ. Ongepubliseerde proefskrif, UPE.
27. Fasold, R.W. 1972. Tense marking in Black English. Arlington: Center for applied linguistics.
28. Fishman, J.A. (Red) 1970. Readings in the sociology of language. Den Haag: Mouton.
29. \_\_\_\_\_ (Red) 1971. Advances in the sociology of language. Vol 1) Den Haag: Mouton.



30. Gibson, K. 1983  
In Lingua, 60.
31. Grayshon, M.C. 1977. Towards a social grammar of language.  
Den Haag: Mouton.
32. Hudson, R.A. 1982. Sociolinguistics. Cambridge: Cambridge  
University Press.
33. Joseph, M. 1982. Dialect, language and 'synecdoche'. In  
Linguistics, 20 - 7/8.
34. King, R.D. 1969. Historical linguistics and generative  
grammar. New Jersey: Prentice Hall.
35. Klopper, R.H. 1981. Die sosiale stratifisering van Kaapse  
Afrikaans. In Kongresreferate 1981, LVSA.
36. \_\_\_\_\_ 1982. Die sosiale stratifisering in Kaapse  
Afrikaans. In Claassen en Van Rensburg (1982).
37. Labov, W. 1971. The study of language in social context.  
In Fishman (1971).
38. Labov, W. 1972. Sociolinguistic patterns. Oxford: Basil  
Blackwell.
39. Langacker, R.W. 1974. The form and meaning of the English  
auxiliary. In Language, 54, 1.
40. Laubser, J.E. 1961. Die saamgestelde verbale vorm van  
Nederlands en Afrikaans. Groningen: J.B. Wolters.
41. Nienaber, G.S. 1971. Afrikaans in die vroeër jare. (Tweede,  
verbeterde en uitgebreide uitgawe.) Johannesburg:  
Voortrekkerpers.
42. Odendal, F.F. 1976. Oor die aanspreekvorme in Afrikaans.  
In De Klerk en Ponelis (1970).
43. Pauwels, J.L. 1965. De volgorde van de verbogen verbale  
vormen in het Nederlands. In Dietse studies.

44. Kempen, W. 1965. Die verbale hendiadis in Afrikaans. In Dietse studies.
45. Pheiffer, R.H. 1980. Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu. Kaapstad: Academica.
46. Ponelis, F.A. 1967. Sintaktiese teorie en die om te-groep in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling, UPE.
47. \_\_\_\_\_ 1979. Afrikaanse sintaksis. Pretoria: Van Schaik.
48. \_\_\_\_\_ en H.J.J.M. van der Merwe. 1983. Die korrekte woord. (Sesde hersiene en uitgebreide uitgawe.) Pretoria: Van Schaik.
49. Rademeyer, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.
50. Raidt, E.H. s.j. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.
51. Samuels, M.L. 1972. Linguistic evolution. Cambridge: Cambridge University Press.
52. Scholtz, J. du P. 1965. Dietse studies. Bundel opgedra aan prof. J. du P. Scholtz. Kaapstad: Academica.
53. \_\_\_\_\_ 1980. Wording en ontwikkeling van Afrikaans Kaapstad: Tafelberg.
54. \_\_\_\_\_ 1981. Taalhistoriese opstelle. Kaapstad: Tafelberg.
55. Spears, A.K. 1982. Black English semi auxiliary come. In Language, 50, 4.
56. Steyn, J.C. 1976. 'n Paar sintaktiese onvastighede in Afrikaans. In Taalfasette, 20 (3).

57. Trudgill, P. 1983. On dialect. Oxford: Basil Blackwell.
58. Valkhoff, M.F. 1966. Studies in Portugeuse and creole.  
Johannesburg: Witwatersrand University Press.
59. Van den Broeck, F.E.F. 1983. Class differences in syntactic complexity in the Flemish town of Maaseik.  
In Language in society, 6.
60. Van Jaarsveld, G.J. 1984. Van staan, sit en lê. In  
SA tydskrif vir taalkunde, 2,1.
61. Van Oordt, J.F. 1909. Manual of Cape Dutch. Kaapstad: HAUM.
62. Van Rensburg, M.C.J. 1976. Die bestudering van taalvariante in Afrikaans. In Taalfasette, 20(3).
63. \_\_\_\_\_ 1980. Fasette van die studie van nie-standaard Afrikaans. In Taalfasette, 27(2).
64. Van den Berg, B. 1949. De plaats van het hulpwerkwoord in de voltooide tijden in de Nederlandse bijzin.  
In Taal en tongval, Eerste jaargang.
65. Van Schalkwyk, D.J. 1983. Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-basters. Ongepubliseerde tesis, RAU.
66. Van Selms, A. 1951. Arabies-Afrikaanse studies. Amsterdam: N.V. Noord-Hollandsche Uitgevers mpy.
67. Van Zyl, D.H. 1947. 'n Griekwa-"ietsigheid". Kaapstad: Nasionale pers.
68. Von Wielligh, G.R. 1925. Ons geselstaal. Pretoria: Van Schaik
69. Webb, V.N. 1980. Labov se veranderlikereëlteorie. In Taalseminaar 1980, UP.
70. Wolfram, W. 1974. The relationship of white Southern speech to vernacular Black English. In Language, 50,3.

71. Wybenga, D.M. 1981. Aanspreekvorme en wisselende status.  
Ongepubliseerde verhandeling. PU vir CHO.
72. \_\_\_\_\_ 1983. Grammatiese tydvergestalting in  
Afrikaans. Ongepubliseerde tesis. PU vir CHO.

2.2 G E S P R E K S P A T R O N E

G.J. VAN JAARVELD

INHOUDSOPGAWE

	<u>BLADSY</u>
2.2.1 Inleiding .....	198
2.2.2 Formules, herhalings en gespreksonderwerpe .....	200
2.2.3 Die gebruik van die woord <u>nou</u> in Griekwa-Afrikaans .....	208
2.2.4 Die adjektief-naamwoordkonstruksie in Griekwa-Afrikaans .....	218
2.2.5 Bibliografie .....	228

## GESPRESKSPATRONE IN GRIEKWA-AFRIKAANS

### 1. Inleiding

Een van die opvallendste eienskappe van die gesprekke tussen die ondervraers en Griekwas, is die gemaklike wyse waarop die onderhoude verloop. Griekwas is oor die algemeen baie hartlike mense wat graag gesels. 'n Mens wil amper sê: die Griekwa is 'n gebore geselser.

Die onderhoude kan in terme van 'n gesprekstopologie beskou word as vraaggesprekke (vgl. Van der Riet 1984 : 88 - 101). Dit is die tipe gesprek waarin die ondervraer die leidende rol neem, en die gesprek rig deur vrae.

Van Jaarsveld 1983 : 198 e.v. onderskei weer by gesprekke in Afrikaans aspekte soos formules, gambiete, die tema en topiek van gesprekke en gespreksinvoering in die algemeen. Daar is verskeie wyses waarop die gespreksonderwerp aan die bod gestel kan word (vgl. ook Van der Riet 1984 : 59 - 64).

In die gedeelte wat volg wil ons graag na die volgende aspekte van gesprekke kyk:

- die gebruik van formules
- herhalings
- die invoering van gespreksonderwerpe
- die sg. "double bind"-konstruksie.

Een van die opvallendste geselswoordjies in SA sowel as GA is die woordjie nou. Nou het verskillende semantiese funksies, o.a. om tyd aan te dui, om stellings te versterk, ens. Die frekwensie van nou, dikwels die herhaling daarvan, val 'n mens gou op in GA.

Ons wil daarom ook graag nou se funksie in meer besonderhede bespreek.

Een van die funksies van nou wat bespreek word, is die tydsverwysende funksie. Aansluitend daarby val 'n hele aantal konstruksies 'n mens op wat juis verwys na tydsaspekte, bv.

- vroetydse mense / vroetyd se mense (?)

Die gebruik van dié konstruksies word dan kortliks bespreek.

Griekwa-Afrikaans is 'n kleurvolle variant van Afrikaans. In die geselstaal kom daar dikwels opvallende uitdrukkings voor. In 'n verslag van die aard kan almal nouliks bespreek word. Tog was daar 'n paar uiters opvallende kombinasies van adjektief plus selfstandige naamwoord dat ons kortliks ook aan die onderliggende semantiese verhouding tussen die adjektief en naamwoord van 'n paar konstruksies aandag gee.

In die geselstaal kom dit dikwels voor dat 'n sin op 'n bepaalde manier begin word, maar in die verloop verander word na 'n ander sin, vgl. bv.

- Ek het die kar het ek gekoop.

Franck s.j. : 2 noem hierdie tipe sinne sinne "double bind" - konstruksie. Dit het waarskynlik te doen met die invoering van gespreksonderwerpe, d.w.s. die spreker stel die onderwerp aan die bod maar besluit dan om anders oor die onderwerp te praat. Enkele voorbeelde van die verskynsels sal ook kortliks bespreek word.

Ons vertrou dat die enigsins oorsigtelike wyse waarop verskillende aspekte behandel is, navorsers sal stimuleer om die onderwerpe wat aangeroeer word deegliker te ondersoek en te beskryf.



## 2 FORMULES, HERHALINGS EN GESPREKSONDERWERPE

Een van die opvallendste formules in GA is nou. (Die gebruiksfunksies van nou word verderaan breedvoerig bespreek.) Formules word deur Van der Riet 1984 : 65 soos volg omskryf: "Formules is semanties leë taalbousels wat stereotopies in gesprekke voorkom ter wille van hoflikheid en sosiale solidariteit. Dit is deel van fatiese kommunikasie wat 'n baie belangrike rol binne gesprekstrategieë speel."

In die Griekwa-vertellings kom verskillende formules voor:

- Nou ja,...
- Haai,... (ook Hêi)
- Haai oe Vader,...

en vervormings van Here:

- My heerder,...
- Jinning,...
- Jeners,...

Jeners is by my wete onbekend in SA. Dit val 'n mens egter op dat die frekwente formule in SA heerlikheid nie in GA voorkom nie.

Die volgende formules is eintlik oorblyfsels van Hottentots en kom selde voor:

- Etse!
- Arrie!
- Aitse...

Die invoeging van ja en nee in ons geselstaal bly een van die interessante verskynsels. In SA kom die volgende algemeen voor:

- Toe sê ja hulle moet....

Die gebruik kom egter nie in GA voor nie, wel kom die Nee dikwels voor, vgl.

(A = Ondervraer)

(B = Griekwa)

A : Toe hy terugkom uit die "army" uit?

B : Nee, toe's hy nou gesterwe is.

A : Ek sien. Wat het hy toe gedoen?

B : Nee, hys maar sommer so rond.

Die nee kom nie net aan die begin van sinne voor nie, vgl.

- ...dan sien jy mos nou, nee, hy tel ordentlik op.
- As jy nou sien, nee, dit is nou tyd...
- Maar toet ek nou eers sien die baasgoed gaan daa, toe sê ek nee, dis miskien maar een...
- Wat ek nou weer kyk, sien ek, nee, maar hier kom die kar.
- Ja my baas. Nee Baas, in die aand dan kry jy nou...

Nee kom in hierdie voorbeelde almal voor in die omgewing van werkwoorde wat sintuie beskryf of taalhandelingswerkwoorde wat sê. 'n Beter studie daarvan behoort interessante gegewens aan die lig te bring.

Alhoewel dit wil voorkom asof die funksie van die formules is om aandag te trek, wil dit in baie gevalle voorkom asof hulle, veral nou, ook gebruik word om tyd te wen waarskynlik vir die spreker om sy gedagtes mooi agtermekaar te kry.

Soos vroëer aangedui, kan die gesprekke vraaggesprekke genoem word. In Afrikaans word die vraag in vertellings dikwels geheel of gedeeltelik herhaal. Soms is die herhaling van die vraag deur die hoorder 'n teken van verbasing, asof die antwoord voor die

hand liggend is; anders kan dit as middel dien om die hoorder se aandag gevange te hou, vgl.

A : En wat doen julle toe?

B : En wat doen ons toe? Ons skiet hulle.

Dikwels word slegs gedeeltes van die vraag herhaal. By die Griekwas kom dit meermale voor, vgl.

A : Wat het jy gedoen toe jy klein was?

B : Klein was, Baas, ek het....

A : Is dit die klere wat hulle nog by die feeste aantrek?

B : Aantrek...aantrek, wat hulle nou nog by die feeste aantrek.

A : Nou ja, wat doen die Boegoe nou?

B : Die boegoe baas?

A : Ja.

B : Die boegoe. Sy moet die boegoe het...

Die teenvraag in die laaste voorbeeld moet nie gesien word as 'n vraag oor onduidelikheid nie. Eerder as 'n retoriese manewer waarby die verteller die inisiatief behou en sy hoorder geïnteresseerd hou, vgl. ook:

A : En' wat het hy dan aan?

B : Die jongmeisie - Nabassas? Ek gooi hom 'n "veil" oor.

Herhalings het dikwels die funksie om 'n feit te beklemtoon. Verskeie sinstukke kan herhaal word om prominensie te verkry. Semanties beteken dit dat bykans enige semantiese rol op 'n stadium uitgelig kan word, vgl.

- Ja, hierdie stroppe wat...hierdie stroppe wat hier om die osse se nek is. (Semantiese objek)
- Voorlat hy nie, voorlat hy nie by sy tydelik gekom het soos hulle moet wees nie (Semantiese voorwaarde)

Die volgende herhaling gaan ook gepaard met substitusie asook woordordewysiging. Dit wil voorkom asof die hele herhaling 'n beklemtonende funksie het, m.a.w. nie een rol word prominenter aangewend as 'n ander nie, vgl.

- Die ou bly in die Kleurlinggebied, daar bly die ou Baas.

Verdere voorbeelde:

- Sy was 'n Juliese, ja, sy was 'n Juliese, toe trou sy in die Adamse in.
- En toet ek hier gekom met drie beeste...met drie beeste hier gekom Baas.

Die rol van herhalings ter wille van selfoortuiging soos in die eerste voorbeeld en (moontlike) selfkontrolering in die tweede voorbeeld is nog nie vir Afrikaans ondersoek nie. Voorlopig wil dit voorkom asof die volgende reëls die herhalings in GA beheers:

- Herhaling sonder rede (dalk om te soek na woorde)
  - ...hoe se hulle tog die...die die...die kjerk se mense
- Beklemtoning ter wille van dramatiese effek.
- Selfoortuiging
- Selfkontrolering
- Duidelikheid
  - ...die kerk hie(r), hie(r), hie(r), hie(r) was die kerk gewees, net hiersô sô...

Die magdom data van GA bied 'n ideale geleentheid om die funksies van herhalings by ongeïnhibeerde sprekers na te gaan.

Die volgende voorbeelde moet egter nie as 'n tipe herhaling gesien word nie. Wat hier aan die gang is, is dat die spreker sy sin herbegin dikwels as gevolg van 'n foutiewe werkwoordkeuse. Die werkwoord se seleksiereëls laat die spreker dan nie toe om die sin te voltooi met die inhoud wat hy in gedagte het nie. Dis ook 'n bewys dat ons al dinkende formuleer, vgl.

- Ons het altys (altyd?) die...e...ons gee (h)om eers 'n kennisgewing.

In hierdie voorbeeld is daar 'n probleem om die regte semantiese objek in te voeg. Die segsman kon dalk sy sin soos volg aangebied het

- Ons het altyd vir hulle eers 'n kennisgewing gegee

maar dan het hy 'n probleem met die tyd van die sin. Min of meer dieselfde geld

- Nee, ons is...ons het tirksvyblaaie geloop eet.

In die volgende gevalle weer, kry die spreker nie mooi gekies tussen semantiese agense nie, vgl.

- ...moet ons,...dan moet hulle nog..., 'n mens hulle nog wakker maak.

Dit wil voorkom asof die spreker nie die agens wou noem nie, daarom die passiewe gedeelte in die middel en die generiese agens aan die einde. In die volgende voorbeeld wil die spreker homself op die voorgrond stel en verwissel die voornaamwoorde:

- Nou het ons al...ek het al in Campbell gepraat.

Die volgende voorbeeld wys hoe die spreker hom vasgeknoop het met 'n plekaanduiding

- Baas kry hulle op...hier is nog van hulle

en in die volgende voorbeeld is dit onsekerheid oor tyd wat die herformulering veroorsaak:

- Toe gaan...toe leer ek Ingels en Hollands.

In hierdie konteks sou "Toe gaan leer ek Ingels en Hollands" net so goed gewees het.

Bg. moet goed onderskei word van 'n ander interessante gespreks=verskynsel wat blykbaar in meer tale voorkom, nl. die sg. "double-bind"-konstruksie, vgl. Franck s.j. : 1 - 23:

'n Voorbeeld hiervan is die volgende:

- Ons het almal ons kiste is reg.

Op een of ander wyse word twee identifiseerbare sinne aan mekaar gevoeg, nl. in bg. voorbeeld

- Ons het almal ons kiste
- Ons kiste is reg

In die sin word die semantiese objek tegelyk ook semantiese agens. Daar kom egter verskillende tipes voor, vgl.

- Hy't 'n hele klomp vrouens het hy.
- Hy's bo-op die dak sit hy.
- Ons was op Rietsdrif het ons gebly.

In bg. voorbeeld weer, behou die dubbel-gedeelte sy semantiese rol, maar hulle kan op dieselfde wyse as by die heel eerste voorbeeld as twee aanmeakaargelaste sinne beskou word.

'n Verdere tipe hiervan kry ons by die volgende voorbeelde:

- En verder is die ander Griekwas is op die plaas.
- Ek het...kyk...grafwerk (grawewerk) het ek baie (gedoen?)

Hier word nog 'n dubbel-gedeelte aan die einde van die sin aange-tref, vgl.

- En verder is die ander Griekwas op die plaas.
- Die ander Griekwas is op die plaas.

Presies wat die funksie van die soort konstruksie is, kan nie met die beperkte data vasgestel word nie, ook nie watter tipes daar almal voorkom en met watter frekwensie nie. Die Griekwadata tot ons beskikking is nie sistematies hiervoor ontsluit nie. Die gemak waarmee die voorbeeldjies egter opgeteken is, suggereer dat daar baie van die tipe sinnetjies in die data verskuil lê. Semanties en pragmaties sou dit 'n studie met vele fasette kon wees, nl. om die frekwensie vas te stel, die verskillende tipes, semantiese beperkings op tipes, die dubbele neerslag van semantiese rolle, die gebruiksfunksie daarvan, ensovoorts. Dit sou ook iets te make kon hê met gespreksonderwerp invoerings, d.w.s. die gespreksonderwerp word ingevoer deur die eerste sin maar gelyk word die onderwerp verder gevoer deur die tweede sin, vgl.

- Ons het almal ons kiste.
- Ons kiste is reg.

Dis 'n saak wat verder ondersoek behoort te word.

Onderwerpsinvoering kan op verskillende wyses geskied (vgl. Van Jaarsveld 1983 : 198 e.v.). Vrae is uiteraard gespreksinvoerders en onderwerpsinvoerders. Daarvan is daar talle voorbeelde in die data. Dis egter binne die vertellings wat onderwerpsinvoering interessant raak. Een van die opvallende wyses is om die topiek voorop te stel (vgl. Van Jaarsveld 1983 : 202 e.v. vir 'n bespreking daarvan). Daarvan is daar ook talle voorbeelde, vgl. o.a.

- Nou die man, hy was...
- Klaas Bloukop, hy het 'n Leemetfordgeweer.
- Meneer, die Griekwataal, ons wat hom nog kan gebruik...
- Die boksakkies, hy word netjies gebrei.

Wanneer die gespeksonderwerp so ingevoer word of op so 'n manier semantiese prominensie verkry, is die topiek gewoonlik 'n kongruente anafoor, die man...hy, ens. Soms soos in die laaste voorbeeld hierbo, is die anafoor nie kongruent nie en soms gebeur dit dat die tema weer herhaal word soos in die volgende voorbeeld, vgl.

- Dai mōniement, e...toe dai wat daai moniement opgegaan het...

Sommige sinne pas nie mooi in die patroon nie en 'n mens is nie seker of dit as herhalings of as tema-onderwerpsinvoering beskryf moet word nie, vgl.

- Die kjeners het nie ko...hulle het nie gisteraand kon slaap nie.

Die kjeners...hulle lyk na 'n tipiese tema-gespreksonderwerpsinvoering, maar dit kan ook beskou word as 'n herformulering. Omdat die topiek reeds aangedui is, word die anafoor in die korreksie gebruik.



### 3 DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD NOU IN GRIEKWA-AFRIKAANS

HAT gee vir die bywoord nou die volgende betekenisfasette:

- "1. Op hierdie oomblik : Doen dit nou.
2. Teenswoordig, in ons dae : Nou word dit ouderwets genoem.
3. Om 'n versoek te bekragtig : Wie sal nou so iets sê?" HAT 1979 : 740.

Bekyk ons bogenoemde fyner, dan kom dit voor asof fasette 1 en 2 te doen het met die tyd waarna die spreker verwys, terwyl 3 te doen het met die versterking van 'n uiting (vergelyk Van Jaarsveld 1982 : 291 - 292).

Wanneer 'n mens na Griekwas se taalgebruik luister, val die frekwensie van die gebruik van nou baie gou op. Nou het waarskynlik baie semantiese (pragmatiese?) funksies, vergelyk net een treffende voorbeeld:

- Ja, ek kan nou nie eintlik nou sê wat ek mekeer nie.

Kyk 'n mens weer na nou in 1 en 2, val 'n verdere verskil jou op. Nou in 1 verwys na 'n bepaalde tydstip in die hede, 'n punt in die tyd wat min of meer afgegrens kan word, terwyl nou in 2 iets gee soos deesdae, d.w.s. 'n tyd wat in die hede verloop/aan die gang is, en dit bring onmiddellik aspek op die voorgrond. Nou 1 kan moontlik as inchoatiewe aspek opgevat word, en nou 2 as duratiewe aspek. Die verhouding tussen aspek en tyd is in Afrikaans nie altyd duidelik nie. Verder is die klassieke indeling van tyd in Afrikaans onvoldoende om fyn tydsnuanses uit te druk.

Lyons 1977 : 678 merk tereg op : "...tense...is not a universal feature of language" en verder : "When it is said that certain languages (e.g. Chinese or Malay) do not have tense, what is usually meant is that these languages do not obligatorily relate the time of the situation being described to the time of utterance by any systematic variation in sentence structure of the sentence" (Lyons 1977 : 678 - 679). In Afrikaans is dit oorbekend, vergelyk:

- Toe ek gister daar gekom het.
- Toe ek gister daar kom.

Tyd word in Afrikaans meestal aangedui deur deiktiese bywoorde soos toe, nou, gister, vandag, gedurende, ensovoorts. Ons verwag dan ook nie dat tyd op 'n wyse in GA gegrammatikaliseer is deur die sistematiese gebruik van morfeme (byvoorbeeld die ge-) of deur bepaalde sinstruktuurpatrone nie, vergelyk byvoorbeeld:

- Van die begin af toe praat ek sommer Afferkans.

Wanneer 'n mens dan praat van tyd moet mens onthou dat "The canonical situation-of-utterance is egocentric in the sense that the speaker, by virtue of being the speaker, casts himself in the role of ego and relates everything to his viewpoint.....the spatio-temporal zero-point (the here and now) is determined by the place of the speaker at the moment of utterance; and it is this, as we shall see, which controls tense" (Lyons 1977 : 639).

Wat die tydsaspekte van nou betref kan ons t.o.v. HAT al dadelik 'n verfyning aanbring. Nou kan verwys na

- 1. 'n Bepaalde oomblik in die hede : Dit is nou sesuur op die kop.
- 2. Binnekort, oor 'n kort rukkie : Ek is nou daar.
- 3. Nou net, pas, 'n rukkie gelede : Hy het nou hier aangekom.
- 4. Teenswoordig, deesdae : Nou word dit so gedoen.

'n Mens hoef egter net na 'n paar voorbeelde van nou in GA te kyk om te beseef dat nou ook nog ander gebruike het, ook gebruike wat niks met tyd te doen het nie.

In die eerste plek is daar die gebruik van nou as formule. Volgens Van der Riet 1984 : 65 is 'n formule die volgende: "Formules is semanties leë taalbousels wat stereotipies in gesprekke voorkom ter wille van hoflikheid en sosiale solidariteit."

In die volgende voorbeelde kom nou as formule voor:

- Nou ek was mos mar nou daai tyd noggie ... daai kjerkerk gegaan nie.
- Nou die Sadderagaand was daa noû baie liedjies gaweess gesing.
- Nou, daai tyd die Holland is nie sô nie.
- Nou, ek was mos maar nou daai tyd noggie daai kerk gegaan nie.

Uit die transkripsies en selfs die bande is dit nie altyd duidelik of nou 'n formule is of 'n bywoord van tyd nie, vergelyk die volgende voorbeelde:

- ...wat ek nou hier begint het bas.
- Hier is 'n oubaas nou gaweess waai 'n boy soek.

Nou verwys na die hede waarskynlik volgens die gebruiksfasette wat hierbo gespesifiseer is, vergelyk:

- ...soos meneer nou daarso sê het, want "because" ek was te klein gawis daai tyd.
- Ek kan nou net'ie geondu nie.
- Kan ek nou ok nou nie veel sê nie.

In al die voorbeelde en hulle kan uitgebreid gekwantifiseer word, kom die faset voor wat te doen het met 'n bepaalde oomblik in die hede, met ander woorde betekenisfaset 1.

In die volgende voorbeelde kry ons weer verwysing na tyd oor 'n rukkie (die tyd hoef ook nie te naby te wees nie), vergelyk:

- Nou met die hollie-day wat die bas nou see toe gaan.
- Ek kan ok nou môre gan dan kan ek da gan bly as ek wil...dan kan hulle nie verstôt nie.
- Dan kom hy nou weer vir krismis hiersô.

Faset 3 hierbo, het naamlik te doen met verwysing na 'n tyd 'n kort rukkie gelede, vergelyk:

- Hy's ook oorlede nou kort onlangs in "February".
- Wat ek nou hier begint het bas.
- ...die...mode wat nou engekome het,...

Variasies op die patroon van die segsman nou kort onlangs kom in Afrikaans wyd voor, vergelyk onlangs, nou onlangs, nou kort gelede sodat 'n mens wonder of hier nie 'n kontaminasie plaasgevind het nie, m.a.w. nou onlangs + kort gelede het geword nou kort onlangs.

Ook van faset 4 is daar voorbeelde, vergelyk:

- Nie nou wat die kinners nou groot word nie.

In al die bogenoemde gevalle is dit duidelik dat die tyd wat deur nou uitgedruk word, bepaal word vanaf die tyd waarop die spreker praat. Nou as verwysing na die hede dui dus op 'n voortdurende verskuiwende punt, vergelyk:

- Ons het mos nou (=nou net) daaroor gepraat.

Op hierdie punt is die ego en hy kan verwys na gebeure in die onmiddellike toekoms. Lyons 1977 : 690 sê: "The speaker projects himself backwards and forwards in time, as it were, into some other world, from which events appear to him in the past or in future." Schnelle 1981 : 650 verwys ook daarna as subjektiewe tyd.

In Afrikaans is die projeksie van die ego na 'n ander deiktiese punt nie formeel gemerk nie. Vir verwysing na die verlede gebruik ons bywoorde gister, toe ensovoorts en die werkwoord word nòg vir tyd nòg vir aspek reëlmatig gemerk, vergelyk weer:

- Gister, terwyl ek met hom praat...
- Gister, terwyl ek met hom gepraat het...

Uit ons ontleding van die nou se gebruik vir tydverwysing in die verlede, blyk dit dat die volgende onderskei kan word in GA.

- 'n Bepaling van deiktiese verwysing in die verlede, oorplasing van ego na 'n tyd/punt in die verlede, verwysing na 'n stadium in die verlede. (Nou is hier dikwels gelyk aan toe.)
- wat...moes nou daarso oorgevat.
- ...wat ek nou kon gaverstaan het nog.
- Nou ek was mos mar nou daai teid noggie daai kjerker gegaan nie.
- ...toe ek nou klein gewees het...

Ons is daaraan gewoond om toe te gebruik om te wys dat die spreker verwys na 'n tyd in die verlede. In GA kom toe dan ook dikwels voor, maar dit wil voorkom asof 'n herhaling van die verwysing na die tyd, wat in SA dikwels ook toe is, in GA nou is.

In ander gevalle wys nou op die tyd wat volg op die tyd waarna die ego verskuif het en waar nou min of meer gelyk is aan dan, vergelyk:

- Jy hom klar gevasgeslaan het, nou trek jy hom mar weer yt, my Bas.
- Toe sê die oubaas, die oubaas gaan nou...

Nog 'n gebruik van nou om in 'n formuleagtige uitdrukking die tyd te bepaal waarna verwys word, kom voor, vergelyk:

- Daardie...nou die Mandag...
- Nou die Saaderagaand was daa nôu baie liedjies gaweess gesing.

Hierdie verwysing moet min of meer so gelees word: "n Maandag, so 'n paar Maandae gelede."

In ander gevalle kon ons nie uitmaak presies wat die tydsverwysende funksie van nou is nie, vergelyk:

- Die tal het toe nou veranner maneer.
- ...toe my ma nou sterwe, mammie gasterwe is, toe haal dêdie my eidie skol yt.
- Nou, ek was mos maar nou daai tyd noggie daai kerk gegaan nie.

Die gebruik van nou in laasgenoemde voorbeelde en talle ander kan nie verklaar word as daar nie gekyk word na die rol van nou as modifiseerder van taalhandelinge nie. Nou word dikwels gebruik as kleuroperateur (Ponelis 1979 : 393). Maar 'n mens moet nie net na nou in isolasie kyk nie, maar ook na nou in kombinasie met ander operateurs, byvoorbeeld maar nou, nou maar, toe nou, ensovoorts. (vergeelyk ook Van Jaarsveld 1982 : 292).

Die Afrikaans van die Griekwas wat ons ondersoek, is Afrikaans in die gemoedlike geselstrant. Die meeste sinne is stelsinne, want dit gaan gewoonlik oor inligting wat oorgedra word. GA is kleurvolle Afrikaans van ongeïnhibeerde sprekers. Dit is dus te verwagte dat GA en die verteltrant waarin die gesprekke voorkom, ryk behoort te wees aan kleuroperateurs.

Kyk 'n mens na die voorbeelde lyk dit of die volgende tipes onderskei kan word:

Nou = mos

- ...van die begent af toe praat ek nou sommer Afferkans.
- Die tal het toe nou veranner meneer.
- Toe my ma nou sterwe, mammaie gasterwe is, toe haal dêdie my eidie skol yt.
- ...nou die Saaderagaand was daa nôu baie liedjies ga-wees gesing.
- ...kan ek nou ok nou nie veel sê nie.

In al die voorbeelde wil dit voorkom asof die nou min of meer die semantiese waarde het van die versterkende mos. 'n Mens kan mos beskou as 'n soort logiese versterker. As iets gebeur het, volg die volgende stap logies daaruit. Ponelis noem mos 'n stelligheidsadjunk of kleuradjunk (Ponelis 1979 : 294).

In nog 'n paar van die voorbeelde kan nou moontlik met die betekenis van nog gebruik word, vergelyk:

- Baas, toe ek nou klein gewees het, ek meen nie klein la ek nou beginne loop groot worre...

In ander voorbeelde kom kombinasies voor, vergelyk:

nou + nou

- Nie nou wat die kinders nou groot word nie.
- Ja, ek kan nou nie eintlik nou sê wat ek mekeer nie.

Soms kom nou saam met nog voor:

- Dis nou al bietjie wat ek nou kon geverstaan het nog.



Hier lyk dit asof nou...nog gebruik word in plaas van nou nog, waar nou moontlik as tydsverwysend na die hede gebruik word en nog in die sin van steeds.

Dis opvallend hoeveel keer nou as mos voorkom saam met toe, vergelyk voorbeelde soos:

- Die tal het toe nou veranner, meneer.

Dit wil voorkom of toe in hierdie gevalle die rol het van tyds-aanduider terwyl die nou 'n ander semantiese rol speel. Ander kombinasies, waar tydsaanduiding nie 'n rol speel nie, is byvoorbeeld die volgende:

mos nou  
nou sommer  
nou maar  
nou ok nou

Die presiese gebruik van die soort nou is in Afrikaans nog nie nagevors nie. Ons is redelik oortuig daarvan dat dit nou aansluit by faset 3 in HAT en wat ons hierbo modifiserings genoem het. Dat nou hier soms as versterking dien, ly geen twyfel nie. Tog is daar soms 'n semantiese aspek wat nie heeltemal aan versterking toegeskryf kan word nie. Ons is nie seker of dit dalk 'n merker is vir onsekerheid (ongemaklikheid) nie, vergelyk die sinsinhoud van sommige sinne wanneer daar onnodig nou's gebruik word:

- Ja, ek kan nou nie eintlik nou sê wat ek mekeer nie.
- Kan ek nou ok nou nie veel sê nie.

- Dis nou al bietjie wat ek nou kon geverstaan het nog.

Dit was nie moontlik om al die gevalle van die gebruik van nou in GA te sistematiseer en volledig te beskryf nie. 'n Baie sinvolle studie sou oor nou (en toe, mos, ensovoorts) gedoen kon word. Hierdie opmerkings oor nou in GA moet as voorlopig beskou word. Afleidings wat hier gemaak word, mag met die nodige klassifisering en kwantifiserings as foutief, onvoldoende of oorvereenvoudigd afgeskryf word. Dit sal ons slegs vreugde verskaf indien iemand die volledige omvang van die gebruik van nou in SA en GA wil beskryf.

Om saam te vat: In GA kom verskillende soorte nou voor. Ons stel dit in die volgende skema voor:

## FUNKSIES VAN NOU

### 1. TYDSVERWYSEND

#### 1.1 Nou se verwysing na die hede

1.1.1 'n Bepaalde oomblik

1.1.2 Binnekort, oor 'n rukkie

1.1.3 Pas, kort gelede, nou net

1.1.4 Teenswoordig, deesdae

#### 1.2 Nou se verwysing na die verlede

1.2.1 Verwysing na punt, tydperk, stadium ensovoorts in die verlede, oorplasing van ego na punt, tydperk, stadium in verlede

1.2.2 Verwysing na tyd wat volg op vasgestelde tyd in die verlede

1.2.3 Verwysing na spesifieke punt in verlede (idiomaties): nou die dag.

## 2. MODIFISEREND

2.1 Merkers van versterking in stellings (kom ook voor in vraagstellings)

2.2 Merker van onsekerheid in stellings (vergelyk byvoorbeeld

- Jy weet mos nou...
- Ek weet nou nie so mooi nie.

## 3. FORMULE

As aandagtrekker, as leë openaar van sinne, vergelyk ook nou ja, nou goed, ensovoorts.

## 4 ADJEKTIEF-NAAMWOORDKONSTRUKSIES IN GRIEKWA-AFRIKAANS

Een van die fassinerendste semantiese ondersoeke om te doen, is om die semantiese relasies tussen min of meer hegte semantiese kombinasies vas te stel (of te probeer vasstel) en te beskryf. In aansluiting by die nou hierbo, wil ons eerstens graag kyk na opvallende AN-konstruksies waarin die adjektief (skynbaar) tempo-rele waarde het. Daarna behandel ons vlugtig adjektiewe wat met aanwysing van ouderdom te make het en laastens 'n paar opvallende AN-konstruksies.

### Outydse Griekas?

Andries van Wyk:

"Ons kind moet sy skaap oppas en hy se bok oppas en hy se bees oppas."

Adjektief-naamwoordkonstruksies waarin die adjektief temporele waarde het, word op verskeie (vir SA-sprekers) ongewone wyses saamgestel. Een segsman praat byvoorbeeld van die outydse Griekas. In SA gebruik ons outydse om te verwys na "uit die ou tyd", byvoorbeeld outydse musiek of my outydse pa en ma. Dit is egter nie wat ons segsman hier bedoel het nie. Sy outydse Griekas is ou Griekas, m.a.w. Griekas wat "oud in jare is". Dit skyn asof daar 'n direkte verwarring is tussen vroeg en oud, vergelyk

vroëerse danse  
vroetydse mense  
vroertydse roers  
vroëer jare  
vroëe eeue  
vroëer eeue

en veral as vroetydse mense met outydse Griekas in verband gebring word. In sommige kombinasies word "tyd" weliswaar nie geleksikaliseer nie, vergelyk

vroëerse danse

maar 'n semantiese parafrase bring "tyd" weer na vore, vergelyk "danse uit die vroëer tyd". Dis natuurlik nie snaaks nie om van die vroëe tyd (=tyd lank gelede) te praat as die ou tyd. Ons ken "die goeie oue tyd". Dis egter opvallend dat die Griekwas dié gebruik van die oue tyd en outyds skynbaar nie ken nie, d.w.s. outyds as "verouderd, uit die mode". Hulle sou ook kon praat van

- ou danse/outydse danse/danse uit die ou tyd i.p.v. vroeërse danse
- ou mense/ou roers i.p.v. vroetydse mense/vroertydse roers

en natuurlik van ou mense/oumense in die sin van "mense wat oud is".

Outydse kom ook voor waar daar gepraat word van ouderdom, vergelyk:

outydse kinders

Hierbo is die aanname implisiet dat die adjektiewe komposita is en dat die e aan die einde van woorde soos outydse ensovoorts die -e van die attributief gebruikte adjektief is. Nadat weer deeglik na verskillende voorbeelde van bg. tipes geluister is, is die skrywer nie meer so seker dat almal wel komposita is nie. Dit is nie sonder meer uit te maak of daar gesê word outydse kinders of ou tyd se kinders nie. In sommige gevalle is die eenheidsaksent wel duidelik, byvoorbeeld:

vroétýdse mense  
vroértýdse roers  
vroétýdse danse

In ander gevalle soos

vroeër se mense  
vroeër se grootmense

wil dit voorkom asof vroeër se nie as eenheid uitgespreek word nie, terwyl dit by

ou tyd se Griekas/outydse Griekas  
ou tyd se kinders/outydse kinders  
ou tyd se praat/outydse praat

moeiliker uit te maak is of dit as eenhede al dan nie, uitgespreek word.

Die weglating van -tyd- uit 'n konstruksie soos

(die)vroeër se danse (i.p.v. vroeër tyd se danse)

mag dalk 'n aanduiding gee van hierdie sonderlinge soort konstruksie in Griekwa-Afrikaans. Wat dit nog meer opmerklik maak, is die gebruik van die die vooraan. Die adjektief vroeër word skynbaar gesubstantiveer en as dit wel die geval is, kan 'n mens die afleiding maak dat hulle met die tipe konstruksie die patroon volg van die besitskonstruksie met persoonlike voornaamwoorde, naamlik:

hulle se  
hy se, ensovoorts.

Motivering hiervoor is moontlik juis die feit dat die klempatroon van vroeër se ensovoorts, minder 'n eenheid suggereer as by byvoorbeeld vroetydse. Die eenhede Ou tyd se moet waarskynlik ook as los eenhede gesien word, want die Griekwas ken nie eintlik outydse soos in ABA nie. Hulle gebruik byna altyd vroetydse of 'n variant daarvan, vroertydse. Vir hulle is vroeër en ou dus sinoniem. Versterking hiervoor is bv. heel ou mense wat nie

betekén "baie ou mense" nie, maar "die heel eerste mense (wat hier ingetrek het)" of "die vroegste intrekkers".

Hoekom sou dit dan nie kon wees vroetyd se mense nie? Dit sou beteken dat die -e by vroetydse weer nie as die -e van die attributiewe adjektief gesien moet word nie, maar dat die se van die besitskonstruksie ook in hierdie gevalle gebruik word.

Hoe dit ook al sy: die se-konstruksie in Griekwa-Afrikaans is 'n baie opvallende verskynsel. Dit kom so reëlmatig voor dat dit waarskynlik is dat dit ook by dié konstruksies sou voorkom. Selfs die volgende gevalle is opgeteken:

hierdie se meneer  
baie se reën  
nou se kinders  
nou se speletjies  
daai tyd se kinders  
die se kinders.

Hierdie verskynsel kom ook in SA voor, alhoewel uiters beperk, naamlik in:

nou se dae

In GA kom nou voor waar ons in SA dikwels nou se dae gebruik, vergelyk:

- Nie nou wat die kinders nou groot word nie.

Ons kon geen voorbeeld van nou se dae in al die transkripsies opspoor nie.

Nou se dae kom beslis nie via GA in SA nie, alhoewel dit netjies in dié patroon pas.

Ou tone

Hoe is dit gesteld met aanduidings van ouderdom in adjektief-naamwoordkonstruksies?

Voorbeelde soos die volgende kom voor:

sterk kinders  
groot vrouens  
ligte jongman (vergelyk ook: daai tyd was ek nog baie lig)  
groot broer (=ouboet)  
groot jongman  
heel ou mense

en uitdrukking soos:

- die een kom agter die ander
- hulle se ma en my ma staan agter mekaar
- ons is agterstam.

Daar is 'n opvallende gebrek aan die adjektiewe jong/jonk en ou/oud in GA vir ouderdom. Jonger en ouer word uitgedruk deur ander adjektiewe, bv.

sterk kinders (ouer, groter kinders)  
groot vrouens (ouers vrouens)  
groot jongman (ouer jong man)



terwyl ligte in,

ligte jongman

teenoor groot jongman 'n opposisie vorm en 'n "jonger" jongman aandui. Dit sal 'n interessante studie wees om vas te stel in hoe 'n mate die Griekwas vir ouderdom ander adjektiewe gebruik.

#### Enkele opvallende AN-konstruksies

Om op hulle rasegtheid te dui gebruik die Griekwas dikwels regte Griekwas, maar pure Griekwas en loutere Griekwas kom ook voor. Die kombinasie louter Griekwas is nuut en oorspronklik. Louter kombineer in SA gewoonlik net met objekte met die kenmerk [-MENSLIK]. So praat ons bv. van louter goud, d.w.s. "rein, suiwer, onvermengde goud". Hierdie besondere gebruik wys hoe oorspronklik konstruksies in GA gevorm word.

Twee eienaardighede kom voor by skoen waarheid (skoon waarheid) en maklike waarheid. Ons sou dit waarskynlik gebruik het as die reine waarheid en die eenvoudige waarheid. Die waarheid is dus 'n eenvoudige waarheid soos 'n koei. Niks ingewikkelds of pretensieus daaraan nie.

'n Sekerlike tyd is seker maar 'n sekere tyd in

- 'n Sekerlike tyd wat hulle grootgeword het.

maar 'n onafbreeklike kop is 'n ander ding.

Hierdie kombinasie is 'n Griekwaskepping met 'n baie interessante semantiese relasie. Buite konteks sê dit natuurlik niks en kan 'n mens moontlik aflei dat die persoon wat dit sê

- Ek het vanmôre 'n onafbreeklike kop

dit bedoel dat sy nek seer is, maar as die onafbreeklike slaan op seer a.g.v. die vorige aand se oormatigheid, word dit totaal anders geïnterpreteer.

Die twee voorbeelde met die afleidingsmorfeem -like suggereer al 'n gebruik of gebruik anders in SA, maar by gebrek aan meer voorbeelde, kan die semantiese waarde nie presies voorgestel word nie.

Onafbreeklike kop kan moontlik soos volg geparafraseer word:

- Kop waarvan die pyn nie afbreek (skietgee, ophou?) nie.

<sup>wat</sup>en in SA as 'n onophoudelike hoofpyn beskryf kan word. Dis natuurlik nie snaaks om kop i.p.v. kopseer te gebruik nie, selfs in SA:

.

- Ek het darem 'n kop vanmôre.  
(=Ek het darem 'n kopseer vanmôre.)

Die soort semantiese reduksies kom wyd voor, maar ons kan ongelukkig nie nou hierop ingaan nie. 'n Meer korrekte parafrase sou dus wees:

- 'n Kopseer wat nie wil afbreek (ophou, bedaar) nie.

Ons het natuurlik met die figuurlike lesing van afbreek te maak, maar selfs dan is -like saam met die werkwoord 'n baie eien-aardige morfologiese konstruksie. Die afleidingsmorfeem -lik dui gewoonlik 'n "toestand" of "eienskap" aan, vgl. vriendelik, behoorlik, ens., maar afbreeklike kom nie in SA voor nie, m.a.w. 'n ding met die eienskap afbreek is uiters ongewoon in SA. Dit is asof ons segsman hiermee 'n bepaalde eienskap/of toestand aan sy kop(seer) wil toedig, asof hy wil sê: my kop het nou so 'n eienskap/toestand dat dit nie 'n gewone kop(seer) is nie. Dit is werklik 'n intense Griekwa-kopseer.

'n Ander interessante AN-konstruksie is blou jare, in:

- blou jare wat dit so warm gewas het...

wat uit die konteks nie anders nie as soos volg geparafraseer moet word:

- Jare waarin die lug altyd (voortdurend) blou is.

Dit is dan kennelik droë jare. Ongelukkig het ons nie 'n voorbeeld wat die teenoorgestelde aandui nie (nl. 'n ekwivalent vir nat jare). Die soort semantiese oorplasing van een tipe adjektief na 'n ander, naamlik toestandsadjektief na kleuradjektief kom in Afrikaans nie voor nie en die betekenis van die konstruksie kan net verklaar word indien die semantiese verhouding tussen die adjektief en naamwoord uitgepluis kan word op grond van saak-kennis.

Hoë bloeddruk is vir sekere segsmanne dalk te tegnies van aard. Twee variante vir presies dieselfde siektetoestand is opgeteken,

naamlik:

- hoë bloed
- my bloed is hoog

Dit is onmoontlik om al die opvallende adjektief-naamwoordkombinasies te bespreek. Soos uit bogenoemde voorbeelde blyk, is daar uiteenlopende tipes. Slegs 'n studie van groter omvang sal die presiese omvang van semantiese verskynsels soos metonimie, metaforiek, geïdiomatiseerde AN-kombinasies, en geleentheidskonstruksies kan bepaal en verder kan bepaal hoe seleksiereëls in GA afwyk van dié in SA.

5 BIBLIOGRAFIE

- FRANCK, D. s.j. Sentences in conversational turns: a case of syntactic "double-bind". Instituut voor Algemene Literatuurwetenskap. Amsterdam.
- LYONS, J. 1977 Semantics 2. Cambridge University Press.
- PARRET, H., M. SBISA, & J. VERSCHUEREN. 1981. Possibilities and Limitations of pragmatics. SLCS. Vol. 7 John Benjamins.
- PONELIS, F.A. 1979 Afrikaanse Sintaksis. Van Schaik.
- SCHNELLE, H. 1981 Phenomenological analysis of Language and its application to time and tense. In Parret et.al. 1981.
- VAN DER RIET, L.M. 1984 Reëls vir gesprekstrategieë in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling aan die UOVS
- VAN JAARSVELD, G.J. (red) 1982 Wat sê jy? Studies oor Taalhandelinge in Afrikaans. McGraw-Hill
- VAN JAARSVELD, G.J. 1982 Vraagstellings of: Hoe om jou eie antwoorde te stel. In Van Jaarsveld (red) 1982.
- VAN JAARSVELD, G.J. 1983 Wat Pragmatiese funksies betref: Die invoering van gespreksonderwerpe. In Acta Academica Reeks B, No. 17.

2.3 M O R F O L O G I E

A.G. JENKINSON

INHOUDSOPGAWEBLADSY

2.3.1	Vooraf .....	232
2.3.2	Die behoud van morfematiese vorme en die deflektering daarvan .....	233
2.3.3	Woordsoortelike meerfunksionaliteit .....	235
2.3.4	Meervoudlose vorme: Deflektering, generiese gebruik en massa-aanduiding en meervoude .....	237
2.3.5	Verkleinwoorde .....	241
2.3.6	Voornaamwoorde .....	242
2.3.6.1	Onbepaalde voornaamwoorde .....	242
2.3.6.2	Besitlike voornaamwoorde en besitskonstruksies .....	244
2.3.6.3	Aanwysende voornaamwoorde en die nie-bepaalde voornaamwoorde substantiwies gebruik .....	246
2.3.7	Die hiperkorrekte <u>ge-</u> van voltooide deelwoorde .....	248
2.3.8	Die <u>goed-</u> konstruksie .....	250
2.3.9	Bibliografie .....	253

MORFOLOGIE*A.G. Jenkinson UOVS*2.3.1 VOORAF

Die raamwerk waarvolgens die morfologie van Griekwa-Afrikaans uiteengesit word, is in 'n groot mate taksonomies. Dit het tot gevolg dat veral paradigmatisering na verskeie verskynsels gekyk word. Daar is egter nie volstaan by blote klassifikasie nie, maar daar is ook enkele opmerkings oor

- morfologiese en
- morfo-sintaktiese woordvorming gemaak.

Hieronder ressorteer prosesse wat verband hou met

- die sterk verbuiging en
- vervoeging (ablaut),
- hiperkorrekte vorme wat op grond van analogie gevorm word,
- terugvorming ("back formation"),
- woordsoortlike meerfunksionaliteit,
- klisis,
- die deflektering van sekere fleksiemorfeme,
- die dubbele vorme by veral die meervoud en die diminutief,
- die weglating van tipe-anaforiese substantivering en die attributiewe -e.

Die indeling is onder die tradisionele kategorieë nl.

- fleksie,
- afleiding en
- samestelling gedoen.

Aandag is ook gegee aan morfo-sintaktiese vorme:

- perifrastiese vorme en
- die kongruensie daarvan.



OPMERKING

Die data wat in die morfologie van die Afrikaans van die Griekwas gebruik word, word gemerk deur 'n kode. Hierdie kode dui die spreker aan wat die betrokke voorbeeld gebruik het, asook die kasset waarop dit voorkom. Hierdie kassetnommer stem ooreen met die nommer van die transkripsies in Band II.

Hier volg 'n volledige lys van die kodes wat in hierdie stuk gebruik word, sowel as die ontsluiting van die kode:

<u>KODE</u>	<u>SPREKER</u>	<u>KASSETNOMMER</u>
KvW007	Kammies van Wyk	GA001007
GdB011	Cecil George de Bruyn	GA001011
MdB012	Mevrou de Bruyn	GA001012
NJ014	Nellie Jansen	GA001014
MM014	Maria Minnie	GA001014
BSJ015	Betta en Samuel Jansen	GA001015
MJ015	Meneer Jansen	GA001015
SoJ016	Sofie Jansen	GA001016
KMJ017	Karel en Meraai Jones	GA001017
MJ017	Meraai Jones	GA001017
GCM017	Gert en Catharina Minnie	GA001017
EM017	Edward Marais	GA001017
RG021	Roelf Gys	GA001021
FH022	Frans Hois	GA001022
CS023	Cornelis Schalkwyk	GA001023
KM026	Katrina Marais	GA001026
KW031	Klaas van der Westhuizen	GA001031
PW031	Piet van der Westhuizen	GA001031
WA039	Willem Adams	GA001039
KS048	Kaatjie Springbok	GA001048
KW048	Klaas van der Westhuizen	GA001048
PW048	Piet van der Westhuizen	GA001048
GP051	Gertruida Pietersen	GA001051
HM054	Hermanus Marshall	GA001054
MR055	Martha Riet	GA001055
IJ056	Isak Joggems	GA001056
JB059	Jack Bitterbos	GA001059
WA061	Willem Adams	GA001061
AW062	Andries van Wyk	GA001062

## 2.3.2 DIE BEHOUD VAN MORFEMATIESE VORME EN DIE DEFLEKTERING DAARVAN

---

Die gebruik van die oortreffende trap sonder 'n bepaler.

Vorme soos

"hy's meeste ... maar innie dorp MJ

lyk na 'n gereduseerde vorm van

"hy's die meeste van tyd maar in die dorp"

of

"hy's meestal maar in die dorp"

Iets soortgelyks kom voor in vorme soos

"Es nog heel (heelwat) Griekwa-plase daai kant MM 014

Des heel nog die Griekwa-mense ...

Wat die verbuiging van die attributiewe adjektiewe betref t.o.v. die grade van vergelyking, kom die volgende hiperkorrekte vorme voor

vinnagser JB 059

beterder AW 062

annerster AW 062

Daarbenewens kom die perifrastiese meer en mees ook voor, soms in kongruensie met die vergrotende of oortreffende trap vgl.

meer siekliker KMJ 017

Die verbuiging van die adjektief in die attributiewe posisie (stellend) met of sonder die attributiewe -e:

Hiperkorrekte vorme kom voor, moontlik met figuurlike of affektiewe funksie vgl.

"so 'n kleine foutjie" WA 061

"'n Sware stryd" MM 014

"'n Sware taal" MM 014

Die teenoorgestelde situasie kom ook voor nl. waar die verbuigings -e afwesig is, vgl.

Die Bybel was ook Hollands Bybel gewees

vroe tyd CS 023

'n <u>glad</u> gebou	JB 059
wat <u>vroeg</u> aangegaan het	WA 061
<u>Hollands</u> tyd	GP 051
<u>mees</u> Swart-taal	RG 021

Werkwoordelike vorme : infinitiewe, deelwoorde en werkwoordelike vervoeging

Die infinitief na die "om te"-konstruksie toon dikwels 'n oorblyfsel van die infinitiefsuitgang; vgl.

te werk <u>soeke</u> nie	WA 039
wat gaat later <u>gebeere</u> nie.	WA 039
laat dit nie meer <u>gebeere</u> nie	WA 039
<u>plaasvinne</u>	WA 061

Die voltooide deelwoord vertoon soms ook oorblyfsels van die vervoegingsuitgang daarvan, vgl.

Griekwas het Afrikaans <u>gebeginne</u> prat	IJ 056
<u>gebegint</u>	IJ 056
<u>grootgeworte</u>	KvW 007
oor my <u>gevertelle</u>	KW 031
<u>inbreke</u>	GCM 017
<u>ingelyve</u>	KMS 017

Die voltooide deelwoorde gehad en gewees word baie selde aangetref, want dit word vervang met gehet en gewas/gewis., vgl.

Ons vra om net 'n sitplek te <u>het</u> .	IJ 056
Jy moet Jop se geduld <u>het</u> .	WA 061
Hoekom kan hy nie 'n Griekwa <u>is</u> nie.	WA 061

Die ablautvorme (vokaalmutasie) en ander vorme kom egter soms voor waar dit in ABA as verouderd beskou word, vgl.

<u>gedag</u> , <u>siet</u>	AW 062
<u>gaat</u>	WA 061

Die "het" en die "is" asook die die en nie word net soos in ABA in 'n hoë mate enklities gebruik, miskien met 'n hoër frekwensie, vgl.

"ek weet ... nie hoe't hulle ... oorie trek gekom nie

SoJ 016

Die tweede oudste seun van my's in ... SoJ 016

komme (kom die) grond oender uit KW 031

Nee baas, nikse (niks nie) baas KW 031

2.3.3

WOORDSOORTLIKE MEERFUNKSIONALITEIT

Onder die Griekwa-Afrikaanssprekers kom 'n aantal woordsoortlik meerfunsionele vorme voor, soms selfs gereduseerde vorme en wortels. By woordsoortlik meerfunsionele woorde is die afleidingsproses dan oor die hoof gesien.

Woordsoortlike meerfunsionaliteit

is daar altys mar 'n strei (gestry/stryery) daarso CS 023  
mittelmat (middelmatig) MJ 017

Vorme wat reduksie vertoon

Ons se djaarliks was op Kokstad (jaarlikse fees) CS 023

vergaders gehet (vergadering gehad) MM 014

Die kleinbas se langte (lengte) JB 059

Die woord "baar" se ablautvorm "boor", wat nêrens as 'n simpleks voorkom nie en eintlik in ABA net die kern (wortel) van afleidings en sa= mestellings vorm, word soms in die gereduseerde vorm gebruik vgl.

Ja, van my boor af hier EM 017  
boorplek MR 055  
geboredatum AW 062  
geboortyt GCM 017

Nuutskeppinge

Die Griekwa-Afrikaanssprekers is morfologies veral aktief wat nuut-skeppinge betref, veral wat samestellings of afgeleide samestellings betref. Die volgende is noemenswaardig

voormense (voorouers) CS 023  
beesoppasters (beeswagters) CS 023  
Griekwa-praters (Griekwa-Afrikaanssprekers?) CS 023  
deiskoring, kafferkoring (Duusmankoring - Dutchman-koring? Vgl. ook "duiskoring", Boshoff en Nienaber 1967:198.) CS 023

biermaters	KW 031 .
veldbestierman (veldwagter)	KW 031 .
kontansie (kwitansie)	KW 031
stenvanger (bandopnemer)	KvW 007
ru-mense	
grootma (oumagrootjie?)	
onderwyswerk	GdB 011
'n sorgsamige ou man	SoJ 016
ouamma	SoJ 016

2.3.4 MEERVOUDLOSE VORME: Deflektering, generiese gebruik en massa-  
aanduiding en meervoude

Dis bekend dat die Germaanse (en Romaanse) tale in hul analities=  
wording sekere fleksiemorfeme vervang deur perifrastiese gramma=  
tikale woorde wat dieselfde grammatiese kenmerk markeer. Dit  
het dikwels tot gevolg dat die oorspronklike woord subkategoriaal  
meerfunksioneel word, vgl. die subkategoriale meerfunksionele  
"aantreklik" in

aantreklik - meer aantreklik - mees aantreklik

Op dieselfde wyse word woorde soms woordsoortlik (kategoriaal)  
meerfunksioneel gebruik, vgl. Hy plant die plant.

In gevalle van taalinterferensie blyk dit dat subkategoriale en  
kategoriale meerfunksionaliteit toeneem. In die geval van die  
meervoud is dit egter moontlik dat oënskynlike gevalle van  
subkategoriale getalsmeerfunksionaliteit dalk bloot generiese of  
massaverwysing is, vgl.

Dan kan hul nie die bees sien nie CS 023

Ons het vroeër jare ossewa gehet WA 039

Ons se kinderse is Kapse kleerlinge gemak MM 014

Ons meeste plante is mielie, papoen en boontjie, ertjie

RG 021

skap (skaap) KvW 007

In teenstelling met die voorafgaande afwesigheid van meervouds=  
vorme toon die opnames hiperkorrekte meervoude, umlautlose meer=  
voude, meervoudsallomorwe wat nie in AB-Afrikaans voorkom nie, waar=  
skynlik ook die dubbele generering van meervoudsvorme en meer=  
voude by voornaamwoorde.

Hiperkorrekte t- en -d- vorme

velte (velde)	PW 048
baaste, ook base	IJ 056
raante (Rande)	MJ 015
sante (sande)	PW 048
geboutes (geboue)	RG 021
posse en poste kom albei voor	WA 061

Die volgende vorme sonder die umlautvorm van die vokaal is opgeteken

groot statte (stede)	SoJ 010
stadde (stede)	BSJ 015
besigheite (besighede)	
blêksmitte (grofsmede?)	WA 039

Die Griekwa-Afrikaanssprekendes gebruik verder die [-ə], die [-s], die [-əns] en die [-sə] -allomorfe met 'n reëlmaat wat afwyk van die van ABA vgl.

die -se-allomorf

selfstandige naamwoorde :	bazaarse	KM 026
	waense	KM 026
	kitchense	KM 026
	vrouense	IJ 056
	boekiese	GP 051
	kinderse	GCM 017

kinderse	PW 040
ouerse	GP 051
voorouerse	MdB 012
garingse	HM 054
donkiese	HM 054
kleurlingse	PW 048
diakense	RG 021
waterse	PW 048
waense	CS 023
mieliese	CS 023

eiename

Griekwase	KS 048
Michaelse	HM 054
Kokse	HM 054
Tamboekiese	BSJ 015
ietse (onbepaalde VNW)	GP 051
anderse	CS 023

die allomorf -s

korings	FH 022
noois	KW 031
anders (as snw.)	IJ 050
hieries (selfstandige naamwoord VNW)	CS 023
daardies (selfstandige naamwoord VNW)	CS 023
<u>vrou</u> en kinderse	GCM 017



die allomorf -ens

veëns	GP 051 (ook veëense)
	PW 048
winkelens	KW 031

### 2.3.5 VERKLEINWOORDE

Dit is 'n bekende feit dat ABA-sprekers die verkleinwoordjie frekwent gebruik. Die verkleinwoordjie word dan gewoonlik naas die gewone verwysing na grootte ook gebruik om affektief of pejoratief te verwys. Die diminutief kan naas die ruimtelike dimensie ook vertedering, vertroeteling, gemoedelikheid, bescheidenheid, geringskatting en verkleining uitdruk.

Binne die naamwoordstuk word die eiename, die selfstandige naamwoorde en selfs sekere voornaamwoorde verklein deur sekere Griekwa-Afrikaanssprekers. Dit wil voorkom of party sprekers die diminutief heelwat meer gebruik as ABA-sprekers, veral as gelet word op die oënskynlike dubbele diminutief.

Dit is moontlik dat die dubbele diminutief in sommige woorde nie werklik 'n dubbele verkleining is nie, maar die allomorf [ici] wat saam met die betrokke stam (simpleks) gebruik word, waar ABA die allomorf [i] gebruik. Gevalle van verdubbeling is die volgende:

#### Selfstandige naamwoorde:

besietjie/besie	RG 021
hekkietjie	KW 048
tiensjielingsie	KW 031
sakkietjie	RG 021
takkietjie	RG 021
vissies/vissietjies	albei JB 059
pakkietjie	JB 059
heisietjie	KMJ 017
walsietjie (van wals)	MR 55

2.3.6 VOORNAAMWOORDE

2.3.6.1 Onbepaalde voornaamwoorde

ietsietjie

Dit is interessant dat die Griekwa-Afrikaanssprekende die kongruensie handhaaf tussen die perifrastiese "klein" en die diminutief, aangesien Engels bv. nie oral diminutiewe het nie en gedwing word om die perifrastiese merker te gebruik, vgl. "little child". Vgl. Griekwa-Afrikaans "n klein nammietjie" ('n bynaam). HM 054

Dit is moontlik dat dié sprekers nie die allomorf [pi] in sy/haar idiolek het nie en dan die allomorf [ici] veralgemeen het om daardie simplekse se verkleiningsvorme te genereer, 'n proses wat aangehelp kon gewees het deur die verlies van lengte by party vokale vgl.

[dam]		[damici]
[nam]		[namici]

Wat sekere massanaamwoorde betref gebruik Afrikaans die [is]-allomorf in die verkleining, vgl.

koffie	-	koffietjies
sand	-	sandjies

In Griekwa-Afrikaans word massanaamwoorde met en sonder die [-s] aangetref, vgl. nl. [i], [is] en [icis], vgl.

kapokkie	RG 021
meeletjies	RG 021
kossikies	GCM 017

Sommige Griekwa-Afrikaanssprekers gebruik die vorm mannetjies vir seuns in konstruksies soos die volgende "Ek is mos die oudste van hul, die mannetjies."

Soms vind mens by klein kindertjies pragtige voorbeelde van hiperkorrekte terugvorming (back formation) in gevalle waar hulle eerste die verkleiningsvorm van die woord geïnternaliseer het en die nie-diminutiefvorm genereer deur eenvoudig die allomorf [i] weg te neem, vgl.

[kasi] - [i]	= [kas]
[və rəmpi] - [i]	= [və rəmp]
[təma:ti] - [i]	= [təma:t]

Die volgende voorbeelde is opgeteken KvW 007

Drie meis- en drie mannetjies.

2.3.6.2 BESITLIKE VOORNAAMWOORDE EN BESITSKONSTRUKSIES

Die persoonlike voornaamwoorde en die besitlike voornaamwoorde (wat attributief of byvoeglik gebruik word sowel as selfstandig gebruik word) kan deikties en anafories funksioneer. Die eerstepersoons- en tweedepersoonsvoornaamwoord word gewoonlik deikties (buitetekstueel-verwysend) gebruik terwyl die derdepersoonsvoornaamwoord anafories (binnetekstueel-verwysend na 'n antesedent) gebruik word.

Dit wil voorkom of sommige van die Griekwa-Afrikaanssprekendes die besitlike voornaamwoord as geleksikaliseerde kategorie verloor het of nooit gehad het nie. Algemeen-Beskaafde Afrikaans gebruik 'n besitlike voornaamwoord in die eerste, tweede en derde persoon, waarvan die enkelvoudsvorme heeltemal onderskeibaar geleksikaliseer (supplesief geleksikaliseer) is, vgl.

Ek het 'n boek	-	my boek
Jy het 'n boek	-	jou boek
Hy het 'n boek	-	sy boek
Sy het 'n boek	-	haar boek
Ons het boeke	-	ons boeke
Julle het boeke	-	julle boeke
Hulle het boeke	-	hulle boeke

Wanneer die enkelvoudskonstruksies van die besitlike voornaamwoord van ABA nou vergelyk word met die Griekwa-Afrikaanse ekwivalente, blyk dit dat laasgenoemde die morfologies supplesiewe vorme my/jou/sy/haar X nie gebruik nie, maar die perifrastiese se-konstruksie (zijn-konstruksie) gebruik; vergelyk

\* Die zijn-konstruksie is ook nie tans algemeen in die Nederlandse skryftaal nie.

hy se kos IJ 056  
hy se sakkie HM 054  
hy se oupa  
hulle se goete CS 023

Die implikasie hiervan is dat dié sprekers dan nie die besittlike voornaamwoord onse na analogie van die Nederlandse verboë vorm nl. onze (vir de-woorde en meervoude) gebruik nie, maar die perifrastiese "ons se" soos in

ons se hys HM 054  
ons se rygoed HM 054  
ons se werk HM 054

Volgens dié interpretasie het die Griekwa-Afrikaanssprekendes dan nie 'n geflekteerde voornaamwoord onse behou nie, maar die perifrastiese "se" veralgemeen t.o.v. al die persoonlike voornaamwoorde (eerste-, tweede- en derdepersoon enkelvoud en meervoud), aangesien dit reeds by name en selfstandige naamwoorde voorkom, vgl.

vroeër se witmense AW 002  
daai snap (foto) se kaart IJ 056  
Jy moet Jop se geduld het WA 061

Die se-konstruksie is egter nie slegs naamwoordelik referensieël gebruik nie, maar ook veralgemeen oor naamwoordstukke heen wat 'n BYWOORDELIKE funksie het, vgl.

agt dae se reënt PW 048  
Boereoorlog se tyd PW 048  
groot reënt se tyd PW 048  
vroeër se tyd PW 048

2.3.6.3 AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE EN NIE-BEPAALDE VOORNAAMWOORDE SUBSTANTIWIËS GEBRUIK

Soos in ABA gebruik Griekwa-Afrikaanssprekendes die aanwysende voornaamwoorde substantiwies, of anders gestel, hulle maak 'n selfstandige nominaalkonstruksie daarvan. Die verskil tussen ABA en Griekwa-Afrikaans is egter daarin geleë dat die ABA-spreker die voornaamwoorde woordsoortlik meerfunksioneel gebruik. Dit beteken dat die voornaamwoorde óf aanwysend óf selfstandig gebruik word met behoud van die fonologiese vorm. Die Griekwa-Afrikaansspreker substantiveer egter dié voornaamwoorde deur 'n morfeem daaraan te voeg, wat op die oog af soos 'n meervoudsfleksiemorfeem lyk. By nadere ondersoek wil dit egter voorkom of hierdie morfeem 'n afleidingsmorfeem kan wees, vgl. Afrikaans "Party perskes het haelmerke". "Sulkes kan jy maar eenkant sit".

In die geval hierbo kan die -s as 'n substantiveerder sowel as 'n meervoudsvormer gesien word, waarskynlik as 'n tipe-anaforiese of tekenanaforiese substantiveerder, vgl. "Party perskes het haelmerke". "Sulke perskes kan jy maar eenkant sit."

In Griekwa-Afrikaans, net soos in ABA, word die aanwysende voornaamwoorde soos "hierdie" en "daardie" egter deikties-verwysend (buitetekstueel) gebruik, wat inhou dat die morfeem wat die Griekwa-Afrikaanssprekendes gebruik, 'n deiktiese substantiveerder is, vgl.

...oor hierdieste deel van die grond KMJ 017  
Dies wat nou nie huur betaal nie KW 031  
hieries nou nie...want hier anners is almal gesterwe  
KvW 007  
Nie soos dies wat hulle nou hier dra KW 031

Daar is hieriese, meneer, wat weer oor die draad spring

RG 021

die taal van daardies toe ek nog klein nog gewies

.KvW 007

Hierdie morfologiese vorm is nie beperk tot die deiktiese gebruik nie, maar kom ook by anaforiese verwysing voor. Die gebruik van dié morfeem is waarskynlik veralgemeen oor die aanwysende voornaamwoorde en onbepaalde voornaamwoorde, afgesien of hulle nou deikties of anafories gebruik word, vgl.

die anners is in Blomfontein, die anners hy werk hier

KvW 007

Anners het Kaap toe gegaan GCM 017

die anners is mos nou in Durban KW 031

Die vorm "diese rivier" (Nellie Jansen 014) kom ook voor, maar dit is moontlik dat dit 'n vervorming is van die Nederlandse "deze" rivier.



2.3.7 DIE HIPERKORREKTE GE- VAN VOLTOOIDE DEELWOORDE

Die voltooide deelwoord (in aktiewe sinne en passiewe sinne) word gevorm met die premorfeem ge-, behalwe wanneer die woord reeds premorfeme bevat soos be-, her-, er-, ont-, ver-of wanneer dit soms op byvoorbeeld -eer eindig. In die idiolek van sommige Griekwa-Afrikaanssprekers word die ge- hiperkorrek gegeneer sodat die reël veralgemeen word om die uitsonderinge hierbo genoem, in te sluit. Dit gee aanleiding tot die volgende woorde:

gegeniet KMJ017

gabegrans KMJ017

Ek het hom al gebeproof WA 061

Griekwas het Afrikaans gebeginne prat IJ 061

geverstaan KvW 007

...skoon gevergeet AW 062

vir my gevertelle KW 031

geversit GCM 017

Die oorgenerering van die ge- morfeem: deeltjieswerkwoorde

Die bostaande voorbeelde van die oorgenerering van die ge- premorfeem kom ook by sommige ABA-sprekers voor. Wat die deeltjieswerkwoorde betref is die ABA-reël dat die laaste lid van die skeibare saamgestelde werkwoord van die ge- preforfeem voorsien word, in teenstelling met die gewone werkwoorde waar die premorfeem vooraan gevoeg word. Klaarblyklik skep die twee reëls vir sekere Griekwasprekers probleme, vgl.

Jy word nie geomstoot nie. CS 023

Die twee reëls word soms ook saamgesmelt om vorme soos die volgende op te lewer, vgl.

gereggemaak het IJ 056

gegrootgeword MdE 012

'n Mooi voorbeeld hiervan is die gereduseerde werkwoord ge-om:

Ons het nog nie eers ge-om nie (komberse omgehang)

PW 031

2.3.8 DIE GOED-KONSTRUKSIE

In ABA kom die goed-konstruksie voor as 'n versamelingaanduidende of kollektiewe naamwoord wat gewoonlik op lewelose dinge slaan vgl. beddêgoed, skottelgoed. Die konstruksies kan as komposita gesien word waar die bepalers dan bed en skottel is terwyl die bepaalde die selfstandige naamwoord goed is wat 'n massanaamwoord of kollektief is.

SNW  
skottelgoed

skottel		goed
SNW		SNW
Bepaler		Bepaalde

In ooreenstemming met die morfologiese geledingspatroon van massa-naamwoorde kan dit alleen met die diminutief verskyn indien die diminutief gepaard gaan met 'n meervouds -s, vgl.

sand	-	*sandjie	-	sandjies
vog	-	*voggie	-	voggies
goed	-	*goedjie	-	goedjies

Die selfstandige naamwoord goed het wel in Afrikaans 'n meervoudsvorm nl. goedere, maar dit wil voorkom of dit nie dieselfde morfologiese geledingsreëls gehoorsaam nie, vgl.

skottelgoed - \*skottelgoedere - skottelgoedjies

in welke geval goed òf homonieme vertoon, òf polisemies is, òf albei.

In gevalle waar goed in die samestelling as kollektiewe snw. gebruik word, is die samestelling nie net SNW + SNW nie, maar ook WW + SNW en ADJ + SNW, vgl.

	beddegoed	
	messegood	SNW + SNW
speelgoed	slaggoed	
	eetgoed	WW + SNW

vuilgoed  
kleingoed            ADJ + SNW

Sommige van dié samestellings het 'n enkelvoudsvorm en oppervlakkig beskou wil dit voorkom of die enkelvoudsvorme aangetref word by die WW + SNW en ADJ + SNW samestellings, vgl.

kleingoed        -        kleinding  
speelgoed        -        speelding  
slaggoed         -        slagding

Die vorme slaggoed en kleingoed wys ook respektiewelik aan dat dié samestelling wel die kenmerke [+ lewend] en [+ menslik] kan hê.

In ABA vorm die goed-samestellings gewoonlik naamwoordstukke wat bepaalde determineerders bevat, vgl.

Die            kleingoed  
Hierdie       skottelgoed  
Julle        speelgoed

Die goed-vorm word nie as eiename gebruik nie en gevolglik ook nie as vokatiëwe (aanspreekvorme) nie en ook nie as deiktiese ekwivalente vir die eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde nie, vgl.

\*Pa-goed, sal pa-goed asb. vir ons eetgoed saambring?  
vokatief            deiktiese  
                          vorm.

In ABA kan die goed-samestellings ook gebruik word in verdere samestellings vgl.

speelgoed        -        speelgoedtelefoon  
skottelgoed      -        skottelgoedvadoek

Verder blyk dit dat die goed-samestellings in ABA nie in mededinging is met die hulle-konstruksie nie, maar dat die hulle-konstruksie ander reëls gehoorsaam as die reëls van die goed-samestellings, waarvan enkeles hierbo kortliks genoem is. In Griekwa-Afrikaans vind ons egter verskeie voorbeelde waarin bostaande reëls (wat konvensies is en nie wette nie) oortree word. Dit wil voorkom of die goed-samestellings en die hulle-konstruksie (wat in ABA gedifferensieer

is). in Griekwa-Afrikaans in mededinging met mekaar gekom het en dat die goed-konstruksie hieruit voortgekom het. Dit beteken dat die goed-konstruksie 'n hibridiese konstruksie is wat 'n eg Griekwa-Afrikaanse skepping is, omdat dit die hulle-konstruksie grootliks vervang het en daarom van die goed-samestellings van ABA verskil.

Waar vermoed word dat twee of meer konstruksies oorspronklik in mededinging met mekaar gekom het, kan dit soms geverifieer word deur taalvariasie-voorbeelde te soek. Dit hou in dat die konstruksies mekaar soms in vrye variasie afwissel. Vgl. in die verband die vrye variasie in sekere konstruksies van die oortreffende bywoord en die oortreffende morfeem in ABA.

Die aantreklikste meisie.

Die mees aantrekklike meisie.

Die volgende vrye variasievoorbeelde van die goed- en hulle-konstruksie is opgeteken:

"daar wat meneer-goed nou gewas het NJ 014

"Wie-hulle is meneer-hulle?

Is dittie die basgoet wat moet die kemas daar gekom het nie? PW 031

'n Verdere verskynsel in taalvariasie is die verskynsel dat die vrye variasievorme soms kongruensie-konstruksies vorm, wat beteken dat beide vorme wat ooreenstem in funksie gelyktydig in dieselfde konstruksie voorkom, vgl. ABA die mees aantreklikste meisie. In die Griekwa-data is sodanige voorbeelde opgeteken, vgl.:

my oupa-goed-hulle PW 048

ou Jan Korrelgoed-hulle HM 054

Hierdie kongruensiepatroon, "X-goed-hulle" is onbekend in ABA en versterk die vermoede dat die ABA goed-samestellings nie in vrye variasie met die Griekwa goed-konstruksie is nie, maar onderling kontrasteer. Die Griekwa goed-konstruksie is so gesien 'n nuutskepping wat vormlik ooreenkomste met die ABA goed-samestelling vertoon maar 'n morfosintaktiese analoë-kon-

struksie van die ABA hulle-konstruksie is. Dit wil voorkom of die Griekwa goed-konstruksie net soos die Afrikaanse hulle-konstruksie nie (maklik) as vokatief gebruik kan word nie, en nie (maklik) as die deiktiese eerstepersoon nie (die sprekers), maar sonder die eienaam tweedepersoonverwysend deikties gebruik word terwyl eiename en soortname derdepersoonsverwysend gebruik word, vgl.

Onse oupa se oupa Maraisgoed, 't ok gary innie	
perekarre altyd	KMJ 017
my oompie-goed	KMJ 017
my oupa-goed	KMJ 017
Oupa-goed het Hollands gapraat	KMJ 017

Waar die ABA hulle-konstruksie egter met gemak deikties vir die tweede persoon gebruik word (die aangesprokenes) en referensieel vir die derde persoon (die besprokenes), kan die Griekwa goed-konstruksie dit eweneens doen, vgl.

ABA	Daar waar <u>julle</u> nou gewees het	
ABA	Daar waar <u>meneer-hulle</u> nou gewees het	
Griekwa	Daar waar <u>meneer-goed</u> nou gewas het	NJ 014
	(tweedepersoon deikties: aangesprokenes)	
ABA	<u>Oupa-hulle</u> het dit nog gepraat	
Griekwa	<u>Oupa-goed</u> het dit nog gaprat.	
	(derde persoon referensieel besprokenes)	

### 2.3.9 BIBLIOGRAFIE

Boshoff, S.P.E. en G.S. Nienaber 1967. Afrikaanse Etimologië. S.A. Akademie.

2.4 G R I E K W A - P L E K N A M E

G.S. NIENABER

GRIEKWA-PLEKNAME

G.S. NIENABER

*Sentrum vir Naamkundenaavorsing  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing  
PRETORIA*

Ook die Griekwas het name vir plekke gebruik. Sulke name is nie deur hulleself opgeteken of in kaart gebring nie, omdat die skryfkuns aan hulle nagenoeg nog onbekend was. Die kennis van hulle name van plekke berus op mondelinge oorlewering of op dokumentasies deur Blankes. Vir sover die Blankes sulke name in die idioom van die ou Griekwas wel opgeteken het, is dit soms omtrent onmoontlik om uit die verhaspeling iets wys te word. Daar is egter gevalle waar die Griekwanaam in sy Hollandse vertaling aangegee is, en dan is dit gewoonlik moontlik om die ou naam te rekonstrueer.

So teen 1800 is 'n paar reise onderneem wat ons kennis van die Griekwa verryk het en wat ook plekname opgeteken het. Ons noem die belangrikstes.

Kommissaris P.J. Truter het die opdrag ontvang om 'n landtog te lei na die Tlhaping of Griekwas wat aan hom die naam van "Kwaai-gesig" of in hulle taal, Angokorra, gegee het. Die bedoeling met die landtog van 1801 was om die tekort aan horingvee in die Kolonie as gevolg van die langdurige droogte aan te vul, en wel deur die aankoop van beeste by die Tswanavolkere te ondersoek. Hulle het die pad na Litakoe (sê maar Kuruman) gevolg wat deur Prieska na Wit- en Klaarwater gelei het, d.w.s. deur wat ons ruweg kan beskou as ou Griekwaland. Die amptelike verslag kan in Theal se Records of the Cape Colony deel 4 pp. 359-456 nagelees word. Ook saam met die tog was twee lede wat verslae nagelaat het. Hulle was die jong P.B. Borchers, en veral die jong dr. William Somerville (vgl. die Bibliografie). Daarin kry ons enkele aanduidings oor Griekwa-plekname. Kwantitatief eerder as kwalitatief is daar belangrike gegewens in die manuskripkaart van P.H. Voorman 1805, waarin aanduidings gegee word. Die plekname is ongelukkig meestal onherkenbaar verhaspel.

Die reisberigte van H. Lichtenstein, J. Campbell en Wm. Burchell is onmisbaar vir ons doel; ons moet egter die skaarsheid aan materiaal oor plekname betreur. Alleen Burchell gee 'n nuttige gedrukte kaart. Aanvullend is daar die reisverhale van



George Thompson en Andrew Smith. Die naamkundige kan ook prikkels in die studie van B.F. van Vreeden kry (kyk Bibliografie).

Die aantal name waarmee ons kan opereer, is gering. Daar is verskillende redes, elke belangstellende kan 'n paar noem, bv. dat daar selde in daardie vroeë tye van die gebaande weë afgewyk is en nuwe weë deur reisigers betree is (anders as in die geval van jagters), maar oor twee redes moet ons iets sê. Hulle lê nie op die oppervlakte nie. Die eerste saak is dit: die behoefte aan naamgewing hou klaarblyklik verband met die beskawings- en kultuurpeil van 'n volk. Hoe ingewikkelder die lewensvorm van 'n groep is, hoe groter die behoefte om ook op onomastiese gebied skerper te onderskei, en plekke gevolglik goed te benoem. So het Lichtenstein 1811:2(82) bevind dat die Boesmans se benoeming baie swak is: "Keiner hat einen eignen Namen, bei welchem er gerufen werden könnte, noch unterscheiden sie sich selbst als ein Volk durch einen gemeinsamen Namen ..." In deel I:192 stel Lichtenstein dit so: "Es ist ein Merkmal der besondern Wildheit dieser Nation /hy praat oor 'n groep Boesmans/, dass sie unter sich keine Namen kennen, und das Bedürfniss nicht fühlen, einander zu rufen oder persönlich zu unterscheiden ..."

Skrywende oor die Korannas [ons sal straks aantoon dat met Korannas ook Griekwas bedoel kan word/] maak Lichtenstein hierdie belangrike vasstelling as voetnoot op 2(427) --- ons haal dit in extenso aan ---: "Alle diese Oerter haben auch koranasche Namen, die ich Anfänge sammelte, um sie vorzugsweise in diesem Tagebuche zu gebrauchen. Ich fand aber bald, dass diese Namen sich entweder auf dem ganzen Landstrich bezogen, oder dass der einzelne Ort von jeder Horde anders benannt oder anders ausgesprochen werde. Da nun die Aussprache überdies beschwerlich ist und die Namen größtentheils sehr lang sind, so habe ich die holländischen beibehalten, die ohnehin von den jetzigen Bewohnern dieses Landstrichs häufiger gebraucht werden, und weniger an Verwechslungen Anlass geben". Die Korananame vir plekke is dus lank, vaag, onvas, selfs verwisselbaar, en kan van horde tot horde verskil, terwyl die Hollandse name in hulle onomastiese funksie bevredig en in die omgang algemeen aanvaarbaar is en begryp word. Hierby moet Lichtenstein se

gesag ook in aanmerking geneem word. As Bylae gee hy sy beskouings oor die tale van sowel die Korannas as die Boesmans tesame met vergelykende woordelyste waarin hy drie suigklanke baie goed onderskei. Hy was seker bevoeg om 'n oordeel uit te spreek. Die tweede saak staan in verband met die gebruik en inhoud van die naam "Griekwa". Ons moet onderskei tussen 'n pre-1813 en 'n post-1813.

Voor 1813 was die naam Griekwa aan die verdwyn. Dit is opmerklik dat Burchell 68 kolomme in sy "General Index" het en 'n uitstekende inhoudsopgawe daarin verwerk het, maar die trefwoord Griqua kom nie daarin voor nie. Dit is geen toeval nie. Lichtenstein se "Register" beslaan 21 bladsye, en ook hy het geen trefwoord Griqua nie, wel het hy 'n veelseggende opmerking op 2(396). Dit lui: "Ausser diesem Volksnamen [nl. Klein Namakwas\_/ hörten wir noch andre, die in der Colonie längst verschollen sind ... [ons kursivering\_/ z.B. Giriquaa, Cheisiqa u.s.w." Lichtenstein deel mee dat Griekwa in die Kolonie ongebruiklik geword het, nie meer gehoor word nie, as naam uitgesterf het, maar dat hy hier op Anderson en Kramer se sendingstasie Rietfontein 'n gemengde gemeenskap aangetref het en ou "verklinte" of "verschollene" name soos "Griekwa" daar teëgekome het. Nie dat daar nie Griekwas was nie, maar dat hulle etnies ander name gevoer het. Dié name was "Bastardhottentotten" en "Grootriviershottentotten", volgens Lichtenstein se waarneming ter plaatse. Die sosiologies-etniese stratifikasie onder die Khoekhoen was teen 1800 ruweg die volgende: (i). Daar was die stamvaste groepe, veral aan die periferie, wat die ou voorvaderlike leefwyse gehandhaaf het. Ons het hulle veral aan en noord van die Oranjerivier aangetref, bv. in Groot Namakwaland (soos die "Rooinasie" of Kai-//Khaun). Hulle het nog hulle eie taal gepraat. (ii). Daar was die ontstamde groepe wat nie meer Khoekhoen wou wees nie, wat hulle taal in wisselende grade afgelê het, Hollands daarvoor verruil het, Christene was of wou word, hulle veel hoër in beskawing as die oorspronklike volksgenote geag het, en hulle selfs vererend geklassifiseer het as "Oorlams". Baie van hulle het vuurwapens besit, perde gehad en ook tentwaens, en was militêr gevaarlik. (iii). Daar was 'n heel invloedryke groep wat hulle daarop beroem het dat hulle êrens in die bloedlyn

die bloed van Blankes ontvang het, wat dus so ongeveer ingebasterde Blankes was. Hulle het bewustelik daarna gestreef, soms met veel welslae, om handhawers van die ingevoerde beskawing uit Europa te word. Hulle het hulleself die naam van "Basters" met trots toegeëien, meestal in aansluiting by Hollands, Engels en Duits gespel "Bastards".

Dit is alles van die grootste belang i.v.m. plekname van Griekwa-oorsprong. Daarom dat ons 'n aanhaling of twee vir die tydperk voor 1813 moet gee. Die eerste is weer uit Lichtenstein. Hy skryf oor die jaar 1804 en stel twee groepe teenoor mekaar, die Bastards en die Grootriviershottentotte. Hy is in Aa'tkaap of Rietfontein, in die hart van die Griekwas van destyds, en sy Bastards is Griekwas van hoër stand, terwyl die Riviershottentotte ook Griekwas is, maar die laerstaandes aan die Oranjerivier in die omgewing van Prieska (die aanhaling uit Anderson hierna sal op hulle betrekking hê).

Lichtenstein 2(398): "An dem Orte, wo wir uns befanden [Rietfontein], wohnen ungefähr dreissig Familien, von denen die eine Hälfte Bastarde, die andre Namaquas und sogenannte Grootriviershottentotten sind, jene [n]. die "Bastarde" in reinlichen grösseren Hütten, und in Tuch und Leinwand gekleidet, diese [n]. die "Grootriviershottentotten" in schmutzigen Pondokken und mit Fellen behangen. Jene tragen fast sämtlich alte bekannte Colonistennamen und besitzen zum Theil zahlreiche Rinderheerden von mehr als hundert Stück. In ihrem Betragen zeigte sich eine gewisse gutmüthige Ostentation, eine Art von Eitelkeit, sie scheinen zu wissen, dass sie stwas besseres seien, als die rohen Hottentotten ..."  
Op 2(409) staan o.a.: "[Opvolger van sendeling Kramer was] der Bastard Salomon Kok als der wohlhabendste dieses Ortes [n]. Rietfontein. Dieser Mensch hatte ganz das Ansehn eines Colonisten ... sprach das Holländische ziemlich rein und richtig ... Er war der Sohn eines der ältesten und berühmtesten Bastardhottentotten Namens Cornelis Kok ..."

Die bostaande is ter staving van die bewering dat die "Bastarde" en "Bastardhottentotten" die later so bekende Griekwas was, aangesien ons die Koks as Griekwas geken het. Eintlik is dit nog meer.

Mense van die kwaliteit van die Koks het ook leiding geneem om wanpraktyke te bekamp en die gemeenskap ordelik te laat optree deur groepbewussyn wakker te maak en 'n regeringvorm daar te stel. Trouens, Lichtenstein as een van die eerstes praat uitdruklik van 'n "Staat" en 'n "Republik", en dit in 1804, so op 2(423): "Ohne Zweifel verdient der kleine Bastard-hottentotten-Staat nicht nur die Aufmerksamkeit, sondern die ernstliche Unterstützung des capischen Gouvernements". Weliswaar sê ons reisiger nie dat die "Bastard" self die staat uit noodsaak gestig het nie, maar hy erken die aandeel van die sendelinge daarin. Sprekende oor "Bastertskloof", een van die baie name van Rietfontein, sê Lichtenstein 2(391) o.m.: "Er ist einer von den sechs Ortschaften, die die kleine, unter patriarchalischen Regierung der Missionäre stehende Hottentottenrepublik bilden. Die ganze Verfassung dieses kleinen merkwürdigen Staats war bisher noch völlig unbekannt, man wusste erst seit wenigen Jahren etwas von seinem Dasein ..." Daar is, soos gesê, nog 'n laag Griekwas. Dit is onder hulle dat William Anderson en Cornelius Kramer begin werk het. Stow 1964:318 haal 'n stuk van Anderson uit so ongeveer 1800 aan waaraan ons 'n paar sinne ontleen: "When I went among the Griquas, and for some time after, they were without the smallest marks of civilization ... their wretched appearance and habits were such as might have excited in our minds an aversion for them ... They were in many instances little above the brutes. It is a fact that we were among them at the hazard of our lives ... they had frequently premeditated to take away our lives ..."

Die Griekwas was nie 'n homogene etniese seksie nie. Die invloedrykste en beskaafde deel van hulle het die naam Griekwas afgelê en hulle, die deel wat eintlik tel, het vir hulle met trots "Baster(d)s" genoem. Vir hulle was dit mooi, 'n teken van hulle aanspraak op die voorregte van die beskawing. Hulle was meer as die Oorlams, want êrens was daar, in feite of soms in begeerte, 'n verwantskap in bloed, 'n reg op broederskap en dus op deelgenootskap. Maar vir die sendelinge was die erenaam "Basters" afstootlik. Hulle het die naam gesien deur die bril van 'n Europeaan met ander morele en etiese waardes, vir hulle was dit 'n teken van buite-egtelike geslagsverkeer.

Een van die mense wat nie net daarvoor gekla het nie maar ook iets gedoen het, was die direkteur John Campbell van die Londense Sendinggenootskap. Hierdie eertydse sakeman was ook 'n praktiese persoon. In die Travels (eerste reis) lees ons o.d. 6 Aug. 1813 o.m. "The people of this part, being a mixed race, went by the name of Bastards; but having represented to the principal persons the offensiveness of the word to the English or Dutch ear, they resolved to assume some other name. On consulting among themselves, they found the majority were descended from a person of the name of Griqua, and they resolved to be called Griquas. In the evening there was thunder, but no rain".

Daar was, stamnamig gesien, ook blykens die statistiek wat Campbell self saamgestel het, meer Korannas daar as "Griekwas" of Basters, maar die invloedrykste persone daar het die deurslag gegee. Die naamsverandering is nie algemeen deur die volk aanvaar nie, daarvoor was die trots in die naam "Basters" te groot, tog het dit gaandeweg al meer en meer ingeslaan, en veral was dit in die literatuur van destyds besonder merkbaar dat reisigers en ander die ou naam vermy het. In die studie wat dr. P.E. Raper en skrywer hiervan oor die naam Griekwa onderneem het /en wat in ons Ethnonymica Hottentotica sal verskyn\_/ het ons H. Vedder se afleiding op taalkundige gronde moes afwys, nl. dat die bestanddeel Grie- soos Nama /giri- = "jak-kals" verstaan moet word, en tot die gevolgtrekking gekom dat die lid Grie- oorspronklik die naam van die stamstigter was, d.w.s. Griekwa is die "manne" of "mense" (-qua, vir gu-a) van G(i)rie, die stamhoof.

Die nuwe naam het egter niks aan die feit afgedoen dat die taal "Hollands" gebly het nie. Die taaltoestand was sodanig dat die mense nog hoofsaaklik dubbeltalig was (ons praat van so ongeveer vroeg 19e eeu), maar die hooftaal en die statustaal was nie "Griekwa" nie. Waar die toestand die punt bereik het dat eentaligheid ingetree het, was dit die bepaalde vorm van 'n tuisgemaakte Hollands met allerlei skakeringe van Bybel- tot omgangs-Hollands toe. Deur die bemoeiing van Campbell het die ongeveer verdwene stamnaam Griekwa herverskyn en is glorieryk in ere herstel, maar die Griekwataal het as selfstandigheid ondergegaan behalwe vir sover hy deurslaan in die

opvolger Hollands, soos in uitspraak en ander kenmerke wat hy aan sy Hollands gegee het, sodat dit in essensie sý Hollands geword het, sý moedertaal. "The usual language of the Klarwater [of Griekwastadse/ Hottentots is Dutch ...]" volgens Burchell I(202), of (in die algemeen gesproke) volgens J. Backhouse vir 1839: "Dutch is now almost as much the language of the Hottentot, as of the White Man ..."

Die uitwerking op nuwe plekname is duidelik, hulle sal Hollands wees. Die uitwerking op ou plekname is ook voorspelbaar, party sal behoue bly, maar die meeste sal Hollands word. Burchell I(202) praat spesifiek oor die pleknaamvertalende bedrywigheid van die Hottentotte, bepaaldelik van die Griekwas, en vertel: "Why places in the following part of our route [hy is op pad na die Oranjerivier/, not frequented by the colonists, should bear Dutch names, requires to be explained; and for that purpose it is only necessary to repeat that the usual language of the Klarwater Hottentots, is Dutch, and that these names are frequently the mere translation of the aboriginal names, which latter they never make use of when conversing in the Dutch language. I have, therefore, been too often compelled to use the translation when I ought to have given the original ..." My kursivering.

Die laaste vraag: Hoe weet ons of 'n ou Khoekhoense naam Koranna of Griekwa is, m.a.w. of ons oor hom moet praat as behorende tot ons opdrag? Ons weet nie. Daar is 'n besonder goeie kaart deur landmeter Robert Moffat jnr. "constructed from observations made during a journey from Little Namaqualand to Kuruman in October 1856", en daarin baken hy Griekwaland af binne die Korannagebiede. Die Griekwaland van destyds se westergrens loop tussen die Skruwen en die Langeberge deur en die Korannas langs aan die noordoewer van die Oranje van Kheis tot by "Brieschaf ford [Prieskadrif/ verby is "subject to the Griqua chiefs", maar elders is die Korannas oorheersend. Die Oranjerivier is die suidgrens, die noordgrens loop tot naby Litakoe (Kuruman), volgens Burchell se kaart, maar die oosgrens lyk onbepaald. Die inheemse name hierbinne kan dan Koranna of Griekwa wees, maar die twee dialekte is so na aan mekaar dat waarnemers gewoonlik vertel hoe die twee groepe mekaar sonder

moeite verstaan. "The Griqua and Coranna Languages are nearly allied ..." (A. Smith in VRY 21 1940:282). Ons kan veilig aanneem dat Lichtenstein se lys van Koranna-woorde waarskynlik Griekwa insluit. Ons gaan in elk geval nie hier op die vasstelbare verskille in nie -- dit is 'n afsonderlike studie. Koranna hierlangs is volgens ons inklusief Griekwa. Somerville het geprobeer om van 'n paar Griekwaname die betekenis aan te gee, en dan kry ons 'n sin soos hierdie: "... we arrived at the Water. In the language of the Kora's it is called the Fool fountain or ..." (1979:89). Die stippeltjies is bedoel vir die Kora/Griekwanaam van "Voëlfontein", 'n naam wat Somerville in die oorspronklike taal wou gegee het maar nie gekry het nie. In hierdie buurt kry ons nie meer 'n Vogel-/Voëlfontein nie. Die Griekwanaam daarvoor sou iets gewees het soos (K)ani(k)aup. Dieselfde plek heet by Borchers "Modderfontein", net soos ook in die amptelike verslag.

Die belangrikste strome het Khoekhoense name gehad, name wat hulle behou het maar dan soos in hulle Hollandse vertaling gestabiliseer. Die Oranjerivier was die !Garib. Dit is veral op die hoofstroom toegepas, van die samevloeiing met die Vaalrivier af tot by sy uitmonding. Dit was die naam van die Namas, Korannas en Griekwas daarvoor, die naam Ein word as Boesmans beskou. Die konsensus oor die betekenis skyn te wees dat !Garib wil sê "rivier" sonder meer, hoewel sommige vooraanstaande kenners van Nama dit verklaar as "Sterk/Groot" rivier, in watter geval die koloniste se naam "Grootrivier" dan semanties saamval met die Namas se !Garib. Dit word ook onderskei in Kai-!Garib vir die benedeloop tot by Vaalrivier, en ≠Nu-!Garib of "Swart-!Garib" daarvandaan ooswaarts, "swart" vanweë die geoksideerde swart ysterklippe langs die oevers. Die systrome is soms volgens kleur onderskei, selfs ook onregstreeks. Vaalrivier (na die kleur van die water, meer bepaaldelik in vloed) se ou naam was /Hai-!Garib, verskillend gespel, die eerste lid wat "vaal" beteken soos Hey/Hei, of meer in ooreenstemming met die Griekwa-uitspraak, Ky/Tky by Burchell en ander. Dan het ons 'n interessante opmerking by Somerville. Hy praat oor die sytakke van die "Gareep" en dan lees ons op bl. 87-8 o.m.: "The 3d (third) or T'sKābā Gareep or Red Gareep is equal in volume of water to the Black Gareep /die Oranjerivier wat suidoostelik afvloei en o.a. die suidgrense van die Vrystaat vorm\_/ ... The Black and Red Gareep

never have been known to be otherwise than great rivers." "Rooirivier" kan sonder enige twyfel geïdentifiseer word as ons "Vaalrivier". Hy lê naas die "4th T'Kaap Gareep or Heart Gareep". Hierdie alternatiewe naam vir die Vaalrivier het ons nog nêrens elders teëgekome nie: hy is nuut. T'sKaba (die T's dui die suigkonsonant aan, nie 'n slegte poging om die dentale slag voor te stel nie!) is soos Ou-Kaaps kaba = "rooi", in Nama /aba, by Lichtenstein /abaa, dialekties /kaba.

Somerville noem ook die "T's'maam Gareep or White Gareep". Die vertaling is hier verkeerd. Hy praat oor die Modderrivier. Sy inlandse naam is ook moeilik om te spel en ons kry spel pogings soos die volgende: by Burchell Gmaap, Maap, by Alexander Maap, by Voorman Ismaan, ens. Die -m aan die slot by Somerville is gewoon by Griekwa/Koranna vir en naas die -p in bv. Nama, en is die ou uitgang van die ml. ekv. Riviername gaan uit op 'n -b, -p of 'n -m. Die T's is weer 'n suigklap, maar 'n ander klap as die (dentale) T's hoërop. Laat ons die klaptokens weg en verander die -m na -p, dan is die opgawe nou by Somerville (nl. Maap) gelyk aan een spelling by Burchell, maar Burchell se alternatiewe spelling is beter, nl. Gmaap. Dit skakel direk aan by bv. Nama gāma = "bruin", en Gmaa-p is dan die "Bruinrivier". Met "bruin" as die kleur van die modderwater, veral in tye van vloed, kan "Bruinrivier" assosiatief vertaal word as "Modderrivier". "Wit" kan dit nie wees nie, "Wit" is !uri of (ook in Griekwa) xati. Dit is, terloops gesê, nodig om daarop te wys dat die stroom Modderrivier so teen 1850 nog in die Vaalrivier gevloei het en Rietrivier in die Modderrivier, maar later het dit verander en het Modderrivier in Rietrivier gevloei en Rietrivier in die Vaal.

Nog is ons nie met Modderrivier klaar nie. Hy het ook ander name gehad, soos "The Modder River or River Khaba", kyk Nienaber-Raper 1977:989. Is hierdie Khaba nie ook maar /(k)awa = "rooi" nie? Dit het ook verskyn as Qhaba wat weer kan aansluit by Nama gōab = "modder". Indien wel, dan is "Modderrivier" met hierdie woord as grondslag 'n regstreekse vertaling. Oor die interpretasie van Gmaap/Maap/T's'maap (of -m) het ons geen twyfel nie, die ander twee berus op waarskynlikhede. Die ou Korannanaam van Hartsrivier



was, soos ons by Somerville aangehaal het, "T'Kapu", met die T' as 'n poging om die suigkonsonant te skryf. Die rivier het die naam van 'n hoofkraal gekry wat op die oewers van dié rivier oostelik op die hoogte van Kuruman geleë was (Burchell 1822:1(242), en volgens Gordon 1779 (manuskripkopie) dra die kraal die naam van die stam, genoem na die hoofman, 'n naam wat op een of ander manier verband hou met die hart van die leier, 'n verband wat tans verlore geraak het. Op sy soms erg vertrekte kaart gee Voorman 1805 nog riviername wat Truter se geselskap, insluitende Somerville, van die Griekwas moes gehoor het, soos Gaoukoup vir "Groot-Vetriver" (ook 'n letterlike vertaling). Voorman gee nie die vertaling aan nie, ook nie by "Iskabo gariep" nie. Oor laasgenoemde het ons nog geen sekerheid nie.

'n Oorspronklike naam van Griekwa/Koranna-oorsprong wat wel nie vertaal of verdoop is nie, is Prieska. Dit was 'n belangrike drif deur die Oranjerivier. Borchards 1801 noem dit "Presocás-drift", Somerville "Ford Perizika - Ka: is anything that is lost; Perizika: I cannot find out the meaning of", Lichtenstein "von der Furth, die den Koranaschen Namen Priskab trägt", Burchell Brieskap, Moffat 1854-5 "Briesschap" ens. Die hoofwoord is biris (piris) = "bokooi", + gā = "verlore (wees)", die "Plek waar die bokooi weg-geraak het". Die naam het op die hoofdorp en die distrik oorgegaan.

Ook Kheis 2822 CC het sy ou naam behou, vroeër nog as drif gebruik. Sy spelling was ook baie onvas, bv. t'Keys (Borchards), T'Keis (Somerville) Quis, Kwees (R. Moffat jnr) ens. Hierdie plek, ook 'n plaas en gehug, geleë in die distrik Hay, word verskillend verklaar, b.v. as "werf", of as "plek" (soos Nama !Khaes). Somerville teken dit op sy kaart in as "The Ford is called T'Keis - or Nothing", waar die "nothing" blykbaar die betekenis wil aangee, 'n verklaring wat ons taalkundig nie waar kan maak nie. Nog 'n ou naam wat gebly het, is Koegas 2922 AD, noordwes van Prieska, en sy derivate. Koegas verwys na die baie (-ga, in Nama -xa) seekoeie (!kao- in Nama en Griekwa) wat daar in die Oranjerivier geboer het. Tans lê dit in die distrik Hay. Op Voorman se kaart word nog 'n drif se naam ingeteken, nl. t'Aydysdrift, nie geïdentifiseer nie, ewemin as Somerville se Ghoey Kayps Drift, wat moontlik

verband hou met Guypkammas Drift. Vir laasgenoemde gee Somerville 'n verklaring, nl. "troublesome water. Guyp - anything that teazes, Kammi - Water". Guyp is moontlik sy lesing vir /huwub = "moeite, gesukkel". Sonder water kan mens nōg dier in hierdie dorre streke bestaan. Daarom is die Oranjerivier 'n lewensaar, en ander moontlikhede vir nedersettings bied kuile, bronne, fonteine, veral fonteine. Talle name het -fontein as slotdeel, of, in in-landse tale, -gam(m)i (-kamma en variasies) vir "water" of beskikbaarheid van water, t'kaap vir "rivier" (ook gnaap, Somerville se onsekere spelling vir Nama !ab, Ou-Kaaps kap ens.), t'gowp vir "fontein" naas kaap, albei volgens Somerville (vgl. Nama /au-b vir "bron" en daarnaas ≠gā-b vir "puts", ≠gā-b vir "vlei" ens.) Die bekendste "fonteine" was Aakaap en Gattikamma, sentrums van Griekwanedersettings in die beginjare van hulle ordening as staat onder die twee bekende sendelinge Anderson en Kramer. Aakaap beteken "Rietfontein" (die Aa- is Griekwa/Koranna vir "riet", ook "rietpyl", die t'kaap is hier, volgens Lichtenstein se lys 1808, /kāb vir "fontein"). Die Afrikaanse naam is lid vir lid vertaal, net soos in die geval van Gattikamma vir "Klaarwater". Kamma (Nama //gami) is "water", en Kroenlein-Rust 1969:85 sê !gatsi = "helder, klar, deutlich". Die sekondêre betekenis van "helder/klaar" kan "wit" wees, veral met 'n ondergrond van bv. kalkgrond vir die water. Daar word beweer dat Gattikamma verdoop is tot "Griekwastad". Heeltemal korrek is dit nie. Die ou Gattikamma lê in feite suidwestelik van Griekwastad aan die hoofweg na Niekerkshoop.

Die verband tussen water en bodemgesteldheid kom dikwels in plek-naamgewing uit. Die kalk- en klei-afsettings in die benedeloop van die Groenrivier gee aan die water die kleur van melk, vandaar die naam van Melkstort op 2822 CD, 'n vertaling van die ou Griekwanaam Bingap of Bengap. Somerville vertaal sy T'ko'Kamma met "Lime Water", "kalk" is in Nama (en wel ook in Griekwa) !kho-. In die amptelike verslag word dit gespel t'Goukamma, en by Somerville 'n ander keer as t'Koukamma, by Voorman t'Gout'kamma, wat mens maklik op 'n dwaalspoor kan lei.

In Karienkoup het ons waarskynlik 'n Kleinfontein, nl. vir khari = "klein", en /kaub, of by Somerville in sy woordelys, gowp, in Nama /aub, almal vir "fontein". As dit nie 'n lopende fontein is nie, kan die naam soms uitgaan op -am(s) = "mond", soos t'Jakohaam (am hier gespel -haam), of op -ghaap/gaap, bv. in die sin van "vlei" vereers. T'Gaakaap word deur Voorman noordwes van Prieska ingeteken, langs die noordoewer. So is dit ook gespel in die amptelike verslag, maar Somerville skryf daarvoor so: "... it happened close to a temporary river with some water in the pools, called Gna gnaap or small gut(?) river". Die (?) is van die redakteurs: hulle kan die gut ook nie ontsyfer nie. Hier kry ons 'n verklaring maar kan dit nie verstaan nie. Eintlik kan gnaap eerder beteken "pools" of "putse" (Nama gâb). Ons moet dan liever van die amptelike verslag se T'Gaakaap uitgaan, en as ons Somerville se "gut" wil lees as Hollands "gift" omdat die T'Gaa ons o.m. laat dink aan !ga- vir "gifbol", dan beteken die naam miskien Gifbolvlei" of "Gifbollopie". Wat nou verrassend gaan voorkom, is wat na toeval kan lyk. Die gifbol behoort aan die Amaryllidaceae, 'n spesie daarvan is die Boöphane guttata waarvan die sub guttata ons herinner aan Somerville se "gut(river)" in die aanhaling. Is sy "gut" nie maar die guttata vir die gewone seeroogblom wat vir die bees- en skaapboer so skadelik kan wees nie? Vgl. Smith 1966:228 en 543.

Nog 'n gifplant kom voor in "Kani gnoap - a river in the rainy season - and now containing water in pools - it runs into the Gareep", met die kanttekening daarby: "Kami vroëer Kani, kyk hierbo\_/ is die Kora name of the poisonous lily Amaryllus dystecha abounding here and G'naap is River". Die amptelike verslag spel dit t'Kanienghoap. Ons kan nou 'n "fout" by Somerville regstel. Sy "river" is nie 'n rivier nie, dit is 'n lopies of insinking met poele en kuile daarin. Die gnoap by hom en die -nghoap in Records IV 403 is die woord vir modderkuile, nl. gōâes, gōâs in Nama. Die naam is dan te vertaal met "Gifbolmodderkuile". Ander volksname vir die Khoekhoense kani (Boöphane disticha) is o.m. "gifui, kopseerblom, malkopgif".

Ander plantkundige motiewe (ons noem net enkeles uit Somerville en Voorman) is: t'Goedabeeb/t'Goedabieb/T'Koodabby (noordwes van

Prieska en aan die noordelike oewer), vir die daweb, algemene inlandse naam van die Tamarix usneoides, dit verskyn in baie plek-name; die t'goe- en wisselspellings is moontlik soos /qui = "een" (die "plek waar daar een tamariskboom staan"); "a small fountain of dirty hard water called in the Kora 'Gowcoo or Thicket of Thorns" (Somerville, op sy kaart T'Goucoo, Voorman plaas hom regoor die Prieskadrif waar mens die wal aan die noordekant uitgaan), in die verslag gespel t'Goecoup. Die tweede bestanddeel is soos Nama //khub = "(lang) doring", die eerste wel soos Nama //goë of //gui vir "lê (dig bymekaar)"; 'n "melkbos" is in Nama gui-, ongeveer dieselfde in Griekwa, en benoem 'n "temporary river with pools ... called Kooy-gnaap - or Milk bush or Euphorbia river (Koo-ip: Euphorbia, gnaap river) ..." Kokskraal in 2821 se Griekwanaam was t'Koubahas by Voorman, t'Kowbahas by Borchers of op bl. 81 van sy Memoirs, "... de kraal van Kok, l'koubalas of bittere dagga geheeten". Die naam bitterdagga kom nie in Smith 1966 of in WAT voor nie. Die Hollandse naam is wel 'n vertaling eerder as 'n omskrywing, en dan sal die t' en die l' 'n suigklap verteenwoordig en die lid wel "bitter" beteken, as sodanig gelyk te stel met bv. die Gou- van Goudini (vir "bitter heuning"). Die Griekwa se -baha sluit aan by die bacha wat Lichtenstein 1808 as wisseluitspraak van "dagga/dacha" onder die Korannas /d.w.s. ook onder die Griekwas/ gehoor het, daar gebruik vir "Toback" (Nienaber 1963:476).

Die ander Kokskraal, dié van Jan Kok, geleë net suid van Aakaap of Rietfontein op 2922 BB, het ook sy Griekwanaam gehad, nl. t'Kaarap. Somerville 1979:171 vertel o.a. "... we proceeded four hours up the Straat towards the place at which we had found /Jan/ Kock ... The Straat is called in the Kora language 'Ts Garap which signifies Straat ..." Vroeër het hy hierdie pleknaam in vertaling genoem waar hy sê: "... we went in the night to the Narrow Kloof ... where we had formerly found Kock /Jan Kok/" (bl. 165). "Straat" (hier gewoonlik gebruik vir die laagte tussen gelyklopende hoë duinriewe) het ook die betekenis van "Kloof". Albei die twee name, Kokskraal as t'Koubahas en as t'Kaarap, het vergete geraak, maar op 2922 BB/BD waar die een Kokskraal (van Jan) was, is nog die plase Klein-kloof en Naauw Poort. Ook die ou name The Kloof en Kloof Village

is deur Skead 1973:101 geïdentifiseer as die huidige Kleinkloof.

Ons moeilikheid is om bepaalde plekke te identifiseer. Soms is daar geen twyfel nie, soos in die geval van Aakaap/Rietfontein of van Gattikamma/Klaarwater. Hier het ons die ou naam en sy vertaling. Daar is ook onvertaalde ou Griekwaname wat ons kan situeer en waarvan ons die vertaling met sekerheid vasgestel het, name soos Koegas en Prieska. Ons het ook baie sterk twyfel of ons die T'Keis van Somerville korrek geïdentifiseer het as die huidige Kheis. Dit mag 'n ander plek wees baie na aan Prieska. Soos ons in Toponymica Hottentotica aangetoon het, kan die betekenis van 'n ou inlandse naam baie keer afgelei word as sy posisie presies bekend is. Omgewingsname bevat dikwels die sleutel, en kennis van die Khoekhoenese dialekte kan absolute sekerheid bring. Baie van die plekname wat in die reisjoernale van bv. die Truter-tog voorkom, is kartografies nie goed te plaas nie en ontnem ons die geleentheid om moontlike hulp uit name van die buurt te kry. Voorman se kaart is nagenoeg nutteloos vir talle name wat hy op sy kaart ingeskryf het. Hy was nie saam op die tog nie; sy inligting het hy van Truter self gekry en dit aangevul deur wat "Bastaarthottentotten" of Griekwas, Korannas, Boesmans en "Boetsoehanas" hom vertel het. Voorman se aanduiding van die loop van die Swart-Gariep, die Modder-, Grootvet- en ander strome ooswaarts is eintlik 'n "grap". Mens kan met hom natuurlik ten volle simpatiseer.

Ons verduidelik met 'n ander voorbeeld wat ons bedoel. Voorman het 'n t/Saarohaap, aan die suidoewer van die Oranjerivier, tussen Prieska 2922 DA en Koubahas (of: Kokskraal) op ongeveer 2821 CA. Op die gehoor af sou ons die naam vertaal met "Stofkloof/vlakte/vlei". Nou is daar inderdaad vandag nog, maar aan die noordoewer, regoor Prieska, 'n plaas met die naam Stofbakkies 0. 360, en wes daarvan "Stofbakkies Public Outspan", vgl. Topo-kadastrale vel 2922 1966. Ook Somerville gee die naam aan as 'Tsaro'Haap, kanttekening op p. 175. "Stofbakkies" is wel die vertaling van die ou naam, 'n naam wat trouens ook elders voorkom. Mariental het in Nama geheet Tsarachaibes, uit tsara-xa ("stof-bale" of "stowwerig") + ai ("gesig/bakkies") + be-s ("plek"). Voorman se kaart plaas dit misleidend verkeerd, Somerville se aanduiding maak dit egter seker dat sý 'Tsaro'Haap hierdie plek Stofbakkies 0. 360

is net voordat hulle, komende uit die noorde, deur die drif gaan. As Voorman landmeterkundig sy plekke geplaas het, sou ons met sekerheid ook ander soos t'Kabiël, t'koerochaap, Koreesep miskien kon opgeklaar het. Die waarde van verklaring lê ook daarin dat die motiewe ons 'n goeie insig in die denkwêreld van die naamgewers verleen. Naamgewing is 'n menslike aktiwiteit, deur en deur, en op sy wyse openbaar dit die mens aan mense.

Noot: ek het my met opset 'n beperking opgelê wat betref die tyd en die gebied, en ook wat betref die bespreking van name: plek-name wat in Toponymica Hottentotica bespreek is, is hier net vlugtig behandel of glad nie.

BIBLIOGRAFIE

- BACKHOUSE J : A narrative of a visit to Mauritius and South Africa. Londen 1844
- BORCHERDS PB : Bladen uit de memoirs van Petrus Borchardus Borchers (vertaald door Fred. H. Olland). Amsterdam 1907
- BURCHELL WJ : Travels in the interior of Southern Africa. 2 dele. Londen 1953
- CAMPBELL John : Travels in South Africa. Third edition, corrected. Londen 1815
- DU PLESSIS EJ : 'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername. Kaapstad 1973
- KROENLEIN JG : Wortschatz der Khoi-Khoïn. Berlyn 1889
- LICHTENSTEIN H : Bemerkungen über die Sprachen der südafrikanischen wilden Völkerstämme in BERTUCH und VATER : Allgemeines Archiv für Ethnografie und Linguistik. Deel 1. Weimar 1808
- LICHTENSTEIN H : Reisen im südlichen Afrika 1803 - 1806. 2 dele. Stuttgart 1967 (fotodruk van uitgawe van 1911, met Inleiding)
- MOFFAT R : Plan of a portion of the Kai "Garip or Great Orange River. Kuruman 1857 (datum van tekening van kaart). Public Record Office, C.O. 48/383.
- NIENABER GS : Hottentots. Pretoria 1963
- NIENABER GS & RAPER PE : Toponymica Hottentotica. 3 dele. Pretoria 1977 en 1980

RAPER PE : Streekname in Suid-Afrika en Suidwes. Kaapstad 1972.

RUST Fr : Deutsch-Nama Wörterbuch. Windhoek 1960

RUST Fr : Nama-Wörterbuch (Kroenlein redivivus). Pietermaritzburg 1969

SMITH A : KRIBY PR : The Diary of Dr Andrew Smith. VRV 20 & 21. Kaapstad 1939 & 1940

SMITH CA : Common names of South African plants. Pretoria 1966

SOMERVILLE W : BRADLOW E & F : William Somerville's narrative of his journeys to the Eastern Cape Frontier and to Lattakoe 1799 - 1802. VRV\* 2e reeks nr 10. Kaapstad 1979

SKEAD CJ : Zoo-Historical Gazetteer. Universiteit van Kaapstad 1973

THEAL GM : Records of the Cape Colony. Deel IV. Londen 1899

THOMPSON G : Travels and adventures in Southern Africa. 2 dele. VRV 48 & 49. Kaapstad 1967 & 1968

VAN VREEDEN BF : Oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en aangrensende gebiede. (Ongepubliseerde proefskrif vir die graad Ph.D. aan Wits). 1961

VOORMAN PH : Generale kaart van de Colonie Kaap de Goede Hoop in Zuyd Afrika ... Gedaan na de waarneeming van de Heer P.J. Truter sr ... Geschetst door P.H. Voorman. 1805. Aangevul deur mededelings verkry van "Bastaarthottentotten aan de Koubahas /Griekwas, Kok sr. se standplaas aan die Oranjerivier/, de Coras /of Korannas\_/ en Bosjesmans Hottentotten en Boetsoehanas".

\*VRV is afkorting vir: Van Riebeeck-Vereniging



2.5 ASPEKTE VAN DIE KLANKLEER  
VAN DIE AFRIKAANS VAN DIE  
GRIEKWAS

M.C.J. VAN RENSBURG

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

2.5.1	’n Inventaris van die klanke van die Afrikaans van die Griekwas .....	274 - 275
2.5.1.1	Konsonanttabelle .....	274 - 275
2.5.1.2	Vokaalkaart .....	275
2.5.2	Kenmerke van die klankstruktuur van Griekwa-Afrikaans: ’n samevatting van die verskille tussen Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans .....	276 - 280
2.5.2.1	Konsonante .....	276 - 279
2.5.2.2	Vokale .....	280
2.5.3	’n Vergelyking van die woordboustruktuur tussen Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans volgens hulle kluster=patrone .....	281 - 310
2.5.4	Opvallende vokaalverskille tussen Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans .....	311 - 348
2.5.5	Bylaes by 2.5	
	Bylae 1 ’n Ontleding van die vokaalgegewens van ses Griekwasprekers <i>A. de Wet</i> .....	349 - 356
	Bylae 2 ’n Ontleding van die konsonantgegewens van ses Griekwasprekers <i>L.T. du Plessis</i> .....	357 - 362

2.5.1 INVENTARIS VAN KONSONANTE WAT IN DIE AFRIKAANS VAN DIE GRIEKWAS VAN DIE TAGTIGERJARE VOORKOM

EKSPLOSIIEWE

	STEMLOOS	STEMHEBBEND
bilabiaal	p	b
alveolêr	t	d
velêr	k	g
palataal	c	ç
pre-palataal	t̟	ɸ
	k̟	ɸ
glottaal	ʔ	

FRIKATIEWE

	STEMLOOS	STEMHEBBEND
bilabiaal		w
labiodentaal	f	v
alveolêr	s	z
palato-alveolêr	ʃ	
velêr	x	
palataal	ç	j
		ʃ
syklank		l
triller		r
glottaal		h

NASALE

STEMHEBBEND

Bilabiaal

m

Alveolêr

n


Velêr

ŋ

Palataal

ɲ

	m
	n
	ŋ
	ɲ



2.5.1.2 VOKAALKAART

2.5.2 KENMERKE VAN DIE KLANKSTRUKTUUR VAN GRIEKWA-AFRIKAANS: 'n samevatting van die verskille tussen Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans

Nadat ongeveer een sesde van die klankgegewens wat vir hierdie projek ont=sluit is, deurgewerk is, blyk die volgende:

Slotklanke

In Griekwa-Afrikaans kom daar dikwels aan woordeindes nie konsonante voor nie, terwyl dit in die reël wel in standaard-Afrikaans die geval is.\* Vgl. die volgende (woorde uit standaard-Afrikaans word tussen hakies aangegee):

-k-

drin (drink), din (dink).

-t-

wan (want), wa (want), diekan (diekant).

Enkelkonsonante

Enkelkonsonante in Griekwa-Afrikaans wissel in die reël met tweekonsonant=klusters in standaard-Afrikaans: wan x want, en met konsonantopeenvolgings wat uit twee lede bestaan aa / nie x aan / die en aan twee woorde of twee sillabes behoort.

'n Nasaal

ma/ne (maan/de)

ee/maal (een/maal)

'n Eksplosief

sko/pe (skop / die)

goe/koop (goed/koop)

'n Frikatief

houva / sie (houvas / die)

ko / sit (kos / dit)

(Ook: ein/lik x ein/tlik)

---

\* Hier word volstaan met die kwalifikasies dikwels, en in die reël, van die ondersoeker. Hierdie opinie kan gekontroleer word deur die frekwen=sie van die betrokke konsonant in vergelykbare tekste van standaard-Af=rikaans te tel. Omdat daar nie sulke kwantifiserings van standaard-Afri=kaans bekend is nie, en omdat die kwantifisering van die veskille tussen Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans nie 'n doelwit van hierdie onder=soek is nie, (vgl. Deel I) is dié data nie op hierdie manier verwerk nie.

### Die patroon n + v

Die konsonantopeenvolging n + v kom in Griekwa-Afrikaans voor, teenoor v in standaard-Afrikaans: eenvagelis x evangelis. Opmerklik is die kombinasie n + v in Griekwa-Afrikaans, terwyl standaard-Afrikaans slegs v het. Veralgemeend gesien, sou mens dit andersom verwag, gesien die patroon konsonant x konsonantopeenvolging (Griekwa-Afrikaans x standaard-Afrikaans).

### Nasalering

Gevalle kom voor waar die nasaal glad nie uitgespreek word nie: [ɔs] (MR55) x [ʒ:s]. In ander gevalle word die konsonant uitgespreek sonder dat die voorafgaande vokaal die nasale kleur het wat so kenmerkend is van standaard-Afrikaans: [ɔns]. Eersgenoemde uitspraak kom in die meerderheid van die gevalle voor.

### Variasie binne woordgrense

By die vorm kindskinders eindig die eerste twee lede van die samestelling op vorme wat dieselfde onderbou het. Die s van die samestelling kan volgens woordboureëls nie aan die einde van die tweede lid voorkom nie. Die einde van die tweede lid varieer egter met die driekonsonantkluster ook daardeur dat slegs 'n nasaal uitgespreek word: nds x n.

### Vokaallengte

Die onbepaalde lengte van vokale aan die einde van eenlettergrepige woorde val op in vergelyking met standaard-Afrikaans. Soms is dieselfde vokaal lank, dan weer kort. Dat lengte soms met sterk beklemtoning korreleer, lyk na 'n moontlikheid:

aan	x	án
gaan	x	gán
klaar	x	klár
raak	x	rák
maak	x	mák
daardie	x	dárdie
slaap	x	sláp

In baie gevalle word die korter variant egter uitgespreek sonder dat 'n sterker graad van beklemtoning waargeneem kan word.

### Stemvariante

Wisseling van stemhebbende (teenoor stemlose konsonante in standaard-Afrikaans) kom baie voor: d x t: Saderdag x Saterdag (binnewoords), óók aan woordeindes: did x dit.

### Sillabe- en woordgrensversprying

Dit gebeur dat die sillabe- of woordgrens in Griekwa-Afrikaans vóór die konsonant lê wat in die konsonantopeenvolging ter sprake is. Wat die -n- betref, bv. die sillabegrens - ki/ ners, en die woordgrens - aa/nie. In vergelyking met die standaard-Afrikaanse voorkoms van dié vorme versprying hierdie grens en kom dit ná die -n- te staan: kin/ders, aan/die. Vgl ook dant / x dan/het; ens. Hierdie verskynsel hou verband met sillabewisseling.

### Sillabewisseling

In Griekwa-Afrikaans kom daar in die reël in woorde minder sillabes voor as in standaard-Afrikaans. Vgl.:

eensillabies x tweesillabies: dam x da/rem

eensillabies x driesillabies: som x so/mi/ge

tweesillabies x driesillabies: hier/sie x hier/is/nie

In vergelyking met 'n groot aantal woorde in standaard-Afrikaans wat met 'n geslote sillabe eindig wat lank of kort kan wees (maar, gaan; hier, kan), eindig die ooreenstemmende woorde in Griekwa-Afrikaans met 'n oop sillabe, gewoonlik 'n kort vokaal (ma, ga, hie, ka). Die konsonante wat in hierdie gevalle in standaard-Afrikaans voorkom, en nie in Griekwa-Afrikaans nie, is r (kla x klaar), t (la x laat), n (ka x kan), g (vlie x vlieg), m (ko x kom).

### Palatalisasie

Griekwa-Afrikaans word gekenmerk deur 'n frekwensie en graad van palatalisasie wat nie in standaard-Afrikaans voorkom nie: Dit word gehoor as een van 'n wye reeks palatale konsonante waarvan die verskeidenheid vreemd is aan standaard-Afrikaans. Die uitspraak van die vokale in die palataalomgewing word ook deur dié konsonante beïnvloed.

Hier word uitgegaan van die beskrywing van Le Roux en Pienaar 1928:106, waarvolgens 'n gepalataliseerde konsonant "n dubbel artikulasie (het), nl. 'n primêre artikulasie op 'n plek wat nie die hardegehemelte is nie, en 'n sekondêre artikulasie wat ontstaan deur tegelykertyd die voor van die tong op te lig sodat dit die hardegehemelte raak of byna raak."

In 'n beskrywing van die konsonante van Griekwa-Afrikaans toon die reeks palatale konsonante 'n groter besetting in Griekwa-Afrikaans as in standaard-Afrikaans. Eksplosiewe: (i) teenoor standaard-Afrikaans waar palatale klanke minder gehoor word en fyner onderskeidings nie deur fonetici gemaak word nie (vgl. De Villiers 1967:45 - 46) word daar in Griekwa-Afrikaans dikwels

en duidelik onderskei tussen 'n palatale stemlose eksplosief [c] en 'n pre-palatale stemlose eksplosief [k].

(ii) 'n Stemlose alveolêre eksplosief [t] kom ook voor, veral by verkleiningsuitgange en in enkele gevalle is ander eksplosiewe ook gepalataliseer soos die p in woordaanvangsposisies in [pɔnt] (pont) en b in [bɛl].

(iii) In Griekwa-Afrikaans kom 'n stemhebbende pre-palatale eksplosief [d] voor wat nie in standaard-Afrikaans voorkom nie. (Dié klank ontbreek bv. in die beskrywing van De Villiers 1967 en Le Roux en Pienaar 1928. By laasgenoemde word daar egter wel melding gemaak van die stemhebbende palatale eksplosief [j] slegs in "die bepaalde gebruik van die woordjie ja" (p. 102). (Vgl. (iv) hierna.)).

By die eerste aanhoor van dié stemhebbende pre-palatale eksplosief klink dit na 'n affrikaat [dz]. Noukeuriger waarneming dui egter daarop dat dit 'n pre-palatale eksplosief is, wat saamhang met die wye spektrum stemlose pre-palatale eksplosiewe wat in Griekwa-Afrikaans voorkom.

(iv) In sommige gevalle gebruik sprekers van Griekwa-Afrikaans 'n palatale stemhebbende eksplosief [j], naas die pre-palatale stemhebbende eksplosief [d]. Lg. het egter 'n baie groter gebruiksfrekwensie. (Vgl. dɔhanes x jɔhanes.)

Dit lyk ook of die [c, d en j] mekaar ondeling kan afwissel, ook by dieselfde spreker, egter met 'n voorkeur vir die pre-palatale klanke.

#### Klusterpatroonmatigheide

Met 'n t / aan die woordeinde in Griekwa-Afrikaans varieer daar dikwels in standaard-Afrikaans 'n / h wat aan die begin van 'n woord staan met 'n schwa daarna en 'n t / aan die woordeinde. (In al die opgetekende gevalle is dit slegs het wat hier voorkom.) Vgl.

hullet / x hulle / het;

hyt / x hy / het;

hoet / x hoe / het;

jyt / x jy / het;

nout / x nou / het;

toet / x toe / het.

Wanneer enkelkonsonante konsonantklusters afwissel val die volgende op:

1. konsonante (s, l, r, f, t, p, ) wissel af met 'n kluster wat gevorm word deur die betrokke konsonant + d

s x sd (asie x as die)

l x ld (wilie x wil die)

f x fd (afie x af die)



r x rd (smerie x somer die)

t x td (medie x met die)

p x pd (opie x op die)

Klusterkombinasies wat in standaard-Afrikaans voorkom, kom in die reël ook in Griekwa-Afrikaans voor. Sommige opeenvolgings is net baie skaars in Griekwa-Afrikaans. Vgl.: Standaard-Afrikaans                      Griekwa-Afrikaans

p (pa/pier)                      x                      m / p (pam/pier)

Die volgende opvallende variante kom voor:

m x n     :     remte x rente

rt x t     :     vergeert x vergeet

tl x kl     :     matlik x maklik

k x t     :     laak x laat

w x b     :     was (waas) x baas

daari     x     daardie én daar nie

Die volgende pare kan in die Afrikaans van die Griekwas blykbaar net as teksonderdele "reg" verstaan word:

maal x mal, baas x bas, laat x lat, laaste x laste,  
raak x rak, skaap x skap, maak x mak, saak x sak,  
slaap x slap, plaas x plas, smaak x smak, taal x tal;

vat x vaat, man x maan, mat x maat, manne x maane.

Vokaalpatrone word in meer besonderhede vanaf p. 311 bespreek.

2.5.3 'n Analise van die konsonantpatrone in Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans

Nasale

Tweekonsonantklusters en opeenvolgings in die Afrikaans van Griekwasprekers met 'n nasaal as een lid en variante daarvan in standaard-Afrikaans.

Nasale konsonante in Griekwa-Afrikaans wat met klusters of konsonantkombinasies in standaard-Afrikaans afwissel.

Nasale konsonante wat met 'n enkelkonsonant in standaard-Afrikaans afwissel.

KONSONANTKLUSTERS

Die voorkoms van die Griekwa-konsonante word beskryf deur hulle te kontrasteer met die voorkoms van konsonantklusters\* in standaard-Afrikaans.

(Die verwysingspunt standaard-Afrikaans word hier geneem as die beskrywing van konsonante in Le Roux en Pienaar 1927, gemoederniseer (waar hulle variante beskryf wat vóór 1930 nog baie voorkom het) deur De Villiers 1967 en Wissing 1971, 1982.

Wanneer die woordboustruktuur van Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans volgens hulle klusterbou vergelyk word, word tradisionele beskrywings wat bv. onder die ketegorieë assimilasië, konsonantwisseling, ontstemming, klises (tussen woord en sillabegrense), konsonantinvoging en -weglating, affrikatisering, palatalisasie, ens. geklassifiseer sou kon word, daardeur ondervang.

In plaas van bv. die verskynsel van assimilasië uit te sonder as 'n proses waar naburige klanke, tradisioneel gesien, mekaar beïnvloed en so "in minder of meerdere mate gelykgemaak word ..." (le Roux & Pienaar 1927:163) (vgl. o.a. Le Roux en Pienaar 1927:163 e.v.; Wissing 1982:171 e.v.), word die klusterstruktuur van die ongeassimileerde vorm vergelyk met die vorm waarin assimilasië wel sou voorkom. Vgl.:

me/ die	x	met / die
pe/ re	x	per/ de
a/ ie	x	al / die
wa/ zit	x	was / dit
sta/ rag	x	sta/ dig
hoe / lat	x	hoe/ dat

Hieruit blyk watter klanke mekaar kan afwissel (in terme van assimilasië gesien: mekaar kan beïnvloed) asook:

- watter klusterstrukture kenmerkend is van bepaalde sprekers;
- watter klustervariante eerder voorkom onder 'n bepaalde groep

---

\* Le Roux en Pienaar 1927:75 e.v. gee baie aandag aan die klusterstruktuur van konsonante. Tot 'n sistematiese beskrywing kom hulle egter nie. Lubbe (manuskrip) behandel die struktuur van s+p klusters uitvoerig.

sprekers;

- watter klusterstrukture voorkeur geniet by woordvorming;
- hoe belangrike kenmerke van sillabe- en woordstruktuur bepaal kan word.

Volgens dié beskrywing word daar baie klem gelê op die sillabe en woordstruktuur. 'n Woord soos einlik verteenwoordig dan in geval van 'n /l x /t/ - klusterwisseling, en nie 'n wisseling van bv. n x nt, óór die sillabegrens nie - dáár is 'n konsoant= opeenvolging ter sprake. Ook wat woordgrense betref: (o/pe x op/die).

Die beskrywing van konsonante in terme van hulle klusterstruktuur impliseer nie dat een klank noodwendig "oorgaan" tot 'n ander klank nie. So 'n siening van klankverandering - waar een klank "verander" tot 'n ander is nie te rym met bv. feite wat aantoon dat twee vorme al vir eeue náás mekaar bestaan nie. (Vgl. Van Rensburg 1982.) Waar daar wel van klankbeïnvloeding sprake is, en dit aangetoon kan word (soos bv. by tweedetaal-sprekers in 'n taalverplasingsproses) word dié proses nie as deel van die sentrale problematiek gesien nie. Wat die variante onbillik X ombillik betref, sou bv. vermeld kon word dat die kluster met die bilabiaale variant gebruik word in 'n geselsstyl, die ander variant wanneer daar nadruklik gepraat word, soos bv. in afkondigings, in klaskamers (deur onderwysers en dosente) en van kansels af. In 'n gemoedelike gesprek, selfs in 'n televisie-onderhoud, kan dit 'n teken van hiperkorreksie wees wanneer 'n spreker wat normaalweg die kluster bilabiaale nasaal + bilabiaale eksposief gebruik dit deurgaans vervang met die variant alveolêre nasaal + bilabiaale eksplosief.

Laasgenoemde verteenwoordig die standaardvorm, maar word nie deurgaans dáár gebruik nie. 'n Konstante gebruik wys op hiperkorreksie, in tē bewuste aansluiting by die norm, en 'n oorveralgemening van 'n besondere doeltaal se ingeboude variasiestruktuur.

Tweekonsonantklusters en opeenvolgings in die Afrikaans  
van Griekwasprekers met 'n nasaal as een lid en variante  
daarvan in standaard-Afrikaans

n

nf x f

Binnewoords

nʃf x ʃf, bv.: eenʃfagelis x eʃfangelis

ns x ŋs

Aan woordeindposisie of sillabe-eindposisie

nsʃ x ŋsʃ, bv.: lansʃ x langʃ;

leinsʃburg x leinsʃburg

ns x n

Oor woordgrense

nsʃ x nʃ, bv.: dansʃ x danʃis

nt x n

Binnewoords

ntʃ x nʃ, bv.: reentʃ x reentʃ

gereentʃ x gereentʃ

nt x nh

Oor woord- en sillabegrense

ntʃ x nʃh, bv.: dantʃ x danʃ het

nt x d

Oor woord- en sillabegrense

ntʃ x ʃd, bv.: naantʃ x naaʃderhand;

nl x ntl

Binnewoords

nʃl x ntʃl, bv. ənʃlæk x əntʃlæk; einʃlæk x eintʃlik

nt x rn

Oor woord- en sillabegrense

nʃt x rʃn, bv.: waanʃtoe x waarʃnatoe

nt x t

Binnewoords

Oor sillabegrense

nʃt x ʃt, bv.: konʃtansie x kwiʃtansie

nt x nd

Binnewoords

Oor sillabegrense

ntʃ x ndʃ, bv.: ontʃhou x ondʃhou

mp

mp x p

Binnewoords

mʃp x ʃp, bv.: pamʃpier x paʃpier

(Die "omgekeerde" hiervan kom ook voor: in Griekwa-Afrikaans kom papoen voor, en in standaard-Afrikaans die variant met die nasaal: pampoens. (Vgl. ook die afdeling oor die eksplosiefvariante.)

mb

mb x b

mʃb x ʃb, bv.: assemʃblief x asseblief

mt

mt x nt

Binnewoords

Oor sillabegrense

mʃt x nʃt, bv.: remʃte x renʃte

nl

nl x nh

Oor woord- en sillabegrense

nʃl x nʃh, bv.: kenʃle x kenʃhulle

Nasale konsonante in Griekwa-Afrikaans wat met klusters of konsonantkombinasies in standaard-Afrikaans afwissel

n

n x ntl

Binnewoords

/n x ntʃl, bv.: əʃnək x eintʃlik (KW48)

n x nd

Oor woord- en sillabegrense

Met sillabegrensverspringing

/n x nʃd, bv.:

aʃni x aanʃdie; aʃner (frekwent) x ander; aʃnerster x  
anʃders;

aʃnerkant x anʃderkant;

ɛʃni x inʃdie; ɛʃni x ɛnʃdie;

faʃni x fanʃdie; faʃnə x fanʃdie

gaʃni x gaanʃdie; gagaʃni x gegaanʃnie;

hoʃnert x honʃdert; hoʃne x honʃde;

əʃni x ənʃdie; əʃni x ɛnʃdie; əʃnə x inʃdie

kiʃnirs x kinʃders;

maʃne x maanʃde;

oʃner x onder;

roʃnecis x ronʃdecis; roʃnedans x ronʃdedans;

siʃni x sienʃnie; skoolkiʃnirs x skoolkinʃders;

tisseʃni x tussenʃdie; teeʃnie x teenʃdie;

uʃner x onʃder;

veraʃner x veranʃder;

wofnerlik x wonʃderlik;

n x nt

Aan woordeindes

nʃ x ntʃ, bv.: wanʃ x wantʃ; die kanʃ x diekantʃ

m

m x nm

Binnewoords

Oor sillabe- en woordgrense

ʃm x nʃm, bv.: faʃmidag x fanʃmidag (waar aangeneem word dat daar wel gevalle voorkom waar hierdie nadruklike uitspraak as standaard-Afrikaans gehoor word); faʃmore x fanʃmore; eeʃmaal x eenʃmaal

m x nm

Oor woordgrense

ʃm x mʃn, bv.: klimʃie x klimʃnie

m x md

Oor woordgrense

ʃm x mʃd, bv.: koʃmə x komʃdie;  
oʃmə x omʃdie

m x mb

Oor woordgrense

ʃm x mʃb, bv.: kjiʃmərli x kimʃberli

ŋ

ŋ x ŋk

Binnewoords

Aan woord- of sillabe-eindes

ŋʃ x ŋkʃ, bv.: drəŋ x drəŋk; dəŋ x dəŋk;  
dəŋ x dəŋk (lənks in Griekwa-Afrikaans wissel op sy beurt weer af met lənʃ in standaard-Afrikaans.)



Nasale konsonante wat met 'n enkelkonsonant in standaard-Afrikaans afwissel

n

n x l

Aan woordeindes of sillabe-eindes

nʃ x lʃ, bv.: almanʃ x almalʃ; heenʃtemal x heelʃtemal

n

n x j

Binnewoords, bv.: banə x bajə

Nulkonsonante

Nulkonsonante in Griekwa-Afrikaans wat afwissel met die volgende konsonante in standaard-Afrikaans:

enkelkonsonante  
konsonantklusters

Nulkonsonante in Griekwa-Afrikaans wat afwissel met die volgende konsonante in standaard-Afrikaans:

Enkelkonsonante

Nasale

∅ x n

Aan woord en sillabe-eindes

bv.: ə x ən (In sommige gevalle kan daar nie duidelik onderskei word tussen die vokaal [ə] en die stemband-ploffer [ʔ] nie (?x ?n); fa x fan; də x dan; da x dan; ga x gaan; warvena x waarvandaan; ka x kan; a x en; nou x \*noun; ko x kon;

∅ x n

Binnewoords

os x ons;

∅ x m

Aan woord- en sillabe-eindes

x mʃ, bv. ko x kom;

\* noun kan moontlik 'n verkorting wees van nou-nou.  
(Suggesie deur prof. H.G.W. du Plessis.)

eksplosiewe

ø x t

aan woord en sillabe-eindes

la x laat; moe x moet; wa x wat; toe x tot(!);  
wan x want; diekan x diekant

ø x k

Binnewoords

In sillabe-aanvangsposisie

partyfeer x partyfkeer

frikatiewe

ø x g

aan woord en sillabe-eindes

gavlie x gevlieg; vlie x vlieg; ja x jaag

Die triklank

Aan woordeindes (Vir die lengte van die eindvokaal in  
GA, vgl. 2.5.4)

ø x r

ma x maar (frekwent); da x daar; hie x hier;  
wone x woner, vi x vir; fru x vroër, kla x klar;  
ampe x amper; rivie x rivier; late x later;  
fruhe x vroeër (J15); waa x waar; menee x meneer

Opmerking: Die lengte van die oop vokaal in Griekwa-  
Afrikaans wissel baie tussen relatief lank en relatief  
kort, ook by dieselfde spreker. Dit lyk (in sommige  
gevalle) asof die lengte van die vokaal ook verband hou  
met die klem waarmee dit uitgespreek word. In uitsprake  
met nadruksklem is die vokaal kort.

Oor woord- en sillabegrense

ø x /r of r/

hiefnatoe x hierfnatoe; hiefse x hierfso;  
dafəm x darəm; waarftoe x waarnatoe; daif x daarfdie;  
waiƒ x waarfdie; waitƒ x waarfheid; daƒfən x daarfvan;

frikatiewe

∅ x x

aan woordeindes

ja x jaag; dro x droog; vroe x vroeg;

geploeg x geploeg;

binnewoords

ne:əntin x nexəntin ('n Oorgangsklank [h] word in verskillende grade van duidelikheid hier gehoor. In sulke gevalle sal dit 'n voorbeeld van die variasie h x x wees: ne:həntin x ne:xəntin.)

Nulkonsonante in Griekwa-Afrikaans wat afwissel met die volgende konsonante in standaard-Afrikaans:

Konsonantklusters

∅ x nt

Aan die woordeinde

wa x want

Die -e meervoudsvorme is derhalwe veel ouer. Uit Van Loey se beskrywing kan afgelei word dat die -e en die -en vir 'n baie lang tyd naasmekaar bestaan het. Die vraag wat hieromtrent gestel moet word, is of die -e vorm werklik verander het na die -en vorm en of die een nie eerder deur die ander vervang is nie? Dit wil sê dat die skryftradisie verander het, dat daar dus 'n skryfoorgang plaasgevind het en nie 'n taaloorgang nie. Volgens Van der Merwe 1964 : 5 het die eerste koloniste "nog rondgeval" tussen dage en dagen, wat aantoon dat (a) die -e vorm nie verdwyn het nie en (b) dat die -e sprekers in baie gevalle nie die standaard -en geken het nie. Van der Merwe tref egter nie 'n onderskeid tussen die standaardvorm -en en die nie-standaardvorm -e nie. Gevolglik skryf hy die voorkeur van Afrikaans op -e in plaas van -en toe aan die neiging in Germaans om swak klem te laat wegval waar dit geen betekenisverskil maak nie - dit voer hy as 'n taalkundige rede aan. Hiermee verduidelik hy nie waarom die -en steeds in ABN voorkom nie. Sosiale determinante vir die sogenaamde swak klem word nie deur hom verreken nie - hy onderskei nie tussen 'n standaard en 'n nie-standaardvorm nie.

Uit bogemelde bespreking is die belangrike kwessie die feit dat daar in die 17de-eeuse variante van Nederlands wat aan die Kaap gekom het, 'n variasie bestaan het tussen die -e en -en meervoudsvorme. Hierby moet in gedagte gehou word dat laasgenoemde die standaardvorm verteenwoordig het, soos dit tewens nog die geval in ABN is. Die voorsate van die Griekwas het dus kennis gemaak met hierdie meervoudsvorming. Watter vorm ingang sou gevind het, sou afhang van die frekwensie daarvan soos dit aangetrof is onder die groep Nederlanders waarmee die Griekwas die meeste in aanraking was en van wie gevolglik die meeste invloed uitgegaan het. Omdat by selfs die standaard-Nederlandsprekende die -en uitgang nie gehoor word nie, maar wel geskryf word, kan aangeneem word dat die voorsate van die Hottentotte nie veel in kontak daarmee gekom het nie. Ondersteuning hiervoor kan gesoek word by die feit dat hulle nie werklik 'n operasionele lees kennis van ABN gehad het nie. Onder die leierselement van die Griekwas kon mens derhalwe die standaardvorm verwag het as gevolg van hulle kontak met ABN. Dit word bevestig deur voorbeelde van Franken 1953 : 191.

#### HERKOMS VAN DIE -s MEERVOUDSVORM

Raidt s.j.:26 en 27 voer die -s meervoudsvorm in Afrikaans terug na Ingwaeoons en dui aan dat die vorme gedurende die Middeleeue "uitgebrei" het. In die 17de-eeuse Nederlandse volkstaal het die -s meervoudsvorm geweldig verbreid voorgekom, selfs meer as in die hedendaagse standaard-Afrikaans (a.w. 182). (Vgl. ook Van der Merwe 1964 : 75.) Uit laasgenoemde werk blyk ook dat met die standaardisering van Nederlands (ABN) baie van die -s vorme na -en gestandaardiseer is. Iets van 'n keuse kom hier ter sprake. Soos Van der Merwe 1964 : 75 tereg opmerk, het daar in die 17de-eeuse "Volksnederlands" nie 'n vastigheid ten opsigte van die gebruik van die -s en -en vorme bestaan nie. 'n Opmerking wat ook 'n keusemoontlikheid by die

spreker suggereer. Die koloniste was "dus draers van hierdie vorme ... bloedeie verskynsels" (a.w. : 75). Die kompetisie tussen -s en -e vorme kan derhalwe ook as "bloedeie" verskynsels beskou word. Uit verdere gegewens blyk dat die -s vorm ook in ander nedersettings buite Nederland meer verbreed voorgekom het as die -en vorm. Vergelyk onder meer in die Negerhollands van Blankes (Hesseling 1905 : 93). Vergelyk ook Gehring 1973.

Uit bogenoemde voorbeelde en optekeninge blyk dat die -s meervoudsvorm in die 17de-eeuse Nederlands 'n sosiale merker was, kenmerkend dus van die taalgebruik soos dit onder nie-standaardsprekers voorgekom het. Wat betref die keuse -s en -e meervoud het ABN voorkeur verleen aan laasgenoemde en standaard-Afrikaans aan eersgenoemde. Taalkundiges het dit dat die toenemende verbreedheid van die -s vorm in standaard-Afrikaans een van die belangrikste verskille is met ABN (vergelyk Van der Merwe 1964 : 15 en Raidt s.j. : 182). Hesseling 1923 het byvoorbeeld die toenemende -s meervoud in (standaard-) Afrikaans toegeskryf aan Maleis-Portugese invloed. Gegewens oor die Nederlandse dialekte weerlê egter Hesseling se verklaring. Volgens Weijnen 1908 : 210 kom die -s meervoud baie voor in veral die noordoostelike, suidoostelike en suidwestelike dialekte. Hoppenbouwers 1980 : 171/2 beweer selfs dat die -s vorm in hedendaagse (standaard-) Nederlands ongetwyfeld meer veld wen. Sulke gegewens is ook om 'n ander rede van belang: dit dui daarop dat die verskil tussen standaard-Afrikaans en ABN ten opsigte van meervoudsvorme dalk wel groot is, maar dat dieselfde verskil nie bestaan tussen die onderskeie nie-standaardvorme nie. (Selfs ook nie tussen standaard-Afrikaans en nie-standaard-Nederlands nie.) Hieruit volg dat die standaardtaal (die skryftaal) moontlik 'n baie onbetroubare bron vir taalstudie kan wees. Voorts bring die gegewens mens daartoe om te beseef dat die meervoudsvariasie -en (-e) x -s van 17de-eeuse Nederlands steeds bly voortbestaan het in die onderlae van Nederlands

en in die standaardlaag van Afrikaans. Niks het gevolglik talig verander nie, maar weliswaar ten opsigte van die keuses wat as ABN en standaard-Afrikaans gemerk word.

Teen hierdie agtergrond is dit des te meer interessant om die verskille tussen meervoudsvorming in Griekwa-Afrikaans en standaard-Afrikaans te probeer verklaar. Kan die meervoudsverskille tussen die gemelde vorme beskou word as 'n geval van taalverandering? In hoeverre het Griekwa-Afrikaans vroeë Afrikaans beïnvloed en hoeveel van die resultaat is in standaard-Afrikaans opgeneem? Hoewel hierdie en veel ander vrae wel interessante ondersoeke kan oplewer, word in hierdie stuk gepoog om net enkele voorlopige verklarings te gee. Een van die aspekte waarby veral stilgestaan word, is die verbreiding van die -e meervoud in Griekwa-Afrikaans.

#### DIE VERBREIDING VAN DIE -e MEERVOUD IN GRIEKWA-AFRIKAANS

Dit is nie onbekend dat die Hottentotstamme aan die vroeë Kaap met die eerste Nederlandse nedersetters kontak gehad het nie. Van Riebeeck maak onder meer hiervan melding in sy dagboek. Die eerste sogenaamde rasgemengde huwelik aan die Kaap was tussen 'n vroeëre amptenaar van Van Riebeeck en 'n "Hottentottin" (Rademeyer 1938 : 13). Van Riebeeck maak in sy dagboek daarvan melding dat skaars dertig jaar na die aankoms van die eerste nedersetters daar reeds 'n sowat sestig "Basterkinders" aan die Kaap was wat almal "de Nederduydse tale" gepraat het (a.w. " 14). (Vgl. ook Hattingh 1982.) Die vraag is nou wie eerste Griekwa-Afrikaans kon praat? In hierdie stuk word daar nie gepoog om hierop in te gaan nie, hoewel mens sal moet besluit tot ongeveer waarheen die wortels van dié vorm van Afrikaans teruggevoer kan word. Indien mens aanneem dat Afrikaans die nie-standaard-Nederlands van die vorige eeue is (vergelyk Van Rensburg 1983a), kan daar aanvaar word dat Griekwa-Afrikaans ongeveer gebaseer is op die

variant van Nederlands wat as "Hottentot-Nederlands" (Rademeyer 1938) getipeer word (vgl. Van Rensburg 1983a). (Oor die verband tussen die vroegste Hottentotte en die latere Griekwas asook die herkoms van die Griekwas, vergelyk Rademeyer 1938 en Snyman 1983.) Of die Hottentotte van die begin af ABN aangeleer en toe vervorm het, is 'n ope vraag. Daar word hier eerder van die standpunt uitgegaan dat hulle 'n nie-standaardvorm van Nederlands aangeleer het - meer kontak dus gehad het met die nie-standaardvorme vanweë hulle handelskontak. Die persentasie ABN-sprekers was te min vir die eerste Hottentotte om spontaan beduidende kontak daarmee te gehad het. Verder het die Hottentotte 'n meer nomadiese bestaan gevoer en nie op 'n uitgebreide skaal formele onderrig ontvang nie. Hulle gebrek aan 'n lees kennis van ABN het hulle verder van taalkontak hiermee uitgesluit.

In 'n sosiolinguistiese ondersoek soos hierdie is dit nie bevredigend om in bogemelde trant voort te gaan nie, daar moet minder spekulatiewe evidensie gesoek word. Hieroor sou natuurlik ook 'n uitvoeringe studie onderneem kon word. Omdat mens graag in 'n vroeë stadium 'n Griekwa-spraakgemeenskap sal wil identifiseer, sou dit loon om te soek na die eerste tekens van sosiale groepsvorming onder diegene wat later as Griekwa bekend sou staan en om van hier af die ondersoek te begin. Dit sou beteken dat mens bepaalde sosiale kriteria vir die groepsidentifisering kan vind wat relevant sou wees ten opsigte van die vroegste identifiseerbare groep "Griekwas" en ook ten opsigte van die latere "gevestigde Griekwas".

Adam Kok I word beskou as die stigter van die Griekwanasie (Rademeyer 1938 : 20 en Snyman 1983). Sedert 1751 het hy 'n groep mense om hom versamel waar Hottentotbloed dominant was (Snyman 1983 : 3). Kenmerke van die groep was dat hulle verder gevorderd was ten opsigte van beskawingspeil as die gewone Hottentotstamme : baie van hulle kon

lees en skryf, was aangetrokke tot die Christelike godsdiens en het 'n lewenstandaard gehandhaaf wat goed vergelyk het met die van die Blanke koloniste (a.w. : 3). Hierdie onderskeiding het sekerlik aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n Griekwatrots wat vandag nog onder die mense teenwoordig is (vgl. Van Rensburg, Van Jaarsveld en Du Plessis 1983 : 19). Mens kan uit die bogemelde gegewens verskeie afleidings maak waarvan die volgende redelik prominent na vore tree : Die feit dat die groepe wat rondom sterk leiers verenig is hulleself as meer verhewe as ander Hottentotgroepe gesien het, hou belangrike implikasies in vir die taal. Mens kan verwag dat so 'n sterk sosiale groepsvorming hom sou reflekteer in die Afrikaans van die betrokke groep. Dit sou daarom nie vergesog wees nie om te beweer dat bepaalde sosiale merkers "ontwikkel" is om hulle van ander groepe te identifiseer nie. Verskeie argumente kan die siening ondersteun. 'n Vrygemaakte slaaf soos Adam Kok I het baie status geniet, ook omdat hy 'n grondbesitter was. (Vgl. Bredenkamp 1981, Hattingh 1982 en Heese 1983.) Voorts het die owerhede sy kapteinskap erken, wat hom verdere status verleen het (vgl. Snyman 1983 : 3). Die Griekwas ken teweens vandag nog die verhaal van die amptelike staf wat aan Adam Kok I oorhandig is om sy kapteinskap te erken. Identifikasie met Adam Kok I het aan die leierlose Hottentotstamme en hulle geassosieerdes geweldig status en sekuriteit verleen. Hierdie faktor sou nog vir die volgende eeue geld. Die naam Adam Kok het vandag nog 'n mistieke krag onder Griekwas (vgl. Van Rensburg, Van Jaarsveld en Du Plessis 1983 : 18). Mens kan verder aanvaar dat die lewenstandaard van Adam Kok I, wat vergelyk het met die van Blankes, geweldig aantreklik moes wees.

Uit hierdie gegewens blyk dat mens 'n paar faktore kan identifiseer wat die vroegste Griekwagemeenskap sosiaal onderskei het van ander gemeenskappe. 'n Soortgelyke sosiale groepsvormingproses het ook aan die Oostelike Provinsie

onder Afrikaanssprekendes plaasgevind, naamlik die afskeidingsbeweging van die 1860-erjare. (Vgl. Du Plessis 1983.) Hierdie proses het taalverskille tot gevolg gehad. Taalverskille is ook die resultaat van die groepsvorming onder die Griekwagemeenskap in ongeveer die Adam Kok I-era. Een van die belangrikste taalverskille wat geïdentifiseer is, kom op die vlak van meervoudsvorming voor. Teen hierdie agtergrond kan die verskille in meervoudsvorming ten opsigte van die Afrikaans van die koloniste en die Afrikaans van die eerste Griekwas verklaar word.

#### FAKTORE TEN GUNSTE VAN -e MEERVOUD

Verskeie faktore het versterkend ingewerk op die -e meervoudskeuse. 'n Kennis van ABN het in hierdie opsig seker die belangrikste rol gespeel. Die feit dat Adam Kok I in diens was van die Kompanjie dui daarop dat hy oor 'n operatiewe kennis van ABN moes beskik. Die Griekwas se aangetrokkenheid tot die Christelike geloof dien as getuigenis daarvan dat die Statebybel 'n verdere belangrike rol gespeel het. Die taalmodel vir die Adam Kok I - volgelinge was volgens hierdie gegewens ABN. Dit verklaar enigszins die voorkoms van slegs -en (-e) meervoude by Adam Kok I (Franken 1953), waar -s meervoude verwag kan word. Die belangrikste versterkende faktor is seker die feit dat die -en meervoud as "deftig" beskou is (Raidt s.j.). Die identifikasie met Adam Kok I, 'n gesiene man, en die feit dat sy volgelinge hulle as meer verhewe beskou het as ander Hottentotstamme is derhalwe 'n sosiale faktor wat die voorkeur vir -e meervoude gedetermineer het.

Dieselfde proses het hom nie onder ander sosiale groepe aan die Kaap voltrek nie. Onder byvoorbeeld die Maleiers, Kleurlinge en Vryburgers het die 17de-eeuse variasie tussen -e en -s meervoude eenvoudig voortgegaan. In Oosgrens-Afrikaans, die basis vir standaard-Afrikaans (Du Plessis 1983), is ook die -e x -s variasie voortgesit, en het die Griekwa-invloed nie deurgewerk nie. Die Griekwas



se kontak met die ander groepe is later verbreek toe eersgenoemde hulle in die Oranjeriviergebied gaan vestig het. Daar kan aangeneem word dat tipiese Griekwa-Afrikaanse verskynsels toe reeds gevestig was. (Aan die begin van die 18de eeu.) Vir ongeveer 'n halwe eeu het die Griekwas die Oranjeriviergebied gedomineer en gevolglik hulle vorm van Afrikaans stewig gevestig. Ondersteuning hiervoor is te vinde by vroeë optekeninge en studies van die Afrikaans in hierdie gebied. Von Wielligh 1925 : 161-162 het heelwat voorbeelde opgeteken van tipiese Griekwa-Afrikaanse meervoude, byvoorbeeld reënse, vrouense, donkiese, kasse, misse, ens. In hierdie gebied het die -e meervoude vry algemeen voorgekom, 'n bewys van die sterk invloed wat Griekwa-Afrikaans hier uitgeoefen het. Dat die -e meervoudsverbreding met die uitbreiding van die Griekwa-invloedsfeer gepaardgegaan het, kan gekontroleer word aan die magsuitbreiding van ander groepe. In die Noordoostelike gedeelte van die land het ander Afrikaanssprekende groepe die binneland geëksploreer, en hulle invloedssfeer verskuif. 'n Prominente leier van hierdie trekke was Trigardt. Uit gegewens in sy dagboek blyk egter dat die verbreding van die -s meervoud nie op dieselfde skaal voorgekom het nie (vgl. Le Roux 1968 : 149).

Bogemelde gegewens bevestig dat die verbreding van die -e meervoud in Griekwa-Afrikaans sterk sosiaal gedetermineer is en in die 18de eeu veral 'n merker was van die eerste Griekwagroepe maar dat dit later verbrei het na die hele Oranjerivierspraakgebied. Daar is nog nie vasgestel of die verskynsel hom ook uitgebrei het in die latere gebiede wat die Griekwas bewoon het nie, soos byvoorbeeld in die Kokstad en Plettenbergbaai-area en ook in die Suid-Oos-Vrystaat-area (Philippolis, ens.) nie.

#### DUBBELE MEERVOUDSVORME / STAPELVORME

Op die oog af lyk die vorme waense, Griekwase, roerse, ens.

dubbele meervoudsvorme of stapelvorme te wees. Vroeëre taalkundiges soos Von Wielligh 1925 : 161-162 en Rademeyer 1938 : 58 tipeer bogenoemde voorbeelde byvoorbeeld as dubbele meervoudsvorme. (Vgl. ook Jenkinson in hierdie verslag.) In die lig van die voorafgaande bespreking kan 'n sosiolinguistiese verklaring gegee word wat van die tradisionele verskil.

Die meervoude in bogenoemde en ander voorbeelde kan getipeer word as -e meervoudsvorme en nie as 'n sogenaamde dubbele meervoud -s+e nie. As verklaring word aangevoer dat -se meervoude 'n geval van hiperkorreksie is. Die volgelinge van Adam Kok I het daarna gestreef om so deftig as moontlik te praat. Omdat die -en (-e) meervoud so 'n deftige merker was, is dit te verstane dat hierdie model nagevolg sou word. 'n Ondersteunende argument is dat die -s meervoud veral onder die ander nie-standaardklasse baie frekwent voorgekom het. Indien mens nou 'n groep sou kry, soos die Griekwas, wat hulle doelbewus as aparte groep wou identifiseer, kan dit verwag word dat hulle die sosiale merkers van ander nie-standaardgroepe sou vermy. Soos blyk uit die bespreking oor die historiese herkoms van die meervoudsvorme in Afrikaans was die -s-vorm in die 17de eeu die dominante vorm onder nie-standaardgroepe. Dit is tewens die vorm wat in standaard-Afrikaans verder verbrei het as in ABN. Dat die Griekwas se keuse nie op die populêre nie-standaardvorm van die dag geval het nie is des te meer 'n bewys daarvan dat hulle hulleself as 'n (sosiaal gesproke) verhewe groep beskou het. Hulle latere isolasie het slegs 'n versterkende rol gespeel.

Die Hottentotse dialekte het sover vasgestel kon word geen noemenswaardige rol in die meervoudsvorming gespeel nie. In die oorspronklike Griekwadialek was die meervoudsvorm -gu, soos in mugu (mu = oog) (vgl. Nienaber 1963 : 152, 408). Behalwe dat dié vorm dalk in die vorme magoed, pagoed, ens. vertaal is na Afrikaans (Van Rensburg 1983a) het die Griekwameervoudsvorm geen taalversteuring in

standaard-Afrikaans tot gevolg gehad nie.

#### PROSESSE VAN TAALVERANDERING

Die voorafgaande studie van meervoudsvorming in Griekwa-Afrikaans bied interessante gegewens oor taalverandering. Von Wielligh 1925 : 161 skryf byvoorbeeld die dubbele meervoud wat in die Kamiesberge voorkom toe aan die deurmekaar loop van die spraak van Blankes en Basters. Die proses kan moontlik getipeer word as "taalverandering". Hoe kan hierdie prosesse egter in Griekwa-Afrikaans geïnterpreteer word? Wanneer dit vergelyk word met prosesse in standaard-Afrikaans blyk daar uiteenlopende verskille te wees : verandering, indien enige, in die taal van die koloniste wat hier aangeland het, kan nie op dieselfde vlak hanteer word as verandering in die Nederlands wat deur Hottentotte aangeleer is nie. In eersgenoemde geval is ABN nie noodwendig 'n doeltaal nie, maar in laasgenoemde geval wel. Die resultaat van so 'n nastreef van 'n model is volgens Van Rensburg 1983 'n gebroke taal. Die Hottentot-Nederlands van die 17de en 18de eeu kan daarom as 'n gebroke taal getipeer word. Wanneer daar derhalwe oor kreolisering in Afrikaans geargumenteer word, kan daar wel na die ontwikkeling van Griekwa-Afrikaans as kreolisering verwys word. Of standaard-Afrikaans hieraan onderwerp was, behoef 'n verdere ondersoek.

BIBLIOGRAFIE

- ✓ BREDEKAMP, H.C. 1981. Die lewe van 'n Khoikhoi-  
kaptein, Dorhá alias Klaas, 1669 - 1701. Kronos 4.
- CLAASSEN, G.N. en M.C.J. van Rensburg (reds.) 1983.  
Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van  
taalvariasie in Afrikaans. Academica.
- DU PLESSIS, L.T. 1983. 'n Kritiese beskouing van die  
identifikasie van die Afrikaanse taalbewegings en  
hulle funksies. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling.  
U.O.V.S.
- FRANKEN, J.L.M. 1953. Taalhistoriese bydraes. Nasio-  
nale Boekhandel.
- GEHRING, C.T. 1973. The Dutch language in colonial New  
York : An investigation of a language decline and its  
relationship to social change. Proefskrif Indiana Univ.
- HAAS, W. (red.) 1982. Standard languages. Spoken  
and written. Mont Follick Series. Volume 5.  
Manchester University Press.
- HATTINGH, J.L. 1981. Slawevrystellings aan die Kaap,  
1700 - 1720. Kronos 4.
- 1982. Beleid en Praktyk : Die doop van slawekinders  
en die sluit van gemengde verhoudings aan die Kaap  
voor 1720. Kronos 5.
- HEESE, J.H. 1983. Die inwoners van Kaapstad in 1800.  
Kronos 7.
- HESSELING, D.L. 1905. Het Negerhollands der Deense  
Antilleu. Bijdrage tot di Geschiedenis der Nederlandse  
Taal in Amerika. A.W. Sijthoff.

- 1923<sup>2</sup>. Het Afrikaans. Bijdrage tot die Geschiedenis der Nederlandse Taal in Zuid-Afrika. N.V. Boekhandel en Drukkerij.
- HOPPENBOUWERS, C.A.J. 1980. De meervoudsvorming in het Nederlands. In Jansen en Streekstra (reds.).
- JANSSEN, T. en H.F. Streekstra (reds.) 1980. Grenzen en domeinen in de grammatica van het Nederlands. Nederlands Instituut. TABU.
- KLOPPER, R. 1983. Kaapse Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- LE ROUX, T.H. 1968. Afrikaanse Taalstudies. J.L. van Schaik Beperk.
- LE ROUX, T.H. 1968a. Raakpunte tussen Afrikaans en die Nederlandse volkstaal. Deel 1 : Klankleer, Vormleer, Sintaksis. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 8(2).
- MOSTERT, W.P. (red.) 1983. Die Griekwabevolking : Hul geskiedenis, kultuur, sosio-ekonomiese en demografiese kenmerke. Memorandum aan die Presidentsraad. RGN.
- NIENABER, G.S. 1963. Hottentots. J.L. van Schaik Beperk.
- RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters. N.V. Swets en Zeitlinger.
- RAIDT, E.H. s.j. Afrikaans en sy Europese Verlede. Nasou Beperk.

- RYAN, E.B. en H. Giles (reds.) 1982. Attitudes towards Language Variation. Social and Applied Contexts. Edward Arnold.
- RYAN, E.B., H. Giles en R.J. Debastian. 1982. An integrative perspective for the study of attitudes towards language variation. In: Ryan en Giles (reds.).
- SNYMAN, P.N.R. 1983. 'n Kort geskiedenis van die Griekwa. In: Mostert (red.).
- UYS, M.D. 1983. Die vernederlandsing van Afrikaans. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Universiteit Pretoria.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.) 1964<sup>2</sup>. Inleiding tot die Taalkunde. J.L. van Schaik Beperk.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1964<sup>2</sup>. Die ontstaan van Afrikaans. In: Van der Merwe (red.).
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In: Claassen en Van Rensburg (reds.).
- 1983a. Inleiding : die bestudering van taalvariante. In: Claassen en Van Rensburg (reds.).
- VAN RENSBURG, M.C.J., G.J. van Jaarsveld en L.T. du Plessis. 1983. Enkele kulturele aspekte van die Griekwa. In: Mostert (red.).
- VON WIELLIGH, G.R. 1925. Ons Geselstaal. 'n Oorsig van Gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word. J.L. van Schaik Beperk.
- WEIJNEN, A. 1908. Nederlandse Dialectkunde. Van Gorcum en Comp.

2.7 VIR - PATRONE IN DIE  
AFRIKAANS VAN DIE  
GRIEKWAS

A.S. DE WET

INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
1. Inleiding -----	383
2. VIR + indirekte objek -----	384
3. VIR + direkte objek -----	385
4. VIR + adjunk -----	386
5. VIR in die plek van 'n ander voorsetsel	387
6. Koppelwerkwoord + VIR -----	387
7. Slot -----	388
8. Bylaag 1 -----	389
Bylaag 2 -----	391
9. Bibliografie -----	394



VIR-KONSTRUKSIES IN GRIEKWA-AFRIKAANS

A S DE WET

1. INLEIDING

In hierdie artikel word gekyk na die voorsettel VIR soos dit voorkom in verskillende verbindings in Griekwa-Afrikaans.

Volgens Raidt (1976) is die gebruik van VIR hoofsaaklik 'n spreektaalverskynsel wat Afrikaans binnegekom het deur middel van Maleise invloed. Alhoewel ons dit veral in die spreektaal teëkom, is hierdie verskynsel oënskynlik besig om veld te wen in AB-Afrikaans. Ons hoor VIR oor die radio, die televisie, in toesprake en heildronke en dan word dit gebesig deur opgevoede en vooraanstaande persone. VIR-gebruik vind ons egter deesdae ook in geskrewe vorm: vergelyk Bylae 2 vir 'n vergelyking van die 1979-vertaling van die Bybel met die 1956-vertaling. Die 1979-vertaling wemel van VIR-gevalle terwyl dit heeltemal afwesig is in die ouer vertaling. En is die groot oorweging vir nuwe vertalings dan nie juis groter duidelikheid, sodat die Bybel beter verstaanbaar kan wees nie!

In Griekwa-Afrikaans kom VIR volop voor, hoewel nie as 'n reël nie. In enkele gevalle is die VIR weggelaat, byvoorbeeld voor die indirekte objek soos in sinne 1.1 en 1.2:

- 1.1 Ons kan ø\* hom nou-nou sy van vra.  
 1.2 En daar's die plas Biltfintein wat hy ø helle gegee het.

Die volgende voorbeelde is interessant:

- 1.3 Ons moet ø hom inderdaad eer. Ons moet vir hom inderdaad eer.  
 1.4 Die (oubaas) het ø my al eergjeester opgebél, vir my, die oubaas.

---

\*ø dui aan waar VIR weggelaat is

In beide 1.3 en 1.4 kom die voorwerp eers voor sonder VIR-en word dan herhaal met VIR. Sintakties beskou, is VIR dus nie werklik nodig nie, maar weens semantiese redes soos beklemtoning, of om die betekenis van die sin duidelik te maak, speel VIR 'n rol.

Die VIR-konstruksies word in vyf groepe verdeel:

- (i) VIR + indirekte objek;
- (ii) VIR + direkte objek;
- (iii) VIR + adjunk;
- (iv) VIR in die plek van 'n ander voorsetsel en
- (v) die VIR-konstruksie wat volg op 'n koppelwerkwoord.

In Bylae 1 volg verdere voorbeelde van VIR-konstruksies in Griekwa-Afrikaans.

## 2. VIR + INDIREKTE OBJEK

Beskou die volgende sinne:

- 2.1 Toe gee hy vir hulle 'n plek daarso.
- 2.2 Toe gee h*e*i dit (die grond) virrie Barolongs.
- 2.3 Toe't hy mos nou vir hom gevra: help ons.
- 2.4 Wil tannie nie vir my 'n resepe gee nie?

Om te toets of VIR verpligtend of opsioneel is, word dit weggelaat:

- 2.1.1 Toe gee hy hulle 'n plek daarso.
- 2.2.1 \*Toe gee h*e*i dit die Barolongs.
- 2.3.1 Toe't hy mos nou hom gevra: help ons
- 2.4.1 \*Wil tannie nie my 'n resepe gee nie?

Uit bostaande 4 sinne blyk dit dat VIR slegs in 2.1 opsioneel is, terwyl dit verpligtend is in 2.2 en 2.4

Indien die indirekte objek (I.O.) van posisie verander, lyk die situasie egter anders:

- 2.2.2 Toe gee hei die Barolongs dit (die grond)
- 2.3.2 Toe't hy hom mos nou gevra: help ons.
- 2.4.2 Wil tannie my nie 'n resep gee nie?

Sodra die I.0. (i) in die posisie vóór die direkte objek (D.0.) staan (2.2.2); (ii) nie voorafgegaan word deur bepaling soos mos en nou, of die ontkenningspartikel nie, nie is VIR opsioneel.

Hieruit blyk dus dat die posisie van die I.0. die noodsaaklikheid van VIR bepaal.

Volgens Botha (1980) is die I.0. plekgebonde (direk ná die werkwoord), vergelyk die volgende sinne:

- 2.1.3 Hy gee hulle 'n plek daaro.
- 2.2.3 Hy gee die Barolongs dit.
- 2.3.3 Hy het hom mos nou gevra: help ons.
- 2.4.3 Tannie, gee my 'n resep.

Die I.0. word egter in Afrikaans sowel as in Griekwa-Afrikaans (G.A. na verskillende posisies in die sin verskuif, dikwels ook om 'n spesifieke rede: Dit is tog algemeen dat inversie gebruik word om aan sekere sinsdele prominensie (tematiese voorrang) te verleen. (Ponelis, 1979:408). In Bylaag 1 volg nog 'n aantal voorbeelde waar VIR gebruik word in G.A.

### 3. VIR + DIREKTE OBJEK

Beskou die volgende sinne:

- 3.1 Nou ja, toe het hy vir my gehuur.
- 3.2 Het tannie vir Adam Kok goed geken?
- 3.3 'n Wyfieslang vang vir jou.

In bostaande drie sinne word VIR ingevoeg terwyl die sinne heeltemal grammatikaal en aanvaarbaar sou wees daarsonder:

- 3.1.1 Nou ja, toe het hy my gehuur.
- 3.2.1 Het tannie Adam Kok goed geken?
- 3.3.1 'n Wyfieslang vang jou.

Gevolgtrekking: In sinne wat grammatikaal is, word VIR voor die D.O. ingevoeg slegs om te benadruk of om die semantiese inhoud van die sin duidelik te stel.

#### 4. VIR + ADJUNK

Woordbepaling: Adjunk word vir die doel van hierdie artikel gesien as 'n bywoordelike bepaling, hetsy van doel, rede, ens. Voorbeelde in G.A:

- 4.1 Toe bou hille mos nou heize virrie Breines.
- 4.2 Die slang wil 'n bees hê vir daai kjeent (in ruil vir die kind).
- 4.3 Die water gebryk ons virrie vee mos nou.

Om vas te stel of VIR noodsaaklik is, word dit in die volgende sinne weggelaat:

- 4.1.1 \*Toe bou hille mos nou heize die Breines.
- 4.2.1 \*Die slang wil 'n bees hê daai kjeent.
- 4.3.1 \*Die water gebryk ons die vee mos nou.

Resultaat: Al drie bostaande sinne is ongrammatikaal sowel as semanties onduidelik wanneer VIR weggelaat word. Selfs wanneer die posisie van die adjunk verander word, bly VIR verpligtend.

- 4.1.2 Toe bou hille virrie Breines mos nou heize.
- 4.1.3 \*Toe bou hille die Breines mos nou heize.
- 4.2.2 Die slang wil vir daai kjeent 'n bees hê.
- 4.2.3 \*Die slang wil daai kjeent 'n bees hê.
- 4.3.2 Ons gebryk virrie vee die water mos nou.
- 4.3.3 \*Ons gebryk die vee die water mos nou.

Ons sien dus dat VIR verpligtend is en geensins weggelaat kan word wanneer dit voorkom saam met 'n adjunk nie.

5. VIR IN DIE PLEK VAN 'N ANDER VOORSETSEL

Hier word slegs enkele voorbeelde gegee waar VIR gebruik word, terwyl daar 'n "beter" voorsetsel bestaan.

5.1 Die ouerse vra vir my  
Hulle vra na my, om die werk te kom doen.

Hier is VIR selfs opsioneel:

5.1.1 Die ouerse vra my.

5.2 Ons wil net die man hier vi julle voorstel (i.p.v. aan julle voorstel)

5.3 Ek hoop lat die gowwerment ons ok sal beistan en sien vir ons want hei's mar onse vader.

Sien vir kan hier twee verskillende betekenis hê: (i) hy sien ons, waar VIR dan opsioneel is, en (ii) omsien na ons, waar VIR dan vervang sou kon word deur na.

5.4 Ek wil ry vir my boetie.  
Semantiese verband: Ek wil ry om my boetie te gaan haal/ gaan sien. In hierdie sin sou die hele sinsdeel vir my boetie omskryf moes word sodat dit grammatikaal vir AB-Afrikaans kan wees.

5.5 Moenie vir hom 'n worde het nie.  
Moenie met hom woorde hê nie/met hom stry, teëpraat nie.

Weer eens verg 5.5 'n hele omskrywing vir 'n grammatikale sin in AB-Afrikaans met ekwivalente betekenis.

6. KOPPELWERKWOORD + VIR

Hierdie groep bied ruimte vir verdere studie, aangesien daar bitter min stof hieromtrent bestaan. Vir die doel van hierdie artikel word die gebruik van VIR slegs in groepe verdeel en daarom volg hier bloot 'n paar voorbeelde. 'n Enkele opmerking

kan egter gemaak word: VIR is verpligtend en kan nie volgens voorkeur weggelaat word nie.

- 6.1 Is bietjie moeilik vir hille om Engels te praat.
- 6.2 Ja, hille was lief vir pêre (pêre ook D.O.?)
- 6.3 Hille wis baie bang virrie Zoeloes.
- 6.4 Dit was altyt ok vir hulle 'n skeiling vor as helle aneaval is.
- 6.5 Kom word jille van 'n volk lat God vir jille kan 'n God wees.
- 6.6 Vir my is dit baie lekker.

## 7. SLOT

In hierdie artikel is die VIR-verbindings hoofsaaklik in groepe verdeel. Hierdie groepe bied ruimte vir verdere studie. (Daar sal waarskynlik volgende jaar 'n MA-verhandeling afgehandel wees oor dié onderwerp)

Samevattend kan die volgende (voorlopige) stellings gemaak word:

- 7.1 VIR kom volop voor in G.A.
- 7.2 - VIR se voorkomingsfrekwensie saam met I.O.'e is hoog, terwyl die voorsetsel nie verpligtend is nie.
- 7.3 VIR het semantiese funksies soos semantiese helderheid en klem.
- 7.4 Hoewel VIR 'n substandaardtaal-verskynsel is, is dit 'n verskynsel wat besig is om toe te neem in AB-Afrikaans.

8. BYLAE 18.1.1 VIR + INDIREKTE OBJEK

1. Hulle het eintlik vir hom hierie plek gesjee.
2. Want sy't als vir hom alties eitgelê vannie trek van Fielippolis af.
3. Ons vra die witman om vir ons 'n plekkie te gjee war ons kan sit.
4. La' ek vir oupa lo' wys waarlaans lop darie riem wat so gespan is.
5. Ek wil vir baas vra waar kom dit vandaan.
6. ... dat die Blanke mense tog vir ons toelaat lat ons weer ons volk bou.
7. Help ok vir ons lat ons ok 'n volk word.
8. Toe sê ek vir hulle: ek wil ry vir my boetie.
9. Ja, hulle petaal 'n bees vir die slang. (= Hulle betaal die slang 'n bees om die meisie terug te kry.)
10. Ander mense het weer ander kaarte wat hulle vir die mense gee.
11. Dis die wat ek vor meneer sê sy "teach" da by die laerskool op Kokstad.
12. Nee, dis mos nou 'n nam wat hulle vir hom gegee het.
13. Ek sal vir jou 'n pakkie gee nou.
14. Nou kan ek vir u 'n sekere klompie dinge nog verder wys wat ons nog gebreik het.
15. En dan het sy altyt vir ons gesê is daarom wat hy nie so gesond is nie.

1.2 VIR + DIREKTE OBJEK

1. Hu hu, vir hulle kjen ek nie.
2. Ek maak vir hom heel, da streik ek vir hom.
3. Het meneer vir Paulsen geken?
4. Nou't ons stowe wat vir ons glad nou mal maak.

1.3 VIR + ADJUNK

1. Hy het alties vir ons geploe.
2. Daar's nie een wat ytkom in darie werk vir ons kom verligter nie.

3. Ons is mos so lat ons wil vi jille kom keier man.
4. Hille't nou nie eintlik name gehet virrie ka:rre nie.
5. Ons het nou al die spielietjies en singery en fon(d)reis virrie kerk.

Interessante voorbeeld:

... lat ons kan ok vir ons houkies loop laai. ~~virrie~~  
 Indien VIR weggelaat word, tree ons op as besitlike voornaam-  
 woord, ons houkies. Verder lyk vir ons baie na 'n I.O.



BYLAE 2

DIE TOENEMENDE GEBRUIK VAN VIR-KONSTRUKSIES IN GESKREWE  
AFRIKAANS: VERGELYKING VAN DIE 1956-VERTALING VAN DIE BYBEL  
MET DIE 1979-VERTALING.

Ou Bybelse vertaling (1956) : O.V.

Nuwe vertaling (1979) : N.V.

1. Die algemene gebruik van VIR

Ps. 104:34

O.V.: Mag my oordenking Hom welgevallig wees.

N.V.: Mag die bepeinsing van my VIR Hom welgevallig wees.

Ps. 106: 21

O.V.: Hulle het God vergeet.

N.V.: Hulle het VIR God vergeet.

Ps. 106: 44

O.V.: Nogtans het Hy hulle benoudhede aangesien toe Hy  
hulle smeking gehoor het.

N.V.: Tog het Hy sy oë nie VIR hulle nood gesluit nie.

Ps. 107: 8

O.V.: Laat hulle die Here loof om sy goedertierenheid  
en om sy wonderdade.

N.V.: Hulle moet die Here loof VIR sy troue liefde, VIR  
sy wonderdade.

Ps. 108: 7

O.V.: Dat u bemindes gered kan word.

N.V.: Sodat hulle VIR wie U lief het, gered kan word.

Ps. 119: 155

O.V.: Die heil is ver van die goddelose

N.V.: VIR die goddelose is daar nie uitkoms nie.

Ps. 121: 1

O.V.: Waar sal my hulp vandaan kom?

N.V. Waarvandaan sal daar VIR my hulp kom?

Ps. 126: 1

O.V.: Toe die Here die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom.

N.V. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit VIR ons soos 'n droom.

## 2. VIR en I.O.

Hoewel daar baie meer I.O.'e sonder VIR is as met VIR, het ek tog 'n klompie gekry met VIR. Hier volg slegs die Nuwe Vertaling se voorbeelde.

Sonder VIR:

Ps. 148: 6: Hy het hulle vir altyd hulle vaste plek gegee.

Matt 11: 28: Ek sal julle rus gee.

Matt 6: 33: dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Met VIR

Matt 15:15 Verduidelik VIR ons die beeldspraak.

Matt 15:26 Gooi die brood VIR die hondjies.

Matt 7: 9 Watter mens onder julle sal VIR sy seun 'n klip gee.

Matt 7:11 As julle wat sleg is, dan weet om VIR julle kinders goeie dinge te gee (O.V. - aan)

Matt 8 'Gaan'. het Hy VIR hulle gesê.

Joh 6: 32 maar dit is my Vader wat VIR julle die ware brood uit die hemel gee (O.V. - aan)

Joh 14: 8 Here, wys VIR ons die Vader  
(OV - toon ons die Vader)

- Joh 16:23    Wat julle die Vader ookal in my Naam bid,  
sal Hy VIR julle gee.
- Hand 10:29    Sê nou VIR my waarom julle my laat haal het.
- Ps 94: 12
- O.V.        Welgeluksalig is die man, o Here, wat U onderrig  
                  en wat U leer.
- N.V.        Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed  
                  word, Here, VIR wie u onderrig in U woord en  
                  VIR wie U rus gee na tye van teëspoed.

9. BIBLIOGRAFIE

BOTHA, J.P. 1980. Indirekte voorwerp/medevoorwerp versus pro-adjunk. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 20,3.

PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria. J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

RAIDT, Edith, H. 1976. "Die Herkoms van Objekskonstruksies met VIR" in: 1875 - 1975. Studies oor die Afrikaanse Taal. Suid-Afrikaanse Akademie.

2.8 DIE AFRIKAANS VAN DIE  
GRIEKWAS - 'N GEVALLE=  
STUDIE VIR TAALBEPLANNERS  
L. T. DU PLESSIS

INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
1. GEVALLESTUDIE VIR TAALBEPLANNERS : PRO- BLEMATIEK -----	396
2. GRIEKWA-AFRIKAANS : 'N AGTERGRONDSPEK- SPEKTIEF -----	398
3. HOOFMOMENTE IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE GRIEKWANASIE -----	401
4. DIE VAL VAN DIE GRIEKWASTAAT -----	403
5. PERSPEKTIEWE OP DIE GESKIEDENIS VAN GRIEKWA-AFRIKAANS -----	404
6. DIE TOEKOMS VAN GRIEKWA-AFRIKAANS ----	407
6.1 Griekwa-Afrikaans tans : 'n Situasi- analise -----	408
6.1.1 Demografiese faktore -----	408
6.1.2 Ekonomiese faktore -----	413
6.1.3 Politieke faktore -----	415
6.1.4 Kulturele faktore -----	416
6.1.5 Sosiale faktore -----	421
6.1.6 Korpuskwessies -----	422
7. RIGLYNE VIR 'N MOONTLIKE TAALBEPLANNINGS- PROGRAM VIR GRIEKWA-AFRIKAANS -----	424
BIBLIOGRAFIE -----	427
BYLAE 1 -----	431
BYLAE 2 -----	490

GRIEKWA-AFRIKAANS : 'N GEVALLESTUDIE VIR TAALBEPLANNERS

L T DU PLESSIS

1. GEVALLESTUDIE VIR TAALBEPLANNERS : PROBLEMATIEK

Griekwa-Afrikaans kan beskou word as een van die minderheidstale van Suid-Afrika, 'n dialek van standaard-Afrikaans. Behalwe vir die werke van Von Wielligh 1925 en veral Rade-meyer 1938 is geen ander behoorlike taalkundige studie van dié dialek aangepak nie. Die RGN-projek, waarvan hierdie bydrae 'n deel van die finale verslag vorm, is die eerste uitgebreide studie wat in hierdie verband onderneem is. Die gevallestudie wat hierna behandel word, vloei voort uit die sosiolinguistiese ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas. 'n Volledige gevallestudie wat alle aspekte van die Suid-Afrikaanse en meer spesifiek die Afrikaanse taalprobleem omvat, kan in hierdie stadium kwalik onderneem word. Tot dusver het veral Kloss 1978, Lanham en Prinsloo 1978, Prinsloo 1971, 1972, 1977, 1978, 1979, 1983a, 1983b, Steyn 1980 en Prinsloo en Van Rensburg 1984 op indringende wyse enkele probleemaspekte behandel. Een van die leemtes wat daar tans in die Suid-Afrikaanse taalbeplanningsproblematiek bestaan, is dat daar geen voorstel vir taalbeplanning ontwikkel is nie. In hierdie stadium word meer aan probleemidentifikasie en situasiebeskrywing aandag geskenk. Vir die doeleindes van hierdie gevallestudie is daar veral sterk aangeleun by Amerikaanse "modelle". Die werke van o.m. Rubin en Jernudd 1971, Rubin en Shuy 1973, Rubin, Jernudd, Das Gupta, Fishman en Ferguson 1977, Cocquereaux 1981 en Cobarrubias en Fishman 1983 word spesifiek vermeld.

Dit moet vooraf baie duidelik gekwalifiseer word dat die gevallestudie wat ter sprake is in geen opsig 'n model wil wees nie. Daar word verder gepoog om, teen die agtergrond van bogemelde werke, 'n aanduiding te gee van die wyse waarop 'n gevallestudie aangepak kan word en op welke wyse aspekte wat reeds ondersoek is in berekening gebring kan word.

'n Gevallestudie oor taalbeplanning is binne die Suid-Afrikaanse konteks nie heeltemal onproblematies nie. Aan die een kant moet die taalbeplanner nie die situasie met betrekking tot volkereverhoudings veroordeel of kompliseer nie en in die laaste plek nie voorskriftelik te werk gaan nie. Die bly egter sy taak om 'n deeglike analise van die taalesituasie te maak en voorstelle aan die hand te doen waar dit nodig blyk te wees. Tot dusver het taalbeplanners hoofsaaklik gekonsentreer op 'n studie van die hooftalesituasie in die RSA en word veral hier aandag geskenk aan probleemidentifisering en -oplossing. Die sosiolinguistiese ondersoek na Griekwa-Afrikaans waarvan hier verslag gedoen word, het egter die ondersoekers se aandag daarop gevestig dat ook die nie-standaardtale aan taalbeplanningsondersoeke onderwerp kan word. Die betrokke gevallestudie spruit derhalwe direk hieruit voort.

Een van die slaggate by so 'n gevallestudie is dat die ondersoeker van ideologiese vooroordele beskuldig kan word. Ver al waar dit gaan om die voortbestaansproblematiek van 'n variant soos Griekwa-Afrikaans, 'n taal wat deur 'n baie klein minderheid van die Afrikaanssprekende bevolking gepraat word. Is 'n beskermingspoging die moeite werd? Dui dit nie dalk op onnodige krampagtigheid nie? Is die hele poging nie maar net nog 'n maatreeël om die apartheidsideologie verder mee uit te bou nie? Hoewel hierdie vrae seker relevansie kan hê, word daar nie hierna eksplisiet gepoog om hieroor enige standpunte in te neem of antwoorde te verstrek nie.

Miskien net die volgende: 'n taalbeplanner of -navorsers mag dalk nie heeltemal daarin slaag om hom los te maak van 'n bepaalde ideologiese raamwerk nie, maar behoort ten minste te probeer om bo verdenking te staan. ('n Voorafkwalifisering soos hierdie behoort daarom as geheel oorbodig beskou te kan word.)

Daar word in hierdie studie van die standpunt uitgegaan dat die voortbestaan van Griekwa-Afrikaans moontlik bedreig



word (kyk Bylae, p. 27), soos dit die geval met standaard-Afrikaans is (vgl. Prinsloo en Van Rensburg 1984). Of dieselfde faktore beide se bestaan bedreig en of Griekwa-Afrikaans byvoorbeeld van die voortbestaan van standaard-Afrikaans afhanklik is, is van die vrae wat bespreek word. Een van die vrae wat egter vooraf 'n voorlopige antwoord behoef, is of Griekwa-Afrikaans as variant van Afrikaans beskou kan word en as sodanig behoue moet bly vir sy nageslag. Die sosiolinguistiese ondersoek het ongetwyfeld die bestaan van Griekwa-Afrikaans as 'n definieerbare variant van Afrikaans bevestig, hiervoor kan genoeg bewyse aangevoer word. Griekwa-Afrikaans kan verder om historiese redes as belangrik beskou word, soos later in dié gevallestudie sal blyk.

In die eerste plek word daar gekyk na die geskiedenis van Griekwa-Afrikaans, waarna ingegaan word op die faktore wat tot die opbloeï daarvan bygedra het en daarna word die huidige situasie bekyk. Hieruit word gevolgtrekkings gemaak, waarna ten slotte 'n aantal riglyne vir taalbeplanners voorgestel word.

## 2. GRIEKWA-AFRIKAANS : 'N AGTERGRONDSPERSPEKTIEF

Indien mens die geskiedenis van Griekwa-Afrikaans nagaan, blyk dit dat die vroegste vorm daarvan deur Hottentotstamme gepraat is as 'n variant van nie-standaard-Nederlands, d.i. "Hottentot-Hollands". Hierdie vorm van Afrikaans is gedurende die 18de eeu in die Oranjeriviergebied gevestig as 'n variant van Oranjerivier-Afrikaans. Sedert die begin van die 19de eeu het die vermelde stamme die groepnaam Griekwa aangeneem. Die unieke vorm van Afrikaans wat deur hulle gepraat is, word in die vroegste taalkundige werke reeds gekoppel aan hierdie politieke naam. (Of net Griekwas vandag Griekwa-Afrikaans praat, is 'n vraag wat nie hier beantwoord word nie.) Griekwa-Afrikaans is (histories gesien) 'n variant van Afrikaans wat sy ontstaan te danke het aan die vroegste taalkontak tussen Hottentotstamme aan die Kaap en die vroegste Nederlandse nedersetters. Dié variant van Afrikaans ontstaan volgens die Van Rensburgmodel

vir taalontwikkeling<sup>1)</sup> as 'n gebroke taal in die mond van nie-Nederlandssprekendes wat Nederlands (ABN) as doeltaal probeer nastreef, ontwikkel na 'n pidgin en later tot 'n kreoolse taal. Taalgegewens dui daarop dat hierdie variant reeds in die 18de eeu tot 'n volwaardige taalvorm ontwikkel het en derhalwe gevestig was in die Oranjeriviergebied. Taalkundiges is dit eens dat "Afrikaans" in elk geval in die 18de eeu in wese die "Afrikaans" was wat tans as standaardvorm erken word (vgl. Raidt s.j. en Scholtz 1980). Dieselfde afleiding kan daarom ook vir ander variante van Afrikaans gemaak word.

Tipiese kenmerke van Griekwa-Afrikaans is in die lig van sy ontwikkelingsgeskiedenis die volgende:

- 'n Hottentotsgebaseerde Afrikaans, met
- baie Nederlandismes.


Wat betref sy taalstruktuur kan daar baie duidelik aange-  
toon word dat Griekwa-Afrikaans in vele opsigte beslis  
van standaard-Afrikaans verskil en daarom as 'n volwaardige  
variant van standaard-Afrikaans erken kan word.

'n Beter perspektief op die ontwikkeling van Griekwa-  
Afrikaans word in die onderstaande tabel weergegee.

---

1) Na aanleiding van tallose gesprekke met en etlike  
nagraadse lesings van prof M C J van Rensburg (pro-  
jekleier).

TABEL 1 : 'N VOORSTELLING VAN DIE ONTWIKKELING VAN GRIEKWA-  
AFRIKAANS VANAF 'N GEBROKE NEDERLANDS IN DIE  
17de EEU



(Gebaseer op 'n voorstelling van Van Rensburg 1983 : 139.)

Voor die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 het die betrokke variant van Afrikaans nog nie as Griekwa-Afrikaans bekend gestaan nie.

'n Laaste belangrike opsig waarin Griekwa-Afrikaans verskil van standaard-Afrikaans word deur Van Rensburg 1983 : 150 soos volg opgesom:

"Griekwa-Afrikaans het, onder andere om rede die geïsoleerdheid daarvan, nie die veranderings ondergaan wat standaard-Afrikaans gedurende die afgelope 50-150 jaar ondergaan het nie."

Hierdie waarneming verklaar veral die verskille wat daar met standaard-Afrikaans bestaan. 'n Ander belangrike aspek word geïllustreer, naamlik dat die Griekwa-Afrikaans van vandag nog baie nader staan aan die Griekwa-Afrikaans

van die vorige eeu, 'n verhouding wat nie bestaan tussen standaard-Afrikaans en sy vorige-eeuse vorme nie. (Vergelyk onder meer die a.w. in verband met die vernederlandsing van Afrikaans.)

Hoewel Griekwa-Afrikaans vandag dalk nie meer net deur Griekwas gepraat word nie is dit tog die taalvorm wat direk met dié bepaalde groep Afrikaanssprekendes geassosieer word, en wat veral in die vorige eeu direk gekoppel kan word aan die lotgevalle van dié baie interessante minderheids-groep. Om derhalwe die belangrikste faktore in die "opkoms" van Griekwa-Afrikaans te kan identifiseer is dit allereers van belang om 'n perspektief te gee op enkele hoofmomente in die geskiedenis van die Griekwanasie ("Die vergete Afrikaërs" is al opgemerk - vgl. Bylae, p. 25)

### 3. HOOFMOMENTE IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE GRIEKWANASIE

Die geskiedenis van die Griekwanasie is tot hede toe nie volledig beskryf nie. Vir die doeleindes van hierdie bydrae word hoofsaaklik gesteun op die saaklike geskiedskrywing van Snyman 1983, waaruit slegs relevante kwessies uitgelig word.

Die geskiedenis van die hedendaagse Griekwa word teruggevoer na die eerste hoof van die Griekwas, Adam Kok I, wat teen ongeveer die tweede helfte van die 18de eeu deur die Kaapse regering amptelik as leier van die oorblyfsels van Hottentotstamme erken is. As gevolg van sy hoë aansien en ook sy ekonomiese welvarendheid het hy baie Grigriquis, Namakwas en Basters saamgetrek in 'n groep waar Hottentotbloed dominant was. Hierdie groep het as "Baster-Hottentotte" bekend gestaan en hulleself as meer verhewe as ander Hottentotstamme beskou. Onder leiding van hulle leier het hulle na Namakwaland beweeg en daar 'n tipe jagters- en veeboerbestaan gevoer, geskoei op die lees van die blanke koloniste aan die Kaap. Hulle was in der waarheid die eerste groep Afrikaanssprekendes om die Noordwestelike deel van Suid-Afrika te beset. Hoewel Adam Kok I

en sy volgelinge in hierdie stadium nie onder die naam Griekwas bekend gestaan het nie, kan hulle tereg beskou word as die eerste "geïnstusionaliseerde" groep mense wat Griekwa-Afrikaans gepraat het en wat inderdaad (Griekwa)-Afrikaans in die Noordweste geplant het en ook verder uitgebou het. Dit is weliswaar deur hulle toedoen dat Afrikaans sy gebiedsgrense ook verskuif het na Suidwes-Afrika. (Vergelyk Steyn 1980 se beskrywing van die vestiging van Afrikaans in SWA en die rol van onder andere die Witbooise, direkte afstammeling van die Griekwas langs die Oranjerivier.) Die Afrikaans wat vandag nog in die Oranjeriviergebied gepraat word, vertoon treffende ooreenkomste met Griekwa-Afrikaans, 'n bewys van die invloed wat dié variant van Afrikaans in die betrokke gebied gehad het.<sup>1)</sup>

Aan die begin van die 19de eeu het die verskillende Griekwastamme onder aansporing van sendelinge van die Londense Sendinggenootskap - wat op uitnodiging van sommige van die kapteins hulle by die nomadiese stamme aangesluit het - hulle naby Griekwastad gevestig. Die eerste permanente nedersetting was by Klaarwater, die huidige Griekwastad, onder kapteinskap van Adam Kok II. Andere, onder leiding van Cornelius Kok I, het hulle bestaan in die Kamiesberge voortgesit, terwyl Barend Barends en sy volgelinge hulle op

- 
- 1) Die Griekwaprojek waarvan hier finaal verslag gedoen word, maak uiteindelik deel uit van 'n omvattende studie oor die Afrikaans van die Oranjeriviergebied. Fase twee hiervan behels 'n ondersoek na die Afrikaans van die Richtersveld, 'n projek wat na die afloop van eersgenoemde ook met steun van die RGN onderneem word deur die departement Afrikaans en Nederlands, UOVS.

Hardcastle naby Klarwater gevestig het. Daar was nog geen sprake van 'n heterogene groep nie. In 'n poging om solidariteit onder die verskillende stamme te vestig het die sendeling Campbell die "Basters" oorreed om die naam Griekwa aan te neem. (Klarwater se naam het hierop na Griekwastad verander.) Tot en met die leierskap van Andries Waterboer het daar van die verwagte solidariteit egter min tereg gekom. As gevolg van onenigheid het Barends hom in Daniëlskuil en Adam Kok II hom op Campbell gevestig. As gevolg van die voltrekking van Waterboer se gesag oor Griekwastad het Adam Kok II hom uiteindelik op Philippolis en Barends hom op Boetsap gaan vestig. Onder Waterboer se bewind was daar egter vir die eerste keer sprake van die opkoms van 'n Griekwastaat.

In die sowat dertig jaar wat hy regeer het, kon Waterboer daarin slaag om 'n behoorlike stelsel van wet en orde te vestig, 'n bestendige leefwyse daar te stel, die sending en onderwys te bevorder en 'n eie geldstelsel in te voer. "Polities gesproke het die Griekwastaat sy hoogtepunt ook tydens die bewind van Waterboer gehad!" (Snyman 1983 : 9).

#### 4. DIE VAL VAN DIE GRIEKWASTAAT

Hoewel Waterboer 'n invloedryke regeerder was, het hy nooit beheer verkry oor die Griekwas in Philippolis nie. Na sy dood het sy seun Nikolaas Waterboer die Griekwastaat laat kwyn. Die ontdekking van diamante het die proses versnel, totdat die Griekwagebied onder Waterboer uiteindelik in 1871 deur die Britte geannekseer is en bekend geword het as Griekwaland-Wes, en wat finaal in 1880 by Kaapland ingelyf is. Die Waterboervolgelinge het uitmekaar gespat. Hulle nasate voer tot vandag toe nog 'n sukkelbestaan in dié gebied.

Die Griekwas van Philippolis het in 1848 Britse onderwerptig geword toe die gebied as die Oranjerivier Soewereiniteit verklaar is. As gevolg van die Britse regering se opsegging van verdrae met Nie-Blankes na die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat in 1854 het die Griekwas begin om grond te

verloor. In 1861 het Adam Kok III met ongeveer 2 000 volgelinge die trek na Niemandland onderneem - die Britse goewerneur se oplossing vir die grondprobleem - en hulle in 1872 te Kokstad gevestig. Hierdie trek kan beskou word as die grootste enkele trek deur Afrikaanssprekendes in die geskiedenis. Die gebied waar hulle gevestig is, is in 1874 geannekseer onder die naam Griekwaland-Oos. Adam Kok III is as hoofman ontslaan en het 'n jaar later op tragiese wyse verongeluk. Weer eens was die Griekwas leierloos en baie het hulle plase verkoop en in armoede verval. 'n Toestand wat teweens vandag nog in Kokstad voortduur. In 1890 het Le Fleur, 'n skoonseun van Adam Kok III, die leierskap opgeëis en is gevange geneem. Na sy vrylating in 1918 het hy met 1 600 volgelinge na Touwsrivier getrek en hulle uiteindelik op Plettenbergbaai gevestig. Le Fleur is na sy dood in 1941 deur sy seun opgevolg wat weer in 1952 deur sý seun Andrew Abraham Stockenström Le Fleur opgevolg is. Laasgenoemde is vandag nog 'n opperhoof, en die Griekwas van die betrokke streek kon onder sy leierskap daarin slaag om in 'n mate hulle identiteit te behou.

Uit die historiese gegewens blyk dit dat die opkoms van die Griekwanasie veral wentel rondom sterk leierskap en hulp vanuit ander oorde. Behalwe vir die eerste generasie Griekwakapteins het die res feitlik deurgaans regeer met die hulp van Blanke sendelinge en raadgevers. Een van die belangrikste kenmerke van die Griekwaleierskap was dat die kapteins - behalwe miskien in die geval van Andries Waterboer - as opperhoof oor mense regeer het in plaas van oor 'n gebied. Hierdie tradisie word teweens vandag nog voortgesit (vgl. a.w. : 14).

Teen hierdie agtergrond is dit moontlik om die lotgevalle van Griekwa-Afrikaans in 'n nuwe perspektief te stel.

##### 5. PERSPEKTIEWE OP DIE GESKIEDENIS VAN GRIEKWA-AFRIKAANS

Een van die interessante aspekte van die geskiedenis van die Griekwā is die totale taalverplasingsproses waarvan

hy 'n slagoffer was deurdat Afrikaans die oorspronklike Hottentotdialek geheel en al verdring het. Seker een van die enigste gevalle waar Afrikaans dit op so 'n skaal kon doen. Dit blyk verder dat ondanks tallose negatiewe kragte wat die voortbestaan van die Griekwanasie ernstig benadeel het, Griekwa-Afrikaans tog die aanslae oorleef het.

Verskeie faktore het egter tot die behoud van Griekwa-Afrikaans bygedra, waarvan die volgende genoem kan word:

- solidariteitseffek van die leiers
- die relatiewe geïsoleerdheid van die Griekwa
- die rol van opperhoofde
- die verbintenis aan 'n trotse kapteinsbloedlyn
- die behoudende rol van die kerk
- onbetrokkenheid by die Afrikanergeskiedenis
- ongeletterdheid
- armoede
- verspreidheid van die Griekwanasie.

(Ironies genoeg is dit juis sommige van hierdie faktore wat moontlik tot die ondergang van Griekwa-Afrikaans kan bydra, soos later ter sprake kom.)

Onder die faktore wat tot die behoud van Griekwa-Afrikaans kon bydra is dit veral die kwessie van die Griekwa se relatiewe geïsoleerdheid wat voorop staan. As gevolg hiervan het die Griekwa nooit werklik in die gevaar gestaan om deur 'n vreemde kultuur oorspoel te word nie, al is hulle sedert die middel van die 19de eeu as Britse onderdane beskou en deur Britse regeer. Die ander sterk faktor is die behoudende invloed van die kerk. Hoewel die Britse sendelinge 'n groot invloed gehad het, het ABN steeds as kerktaal gefunksioneer - dit was die "kerklike mode" dat Afrikaanssprekendes die Bediening in ABN moes ontvang, soos ook die geval met die ander Afrikaanssprekende binnelanders was.



Griekwa-Afrikaans is verder in geen stadium bedreig deur 'n meerderheidstaal nie - Griekwa-Afrikaans het teweens in geen stadium in die posisie verkeer om enige weerstand teen die moontlike oorspoeling van 'n meerderheidstaal te bied nie. Dit was derhalwe nie vir die Britse regering nodig om soos in die geval van die Blanke Afrikaanssprekende onder sy beheer daadwerklike stappe van anglisering te implementeer nie. Die Griekwa kon juis as gevolg van sy gebrek aan solidariteit nooit enige staatkundige bedreiging vir die (Britse) Kaapse regering inhou nie.

Al hierdie faktore - daar kan sekerlik meer geïdentifiseer word - het daartoe bygedra dat Griekwa-Afrikaans slegs lae funksies behou het. Steyn 1980 wys tereg op die belang wat die behoud van lae funksies vir 'n taal het.

Griekwa-Afrikaans het egter nooit die status van 'n standaardtaal verkry nie. Hoewel Waterboer in 'n beperkte wyse daarin kon slaag om 'n Griekwastaat op te rig, het hy Griekwa-Afrikaans nie tot 'n amptelike taal verhef nie. ABN is gebruik as standaardtaal. Amptelike dokumentasie is byvoorbeeld in ABN gedoen (vergelyk Rademeyer 1938). Dit wil nie sê dat Griekwa-Afrikaans nie in die Griekwaraadsaal gebruik is nie, maar weliswaar nie bewustelik nie: ABN was steeds die taalmodel wat nagestreef is.

Dit is veral belangrik om daarop te let dat Griekwa-Afrikaans nie sy voortbestaan te danke het aan die behoud van 'n bepaalde staatsvorm nie. Die rede hiervoor is dat Griekwa-Afrikaans nie as 'n standaardtaal bestaan het wat hoë funksies moes verrig nie. Om hierdie rede het die ondergang van die Griekwastaat ná Waterboer se termyn as leier en die verstrooiing van die Griekwa daarna en weer na die dood van Adam Kok III geen noemenswaardige invloed gehad op die moontlike oorlewing van die taal nie. Die prentjie sou egter anders gelyk het as Griekwa-Afrikaans moes inboet aan standaardtaalstatus. Hierdie verskil is van grondliggende belang wat die beoordeling van die behoud van 'n taal betref.

Griekwa-Afrikaans was vanaf sy ontstaan 'n laefunksietaal en is dit steeds. (Faktore wat hieraan kan verander sal weldra bespreek word.) Indien die vraag dan vandag gestel word hoe Griekwa-Afrikaans vir die nageslag behou kan word, gaan dit primêr nie om die agitasie vir 'n staatsvorm waarbinne die taal se voortbestaan verseker kan word nie. Voorts is dit uiters belangrik om te beseef dat Griekwa-Afrikaans vir sy voortbestaan nie afhanklik is van standaard-Afrikaans nie. Griekwa-Afrikaans het teweens nog feitlik vir solank as wat Afrikaans in Suid-Afrika bestaan, geleef, sonder om in enige noemenswaardige opsig van ander variante van Afrikaans afhanklik te wees. Griekwa-Afrikaans het in elk geval in die verlede ook nie met ABN intieme kontak behou nie, maar kon desondanks oorleef.

Wanneer daar gesuggereer word dat Griekwa-Afrikaans moontlik aan die uitsterf is, moet dit nie per se toegeskryf word aan die feit dat standaard-Afrikaans wel 'n soortgelyke pad loop nie. Die uitsterf van standaard-Afrikaans moet ook baie gekwalifiseerd voorspel word: dit is die standaardvorm van Afrikaans wat op pad uit is omdat daar aan funksie en status ingeboet word. Nie-standaard-Afrikaans loop nie in die onmiddellike toekoms gevaar om uit te sterf nie. In die geval van Griekwa-Afrikaans is dit egter veral demografiese en ekonomiese faktore wat die toekoms van hierdie variant van Afrikaans daadwerklik bedreig. Hierop word kortliks ingegaan.

## 6. DIE TOEKOMS VAN GRIEKWA-AFRIKAANS

Dieselfde faktore wat al die agteruitgang van standaard-tale tot gevolg gehad het (vgl. Steyn 1980) bedreig tans die voortbestaan van Griekwa-Afrikaans. Die ondersoek na sodanige faktore het egter baie interessante resultate opgelewer. Ten einde al die gevaarterreine te bepaal, moet daar eerstens 'n situasie-analise gemaak word, waarna enige gevolgtrekkings volg. Oor hierdie aspek van Griekwa-Afrikaans is nog geen navorsing onderneem nie. Vir taalbeplanners lê dié veld gevolglik geheel en al braak.

## 6.1 Griekwa-Afrikaans tans : 'n Situasië-analise


Die situasië-analise van die huidige stand van Griekwa-Afrikaans word gebaseer op gegewens wat verstrek word in 'n memorandum aan die Presidentsraad (kyk Mostert en Van Tonder 1983, Smit 1983, Terblanche, Mostert en Kok 1983 en Van Rensburg, Van Jaarsveld en Du Plessis 1983), en 'n reeks koerantknipsels wat in die Bylae van die stuk versamel is. Omdat mense nog dwarsdeur die geskiedenis van Griekwa-Afrikaans die sentrale faktor in sy behoud was en nie enige staatsvorm nie, word dit hier as uitgangspunt geneem.

### 6.1.1 Demografiese faktore

Die Griekwabevolking bestaan uit 20 680 mense en kom in die eerste plek redelik wydverspreid in die RSA voor maar kom in die tweede plek wel in 'n aantal geografiese gebiede in digte verspreidings voor. (Geen akkurate syfers vir landdrostdistrikte is egter beskikbaar nie.)

### TABEL 2 DIE VERSPREIDING VAN DIE GRIEKWABEVOLKING : 1980

TABEL 2 DIE VERSPREIDING VAN DIE GRIEKWABEVOLKING : 1980



(Uit Mostert 1983)

Persentasiegewys lyk die Griekwaverspreiding soos volg:

a) ten opsigte van provinsies

Kaap= provinsie	Transvaal	OVS	Natal	State
65,8%	12%	10%	8%	3%

b) ten opsigte van verstedeliking

Stedelik	Landelik
57,6%	42,4%

c) ten opsigte van grootste konsentrasies

Landdrosdistrik/Streek	Konsentrasie
Kimberley	23%
Kaapse Skiereiland	8%
Mount Currie	7%
Knysna	5%
Bloemfontein	4%
Vredendal	3%
Noordwes-Kaapland (Postmasburg, Kuruman, Hay, Vryburg, Gordonias, Mafeking, Herbert, Barkly-Wes, Warrenton, Hartswater)	21%

Uit die demografiese faktore blyk dit dat die Griekwabevolking nog 'n sterk landelike element bevat, soos tradisioneel die geval was. In hierdie stadium vind daar nog geen grootskaalse verstedeliking plaas nie, in elk geval nie na die groot industriële gebiede nie waar Engels so 'n sterk faktor is. Die feit dat die oorgrote meerderheid van die Griekwabevolking nog in die Kaapprovinsie, en dan veral in Kimberley en Noordwes-Kaapland, woonagtig is, hou 'n groot voordeel vir Afrikaans in. Volgens die taalkaart van die RGN wat die huistaal-verdeling van die Blankes in die Republiek aandui (gebaseer op die 1960-sensusgegewens) woon die Griekwas nog in 'n gebied waar 91% en meer blankes Afrikaans gebruik. (Vgl. Prinsloo 1984 : 151). Hierdie gegewens reflekteer egter net Afrikaans se gebruik as huistaal. (Die RGN is tans besig met die afronding van die taalkaarte.) Om gevolgtrekkings slegs op die taalkaart te baseer, kan egter 'n baie onvolledige prentjie gee. Sonder gegewens oor die stedelik-plattelandse verspreiding van die totale bevolking, kan 'n wanvoorstelling maklik gemaak word. Slegs 11,6% van die totale Blanke bevolkingsgroep woon in die platteland, teenoor 23,4% van die Kleurlingbevolking, maar 61,7% van die Swartes (Transkei, Bophuthatswana en Venda uitgesluit). (Vergelyk Smit, Booysen en Cornelius 1983.) Dit blyk ook dat 85% van die totale Kleurlingbevolking (waarby die Griekwas ingereken is) nog in die Kaapprovinsie woonagtig is, hoewel die patroon aan die verander is (a.w.).

Demograwe moet die situasie met betrekking tot bevolkingsverspreiding volgens bostaande gegewens baie noukeurig monitor. Daar behoort in elk geval indringend gekyk te word na die algemene taalsituasie in die plattelandse gebiede. Op die lang duur gaan die Afrikaanse streekstale nadelig beïnvloed word en gevaar staan om heeltemal uit te sterf. Hoewel Griekwa-Afrikaans nie tradisioneel as 'n streekstaal getipeer word nie word dit nogtans as 'n belangrike variant van Afrikaans beskou. Dat maatreëls getref moet word om dié variant vir Afrikaans te behou, is van die uiterste belang. Om hierdie rede is die inwin van

meer gegewens so 'n groot prioriteit. Daar moet vasgestel word wat die getalsverhouding Kleurling/Griekwa is in veral die Noord-Kaap-gebied en in watter mate Griekwa-Afrikaans deur Kleurling-Afrikaans "bedreig" word. In wese is hierdie bedreiging kontraproduktief omdat dit 'n Kaapse variant van Afrikaans, naamlik Kleurling-Afrikaans, is wat in konflik staan tot 'n Oranjeriviervariant van Afrikaans, naamlik Griekwa-Afrikaans. Die vermoede bestaan dat die Kleurlingbevolking op die lang duur die Griekwa totaal gaan assimileer en dat Griekwa-Afrikaans sy dood op hierdie manier tegemoet sal gaan. Volgens sommige van die segsmanne wat ondervra is, is dit reeds die geval, veral met betrekking tot skoolonderrig. Voorts moet die invloed van die groot persentasie Swartes in die landelike gebiede verreken word.

Die groeikoers van die Griekwabevolking is jaarliks 4,4%. Demograwe is dit egter eens dat so 'n hoë groeikoers nie in 'n geslote bevolking moontlik is nie, wat óf kan dui op 'n ondertelling in 1970, óf dat persone in 1980 hulle as Griekwas geïdentifiseer het wat dit nie in 1970 gedoen het nie, óf dat die 5% steekproef ten opsigte van die 1980-sensus tot 'n oorverteening geleidelik het. Hulle slotsom is dat die moontlikheid van ondertelling in 1970 nie uitgesluit is nie. Daarby word aangedui dat die fertiliteit van die Griekwas daal.

Projeksies ten opsigte van die toekomstige groei van die Griekwabevolking lyk soos volg: Die Griekwabevolking sal van 1980 tot die jaar 2015 ('n 35 jaar periode) met 80,95% tot 37 420 toeneem. Hulle verhouding tot die Kleurlingbevolking (0,9%) sal ongeveer dieselfde bly. Die getal jeugdiges sal egter in die ooreenstemmende tydperk afneem.

'n Faktor wat die tempo van bevolkingsaanwas aanmerklik kan beïnvloed, is die moontlike versnelde tempo van die Westerse moderniseringsproses. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die Griekwas se lewensverwachting sneller toeneem en fertiliteit vinniger afneem. So 'n verwikkeling gaan 'n

stadiger bevolkingsgroei as wat geprojekteer is tot gevolg hê.

### 6.1.2 Ekonomiese faktore

Twee belangrike ekonomiese faktore wat na vore tree, is dat werkloosheid toeneem en dat die deelnamesyfer vir vroue styg terwyl die vir mans daal. Die vernaamste bedryfssektore waarin die Griekwas hulle bevind, is die landbou-, dienste- en konstruksiesektore. Onder beroepstrukture is diens- en plaaswerkers die belangrikste. Die persentasie beroepswerkers het toegeneem, asook die persentasie klerklike en produksiewerkers. Laasgenoemde word toegeskryf aan die toenemende verstedeliking van die bevolking. Ook die inkomste van die Griekwa het aansienlik toegeneem. Wat werkstatus betref, blyk dit dat die Griekwa nie sy eie werkgewer is nie.

Wanneer bogemelde gegewens in samehang met ander faktore geïnterpreteer word, blyk dit dat die prentjie vir Griekwa-Afrikaans dalk nie so rooskleurig is nie. Dit is veral negatiewe ekonomiese faktore wat 'n diglossiesituasie tot gevolg kan hê, wat vir 'n taal se toekoms baie nadelig kan wees (Steyn 1980). Aan die Rand kom 'n gevaarlik diglossiesituasie onder standaard-Afrikaanssprekers voor (a.w.). Omdat die verspreiding van Griekwas aan die Rand nie meer as 5% beloop nie, is die kans tot die ontwikkeling van 'n soortgelyke diglossiesituasie hier nog nie ernstig nie. As gevolg van die Griekwa se beroepstrukture en -verspreiding werk 'n groot persentasie in tradisioneel Afrikaanse gebiede, platelandse gebiede. Verally ten opsigte van die landbousektor verloop die situasie baie gunstig. Volgens die 5% steekproef van die 1980 sensus werk 36% in die landbousektor. Afrikaans se posisie ten opsigte van die landbou is tradisioneel en tans baie gunstig (vgl. a.w.). Wat die konstruksiesektor betref, mag die situasie dalk ietwat verswak. Opnames wat gemaak is, toon verally Engelse terminologiebeïnvloeding, wat 'n voorloper kan wees van so 'n situasie. Hoewel geen gegewens beskikbaar is oor die taalkeuse van die Griekwas in die werksituasie nie, is dit uit bogemelde



duidelik dat die gevare van 'n diglossiesituasie waar Engels die hoë funksie en Afrikaans die lae funksie beklee nog nie so pertinent na vore tree nie. 'n Oorgerustheid gaan egter nie die situasie so gunstig vir Afrikaans soos tans behou nie.

Verskeie ekonomiese faktore kan vir die volgende paar jaar ongunstig inwerk op die huidige situasie. Die nuwe regeringsinisiatiewe met betrekking tot nywerheidsontwikkeling kan tot 'n groter verengelsing van tradisioneel Afrikaanse gebiede lei. Griekwa-Afrikaans kan nadelig hierdeur beïnvloed word, veral in die lig van die feit dat die Griekwa 'n werknemerstatus het. Die droogte van die afgelope paar jaar kan lei tot 'n styging in werkloosheid en heel moontlik groter verstedeliking tot gevolg hê. Tans is dit die geval dat verstedeliking veral na industriële gebiede verengelsing aan die hand werk. Die grootste nadelige invloed wat die ekonomiese situasie op Griekwa-Afrikaans het, is die feit dat die Griekwa slegs werknemerstatus het. Dit moet gevolglik aanvaar word dat Griekwa-Afrikaans slegs in die laer ekonomiese funksies gebruik word, en hoogstens onder Griekwas. Hoewel dit geverifiëer moet word, is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n werkgewer Griekwa-Afrikaans sal besig teenoor sy Griekwawerknemer. In hierdie opsig het mens tog met 'n diglossiesituasie te make: Griekwa-Afrikaans as die huistaal, maar standaard-Afrikaans as werkstaal. Dit kan egter betwyfel word of die werkerstaal werklik standaard-Afrikaans is, en in hoeveel gevalle dit nie eerder gebroke Engels is nie of dalk 'n Engelsgekleurde Afrikaans. Miskien geld hierdie beswaar nie soseer in die geval van die landbousektor nie, maar inderdaad ten opsigte van die ander beroepe. Nogtans sal die werklike toedrag van sake verder ondersoek moet word. Die feit bly staan dat Griekwa-Afrikaans in geen hoër ekonomiese funksies gebruik word nie, en dat standaard-Afrikaans in elk geval as taalmodel sou funksioneer - 'n Afrikaans gebaseer op 'n ander vertakking as wat Griekwa-Afrikaans is.

### 6.1.3 Politieke faktore

Oor die politieke strukture binne die Griekwabevolking bestaan daar heelwat onduidelikheid. Volgens die verslag oor kulturele aspekte van die Griekwa blyk dit dat veral die Independentente Kerk in Griekwaland-Oos as eksklusiewe Griekwa-organisasie 'n belangrike rol speel. Die Griekwa Nasionale Konferensie (die GNK) onder leiding van A A S le Fleur in die Plettenbergbaaidistrik is een van die werklik aktiewe politieke partye waarvan kennis geneem word binne regeringsstrukture, soos byvoorbeeld die Presidentsraad. Onder die Griekwas self heers daar onenigheid oor die leierskapsituasie en veral ook oor 'n toekomstige bedeling wat tot voordeel van die Griekwas moet strek. (Kyk Register in Bylae vir koerantknipsels.) Baie van die segsmanne waarmee onderhoude gevoer is, dra byvoorbeeld nie eens kennis van enige leierskap en/of politieke organisasies nie. Ander weer koppel politieke betrokkenheid aan kerklike betrokkenheid. Die Griekwas het verteenwoordiging gehad in die eertydse Verteenwoordigende Kleurlingraad, en sal binne die nuwe bedeling in die Bruin Kamer verteenwoordig word. Hieruit blyk dat die Griekwa van owerheidsweë as Kleurling gehanteer word. Die formele herklassifikasie van die Griekwas as Kleurlinge is 'n baie goeie voorbeeld hiervan. Hoewel die leierselement onder die Griekwas onenig is oor die feit of 'n Griekwa-tuisland 'n ideale situasie is al dan nie, beskou hulle wel die behoud van die Griekwanasie as belangrik. Onder die segsmanne is egter uiteenlopende opinies hieroor aangehoor.

Griekwa-Afrikaans beklee ook wat betref die politiek geen hoë funksies nie en die Presidentsraadverteenvoordigers van die Griekwas gebruik nie Griekwa-Afrikaans in hierdie raad nie. Die vermoede bestaan dat Griekwa-Afrikaans wel in sommige plaaslike rade gebruik kan word, hoewel met standaard-Afrikaans as model. Hieroor moet gegewens bekom word. Waar Blankes inspraak het, spreek dit vanself dat

standaard-Afrikaans die taalmodel is. Omdat die Griekwa besig is om met die Kleurling te assimileer, bestaan daar weinig aparte Griekwarade op plaaslike vlak, behalwe in Kokstad en Plettenbergbaai/Knysna (en miskien ook Kimberley/Campbell). Die rol wat die sogenaamde Kleurling-Afrikaanse variant in hierdie opsig speel moet nie buite rekening gelaat word nie.

Griekwa-Afrikaans het volgens die voorafgaande uiteensetting nie enige vordering getoon sedert sy ontstaan nie. Waar daar heel moontlik vandag meer mense bestaan wat die variant kan praat, het sy politieke status nie dienooreenkomstig gestyg nie. Daar het geen politieke ontwikkeling plaasgevind om Griekwa-Afrikaans as 'n amptelike vorm te bestendig nie. Die feit dat standaard-Afrikaans wel as ampstaal erken word, "verskans" in 'n mate Griekwa-Afrikaans. Veral in die toekoms waar die Griekwa nie langer in isolasie gaan bestaan nie, maar by die besluitnemingsproses betrokke gaan raak, het hierdie "verskansing" veel waarde. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Griekwa-Afrikaans kan 'n bepaalde staatsvorm heel moontlik bepaalde voordele inhou. Hierdie voordele strek sover as wat die Griekwaspreker in die parlement hom kan bedien van 'n taalvorm waarvan sy moedertaal (en huistaal) 'n variant is en nie van 'n totaal vreemde taal soos Engels nie. Bogenoemde stelling bly maar 'n bespiegeling totdat 'n volledige ondersoek wel gedoen is. Die Griekwa se taalkeuse in politieke en staatstrukture is nog nie wetenskaplik ondersoek nie.

#### 6.1.4 Kulturele faktore

Een van die belangrikste kulturele faktore wat die voortbestaan van 'n taal kan beïnvloed is die stand daarvan in die onderwys. Behalwe die gegewens met betrekking tot die geletterdheidspeil en onderwyspeil is daar bitter min gegewens oor die Griekwa-onderwysituasie beskikbaar.

Die geletterdheidsgraad onder die Griekwas is heelwat laer as wat dit by die totale Kleurlingbevolking in 1980 was, te wete 46,5% teenoor 81,9%. (Dit geld vir die bevolking in die ouderdomsgroep sewe jaar en ouer.) Vroue vertoon 'n groter mate van geletterdheid as mans. Bykans al die getelde persone (45,36%) is in Afrikaans geletterd, 26,11% in Engels en die oorblywende groep in 'n ander (heelwaarskynlik 'n swart) taal.

Wat die onderwyspeil betref, blyk dit dat die Griekwas ook 'n laer peil handhaaf as die van die Kleurlingbevolking in geheel, 15,7% teenoor 39,1% (gebaseer op 'n onderwyspeil van standerd ses of hoër). Die meerderheid Griekwas in die ouderdomsgroep sewe jaar en ouer het 'n onderwyspeil van standerd ses of laer gehad.

Die Griekwa het volgens die bostaande gegewens nie status as 'n bevolking met 'n baie hoë onderwyspeil nie. Vir die behoud van Griekwa-Afrikaans kan hierdie agterstand 'n voordeel wees aangesien skoolonderrig óf in standaard-Afrikaans óf in Kleurling-Afrikaans geskied. Aan die ander kant beteken hierdie agterstand dat die Griekwabevolking soveel te meer aangewese is op sterk leierskap. Die mees opgeleide element, d.i. hoër as standerd tien, was 0,15% in 1970 en 1,22% in 1980 (volgens die 5%-steekproef). Dit is net hierdie groep wat naskoolse opleiding kan ondergaan. Daar is egter geen gegewens beskikbaar oor die naskoolse opleiding wat aangebied word nie asook oor derglike geleenthede wat vir Griekwas beskikbaar is nie. In hierdie stadium kan met veiligheid aangeneem word dat geen sodanige opleiding in elk geval deur medium van Griekwa-Afrikaans sal geskied nie.

Die relatief hoër graad in geletterdheid bied beslis vir die taalbeplanner moontlikhede. Projekte soos die oprigting van koerante, ens. kan in die lig hiervan met optimisme aangepak word.

Na aanleiding van die onderhoude wat met Griekwasegsmanne

gevoer is, kan met sekerheid berig word dat daar geen amptelike Griekwaskole bestaan nie. Die tradisionele Griekwaskool in Kokstad is gesluit: die skool is in die middel van die eertydse Kokstad opgerig. Dit is tans die verklaarde Blankesektor van die dorp. (Die Griekwas van Kokstad en omgewing word wel toegelaat om hulle kerk te gebruik, wat neffens die skoolgebou opgerig is.) Die Griekwas word volgens beskikbare gegewens nie deur Griekwas onderrig nie, maar deur Kleurlinge, Blankes en selfs in sommige gevalle deur Swartes. Elke taal kan baie nadelig geraak word indien dit nie as onderrigmedium gebruik word nie, en ook as "vreemdelinge" die onderrig behartig. Vroeër in die geskiedenis van Griekwa-Afrikaans het hierdie faktor nie so 'n groot rol gespeel nie. Dit kan aanvaar word dat die geletterdheid en onderrigspeil van die Griekwas tradisioneel veel laer was as wat tans die geval is. Die formele onderrigsituasie soos wat dit vandag funksioneer kon gevolglik nie so 'n sterk invloed op die eertydse Griekwakind uitgeoefen het nie. Mens moet jou egter daarvan vergewis dat die huidige opset met betrekking tot die onderrig van Griekwakinders nie 'n pseudo-probleem is nie: die onderrigmedium is tog sekerlik in die meeste gevalle Afrikaans. Hoewel 'n vertroostende gedagte, waarborg die behoud van standaard-Afrikaans of in ander gevalle Kleurling-Afrikaans - soos ook die geval in die ekonomie, lands- en plaaslike bestuur, ens. - nie die voortbestaan van Griekwa-Afrikaans nie. Buiten die feit dat Griekwa-Afrikaans nie as onderrigmedium gebruik word nie, bestaan daar ook geen handboeke in Griekwa-Afrikaans nie en veral geen grammatikas nie. Dit word verder betwyfel of die geskiedenis van die Griekwas êrens hoegenaamd volledig behandel word. Die onderrig van die geskiedenis van 'n volk of nasie speel 'n geweldige belangrike rol in die nasionale opbou daarvan (vgl. Marais 1983). Uit die onderhoude wat gevoer is, blyk dit dat oorwegend die ouer geslag Griekwas nog tradisievas is en deelneem aan kulturele aktiwiteite. Ook blyk dit dat die nuwe geslag nie formeel hierin onderrig word nie. Die aanleer van 'n kultuur

speel 'n baie belangrike rol in die voortbestaan van 'n taal. Kultuur word nie oorgeërf nie (vgl. Van Rensburg 1984). Oor die kulturele erfenis van die Griekwas is baie min navorsing gedoen. Hier wag nog 'n groot taak op ondersoekers.

Ook wat die kulturele betrokkenheid van die Griekwa betref, is min inligting beskikbaar. Daar bestaan byvoorbeeld (sover vasgestel kon word) geen volledige opname van Griekwakultuurorganisasies en hulle bedrywighede nie. 'n Voorlopige opname toon dat veral die Griekwakerk (die Independentente Kerk) in Griekwaland-Oos 'n belangrike kultuurorganisasie is. Selfs al behoort 'n groot persentasie van die Griekwas nie aan die kerk nie, vervul dit 'n kulturele funksie. Die "Jaarliks" ('n jaarlikse kulturele saamtrek) word deur die Independentente Kerk gereël. Adam Kok III se verjaarsdae word jaarliks in Kokstad gevier. Die hou van nagmaalweke in Kokstad is ook 'n gereelde instelling. By al hierdie geleenthede word tradisionele drag gedra, lang sisrokke, kappies, ens. Gegewens oor die tradisionele gebruike is wel op 'n beperkte skaal beskikbaar. (Vgl. die Bylae vir Onderwerpsontsluiting.) Verder verrig die Baanbrekersraad in Griekwaland-Oos ook 'n belangrike funksie as 'n tipe kultuurliggaam wat die Griekwasaak verteenwoordig.

Die GNK onder leiding van A A S le Fleur is egter die mees aktiewe kultureel-politieke organisasie. Van hierdie liggaam word gereeld verneem in die pers. (Vgl. die Register in die Bylae.) Van sy belangrikste aktiwiteite is vergaderings regdeur die land met die doel om die Griekwanasie byeen te bring, sowel as die vier van 'n jaarlikse byeenkoms op Nuwejaarsdag in Plettenbergbaai. Op die 31ste Desember van elke jaar word 'n ope diens by Robberg gehou. Hierdie organisasie bestaan al vir meer as 22 jaar. Die Raad se byeenkomste word altyd afgesluit met die sing van die Griekwa-Volkslied, 'n lied in ABN geskryf. Ook figuur die Griekwa-embleem, 'n aalwyn, by hierdie byeenkomste.

In Knysna bestaan daar die Griekwa Nasionale Raad (die GNR) onder leiding van E M S le Fleur, wat ook gereeld vergader. Die Raad het egter nie so 'n groot steun as die GNK nie, maar funksioneer in dieselfde gebiede as wat die GNK in opereer.

Die Baanbrekersraad en Independentente Kerk se aktiwiteite is volgens bogemelde gegewens meer beperk tot Griekwaland-Oos. Van segsmanne uit daardie gebied is verneem dat die GNK en GNR nie veel aanhang daar geniet nie. Om historiese redes is die Le Fleurnaam in hierdie gebied nie baie gewild nie. Laasgenoemde twee rade het wel groter invloed in Griekwaland-Wes. Daar heers egter 'n leierstryd tussen die twee leiers, die Le Fleurbroers. Hierdie twis gaan veral om kwessies soos grondbesit, 'n Griekwatuisland, verteenwoordiging, diensplig, steun vir die nuwe RSA-grondwet, verhouding tot die Kleurlingbevolking en nog ander. In een opsig word daar ooreengekom, naamlik oor die Griekwa se verbondenheid aan sy volksverlede. Hoewel die Le Fleurbroers die aandeel van hulle voorvader A A S le Fleur, in die behoud van die Griekwanasie beklemtoon, bestaan daar nogtans ruimte vir die erkenning van 'n gesamentlike historiese verlede. Die Kokstad-Griekwas verbind hulle weer in 'n groter mate aan die geskiedenis van die Kokkapteins.

Uit hierdie baie voorlopige ondersoek blyk dat die Griekwa-leiers grondliggend verskil. Om die ideaal van eenheid na te streef, kan moontlik op die lang duur 'n oplossing verskaf word, maar dit is vir die huidige nie 'n praktiese plan nie. Dit is te betwyfel of 'n Griekwa-eenheid ooit bewerkstellig kan word. Wanneer mens die geskiedenis in herinnering roep, blyk dit dat daar nog nooit sprake was van so 'n eenheid nie. Griekwa-Afrikaans het desnieteenstaande bly voortbestaan. Daarom hang die voortbestaan van Griekwa-Afrikaans nie noodwendig af van die bereiking van 'n eenheidsideaal nie. Taalbeplanners behoort in hierdie opsig baie versigtig op te tree en hulle nie skuldig te maak aan inmenging nie. Daar kan eerder gekyk word na hoe Griekwa-Afrikaans binne die bestaande strukture uitgebou kan word.

### 6.1.5 Sosiale faktore

Dit is vir 'n taal belangrik dat sy sprekers hom in hulle vryetydbesteding kan gebruik, 'n belangrike laefunksiegebruik. Oor hierdie aspek van Griekwa-Afrikaans bestaan ongelukkig ook nie gegewens nie. Uit die onderhoude wat gevoer is, blyk dit dat van georganiseerde vryetydbesteding nie veel sprake is nie. Georganiseerde sport, rekreasieprogramme, ens. is iets ongehoords. In Plettenbergbaai word wel meer gereeld sosiale en kulturele byeenkomste gehou. Griekwa-Afrikaans verrig in die lig van bogemelde 'n baie beperkte funksie in die georganiseerde sosiale lewe.

Wat betref losse (normale) sosiale omgang lyk die prentjie meer rooskleurig. Mens kan eintlik sover gaan om te beweer dat die krag van Griekwa-Afrikaans in die normale sosiale verkeer van sy mense lê. Hierdie aanname is egter nog nie geverifieër nie. Verdere ondersoeke op hierdie terrein is derhalwe noodsaaklik. Moontlike probleemareas wat ondersoek kan word, is die onderlinge kontak tussen veral Griekwas en Swartes en ook moontlike taalbeïnvloeding. Die rol wat Engels speel as 'n sosiaal-aantreklike taal is wel deur die RGN ondersoek vir sover dit die Kleurlingbevolking in sy geheel betref, maar ten opsigte van die Griekwa is aparte gegewens nie beskikbaar nie. Uit onderhoude blyk onder meer dat Engels veral in Griekwaland-Oos 'n sterk faktor in die sosiale omgang kan wees. Die feit dat die Engelse kerke vir soveel jare by die geestelike bearbeiding van die Griekwa betrokke was, kan 'n belangrike rol hierin speel. Tans is die rol wat die Engelse denominasies speel steeds nie gering nie.

Oor die beskikbaarheid van en toeganklikheid na onder meer bioskope, teaters, ens. is ook nie gegewens beskikbaar nie. Of Griekwa-Afrikaans in elk geval hier benut kan word, is 'n verdere probleem wat op die korpusvlak lê.



Gegewens oor die leesgewoontes van die Griekwas is nie geskei van die van die Kleurlingbevolking nie. Die beskikbaarheid van leesstof in Griekwa-Afrikaans is 'n verdere probleem wat hiermee verband hou. Navorsing op hierdie gebied sal ook verwelkom word.

Vroeër in die geskiedenis van Griekwa-Afrikaans het sosiale faktore nie 'n nadelige invloed gehad op die voortbestaan daarvan nie. Dit is miskien op hierdie gebied waar die meeste verandering plaasgevind het. Juis omdat ander faktore as in die verlede so 'n beslissende rol kan speel, word dit in die sosiale opset van Griekwa-Afrikaans gereflekteer. Vir die taalbeplanner kan sy taak dalk hier begin. As die voorheen sterk sosiale basis vir die voortbestaan van Griekwa-Afrikaans verseker is, kan ander probleemterreine met groter selfvertroue aangepak word. Om dieselfde gesonde basis as in die verlede te behou, moet vir die eerste keer na ander faktore gekyk word wat moontlik 'n uitwerking kan hê op die sosiale opset van Griekwa-Afrikaans. Die wisselwerking tussen die verskillende aspekte van die voortbestaansproblematiek speel derhalwe 'n belangrike rol.

#### 6.1.6 Korpuskwessies

'n Laaste probleemarea wat afgebaken word, hou op dieselfde wisselwerkende wyse as wat hierbo vermeld word, verband met die voorafgaande. Indien die argumentasie aanvaar word dat ander eise as in die verlede aan Griekwa-Afrikaans gestel word, spreek dit vanself dat die middele wat aangewend sal word om die taal se voortbestaan te verseker, ook gaan verskil.

Die nuwe eise wat aan Griekwa-Afrikaans gestel word, kan toegeskryf word aan die proses wat modernisasie genoem word (vgl. Rubin en Jernudd 1971). Wat hierdie ontwikkeling betref, is Griekwa-Afrikaans in presies dieselfde situasie as nie-gestandaardiseerde (minderheidstale) elders in die

wêreld. (Vgl. ook Rubin, Jernudd, Das Gupta, Fishman en Ferguson 1971, Rubin en Shuy 1973 en Shopen 1979.) Dit vergelyk in verskeie opsigte goed met die situasie van Afrikaans ná ampstaalwording in 1925, toe hy in 'n baie kort tyd gestandaardiseer moes word om te kon funksioneer as handelstaal, tegniese taal, industriële taal, ens. - die taal van gespesialiseerde en gemoderniseerde Westerse samelewing. Van die grootste verskille tussen die situasie van standaard-Afrikaans en die van Griekwa-Afrikaans berus daarby dat Griekwa-Afrikaans nie by 'n politieke stryd (tradisioneel : "taalstryd") betrokke was nie<sup>1)</sup>, en die Griekwa-Afrikaans nie homself moet handhaaf as 'n standaardtaal naas Engels en Nederlands nie. Na aanleiding van die probleme wat reeds met betrekking tot die stand van Griekwa-Afrikaans geïdentifiseer is, is dit duidelik dat daar aan sy korpus ontwikkel sal moet word. Die doel daarmee moet nie soseer wees om Griekwa-Afrikaans te vestig as 'n standaardtaal naas standaard-Afrikaans en -Engels nie, maar eerder om Griekwa-Afrikaans in staat te kan stel om in sekere sfere van die samelewing as 'n tweede of derde register te funksioneer - iets soos 'n middelregister, teenoor 'n lae en hoë register. (Vgl. Uren 1983 wat registerontwikkeling aanbetref.) Dit spreek vanself dat hierdie situasie slegs in die streke waar Griekwa-Afrikaans dominant is, sal geld. Voor daar tot so 'n stap oorgegaan word, moet die taalkleur (Du Plessis, H.G.W. 1984) vir die betrokke streek of distrik eers bepaal word. Verdere ontwikkelings kan dan hieruit volg.

Voorlopig blyk dit egter dat die behoefte aan 'n Griekwa-grammatika met die oog op taalonderrigprogramme as eerste prioriteit ondersoek sal moet word, eer enige taalstreeksontwikkelings plaasvind. So 'n behoeftebepaling is in elk geval

---

1) Vergelyk Du Plessis 1983 vir 'n definisie van taalstryd.

'n meer haalbare doelwit. Hierna kan dan navorsing ten opsigte van 'n volledige grammatika volg. Die taalbeskrywing wat as deel van hierdie verslag gedoen is, kan in hierdie opsig reeds van groot nut wees. Buiten eersgenoemde ondersoek moet ook vasgestel word of daar enige behoefte bestaan vir literêre en ander tipe werke in Griekwa-Afrikaans.

Al hierdie moontlike ontwikkelings sal tot gevolg hê dat 'n spel- en skryfwyse gestandaardiseer moet word. Daar sal met die oog op moontlike latere ontwikkelings (byvoorbeeld as registervariant in die handel) aandag geskenk moet word aan terminologiese en vaktaalkwessies. Op die lang duur kan sulke projekte ook standaard-Afrikaans bevoordeel omdat sy vaktaal byvoorbeeld aangevul kan word uit dié nie-standaard-bron.

Slegs 'n paar faktore is hierbo genoem. Dit blyk in elk geval dat die ondersoek na korpusfaktore 'n uitvloeisel is van die breëre ondersoek na die stand van Griekwa-Afrikaans. Die vasstelling van korpusprobleme is reeds die eerste stap wat geneem word in die oplossing van probleme met betrekking tot die stand van 'n taal.

Uit die hele voorafgaande afdeling behoort dit nou duidelik te wees op welke wyse die voortbestaan van Griekwa-Afrikaans bedreig word, en ook watter projekte aangepak kan word om die behoud daarvan te verseker. In die slotafdeling van hierdie studie word kortliks aandag geskenk aan riglyne waarbinne 'n taalbeplanningsprogram uitgevoer sou kon word.

#### 7. RIGLYNE VIR 'N MOONTLIKE TAALBEPLANNINGSPROGRAM VIR GRIEKWA-AFRIKAANS

Dit is in die eerste plek belangrik dat besin word oor hoe Griekwa-Afrikaans as variant van standaard-Afrikaans behoue kan bly. Dit is in hierdie stadium bloot 'n spreektaal. Indien mens na deeglike oorweging van relevante faktore

daarby uitkom dat Griekwa-Afrikaans ook as 'n skryftaal ontwikkel moet word, sou 'n beplanningsprogram na veel wyer terreine as net die lae funksie uitkring.

Verder skyn dit logies te wees dat so 'n taalbeplanningsaksie deeglik gekoördineer moet word om so effektief as moontlik deurgevoer te word. In hierdie stadium sou die koördineringsaksie veral betrekking hê op navorsing wat onderneem sal moet word. Die RGN se instituut vir Taal- en Letterkunde-navorsing kan op dié gebied 'n belangrike funksie verrig. Dit sou ideaal kon wees indien daar 'n liggaam saamgestel kon word waarop die Griekwas verteenwoordiging het om die taalbeplanningsaksie self te beplan en te koördineer. So-doende kan die verskillende Griekwa-aksies 'n inspraak kry in bestuurs- en regeringsinstansies, en ook taalkundiges en ander belanghebbendes wat by die hele proses betrokke sal wees. (Vgl. Du Plessis 1983 vir 'n voorstel i.v.m. 'n Taalbeleidsraad vir Suid-Afrika.)

In die verlede het die Suid-Afrikaanse regering reeds verskeie ondersoeke na die Griekwasituasie gelas. (Vgl. Register in Bylae.) Hierdie gegewens kan met vrug bespreek word en implementeringsaksies kan reeds van stapel gestuur word indien daar sanksie voor bestaan.

Dit is ten slotte baie moeilik om riglyne vir enige Suid-Afrikaanse taalbeplanningsaksie uit te werk, aangesien mens jou nie van die paradigma van Afsonderlike Ontwikkeling kan losmaak nie. Daarom moet alle voorstelle baie deeglik oorweeg word voordat enige maatreëls geïmplementeer kan word. Dit is veral belangrik om alle aksies noukeurig te monitor ten einde in staat te wees om sinvolle modifikasies te implementeer indien dit vereis sou word.

Hierdie uiters voorlopige ondersoek het beslis 'n paar probleemareas met betrekking tot die stand van Griekwa-Afrikaans uitgewys wat nie ongedaan gelaat behoort te word nie. Dié ondersoek het in die laaste instansie ook waarde vir die

taalbeplanners van standaard-Afrikaans. Uit die situasie-analise met betrekking tot Griekwa-Afrikaans kan baie belangrike lesse geleer word wat van toepassing kan wees in die ondersoek na die stand van standaard-Afrikaans en hoe probleemareas oorbrug kan word. Die lesse wat ons by die studie van Griekwa-Afrikaans leer, kan uiteindelik vir die gehele taalsituasie in Suid-Afrika van waarde wees. Op hierdie wyse kan die Taalwetenskap sy Suid-Afrikaanse gemeenskap sinvol dien.

BIBLIOGRAFIE

- CLAASSEN, G.N. en M.C.J. Van Rensburg (reds.) 1983. Taalverskeidenheid. 'n Blik op die Spektrum van Taalvariasie in Afrikaans. Academica.
- COBARRUBIAS, J. en J.A. Fishman. 1983. Progress in Language Planning. International Perspectives. Mouton Publishers.
- COCQUEREAUC, J. 1981. Volken en talen in beweging. Recht en onrecht aan de volken van Europa. Davidsfonds.
- DU PLESSIS, H.G.W. 1984. Die handhawing van Afrikaans. In Prinsloo en Van Rensburg (reds.).
- DU PLESSIS, L.T. 1983. 'n Kritiese beskouing van die identifikasie van die Afrikaanse taalbewegings en hulle funksies. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. U.O.V.S.
- KLOSS, H. 1978. Problems of language policy in South Africa. Wilhelm Braumüller.
- LANHAM, L.W. en K.P. Prinsloo. 1978. Language and communication studies in South Africa. Oxford University Press.
- MARAI, A.H. 1983. Geskiedenis Quo Vadis? Professorale intreerede. U.O.V.S.
- MOSTERT, W.P. (red.) 1983. Die Griekwabevolking : Hul geskiedenis, kultuur, sosio-ekonomiese en demografiese kenmerke. Memorandum aan die Presidentsraad. RGN.
- MOSTERT, W.P. en J.C. van Tonder. 1983. Bevolkingsgroei-tendense. In Mostert, W.P. (red.).

- PRINSLOO, K.P. 1971. Suid-Afrika as tweetalige land.  
Lantern 20:3.
- 1972. Die tweetaligheid van twee groepe universiteit-  
studente, en hul ingesteldhede teenoor die tweede  
taal - 'n voorondersoek tot 'n landwye opname. RGN.
- 1977. Sprach- und Kulturkontakte im Bergban und in  
der Industrie in Süd-Afrika. Der Auschnitt : 2-3.
- 1978. Taalprogramme en kultuursentra vir stedelike  
Swartmense. Referaat gelewer in Stellenbosch.  
SABRA-kongres.
- 1979. Behoeftestelling in verband met kultuurbevorde-  
ring in die RSA en moontlike staatshulp. Referaat  
gelewer in Pretoria by die RGN-konferensie oor "Die  
RSA - sy mense en hulle toekoms." RGN.
- 1983a. Languages and the planned new constitution of  
the RSA. Kongresreferate van die 19de Nasionale  
Kongres van die LVSA. U.O.V.S.
- 1983b. Taalbeplannings- en taalbevorderingsprojekte  
in Suid-Afrika : Enkele oorsigtelike indrukke.  
Kongresreferate van die 19de Nasionale Kongres van  
die LVSA. U.O.V.S.
- PRINSLOO, K.P. 1984. Taalbeplanning vir Suid-Afrika.  
In: Prinsloo en Van Rensburg (reds.).
- PRINSLOO, K.P. (red.) 1982. Enkele aspekte van gemeen-  
skapsontwikkeling in Suid-Afrika. Academica.
- PRINSLOO, K.P. en M.C.J. van Rensburg (reds.) 1984.  
Afrikaans : Stand, Taak, Toekoms. HAUM.

- RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters. N.V. Swets en Zeitlinger.
- RAIDT, E.H. s.j. Afrikaans en sy Europese Verlede. Nasou Beperk.
- RUBIN, J. en B.H. Jernudd. 1971. Can Languages Be Planned? Sociolinguistic Theory and Practice for Developing Nations. University Press of Hawaii.
- RUBIN, J., B.H. Jernudd, J. Das Gupta, J.A. Fishman en C.A. Ferguson (reds.). 1971. Language Planning Processes. Mouton Publishers.
- RUBIN, J. en R. Shuy (reds.). 1973. Language Planning : Current Issues and Research. Georgetown University Press.
- SCHOLTZ, J. du P. 1980. Wording en Ontwikkeling van Afrikaans. Tafelberg.
- SCHOPEN, T. (red.) 1979. Languages and their status. Winthrop Publishers Inc.
- SMIT, P., J.J. Booyesen en I. Cornelius. 1983. Bevolkingsverspreiding in die RSA, Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. RGN.
- SMIT, P. 1983. Die verspreiding van die Griekwas.  
In: Mostert, W.P. (red.).
- SNYMAN, P.H.R. 1983. 'n Kort geskiedenis van die Griekwa.  
In: Mostert (red.).
- STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans. Tafelberg.



- TERBLANCHE, S.S., W.P. Mostert en P.D. Kok. 1983.  
Enkele sosio-ekonomiese kenmerke van die Griekwa.  
In: Mostert, W.P. (red.).
- URER, J. 1982. Introduction : approaches to the study  
of register range. International Journal of the  
Sociology of Language 35.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1983. Nie-standaardvorme, variasie-  
patrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In:  
Claassen en Van Rensburg (reds.).
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1984. Afrikaans : die pad vorentoe.  
In: Prinsloo en Van Rensburg (reds.).
- VAN RENSBURG, M.C.J., G.J. van Jaarsveld en L.T. du  
Plessis. 1983. Enkele kulturele aspekte van die  
Griekwa. In: Mostert (red.).
- VON WIELLIGH, G.R. 1925. Ons Geselstaal. 'n Oorsig  
van Gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word:  
J.L. van Schaik Beperk.

BYLAE 1 : 'N GESELEKTEERDE SAMESTELLING VAN KOERANT-  
BERIGTE WAT BETREKKING HET OP VERSKEIE  
SAKE RAKENDE DIE GRIEKWAS.

REGISTER

Boerdery 1, 6, 35

Ekonomie 35

Griekwa-Afrikaans 27

Griekwa-eenheid 1, 2, 3, 12, 15, 17, 30, 31

Geskiedenis 2, 4, 8-9, 10, 22, 25-26, 37-38

Grondeise 1, 6, 8, 12, 47, 55

Identiteit 15, 15, 17, 18, 20, 21, 23, 25, 25, 39, 48,  
49, 50, 55, 56

Kultuur 1, 4, 10, 11, 14, 15, 27, 30, 32, 33, 40, 42

Leiers 1, 2, 8, 11, 12, 20, 28, 30, 41, 51, 55, 58

Ondersoeke 15, 16, 18, 20, 21, 24, 25, 28, 29, 35, 39,  
44, 45, 46, 49, 50, 51-52, 53, 54, 55, 57

Politiese aktiwiteite 1, 6, 13, 21, 34, 41

Tuisland 6, 7, 18, 21, 28, 29, 31, 34, 41, 42, 47, 55

no-2-86

Griekwas  
Boikot  
Gedwings

## Boikotte nie vir Griekwas, sê opperhoof

As die Griekwas lewers wil kom, moet hulle saamwerk as 'n groep en hulle nie met enige vorm van boikotte bemoei nie, het die Griekwas se opperhoof Andrew Stockenstroom, Le Fleur, die naweek op 'n reuse-saamtrek by die Primêre Skool Homevale gesê. Die saamtrek is deur die Griekwa-land-Wes-tak van die Griekwa- volk gereël.

Boikotte is iets kleins om mee te begin en wat mense later aanspoor om groter dinge tot hul eie nadeel te doen en hulle uiteindelik agter die tralies sal laat beland.

Hoewel die Regering dit nie op die oomblik toelaat nie, pas Griekwa-boers die reg toe om te boer. Sulke geleenthede sal miskien verskaf word en dit is hoogs waarskynlik dat sulke toegewings oorweeg sal word.

Die redes waarom blankes die Departement van Kleurling-sake bestuur, is omdat die Kleurlinge nie opgelei is om die werk te doen nie.

Die opperhoof het mense aangemoedig om hul kinders na skool en universiteit toe te stuur, sodat hulle 'n bate vir hulle het. Hul mense nie, maar vir hul land kan word.

As die alledaagse heilings en ontwikkelings dopgehou word, is dit merkbaar dat die blankes nou stry om beter werk en beter betaling vir die mense te kry en streng, maar ook baie simpatiek.

17-9-24

